# DIE HERE REGEER

Prof. J.L. Helberg

# DIE HERE REGEER

Prof. J.L. Helberg

Openbaringslyn deur die Ou Testament

Hersiene uitgawe 2011

Gedruk deur:
V&R Drukkery, Pretoria
Tel.: 012 333 2462

## VOORWOORD

Hierdie boek is 'n hersiening van die 1988-uitgawe. Soos in *The Lord Reigns* is die bespreking van die digterlike boeke hersien en is 'n aansienlike hoeveelheid ander soort stof bygevoeg, veral in die bespreking van die profete.

Aan die einde van elke hoofstuk is notas bygevoeg met verwysings vir verdere studie. As gevolg van die aanvanklike beperkte doel en opset van die boek is die stof in sommige hoofstukke uitgebreider as in ander, en sommige hoofstukke vereis dus meer verwysings vir verdere studie. Ek vertrou dat hierdie aanvullings die boek se bydrae tot die studie van openbaringsgeskiedenis sal bevorder.

Die Skrywer

# INHOUDSOPGAWE


1. Inleiding 1
2. Openbaringsgeskiedenis: Goddelike openbaring deur die woord en die geskiedenis 4
3. Hoofgedagte: die koninkryk van God 7
4. Die gang van die koninkryk 12
5. Hoofindeling van die boeke van die Ou Testament 15

**I. DIE SKEPPING EN DIE VROEË MENSHEIDS- EN AARTSVADERGESKIEDENIS (Genesis)**

6. Die skeppingswerk van God: in die begin (Gen. 1:1, 2) 18
7. Die skeppingswerk van God: die sesdaagse skeppingswerk (Gen. 1:3 e.v.) 22
8. Verklaring van die skeppingsdae 25
9. God skep die mens (Gen. 1:26-31; 2) 29
10. Die mens val in sonde (Gen. 2, 3) 33
11. Straf en genade (Gen. 3) 36
12. Ontbindingsgeskiedenis van die mensdom: die ongeloofslyn van Kain (Gen. 4) 40
13. Ontbindingsgeskiedenis van die mensdom: die verkiesingslyn van Set (Gen. 4-6) 43
14. Die mislukking, ondergang en redding van die mensdom: die sondvloed (Gen. 6-9) 47
15. God laat deur sy seën nasies ontstaan (Gen. 9-10) 50
16. Valse eenheidstrewe lei tot verskeurdheid (Gen. 11) 54
17. Abraham geroep - ware eenheid vir die mensdom (Gen. 12) 57
18. Abraham en Lot: 'n lewe uit geloof en 'n lewe uit eie vermoë en behoefte (Gen. 12-22) 61
19. God sluit 'n verbond met Abraham, die vader van die gelowiges (Gen. 15-17) 65
20. Abraham offer sy kind uit opstandingsgeloof (Gen. 22) 68
21. Die verbondslewe by Isak en Jakob (Gen. 23-31) 71
22. Jakob word Israel (Gen. 32-33) 74
23. Josef: God regeer oor die lewe van mense en nasies (Gen. 37-49) 77
24. Einde van die aartsvadergeskiedenis: vreemdelingskap en toekomsverwagting (Gen. 49-50) 80

**II. ONTSTAAN EN VORMING VAN DIE VOLK ISRAEL (Eks. - Rut)**
25. Moses word vir sy taak voorberei en geroep (Eks. 1-6) 84
26. God openbaar Homself met die verbondsnaam Jahwe (Eks. 3, 6) 86
27. Die betekenis van die uittog en van Moses in die openbaringsgeskiedenis (Eksodus) 91
28. Die uittog en die paasfees (Eks. 6-15) 94
29. God se verbond met Israel by Sinai - agtergrond en aard van die verbond (Eks. 19) 97
30. Die God wat die tien gebooie gee (Eks. 20:1-2) 100
31. Die tien gebooie van God (Eks. 20) 104
32. Die heilige God sluit 'n verbond met 'n sondige volk (Eks. 20-24) 108
33. 'n Onverdienstelike volk: verbondsbreuk en verbondsherstel (Eks. 32-34) 111
34. Die betekenis van Israel se seremoniële diens en van sy verskillende soorte wette (Eks. 25 e.v.; Lev.) 114
35. Die woestynreis: die Here gaan voort met 'n morrende volk (Lev., Num., Deut.) 120
36. Voor die beloofde land: die Here is die heerser en besitter (Num. 22-25; Deut. 28-32; Jos. 1-5) 123
37. Jerigo: die Here beheer die poorte na Kanaän (Jos. 6-7) 126
38. Die rigtertyd: 'n oorgangstyd vir Israel (Rigt.) 130
39. Die rigters: goddelike redding in 'n noodsituasie (Rigt.) 133
40. Rut: by die God van Israel is daar 'n toevlug (Rut) 135

**III. DIE INSTELLING EN VERLOOP VAN DIE KONINGSKAP (Sam. - Ester)**
41. Samuel: die Here maak 'n nuwe begin met Israel (1 Sam. 1-7) 139
42. Die koningskap: 'n bevraagtekende en tog heilsame instelling (1 Sam. 8) 142
43. Israel se eerste koning: te onpersoonlik in sy godsdiens: Saul (1 Sam. 9 e.v.) 146
44. Dawid: garismatiese koning (1 Sam 16 e.v.; 2 Sam.; 1 Kon. 1-2) 149
45. Jerusalem word Dawidstad en Godstad (2 Sam. 5 e.v.) 152
46. Die Here bou 'n huis vir Dawid, in plaas van andersom (2 Sam. 7) 156
47. Dawid, sondaar maar tog geestelike stryder (2 Sam. 11 e.v.; 1 Kon. 1-2) 159
48. Salomo: praktiese lewenswysheid met en sonder lewende omgang met God (1 Kon. 1-11; 2 Kron. 1-9) 163

49. Skeuring: twee enerse en tog verskillende ryke (1 Kon. 12 e.v.; 2 Kon.; 2 Kron. 10 e.v.) 166
50. Elia: doodstryd teen die Baäldiens (1 Kon. 16-18; 2 Kon. 2) 169
51. Elia by Horeb: God werk en sorg ook onopsigtelik (1 Kon. 19 e.v.; 2 Kon. 1-8) 172
52. Jerobeam II en sy opvolgers: bloei en ondergang van die Tienstammeryk (2 Kon. 9-15) 176
53. Rehabeam en die Judese koningslyn: goddelike genade (1 Kon. 14 e.v.; 2 Kon. 8 e.v.) 178
54. Volksondergang (2 Kon. 23 e.v., Klaagl.) 181
55. Volksopstanding: terugkeer en tempelbou (Esra) 184
56. Esra en Nehemia: militêr-staatkundige bouwerk en godsdienstige hervormings (Esra; Nehemia) 188
57. Ester: God se absolute heerskappy en sy verbondstrou (Ester) 191

**I V. DIE DIGTERLIKE BOEKE - OM DIE HERE TE VREES (Job - Hooglied)**

58. Die mens se antwoord op God se openbaring: "die vrees van die Here" 194
59. Job: Die wese van die godsdiens is om God te dien ter wille van Homself 195
60. Die Psalms: beantwoording van die woord van God met hart en lewe 199
61. Messiaanse Psalms 204
62. Spreuke: Praktiese lewenskennis 207
63. Prediker: Alles tevergeefs – as daar bloot op menslike begrip afgegaan word 209
64. Hooglied: Eksklusiewe liefdeseenheid 213

**V. DIE PROFETIESE BOEKE - SO SÊ DIE HERE (Jes. - Mal.)**

65. Die Profete: die Here se optrede is soewerein en persoonlik 218
66. Die Profete: die Here se heerskappy is lewewekkend 222
67. Die Profete: die Here tree op deur sy woord en die geskiedenis 226
68. I Jesaja: "Die Heilige van Israel": straf en verbondsgemeenskap 233
69. II Jesaja: "Die Heilige van Israel": die Here is enig en Hy red deur knegskap 237
70. Jeremia: die Here vat die mens in sy diepste wese 241
71. Esegiël: die Here vat sy volk dwarsdeur deur die dood 245
72. Daniël: die Here is die betroubare wêreldheerser, selfs in die hopeloosste situasies 250

73. Hosea: God se onuitroeibare liefde vir sy afvallige volk 254
74. Joël, Obadja: skrikwekkende wêreldwye oordele 258
75. Amos: vormdiens en selfsug word deur die Here gestraf 259
76. Jona: Die Here is vrymagtig in sy grenslose oordeel én grenslose genade 263
77. Miga: teenoor formalisme en ondergang 'n messiaanse vrederyk 266
78. Nahum, Habakuk, Sefanja: God voer wêreldwyd heerskappy 268
79. Haggai, Sagaria en Maleagi: 'n oproep tot 'n lewende geloof en verwagting 271
80. Die vervulling van die Ou Testament 274

BIBLIOGRAFIE 278

# 1. INLEIDING

## 1. Die huidige stand van die studie van die Ou Testament

Vroeër is die Ou Testament sterk indiwidueel en akademies benader, daar is veral gepraat van teologië in die Ou Testament. Vandag is die benadering meer sosiologies van aard, daar word veral gepraat van die Ou-Testamentiese gelowiges as 'n groep se inset in die ontstaan van die Heilige Geskrifte. Die klem het verskuif na die ervaring van die openbaring deur Israel as gemeente.

Drie beheersende Ou-Testamentici van hierdie eeu is W. Eichrodt (1961; 1967), G. von Rad (1962; 1965) en Th.C. Vriezen (1966). **Eichrodt** benader die Ou Testament vanuit die verbondsgedagte. Hy konsentreer sy besprekings op temas. Verder lê hy verbande met die beskouings van Israel se bure. Soms het sy werk 'n sterk godsdienshistoriese inslag. Anders as Eichrodt wil **Von Rad** eerder histories as tematies te werk gaan. Dit gaan volgens hom in die Ou Testament om die verder-vertel van Israel se geskiedenis. Hierdie verder-vertel is egter in werklikheid geïnteresseerd om 'n geloofsbelydenis van Israel in 'n bepaalde tyd te gee en is eerder prediking in die vorm van geskiedenis. Die geskiedenis is telkens "geherinterpreteer": aangepas en gewysig om vir die eie tyd 'n bepaalde boodskap te gee. Wat die Skrif tans as geskiedenis aanbied, is in 'n groot mate 'n teologiese konstruksie. Von Rad se werk het 'n eksistensialistiese inslag (vgl. Eichrodt, 1961:512-520) en verder 'n soteriologiese inslag. God se verlossingswerk word benadruk ten koste van sy hoedanigheid as Skepper. Die geheel van die Ou Testament is bedoel om heilsgeskiedenis te gee. **Vriezen** benader die Ou Testament vanuit die gedagte van die gemeenskap tussen God en mens. Hoewel die verbondsgedagte 'n belangrike rol speel, is dit tog volgens hom nie die hoofgedagte in die Ou Testament nie. Die hele Ou Testament word volgens hom deur die profetiese gees beheers. Vriezen oorwaardeer die profetiese aspek in die Ou Testament ten koste van die koninklike en priesterlike aspekte.

Volgens **C. Westermann** (1978) staan nie slegs verlossing in die Ou Testament sentraal nie, maar ook God se seën. Daardeur kry historiese kontinuïteit 'n belangriker plek as wat Von Rad daaraan toeken. Verder word alle mense omvat, nie bloot 'n bepaalde groep, die verbondsvolk nie. Tog benader Westermann die Ou Testament sterk as 'n dialoog tussen God en mens, eerder as op die historiese wyse waarop die Ou Testament homself aanbied.

Die histories-kritiese benadering het lank die studie van die Ou Testament beheers. **B.S. Childs** (1979:40,58,59,74) verwoord op 'n sistematiese wyse

die beswaar wat baie mense teen hierdie benadering het. Volgens Childs neem hierdie metode sy uitgangspunt te veel in die oorspronklike bronne of die groeiproses van die teks, in plaas van in die Kanon as finale produk. Die teologiese refleksie van die gemeenskap wat die geskrifte gebruik het, word nie in ag geneem nie; die historiese proses wat gelei het tot die vorming van die Kanon, word bloot in terme van sosiologiese, politieke en ekonomiese kragte verklaar. Childs sê dat die Kanon Goddelike openbaring is, nie 'n eksistensiële geskiedskrywing wat uitdrukking gee aan Israel se selfverstaan nie. Israel se selfverstaan het nooit 'n outonome plek gehad nie, maar is altyd geïnterpreteer in die lig van die gesag van die Skrif. Ondanks hierdie sterk standpunt van Childs het hy tog 'n oorbeklemtoning van die interaksie tussen die Bybelse geskrifte en die gemeenskap wat hulle gebruik het. Hy ken ten onregte te veel skeppende invloed aan laasgenoemde toe, in plaas van aan die Goddelike openbaring.

Volgens **J. Barr** (1983:4-14) het 'n Skrif, of die Skrif, nie 'n groot rol in die Bybelse tyd gespeel nie, maar wel mondelinge kommunikasie. Jesus het nie eens sy dissipels opdrag gegee om enigiets neer te skryf nie. Barr beweer daarom dat die Skrif sy ontstaan ontleen aan die geloof, nie die geloof aan die Skrif nie. Barr maak dus die fout om net in terme van die Skrif en die geloof te dink. Hy ignoreer die Goddelike openbaring. Laasgenoemde was reeds voor die (menslike) geloof daar. Die Skrif rus dus nie in menslike geloof nie, maar in die Goddelike openbaring. Barr maak ook nie genoeg erns met die Skrifgedeeltes wat die Skrif as 'n gesagvolle eenheid aandui met verwysings soos die volgende nie: "die Skrif(te) sê" (Mat. 21:42; 22:29; 26:54); "daar staan geskrywe" (Mat. 4:4,6; 21:13; 26:31); "die hele Skrif is deur God geïnspireer" (2 Tim. 3:16). Hy hou ook nie rekening met Jesus se uitspraak dat Hy gekom het om die Skrifte te vervul nie (Mat. 5:17).

**W. Brueggemann** (1992:141) verwerp die invloedryke hipotese van religieuse ontwikkeling of evolusie as 'n model vir Skrifverklaring. Volgens hom is nie die realiteit van ontwikkeling die sentrale gedagte nie, maar die realiteit van konflik in God se selfopenbaring, soos gestel deur Israel se verhaalvertellers en digters. Die sosiale werklikheid van konflik speel dus by Brueggemann 'n groot rol. Brueggemann se benadering is sterk sosiologies en laat nie reg geskied aan die teosentriese karakter van die Ou-Testamentiese openbaring nie.

**N.K. Gottwald** (1975:42-57) benader die Ou Testament, en selfs God, uit 'n Marxistiese hoek. Israel se beskouing van Jahwe is volgens hom die vrug van sosio-ekonomiese invloede en Israel se vestiging in Kanaän was, anders as wat die Bybelse geskrifte sê, die gevolg van 'n klassestryd.

## 2. Vertrekpunt: die korrektiewe Woord van God

Dit gaan in hierdie boek om wat die Heilige Skrif, meer bepaald die Ou Testament, verkondig. Hierdie geskrif kom van die volk van God, die kerk, in aansluiting by die Ou-Testamentiese volk van God, naamlik Israel van ouds. Dié geskrif is 'n weergawe van wat deur die geslagte, deur baie eeue heen, getrou oorgelewer is deur die Ou- en Nuwe-Testamentiese gemeente of volk van God.

Hierdie geskrif is nie die gemeente se eie uitvinding nie. Dit is nie Israel se eie verstaan van sake of sy selfverstaan nie. Die wonderlike van hierdie geskrif van Israel en die kerk is juis dat dit in 'n belangrike opsig 'n korreksie is op Israel en die kerk self. Tegelykertyd beteken dit dat hierdie geskrif nie van en vir 'n eksklusiewe groep is nie maar bedoel is om universeel te wees.

Die korreksie begin aan die heel begin van die geskiedenis en loop dwarsdeur: 'n korreksie op Adam en die hele mensdom, op Abraham in sy optrede teenoor die farao in Egipte, op Moses by sy roeping en wanneer hy die rots slaan in plaas van daarmee te praat, op die priesters soos verteenwoordig deur Äăron, op die konings soos verteenwoordig deur Dawid en Salomo, en selfs op die profete, soos Natan (2 Sam. 7).

Ons het in die Ou Testament dus te doen met God se openbaring oor God en oor die mens. Dit is 'n oproep aan die mens om te verander, om tot omkeer en terugkeer te kom, terugkeer na God toe en daarmee na mekaar toe. Hierdie oproep van die Ou Testament weerklink in Johannes die Doper en Jesus se verkondiging: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mat. 3:2; 4:17). Dié oproep is deur Jesus saamgevat in die groot gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand ... en jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Mat. 22:37-40).

Hierdie openbaring kom van God af, dit rus geheel-en-al in sy inisiatief. Reeds in die tuin van Eden is dit Hy wat die mens opsoek ná sy sonde. So is dit Hy wat op sy eie inisiatief Homself aan die mens openbaar. Hierdie Goddelike selfopenbaring lei tegelykertyd daartoe dat die mens homself ontdek - as sondaar én as begenadigde, ook as 'n geroepene, iemand met 'n taak en dus met verantwoordelikhede.

Dit gaan in hierdie boek dus om wat geleer word in die Ou Testament, wat deel is van die Heilige Skrif, 'n geskrif wat deur middel van mense na ons toe

gekom het maar God se Woord is en radikaal korrigerend is teenoor die mens en sy benadering van dinge.

### 3. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1961:295,296) vir die korrektiewe aard van God se werk.

## 2. OPENBARINGSGESKIEDENIS: GODDELIKE OPENBARING DEUR DIE WOORD EN DIE GESKIEDENIS

### 1. Besondere openbaring

Die hele skepping verkondig God: "Die hemel getuig van die mag van God en die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. . ." (Ps. 19: 2-5).

God openbaar Hom ook op 'n besondere en direkte manier, naamlik deur sy woord. Die woord is in die Bybel opgeteken. Dit sê vir ons hoe God Hom in die skepping openbaar. Anders sal ons dit nie raaksien nie en nie reg verstaan nie. Die ander volke in die tyd van ou Israel het byvoorbeeld nie die Goddelike openbaring gehad nie. Hulle het die natuur verkeerd verstaan en het die natuurverskynsels soos die son, maan en sterre, die wind en die storm as verpersoonlikte gode beskou en hulle aanbid. Party moderne filosofiese rigtings sê weer dat daar niks van God in die natuur te bespeur is nie. God het miskien die aarde gemaak, maar dit loop nou bloot op eie stoom en volgens eie wette, sonder die toedoen van God. God bemoei Hom nie meer daarmee nie. So meen die rigtings. Hierdie verkeerde opvattings is die gevolg daarvan dat die mens deur die sonde verblind is vir die teenwoordigheid van God in die skepping. Daarom het hy die woord as bril nodig.

Dit is nie net weens die sonde dat God Hom op 'n besondere manier openbaar nie. Hy het die mens na sy beeld geskape, die mens is soos 'n kind van God. God wil nie net op 'n onpersoonlike manier oor die mens regeer nie, maar wil met hom persoonlike gemeenskap beoefen. Dit doen God deur sy besondere openbaring. Dit is veral deur woorde, deur taal. Die Woord bring ons in 'n besondere verhouding met God. Die gelowige luister na die Bybel soos 'n kind wat sy vader hoor praat.

## 2. God self open baar Hom - deur mense

In die besondere openbaring is dit God self wat Hom openbaar, maar Hy gebruik mense daarvoor. Sommiges van hulle se bydrae toon dat dit die vrug is van bepeinsing, waarneming of navorsing. Dit is egter ook nog meer as net die vrug van menslike inspanning of menslike teologie. Die O.T. gee nie bloot verskillende persone se teologië wat uiteenlopend en selfs teenstrydig sou kon wees nie. Dit gee die openbaring van God wat tot 'n verskeidenheid persone in 'n verskeidenheid beroepe gekom het en so aan die geslagte deurgegee is. Tog vorm dit 'n wesenlike eenheid as die een Goddelike openbaring. Daarom praat ons ook van openbaringsgeskiedenis. Die gangbare naam Teologie van die O.T. moet in die lig van bogenoemde liewer vermy word. Die term is verwarrend en misleidend. Daarby het dit deur sy teologiese geskiedenis ook twyfelagtige assosiasies opgedoen.

## 3. Woord en geskiedenis is nou verbind

God openbaar Hom nie net in die skepping en deur sy Woord nie. Die openbaring sê nie net wie of wat Hy is nie, maar veral wat Hy doen. So begin die heel eerste boek van die O.T. Dit sê: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". Dan beskryf dit ook God se verdere optrede by die skepping.

Dit gaan veral om God se optrede in die geskiedenis en deur die geskiedenis. Die Ou-Testamentiese boeke gee in 'n groot mate geskiedenis: van Genesis tot by Ester. Dit het te doen met werklike geskiedenis, dinge wat werklik gebeur het: nie net voorstellings, ideale of voorskrifte nie. Dit handel oor die konkrete geskiedenis en se daarom vir ons iets vir ons konkrete, alledaagse lewe. Dit is praktiese godsdiens.

Die geskiedenis wat die O.T. teken, staan nie op homself nie, maar is baie nou verbind met die woordopenbaring. Die woord openbaring is nie net 'n kommentaar op die geskiedenis nadat die geskiedenis plaasgevind het nie, maar dit gaan dikwels aan die gebeurtenisse vooraf, kondig dit aan, lei dit in en bring dit voort. Reeds in Gen. 1 word elke keer vermeld dat God "gesê" het wat moet gebeur. So is dit ook by Abraham en veral by die profete. Die O.T. dra dan ook sterk die karakter van 'n belofte. Dit handel oor dinge wat deur die woord afgekondig is maar wat later in die geskiedenis hulle volle vervulling sal vind.

## 4. Die openbaring is histories

Die O.T. gee openbaringsgeskiedenis, of, anders gestel, geskiedenis van die openbaring van God. Dit hou in dat daar 'n eenheid in die openbaring is. Van die begin af is daar 'n gedagte of 'n waarheid wat in kiem aanwesig is en wat dwarsdeur die geskiedenis geld. Dit het egter 'n geskiedenis, 'n voortgang. Die openbaring oor die verlossingswerk van God word byvoorbeeld duideliker vanaf Abraham tot Jesaja. God gebruik telkens nuwe gebeurtenisse en historiese situasies om deur sy woord nuwe aspekte van sy verlossingsplan met die mensdom te ontsluit. Dit is egter nie 'n blote natuurlike en gelykmatige ontwikkeling, groeiproses of ewolusie onder God se lei-ding nie. Daar is ook 'n bo-natuurlike element. God gryp verrassend in en laat gebeurtenisse en gedagtegange van mense anders verloop as wat natuurlikerwys verwag sou kon word. Die redding uit die Babiloniese ballingskap is 'n voorbeeld daarvan. Dit was eintlik reeds met die bondsvolk verby, maar God het die volk as 't ware uit die dood laat opstaan (Eseg. 37).

Hoewel die vak Openbaringsgeskiedenis 'n sterk historiese aanpak het, volg dit sy eie dissipline en nie dié van gewone geskiedenis nie. Die Bybel gee nie alles in chronologiese tydsorde nie, byvoorbeeld die digterlike boeke en die profetiese boeke. Die tydsaspek is hier dus nie van primêre belang nie.

Die openbaringsgeskiedenis verskil nie wesenlik van Bybelse geskiedenis nie. Dit is wel meer as die Bybelgeskiedenis geïnteresseerd in die sin en samehang van die feite en gee daarom ook meer aandag aan nie-historiese gedeeltes.

## 5. Openbaring oor God

Die openbaring handel nie oor dinge soos die skepping of die geskiedenis van volke of van Israel sonder meer nie. Dit wil in die eerste plek openbaring wees oor God. Dit wil iets sê oor sy heerskappy en oor sy gemeenskap met die mens. Dit wil byvoorbeeld nie die aartsvaders of vir Dawid as pragtige geloofsvoorbeelde of helde voorhou nie. Waarom dit hier wel gaan, is God se trou, selfs ondanks die ontrou of mislukking van mense. Die geskiedenis van die konings word nie in terme van hulle staatkundige bekwaamheid beoordeel nie, maar in terme van hulle verhouding tot God en van God se trou aan sy verbond.

Die doel van die openbaring is dat die mens moet kennis neem van God se heerskappy en van sy gemeenskap met die mens. Hy moet hom onder daardie heerskappy van God stel en in 'n ware persoonlike gemeenskap met

Hom lewe. Dit behels ook 'n verhouding van geregtigheid en liefde met die naaste. Die Bybel moet dus nie bloot vir kennis oor allerhande sake gelees en bestudeer word nie, maar uit geloof en aanbidding.

## 6. Notas

1. Vergelyk Helberg (1993:1-45) vir meer besonderhede oor die begrip openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament.
2. Vergelyk Childs (1979:40,58,59,74) daaroor dat die Ou Testament nie Israel se selfverstaan is nie.

# 3. HOOFGEDAGTE: DIE KONINKRYK VAN GOD

## 1. Die koninkryk as tema van O. T. én N. T.

Die ryke verskeidenheid van die O.T. moet in gedagte gehou word wanneer die inhoud daarvan in een tema saamgevat word. Hierdie inhoud mag nie in 'n sisteem ingedwing word nie. Tog is die Woord van God 'n eenheid en moet in sy eenheid benader word. In hierdie boek word 'n historiese benadering en opset gevolg wat aan die O.T. self ontleen is en sisteemdwang teenwerk.

Die gedagte of begrip Koninkryk van God loop soos 'n goue draad van Genesis tot Maleagi al kom die term as sodanig nêrens daarin voor nie. Die uitdrukking was bekend toe Jesus dit verkondig het (Mark. 1: 15). Jesus het dit nie eers nader verklaar nie. Ook het niemand Hom gevra wat die koninkryk was nie. Die O.T. verkondig God as heilige en liefdevolle heerser (vgl. bv. Ps. 24, 33, 23). Alles en almal moet hierdie heerskappy erken en bely sodat God daardeur geëer en verheerlik word (Ps. 19: 1 e.v.; 8: 2 e.v.). Die koningskap en heerskappy van God is vir die O.T. 'n teenwoordige werklikheid. Tog wys die O.T. ook bokant homself uit na 'n nuwe bedeling waarin die koninkryk sy volle vervulling vind. Dit gebeur in Jesus Christus (Matt. 3: 1-3; Luk. 24: 27).

## 2. Die begrip Koninkryk van God

Die koninkryk van God het te doen met God se heerskappy wat op so 'n manier uitgeoefen word dat hierdie heerskappy uiteindelik deur almal erken sal word. Dit het te doen met God se heerskappy in verband met die skepping, die sondeval en die herskepping.

Reeds die eerste boek van die Bybel verkondig dat God nie deel van die kosmos is soos die natuurgode van Israel se bure of soos die godheid van die panteïstiese godsdienste of filosofieë nie. God is die Skepper van die hemel en die aarde. Daar is 'n wesenlike verskil tussen Hom en die skepping. God is ook nie bloot 'n hemelse God wat ver weg is of gaan rus het nadat hy die skepping voltooi het nie. Hy regeer voortdurend oor die hele skepping en sorg vir elke skepsel. God is ook nie bloot 'n idee sodat daar slegs oor Hom gepeins of gestudeer moet word nie. Hy regeer oor alles, is in beheer van alles en eis van die mens erkenning daarvan in die mens se hele lewe.

Die mens is die kroon van God se skepping. God het die skepping, insluitende die mens, "baie goed" geskep (Gen. 1:31), maar die mens was onwillig om God se algehele heerskappy te erken. Dit het die mens se verhouding met God tot in die wortel aangetas, ook die res van die skepping se verhouding tot God en die mens. God is egter nie net 'n God van mag nie, maar ook 'n God van liefde. Daarom bewerk Hy herstel, herskepping. Die Ou Testament verkondig dat God met die mensdom op pad is na die herskepping en hoe Hy dit doen. Dit gebeur veral met die volk wat Hy vir Hom uitgekies het en met wie Hy 'n verbond opgerig het. Hy is op pad na die dag wanneer Hy 'n volk sal hê wat Hom gewillig en volkome dien.

Belangrike gebeurtenisse op hierdie pad is die volgende: die uitdryf van die mens uit die tuin, waardeur hy 'n vreemdeling word op die aarde; die roeping van Abraham, waardeur God 'n nuwe begin maak deur die verkiesing van 'n volk en 'n verbond met hom, en deur die belofte van 'n land waarin iets van die verlore tuin van Eden gesimboliseer word; die uittog uit Egipte, gepaard met die gee van die tien gebooie, waardeur God bepaal hoe Hy gedien moet word; die koningskap van Israel, wat veral in Dawid vergestalt word en iets van God se koninkryk moet afskadu, maar die menslike mislukking beklemtoon; die ballingskap en terugkeer, wat 'n toonbeeld is van God se wonderbare en lewewekkende sorg vir sy volk; en die belofte van God se uiteindelike koms na sy volk toe, 'n gebeurtenis waarin die hele mensdom sal deel.

Onder Koninkryk van God moet in kern die volgende verstaan word: God heers heilig en lewewekkend oor alle dinge en Hy beoefen persoonlike gemeenskap, en wel verbondsgemeenskap, met die mens. God doen dit ondanks die dodelike gevallenheid van die mens en die wêreld. Dit geskied deur God se openbaring in sy woord en die geskiedenis (insluitende die skepping of natuur). Die koninkryk hou in dat God vir Hom 'n volk tot stand bring wat deel in sy versoenende genade, wat glo in sy lewewekkende mag, wat diep afhanklik van

Hom voel, wat leef in dankbaarheid en in roepingsbewustheid teenoor God en die naaste en teenoor God se skepping en wat in hierdie gebroke wêreld op God hoop. Hulle glo in God se beloftes en leef uit verwagting op sy koms om sy volle heerskappy te vestig en volle verlossing te bewerk.

## 3. Die kenmerke van die koninkryk van God

Die kenmerke van die koninkryk van God kom duidelik aan die lig wanneer God Hom aan Moses openbaar met die Naam Jahwe of Here, die kenmerkende verbondsnaam van die God van Israel. Moses word by hierdie geleentheid diep onder die indruk gebring van die ontoeganklike *heiligheid* van God. Moses kan met God slegs uit die verte en sonder skoene praat (Eks. 3:6). Tog beoefen God met hom *persoonlike gemeenskap*; God "is" met Hom en met sy volk (Eks. 3:12, 14). God is die God wat sy volk *lewewekkend* uit die slawehuis van Egipte red. Hy openbaar Hom deur sy *Woord* (Eks. 3:15) en deur die *geskiedenis* as lewewekkende God (Eks. 3:12-15) (vgl. hoofstuk 23, 27). Dit sluit ook sy werksaamheid in die skepping of natuur in (Eks. 7: 14 e.v. : die plae).

Die kenmerke van die koninkryk van God word reeds deur die eerste hoofstukke van Genesis verkondig: God is die *heilige*, verhewe skepper van alle dinge en Hy heers daaroor met absolute gesag. Hy eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid en Hy straf ongehoorsaamheid met die dood (Gen. 2:17; 3:16-19). Hy het egter die mens ook na sy beeld geskape (Gen. 1: 26). Dit sê dat die mens tegelykertyd diep afhanklik is van God en dat hy persoonlike gemeenskap met God beoefen (Gen. 2:7). Die mens is 'n afbeelding van God, niks meer nie. Hy het net so min lewe of vermoë in homself as 'n beeld en net so min bestaansmoontlikheid op homself as 'n skaduwee. Tog, omdat hy die beeld van God is, is hy net soos 'n kind van God (vgl. hfst. 7).

Deur sy ongehoorsaamheid het die mens die band met die lewende God gebreek en liggaamlik en geestelik in die greep van die dood gekom (Gen. 3 e.v.). Die mens is koning van die aarde; daarom val die aarde saam met Hom. Tog voer God sy heerskappy oor die mens en die aarde *lewewekkend* deur. Hy doen dit deur persoonlike gemeenskap met die mens. God verdryf die mens uit die tuin van Eden, maar gee tog aan hom klere as blywende toonbeeld van sy genade. Die geskiedenis van Adam en Eva dra die kenmerk van dood en droefheid (Kain en Abel), maar tog ook van lewe en verwagting en aanbidding (Gen. 4:25, 26). In die mens se geslagsregister verskyn die refrein "sterwe", maar tog ook "lewe" (Gen.5). Die geskiedenis loop uit op ondergang, maar

tog, God wek lewe uit die dood. God laat die geskiedenis voortgaan (Gen. 6-8). Hierdie lewewekkende optrede van God kenmerk die verloop van die hele Ou Testamentiese *geskiedenis*, ook die gelowige se hele bestaan, insluitende sy geestelike lewe (Ps. 16; 51:7-12). God begelei hierdie geskiedenis gedurig met sy *woord* (Gen. 1; 4; 6-8; Ps. 33: 6,9; 19:8 e.v.; Jes. 55:6-8).

In die situasie van sondedood onwilligheid en opstand bring God redding. Hy doen dit deur sy verkiesende en versoenende genade. Sy versoenende genade kom veral uit in die offers, wat so 'n belangrike plek in die lewe van Israel beklee. God sluit 'n verbond met die volk wat Hy uitverkies het en beoefen verbondsgemeenskap met hulle. Hierdie verbondsgemeenskap bring vyandskap tussen die bondsvolk en die ongelowige nasies. Die O.T. ken nie 'n horisontalistiese godsdiens, naamlik een waarin die skeiding tussen die volk van God en die wêreld wegval, nie.

Die Here se verbond is 'n genadeverbond en is nie op menslike verdienste gegrond nie. Daarom betrek dit veral die armes en "hulpeloses". Hiermee word nóg bloot stoflike nóg bloot geestelike armes en hulpeloses bedoel. Die armes en hulpeloses is die mense wat nie uit eie krag of vermoë leef nie, maar wat vir hulle stoflike en geestelike bestaan geheel en al op God vertrou. Die ware gelowiges is eintlik die "oorblyfsel", wat deur die lewewekkende krag van God gered is, die looitjie uit die afgekapte stomp van die mensdom.

## 4. Roeping

Die koninkryk van God impliseer dat God heers en dat Hy in alles alle inisiatief het. Dit impliseer verder ook dat God gemeenskap met die mens beoefen. Daarom behels dit 'n wedersydse verhouding tussen God en mens en roep dit die mens tot daadkrag op. Die gelowiges is geroepe om as God se verbondsvolk in God en sy lewewekkende mag te glo (soos Abraham, Gen. 15:1-6; 22) en op Hom alleen te vertrou. Hulle moet in vyandskap verkeer met die sonde in hulle self en met elke mag wat in verset is teen die heerskappy van die lewende God. Hulle is 'n koninkryk van mense wat geroepe is om liefde en trou teenoor God en hulle naaste te beoefen. Hulle moet veral die reg laat geld en bewoënheid bewys teenoor die armes en hulpeloses wat niemand anders tot hulp en redding het nie as God. Hulle moet in alle gebeurtenisse en in die hele skepping in al sy fasette die hand van God sien en in alles volgens die woord van God lewe. Dit is 'n lewe in hierdie gebroke wêreld van dood, ellende en lyding, maar tog 'n lewe waarin dankbaarheid, roepingsbewustheid en blydskap oorheers; 'n lewe in diepe afhanklikheid van God en uit die hoop op Hom (Deut. 6:5 e.v.; Lev. 19:18; vgl. Matt. 22: 37-40).

## 5. God as die lewende en lewewekkende God volgens Jesus

Ook Jesus sê dat die O.T. God se lewewekkende mag en sy persoonlike gemeenskap verkondig. God voer deur sy Woord en deur die geskiedenis sy heerskappy en sy persoonlike gemeenskap deur, selfs oor die dood heen. Jesus verwys as bewys hiervan na die openbaringswoord van God: "Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob". Die implikasie van hierdie woorde, sê Jesus, is dat daar 'n opstanding uit die dood is, want God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes (Matt. 22:29-32). Hy is nie net 'n magtige God nie, maar 'n God wat 'n onverbreeklike persoonlike gemeenskap beoefen, ondanks die gebrokenheid van hierdie wêreld en hierdie lewe wat uiteindelik op die dood uitloop.

## 6. Notas

1. Vergelyk Bright (1953) vir 'n mooi uitbou van die koninkryk van God in die Ou sowel as Nuwe Testament. Bright benadruk die historiese aard van die Ou Testament en ook die eenheid van die "teologie" van die Ou Testament, soos hy dit noem. Hierdie eenheid lê volgens hom veral in die koninkryksheerskappy van God en die unieke eienskappe van die Mosaïese geloof, veral in monoteïsme. Israel se monoteïstiese geloof het ook 'n sterk eskatologiese en historiese besef. Bright lê egter soveel klem op die geskiedenis dat die openbaringskarakter soms neig om op die agtergrond te verdwyn, bv. die sogenaamde voorgeskiedenis (Gen. 1-11). Bright neem sy uitgangspunt verder te sterk in God se koninkryksheerskappy in en deur Dawid, in plaas van in en deur Adam (vgl. Helberg, 1976).
2. Vergelyk die artikel van R.C. Dentan (1972:1159-1166) vir 'n bespreking van en oorsig oor die koninkryk van God in die Ou Testament.
3. Slegs by Israel met sy monoteïstiese geloof en sy geloof in God as Skepper kan daar werklik sprake wees van verkiesing en verbond tussen God en sy volk. Die natuurgode van Israel se bure is beperk tot gebiede en lande en daar is 'n verwantskap tussen die gode en hulle aanbidders.
4. Die bevrydingsteologieë konsentreer veral op die uittog uit Egipte, en die status-quo-teologië veral op die koningstyd. Albei mis die breëre perspektief van die Ou Testament, veral die klemtoon wat vanaf die ballingskapstyd na vore tree.
5. Die sterk klem op die teenwoordigheid van God en die onverbreeklike persoonlike verhouding tussen God en die gelowiges maak dat daar geen ruimte in die Ou Testament is vir versorging en verering van die voorouers, soos bv. in die tradisionele Afrika-godsdienste en die Boedisme nie.
6. Fohrer (1972:98-102) lê sterk nadruk op die heerskappy van God enersyds en die persoonlike gemeenskap tussen God en mens andersyds maar verbind dit nie met die koninkryk van God nie.

# 4. DIE GANG VAN DIE KONINKRYK

## 1. Die lyn deur die Ou Testament

Die mens word na die sondeval uit die tuin van Eden uitgedryf en is 'n vreemdeling in sy verhouding met God, met homself, met sy naaste en met die aarde. Deur God se genade hou hierdie verhoudings tog stand, hoewel op 'n gebroke manier. Weens die mens se diepe sondigheid loop die geskiedenis uit op ondergang deur die sondvloed, maar God maak op wonderdadige manier 'n heeltemal nuwe begin vir die mensdom deur middel van Noag. Die geskiedenis loop selfs uit op 'n verdere vervreemding tussen die mensdom en God. Dit gebeur deur die bou van Babel. God maak weer eens 'n heeltemal nuwe begin, maar hierdie keer deur 'n deel van die mensdom. Dit gebeur deur middel van sy verkiesing van Israel en sy verbond met hulle deur die roeping van Abraham en die verbond met hom. God beloof om Abraham 'n nasie te maak wat Hom sal dien. Tog word 'n universele perspektief behou deur die belofte dat al die nasies in Abraham geseën sal word. Dit sal gebeur deur middel van die geloof in God. Die land wat aan Abraham belowe word, is 'n simbool van die verlore tuin van Eden. Goddelike belofte, en gevolglik ook menslike toekomsverwagtings, speel 'n groot rol dwarsdeur die Ou Testament en draai wesenlik om die een saak: God se koningsheerskappy, sy op pad wees met sy volk na sy volle heerskappy oor alles en almal.

By die uittog uit Egipte red God sy volk uit materiële slawerny en sluit met hom 'n verbond. Dit gaan gepaard met die gee van die tien gebooie wat die basis van die verbondsvolk se lewe moet vorm. Die gebooie is nie op materiële goedere toegespits nie, ook nie op kultiese of seremoniële verpligtinge nie, maar is religieus-eties van aard, dit raak die regte verhouding tot God en die naaste.

Die koningskap in Israel moes iets simboliseer van God se koninkryk en is veral vergestalt in die regering van Dawid. Die menslike koningskap misluk egter en die verwagtings word meer en meer gevestig op die toekomstige koms van die verlosser. Hy sal meer as 'n aardse koning wees; hy is die messias.

Die val van Jerusalem in 586 v.C. en die wegvoering van die bevolking in ballingskap plaas 'n seël op die mislukking van die aardse koningskap en van sy aardse volgelinge. Die gebeurtenis word beleef as God se straf op die sonde van die konings en die volk (Klaagl.). Hulle het die verbond heeltemal verbreek. Vir alle praktiese doeleindes verdwyn die koningskap van Israel nou. Tog hou God se genade stand. Die verwagtings word nou gevestig op

'n nuwe verbond (Jer. 31). Die wonder van die terugkeer uit die ballingskap oortref nou die uittog uit Egipte as die sentrale verlossingsdaad vir Israel (Jer. 16:14; 23:7,8). Hierdie wonder is eintlik 'n opstanding uit die dood van die volk Israel (Eseg. 37). Nou verskuif die klem weg van die militêre en uitwendige oorwinning en staatkundige oorheersing en val meer en meer op hartsverandering. Verder val dit op Israel se dienende roeping te midde van die nasies. Steeds bly die vertroue in God se huidige heerskappy en bly die verwagtings tegelykertyd gerig op die aanbreek van die volle heerskappy van God ter verlossing van sy volk. Dit sal gebeur wanneer God na sy volk toe kom in die eskatologiese toekoms en alles drasties gaan verander.

In dit alles word God min as koning geteken. Jesaja 6 en 44:6 doen dit wel, maar tog het die gedagte nie 'n sentrale plek in hoofstuk 1-39 nie. Jesaja 44:6 word bepaal deur die raamwerk van die skeppershoedanigheid van God wat veral Jesaja 40-66 sterk beheers. Dit dui op die andersoortige aard van God se koningskap en koninkryk. Dieselfde blyk uit die benaming vir God wat die hele boek beheers, naamlik "die Heilige van Israel". Die andersoortige aard sentreer veral om die verbond en verkiesing en om die feit dat dit veral met die hartsgesteldheid van die mens te doen het. Die verbond is dan ook wesenlik anders as die staatsverdrae tussen oorheersers en onderworpenes.

## 2. God regeer met lewewekkende mag

Die hoofinhoud van die O.T; is reeds bespreek onder die Koninkryk van God in hoofstuk 3.2, 3.3, 3.4. Hier word slegs gewys op die lyn wat dit deur die O.T. vertoon. Die O.T. sê: God is lewe en Hy regeer met lewewekkende mag.

Die mens se liggaamlike, stoflike en geestelike lewe, en so ook die hele geskiedenis, staan in die teken van teëspoed, ondergang en dood. Die hele skepping of natuur is weens die mens se sonde onderworpe aan die vloek. Daar is 'n disharmonie tussen die mens en die skepping. Tog is die mens nog steeds deur God aangestel as koning oor die skepping en kan hy ook die goeie hand van God in alles sien (vgl. bv. Gen. 9:9 e.v.; Ps. 8; 19; 23; 104; 148; vgl. verder die baie spreuke en beelde wat aan die natuur ontleen is in die boeke Spreuke, Prediker en in die Profete). Die mens is so opstandig teen God en so dodelik in die sonde geval dat sy lewe en ook die geskiedenis telkens uitloop op die afgrond. Dit lyk telkens of God se koninkryk, sy heerskappy en gemeenskap, nie deurgaan nie. Tog maak God elke keer 'n nuwe begin deur as 't ware vooruitgang uit ondergang te bewerk en lewe uit die dood te wek. Aanvanklik is alle mense God se volk, maar uiteindelik loop dit uit op ondergang, net Israel staan uit daardie sterwensproses uit op. Uiteindelik is

dit weer net die oorblyfsel van Israel wat die geestelike opstandingsproses deurgemaak het. Tog het hierdie oorblyfsel die roeping om 'n lig van redding vir die nasies te wees (Jes. 49: 6).

Dwarsdeur die verloop van die geskiedenis is God besig om die geskiedenis met sy Woord te begelei en om sy volk te beweeg tot gewillige, dankbare en vreugdevolle diens aan Hom, en tot liefde teenoor hulle naaste. God hou sy oorspronklike werk in stand. Weens die mens se sonde geskied dit egter deur drastiese vernuwing: die oue word afgesterwe en die nuwe staan op. Uiteindelik maak die hele Ou-Testamentiese bedeling plek vir die Nuwe-Testamentiese bedeling.

Tog sou dit nog met dieselfde koninkryk te doen hê, nl. die koninkryk wat is maar wat tog ook kom, en wel deur 'n proses van sterwe en opstanding heen. Dit vind sy brandpunt in die sterwe en opstanding van Jesus Christus. Deur Jesus se opstanding kom daar 'n Nuwe Testament, een wat uit die oue opgestaan bet. Daarom moet die Nuwe Testament steeds in die geheelraamwerk van O.T. en N.T. gelees word. So moet die O.T. nou ook in die lig van die N.T. en in die geheelraamwerk O.T. - N.T. gelees word.

Die Ou Testament se saamtrekpunt lê nie in die ontwikkeling van een of ander nuwe idee nie maar in die vervulling van wat reeds in die Ou Testament in kern aanwesig was en waarvan die volle vervulling daar beloof was. Dit was 'n historiese en persoonlike vervulling en het gebeur deurdat Jesus Christus histories en persoonlik gekom het. In Hom kom die vyf elemente van die koninkryk in hulle volheid na vore.

1. In Hom word God se absolute mag en heerskappy geopenbaar. Hy het selfs mag oor lewe en dood, hoewel hierdie mag met sy eerste koms nog hoofsaaklik verskuil gaan onder Christus se dienende optrede.

2. In Hom word God se innige gemeenskap met die mens geopenbaar. Christus is Immanuel, God by ons. God en die mens word met mekaar versoen. Die gelowige kan God aanspreek as Vader.

3. God se redding deur lewewekkende mag word geopenbaar deurdat Christus vir die mens sterwe en weer uit die dood opstaan. Deur die Heilige Gees staan Hy ook in die harte en lewens van mense op en bring hulle tot bekering en 'n nuwe lewe met God.

4. In Christus word ook God se werksaamheid deur die Woord geopenbaar. Christus is dieWoord wat mens geword het en deur wie die versoening tussen die Woord en die mens moontlik geword het.

5. Verder word God se werksaamheid in en deur die geskiedenis geopenbaar deur Christus deurdat Hy histories gekom het, verlossing bewerk het en tans vanaf die regterhand van God regeer. Alles stuur af op sy koms wanneer Hy alle die heerskappy aan die Vader sal oorgee en God alles sal wees in almal.

## 5. HOOFINDELING VAN DIE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT

### 1. Historiese, digterlike en profetiese boeke

Die indeling wat hier gegee word, sluit aan by die van die O.T. soos dit deur die Nuwe-Testamentiese kerk aan ons oorgelewer is in die Griekse en Latynse vertalings. Die indeling is: historiese, digterlike en profetiese boeke. Die historiese boeke (Genesis tot Ester) het te doen met die verloop van God se koninkryk in die loop van die geskiedenis. Dit kan weer in drie dele verdeel word, nl.:

1. Die tyd rondom die aartsvaders (Genesis);
2. die tyd rondom Moses, d.w.s. die van die uittog uit Egipte tot die vestiging in Kanaän (Eks. - Rut);
3. die koningstyd (Sam. - Ester).

Die digterlike boeke omvat Job tot Hooglied, en die profetiese is Jesaja tot Maleagi.

**Koninkryk in die Ou Testament.**

| Historiese boeke | Digterlike boeke | Profetiese boeke |
|---|---|---|
| (Gen. - Ester) | (Job - Hooglied) | (Jes. - Mal.) |

* Die tyd rondom die aartsvaders (Genesis)

* Die tyd rondom Moses (Eks. - Rut)

* Die koningstyd (Sam. - Ester)

## 2. Die skepping en die vroeë mensheids- en die aartsvadergeskiedenis (Genesis)

Genesis beskryf die situasie vanaf die skepping tot die aartsvaders en wys hoe God se koningsheerskappy en gemeenskap voortgaan ondanks die breuk wat die sonde in die verhouding tussen God en die mens gebring het. (Vgl. bv. die geskiedenis van die paradys, die sondvloed, die stadbou van Babel en die geslagslyn wat op die onvrugbare huwelikspaar Abraham en Sara uitloop.) Dit vind veral uiting in die verbond waarin God uiteindelik die aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob aan Hom verbind. Die verhouding van God met mense op persoonlike vlak het hier 'n baie belangrike plek. Hierdie tydperk kan getipeer word as die daarstelling en handhawing van die koninkryk.

## 3. Die ontstaan en vorming van die volk Israel (Eks. - Rut)

God red Israel uit die dood van slawerny in Egipte, maak met hulle 'n verbond en sonder hulle van die nasies af. Hulle is sy eiendomsvolk en ontvang daarom sy gebooie om daarvolgens te lewe. Hulle word in die beloofde land gevestig. Die doel van die redding is dat hulle 'n koninkryk van priesters moet wees (Eks. 19:6). Dit beteken dat hulle 'n sendingtaak teenoor die nasies moet verrig en dat hulle ook elkeen persoonlike toegang tot God het. God voer die verhouding deur ondanks die volk se volhardende halsstarrigheid en opstandigheid wat hulle telkens in 'n situasie van ondergang laat beland. Ook hierdie periode eindig op 'n dieptepunt in Israel se geskiedenis. Hierdie periode kan getipeer word as die roeping tot 'n priesterlike koninkryk.

## 4. Die instelling en verloop van die koningskap (Sam. - Ester)

Die boeke wat die begin en einde van hierdie periode beskryf, getuig van redding uit 'n doodsgevaarlike situasie in die Filistynse en Persiese tyd onderskeidelik. God bly getrou aan sy verbond met Dawid. Die koningskap het net soos die volk, op wie se versoek dit ingestel is, op eie krag en menslike vermoë gebou. Daarom was dit tot mislukking gedoem. God laat dit egter in Dawid triomfeer. Dwarsdeur die hele tydperk met sy enkele hoogtepunte en baie dieptepunte, hou God ook die volk saam met die koningskap in stand. Deur volk en koning se sonde skeur die ryk in twee, en die bevolkings gaan uiteindelik in die volksdood van ballingskap in. Maar as alles verlore skyn te wees, kom die beloftes van 'n nuwe Dawid na vore. Daar kom ook wonderbaarlike redding uit die ballingskap. Hierdie periode kan getipeer word as die deurvoering van God se koninkryk ondanks die instelling en die afdraande gang van 'n menslike koninkryk.

## 5. Die digterlike boeke: om die Here te vrees (Job - Hooglied)

Hierdie boeke het 'n sterk subjektiewe karakter in die sin dat hulle die menslike antwoord is op God se openbaring in sy Woord, die geskiedenis en die skepping. Tog het die goddelike soewereiniteit sy stempel volledig op hierdie antwoorde afgedruk. Hulle benadruk dat om die Here te vrees die beginsel van die kennis is. "Vrees" beteken hier om jou lewe geheel en al aan God oor te gee en dit opnuut uit sy hand te ontvang. Hierdie boeke sê dus dat 'n mens met 'n wedergebore hart en verstand na die dinge moet kyk. Dit geld veral van die groot lewensraaisel dat dit skynbaar met die goddeloses goed gaan en met die gelowige sleg. 'n Mens vind alleen rus in die onvoorwaardelike erkenning van God se absolute soewereiniteit of beslissingsreg en in persoonlike oorgawe aan Hom (bv. Job, Ps., Pred.). Ware wysheid word deur God self gegee en bestaan in die erkenning van jou absolute innerlike verdorwenheid (Ps. 51:7, 8; 90:8, 11, 12). Hierdie boeke kan getipeer word as: koninkryk en die menslike gees.

## 6. Die profetiese prediking en optrede (Jesaja - Maleagi)

God spreek op 'n besonder direkte en persoonlike manier tot sy volk deur die profete. Dit is tipies van die profete om te sê: "so se die Here" (Jer. 2:2, 5, ens.; Eseg. 2:4; 3:27; ens.). Gewoonlik volg dan die Here se woorde in die direkte rede asof Hy nog self aan die woord is.

Die profete verkondig dat God oor alle dinge regeer, Hy is koning oor al die nasies en die hele wêreldgeskiedenis. Die profete verkondig ook 'n besonder direkte verhouding tussen God en die lede van sy volk. Hulle roep op tot persoonlike verantwoordelikheid in teenstelling tot vormdiens.

Ook by die profete kom die spanningsvolle aard van die koninkryk sterk na vore: die geskiedenis sal uitloop op 'n skrikwekkende oordeel, die Dag van die Here (Jes. 2: 12 ens.). Dit beteken ondergang en dood. Andersyds getuig die profetiese prediking van God se vergewende, lewewekkende en verlossende genade. Die volk wat vanweë verbondsbreuk in die ondergang ingeloop het, is sy volk (Jes. 41: 9). Daarom is daar redding, al is dit net vir 'n oorblyfsel. Die oorblyfsel is die volk wat as 't ware deur die dood heen aan 'n opstandingslewe deel het (Jes. 11).

Hierdie volk is die Here se kneg (Jes. 42: 1) en staan dus besonderlik in sy diens. Daarom gee God 'n dieper sin aan die volk se lyding. Hulle lyding word iets meer as net straf op hulle sonde; dit word diensbaar ter wille van

die nasies (42:6). Aangesien die volk dit nie kan en nie wil doen nie, gee God sy Kneg in die volk se plek om dit te doen (Jes. 53). Deur Hom sal God die wonder voluit laat gebeur. God sal naamlik in die Kneg op 'n histories werklike manier, lewe deur die dood heen verwek. In die Kneg trek die hele geskiedenis van Israel dus in 'n brandpunt saam. In Hom word die mens met God en sy woord versoen. Die Verlosser is egter nie net 'n lydende Kneg nie, maar tegelykertyd ook die Seun van die mens wat die heerskappy oor alle dinge van God ontvang (Dan. 7:13, 14).

# I DIE SKEPPING EN DIE VROEË MENSHEIDS- EN AARTSVADER-GESKIEDENIS (GENESIS)

## 6. DIE SKEPPINGSWERK VAN GOD: IN DIE BEGIN

**(Gen. 1:1,2)**

### 1. God is koning van die skepping en die geskiedenis

Die eerste vers van die Ou Testament is 'n koninkrykvers: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". Dit verkondig God as die absolute skepper en regeerder van alle dinge. God was voor alles. Alleen Hy was daar voor die begin. Daar was geen ewige mag of materiaal naas Hom nie. Hy het absoluut alles geskape en het daarom ook oor alles beskikkingsmag en -reg.

Die Ou Testament begin nie met 'n beskrywing van statiese eienskappe van God nie. Dit teken God ook nie in die tempel, of rustend nie. God is aktief, handelend, dinamies. Daarom moet 'n mens nie net oor Hom peins nie of Hom net op 'n rituele manier vereer nie. Hy moet as koning en heerser van alle dinge erken en geëer word.

Die heel eerste woorde praat van "in die begin". Hoofstuk 2:4 gaan verder en praat oor wat van die dinge geword het: die voortgang, die geskiedenis daarvan. God hou alles wat Hy geskape het, in stand en beheers ook die geskiedenis. Hoofstuk 12 e.v. gaan nog verder en handel oor God se optrede teenoor die aartsvaders, insluitende sy toekomsbeloftes aan hulle. Dit sê dus dat daar doelgerigtheid in God se heerskappy oor die skepping is en dat dit na 'n toekomsbestemming toe beweeg. 'n Mens se lewe word dus gedra deur Hom wat in die begin al daar was, wat nou oor alles regeer en wat ook aan jou die toekomshoop gee as 'n belangrike stukrag vir jou lewe.

Bloot grammatikaal beskou, is dit ook moontlik om Genesis 1:1 te vertaal: "In die begin toe God die hemel en die aarde geskape het, was die aarde woes en leeg...". Dit sê dan dat daar reeds 'n woeste en leë aarde was toe God begin skep het, en Hy het slegs vorm daaraan gegee. Dit is egter strydig met die res van die Ou Testament.

Volgens die Ou Testament is God die absolute skepper van alles (vgl. bv. Jes. 40:21; 41:4; Spr. 8:22). Bogenoemde vertaling is ook strydig met die gees en aksent van die hoofstuk self, want daarin is die werk van God telkens die hoofsaak en staan in die hoofsin. Die hoofstuk lê groot klem op God se absolute inisiatief: Hy doen alles. Dit is telkens Hy wat aan die woord en werk is. Volgens die genoemde vertaling word God en sy werk egter deur 'n bysin beskryf en is dus die bysaak. Die áárde en die toestand van die aarde word in daardie vertaling deur die hoofsin beskryf en is die hoofsaak.

## 2. God is die vrye en ewige heerser

God het die hemel en die aarde "geskape", dit wil sê, Hy het dit as iets heeltemal nuuts te voorskyn laat kom (vgl. bv. Eks 34:10; Num 16:30). Wat bestaan, is nie maar die gevolg of ontwikkeling van wat vroeër daar was nie, maar dit is die vrug van 'n direkte optrede van God. Alleen God kan skep; die woord "skep" word in die Ou Testament nooit vir die werksaamheid van iemand anders as God gebruik nie.

God bly soewerein teenoor die skepping, d.w.s., Hy bly 'n vrye heerser daaroor. Die skepping is nie 'n deel van Hom of Hy 'n deel van die skepping nie. Dit is dus anders as in die opvattings van Israel se bure met hulle natuurgodsdienste, en as sommige hedendaagse filosofieë of godsdienste, o.a. in die ooste.

God het die "hemel en aarde" geskape, d.w.s., alle dinge. Hy alleen is "God". Alles wat ander nasies van hulle gode gedink het, en nog veel meer, kan van God gesê word. Daarom is die woord "God" (Elohim), wat hier en elders in die Ou Testament vir God gebruik word, eintlik die meervoud "gode". Die meervoud dui God se majesteit en volheid aan. Hy, die skepper, is in absolute en eksklusiewe sin God.

## 3. Die aarde was nog onherbergsaam en skrikwekkend

Die toestand van die aarde in hierdie stadium word beskryf as "woes en leeg" (*tohu wabohu*). Die gedagte word goed weergegee met die vertaling "woes en leeg". Dit was onherbergsaam en onbewoonbaar, sonder enige

lewensmoontlikheid daarop. Die aarde was een en al woestheid en donkerheid.

Sommige verklaarders sien in hierdie woorde 'n aanduiding van demoniese magte wat teen God in opstand was, of van die resultaat van hulle werkinge. Dit is egter strydig met die betekenis van die woorde elders, sowel as met die verband van die hoofstuk. Die twee woorde word behalwe hier nog net op twee ander plekke saam gebruik (Jes. 34:11; Jer. 4:23). Ook dáár dui dit skrikwekkende onherbergsaamheid aan.

Dit is nie 'n mag teenoor God nie, maar 'n toestand wat die gevolg van Gód se optrede is. Ook in Genesis 1:2 is dit die gevolg van Gód se handeling. Al verskil is dat dit in Genesis 1:2 natuurlik nie die resultaat van God se oordeelshandeling is nie, maar van sy skeppingshandeling. Jesaja en Jeremia wil sê dat God 'n drastiese oordeel sal bring, so drasties dat die aarde sal wees soos dit was voordat God dit bewoonbaar gemaak het.

Ook die kort vorm (*tohu*) dui soms skrikwekkende onherbergsaamheid aan (Deut. 32:10; Ps. 107:40; Job 6:18; 12:24). Ook dan beteken dit egter nie demoniese magte of die resultaat van hulle werkinge nie. Die woord kom dikwels in Jesaja 40 en verder voor en beteken daar: nietigheid, onbeduidenheid, leegheid, ydelheid, sinloosheid, betekenloosheid.

Die verband van Genesis 1 wys ook self aan dat die uitdrukking "woes en leeg" nie op iets demonies dui nie. Daar is nêrens in dié hoofstuk sprake van 'n mag of 'n inisiatief wat teenoor God staan nie. Inteendeel, God is die enigste wat inisiatief het. Met groot nadruk word daar ook telkens gesê dat sy werk effektief was en met onmiddellike gehoorsaamheid beantwoord is. Telkens word daar byvoorbeeld gesê: "en dit was so", en: "toe sien God dat dit goed was".

Daar is in die hele hoofstuk ook geen aanduiding van 'n stryd tussen God en die magte nie. Die skepping het nie deur stryd tussen God en die magte ontstaan nie. God het telkens maar net "gesê", en dan gebeur die dinge.

In die digterlike boeke van die Ou Testament word die see wel dikwels met monsters geassosieer wat in vyandskap met God en sy volk staan (bv. Job 8:13; Ps. 18, 68,74, 89; Jes. 17; Dan. 7). Hierdie spreekwyse is egter digterlike beeldspraak en sluit aan by die terminologie van die buurvolke. Daarom kan dit nie gebruik word as metode om die verhalende stof, soos dié van Genesis 1 te verklaar nie.

## 4. Daar was duisternis, maar ook die Gees van God

In hierdie toestand was alles nog in duisternis gehul. Daar was ook nog geen skeiding tussen land en water of selfs tussen die aarde en die lug nie. Die Gees van God het op die waters gesweef en het een of ander werksaamheid in belang van die skepping daarop uitgeoefen. Ook Psalm 33:6 en 33:9 lê verband tussen die werking van die Gees van God en die skeppingswerksaamheid, veral met die feit dat God daar gepraat het: "Deur die woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër... Want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied en dit staan" (vgl. ook Jes. 44:3,4; Ps. 104:30).

Sommige verklaarders neem die Hebreeuse woord vir Gees hier op as wind. Hulle sien die uitdrukking "wind van God" dan as aanduiding van 'n geweldige wind. Die drie sinsnedes van Genesis 1:2 dui dan die volgende aan: woestheid, duisternis en storm. Hierteenoor geld egter dat die woordkombinasie (*ruag Elohim*) nêrens in die Ou Testament 'n groot wind beteken nie, maar altyd die Gees van God.

Die skrywer van Genesis weet dus van geen stryd tussen God en die skepping nie, van geen dualisme of tweespalt tussen die stoflike dinge en God nie. God is enig; daar bestaan niks en niemand van ewigheid af saam met Hom nie. Hy is in absolute sin die skepper; die aarde, die watervloed en alles is sy skepping. Hy is die heerser en koning wat selfs die skrikwekkende dinge beheer. Hierdie dinge is trouens die voorstadium van sy bewoonbare aarde waarop Hy 'n mens sal stel wat kan regeer en God kan dien.

## 5. Notas

1. Die woord "skep" (*bara*) word nie net gebruik wanneer God iets uit niks skep nie, maar ook wanneer Hy iets nuuts skep, sonder 'n oorsaaklike verband met wat voorafgaan. "Skep" word ook gebruik by die begin van lewende wesens (Gen. 1:21) en die begin van die mens (Gen. 1:27), en vir God se optrede in die skepping (natuur) en die geskiedenis (Jes. 45:7,8; 48:7; 65:18; Jer. 31:22; Ps. 102:19). Genesis 1 beskryf egter God se skeppingswerk as iets unieks, iets onherhaalbaars wat met sy werk op die sewende dag tot afsluiting gekom het (vgl. Du Toit, 1962:27-29).
2. Daar is 'n verskil tussen Israel se begrip "hemel en aarde" en ons begrip "wêreld" of die Griekse "kosmos" (Von Rad, 1962:152; Vriezen, 1966:457). Israel het die wêreld nie voorgestel as 'n eenheid wat filosofies geobjektiveer is en teenoor hom gestel is nie. Vergelyk verder Eichrodt (1967:93-107) oor die kosmologie by Israel.

3. Hoewel die naam Elohim die gangbare naam vir gode is, het dit 'n besondere betekenis wanneer dit vir God gebruik word: "The use of the name Elohim gathers all the divine forces into a personal unity, and thus contrasts one absolute Lord of the divine realm with the polytheistic thinking of the heathen cosmogony" (Eichrodt, 1967:104).
4. Eichrodt (1967:105,106) wys op die klem op niksheid in die uitdrukking *tohu wabohu*. Hy (1967:114-115) wys ook verder daarop dat die Ou Testament die mite bloot as poëtiese versiering gebruik om Jahwe se mag in die helderste kleure te skilder (vgl. die sinspeling op die seemonster Tiamat in die woord *tehom* = vloed).
5. Ten onregte dink ook Eichrodt (1967:47 noot 5) dat daar in Genesis 1:2 nie sprake is van die Gees van God as die lewensbeginsel nie, maar van 'n "storm van God", m.a.w. "'n geweldige storm". Vriezen (1966:233) praat egter tereg van die *ruag elohim* as die Gees van God en merk op dat die Gees van God nie 'n selfstandige rol by die skepping speel nie en nie met die oerwaters vermeng is nie. Die skepping as sodanig is nie 'n mengsel van die Goddelike en die natuurlike nie. Die *ruag* sweef, sirkel bokant die chaoswaters, om dit in die oog te hou, soos 'n arend met sy kleintjies maak.

## 7. DIE SKEPPINGSWERK VAN GOD: DIE SESDAAGSE SKEPPINGS-WERK

**(Gen. 1:3 e.v.)**

### 1. Verskeidenheid en eenheid in die skepping

God skep plante en bome, voëls en visse en diere elkeen volgens sy besondere soort of aard. So word die aarde nie alleen 'n plek waar daar voedsel is sodat 'n mens daarop kan woon nie, maar die aarde word ook met 'n ryke verskeidenheid versier. Daar is skoonheid in God se skepping.

Die skepping vorm ook 'n eenheid. Dit kom veral uit in die mens. Hy is die kroon van die skepping, die koning daarvan. Die mensdom is as 'n eenheid geskape, nie in verskillende soorte nie (vgl. ook hoofstuk 12).

Daar was orde sowel as voortgang in God se skeppingswerk. God het die dinge op ses onderskeie skeppingsdae geskape, nl. op die 1e dag lig, op die tweede dag die lug of uitspansel, op die derde dag die droë aarde en die plante, op die vierde dag die hemelliggame, op die vyfde dag die visse en voëls, en op die sesde dag die kruipende diere en die mens.

## 2. God skep deur sy bevel

God het die dinge deur sy bevel geskape. Telkens word vermeld dat Hy "gesê" het dat iets moet gebeur. Dit was 'n skepping deur sy woord (vgl. ook Ps. 33:6,9). Die Nuwe Testament leer dat daar 'n nog veel dieper betekenis in sit, nl. skepping deur die Woord Jesus Christus (Joh. 1:1-3; Ef. 3:9; Kol. 1:16).

Die woord was meer as net 'n klank, dit was kragvol, effektief en doelmatig. Telkens volg daar: "en dit was so", en: "toe sien God dat dit goed was". Tog was dit nie magiese woorde of toorwoorde, wat in hulleself, los van God, krag gehad het nie. Dit was 'n wilsuiting van God, en Hy was steeds persoonlik in beheer daarvan. God dra ook die hele skepping en geskiedenis deur sy woord (Jes. 55:8-11).

Hierdie skeppingswerksaamheid deur God se bevel of woord getuig van sy absolute heerskappy; Hy hoef maar net te beveel dan gebeur dit. Dit getuig verder dat God as 'n persoonlike God werksaam is. Hy is nie maar 'n vae, onpersoonlike skeppende krag of 'n misterieuse opperwese nie. Hy is 'n Persoon, wat "sê" en "sien" en "rus".

## 3. God voltooi sy skeppingswerk deur te rus

God het reeds op die sesde dag klaar gehad met skep, tog word gesê dat Hy sy werk op die sewende dag voltooi het, naamlik deur te rus. Voltooiing van werk sluit dus ook afronding deur rus in. Hierdie rus van God is ook nie "uitrus" ná moeg word nie, want God was nie moeg nie. Hy het immers geskep deur net 'n magswoord te spreek. Die woord (*sjabat*) wat hier vir rus gebruik word, beteken dan ook basies: ophou met werk. God se rus is hier dus iets koninkliks. Daarmee betoon Hy sy mag oor die werk, Hy is nie daaraan onderworpe nie en is ook nie 'n outomatiese werker nie. So moet die mens op hierdie dag nie aan werk verslaaf wees nie. Hy moet ook nie net niks doen nie, maar moet positief oor die werk en die skepping heers. Dit hou in dat hy hom moet verlustig oor hoe die skepping sy sin, betekenis en doel in God vind.

Gedurende die ses dae het God telkens 'n waardering oor die skepping laat hoor (bv. dat dit goed was). Op die sewende dag word die fokus op God self gerig, God wat bo sy skepping troon. Daarom kan 'n mens dié dag ook nie vier deur net die natuur te bekyk en te geniet nie. God self moet op dié dag in die middelpunt van 'n mens se belangstelling staan.

God het Hom nie op die sewende dag losgemaak van sy skepping sodat die aarde sedertdien onafhanklik deur eie wette voortgaan (Deïsme) nie. God bly nog steeds persoonlik daaroor regeer. Aan die ander kant is die skeppingswerk op die sesde en sewende dag voltooi. Die skeppingswerk gaan nie voort as een lang ewolusieproses tot op hede en verder die toekoms in nie. Die woord "skep" word wel partykeer gebruik vir God se werksaamheid in die natuur, die geskiedenis en die mens se lewe. Maar dit is omdat dié woord nie net 'n tegniese term vir God se skepping in absolute sin is nie. Dit dui God se soewereine, vrye daad aan wat iets heeltemal nuuts te voorskyn bring sonder enige oorsaaklike verband met wat voorafgaan.

God voltooi sy skeppingswerk verder deur die sewende dag te seën en te heilig. Daarmee bepaal Hy dat dié wat dit onderhou, sy seën sal ontvang.

## 4. Die begrip "dag"

Daar bestaan onder Skrifverklaarders groot meningsverskil oor wat presies met die woord "dag" in Genesis 1 bedoel word. Hierdie verskille dateer nie slegs uit die tyd toe natuurwetenskaplike ontdekkinge vrae laat ontstaan het oor die ontstaan van die aarde en die mens nie. Reeds die kerkvader Augustinus (4e eeu n.C.) het die dae en volgorde nie letterlik opgevat nie. Sommiges sien die dae bloot as 'n kunsmatige, skematiese inkleding, ander sien dit as tydperke, ander as dae met 'n onbepaalde tydsduur. Ander sien dit as 'n profeties-historiese beskrywing waarin chronologiese en logiese orde vermeng is. Sommiges sien dit as letterlike dae.

Die skeppingswerk van God is 'n groot wonder. Dit kan nie in menslike taal en vir menslike begrip ten volle begryplik gemaak word of geformuleer word nie. So word die skepping van die mens in Gen. 1 en Gen. 2 byvoorbeeld vanuit heeltemal verskillende hoeke beskryf. Elkeen wil 'n besondere aspek of situasie belig.

Dit gaan in Genesis 1 om God te verkondig as die skepper van alle dinge. Die mens, so wil Gen. 1 sê, is deel van dié skepping en is tog 'n unieke wese. Hy is koning van die skepping en staan onder heerskappy van God. (Dit word in hoofstuk 9 bespreek.)

## 5. Notas

1. Eichrodt (1967:107-111) wys op die optimistiese of positiewe lewensbenadering van Israel weens die volmaaktheid en doelgerigtheid van God se skeppingswerk en die feit dat alles onder God se mag en heerskappy staan. Verder wys hy

op die doelgerigtheid van die skepping, wat egter ook gepaard gaan met 'n besef van die onpeilbare misterie van die skepping.

2. God het in 'n sekere sin sy skeppingswerk voltooi op die sesde dag, deurdat Hy opgehou het met skep (1983-Afrikaanse Bybelvertaling). Tog moet sy optrede van skep en rus nie los van mekaar nie gesien word nie, maar as 'n eenheid. Hy het sy werk afgerond deur sy rus op die sewende dag (1933/53-Afrikaanse Bybelvertaling). Vergelyk ook Von Rad (1962:147). Die mens moet daarom op die rusdag nie slegs niks doen nie, maar oor die sin van sy werk en sy menswees nadink.

## 8. VERKLARING VAN DIE SKEPPINGSDAE

### 1. Die dae gesien as inkleding

Reeds ou kerkvaders soos Athanasius en Augustinus wat in die 4 eeu n.C. geleef het, het Gen. 1 so verstaan dat die dae slegs 'n logiese orde aandui, nie 'n chronologiese nie. Hulle het gemeen dat die aarde in een moment geskape is.

Die kaderhipotese (onder andere deur A. Noordtzij en N. H. Ridderbos voorgestaan) leer ook dat die ses dae slegs 'n logiese orde aandui. Dit is dan 'n kader of skema waarin die skrywer sy gedagtes op 'n kunsmatige wyse rangskik om die idee tuis te bring dat daar 'n bepaalde orde in God se skeppingswerk is. Die voorstanders van hierdie hipotese wys onder andere op die skematiese karakter van Gen. 1 met sy verskillende refreine.

Teen hierdie verklaring geld egter die volgende besware:

1. Gen. 1 is baie sterk histories aangebied, gebruik werkwoorde wat aan die verhaaltrant eie is en lê sterk nadruk op historiese voortgang (tweede dag, derde dag, ens.).

2. By 'n omskrywing soos: "en dit was aand en dit was more", wat wil sê: dit het aand geword en toe more geword) neem die skrywer sy staanplek binne 'n chronologiese gang van gebeurtenisse. Hierdie omskrywing is nie die taal van 'n skema wat van buite, van 'n afstand af, die logiese plek wit aandui nie. In die laaste geval sal mens eerder so 'n uitdrukking verwag soos: "op" die soveelste dag.

3. Die verklaring bly in gebreke om die probleem in verband met die bewoording van die sabbatgebod bevredigend op te los. Die verklaring beweer dat God se werk voorgestel word in die raamwerk van ses plus een dae, op grond van die bestaande menslike gewoonte onder Israel om ses dae te werk en een dag te rus. Deur hierdie benadering word God egter 'n navolger van die mens gemaak. Verder verloor die motivering vir die sabbat sy grond heeltemal omdat dit dan bloot berus op 'n skematiese voorstelling omtrent God, iets wat geen werklikheid impliseer nie.

## 2. Die dae gesien as tydperke

Sommiges beweer dat met die dae tydperke bedoel word. Die volgende is egter besware daarteen:

1. Waarom word nie eenvoudig gesê dat dit tydperke is nie?

2. Die dae is presies omlyn deur aand-môre. So iets word nêrens in die verband met tydperke aangetref nie. Die feit dat die aand ook voor die more genoem word, sluit die moontlikheid uit om aand en more as begin en einde van 'n tydperk te sien. Daarteenoor klop die formulering goed met 'n gewone chronologiese letterlike verklaring as: dit het aand geword en toe more geword. 'n Dag se begin word dan heel prakties gereken vandat dit in die oggend begin lig word.

3. Die verklaring druis in teen die bewoording van die vierde gebod wat sê dat die mens ses dae moet werk omdat God in ses dae die hemel en aarde ens. geskape het.

## 3. Die dae gesien as dae met onbepaalde tydsduur

Hierdie benadering word deur G. Ch. Aalders en ander voorgestaan. Hier word dae gesien as: "dae van God" wat korter of langer as ons s'n kon gewees het. Die voorstanders wys op die feit dat minstens die eerste drie dae nog nie aan die son en maan gebind was en dus nie in terme van die gewone tydsrekening gemeet kan word nie. Verder word daarop gewys dat die woord "dag" in die res van die Ou Testament, asook in Gen. 1 self, verskillende betekenisse het (byvoorbeeld daglig, dag afgemerk deur aand en more, dag as teenstelling met nag, dag van 24 uur: "dae en jare", die hele periode van God se skeppingswerk) (1:5; 1:5; 1:14; 1:14; 2:4).

Besware teen so 'n benadering is: ondanks die verskillende betekenisse van "dag" in die genoemde verse, het dit geen vloeibare betekenis nie, en is dit telkens tog duidelik wat die onderskeie betekenisse moet wees. Die ses dae word duidelik afgemerk deur aand-more, anders as op enige ander plek.

### 4. 'n Altyddurende sewende dag

Uit die feit dat daar by die sewende dag, anders as by die ses dae, nie staan dat dit aand en more was nie, lei sommiges (byvoorbeeld J.H. Kroeze) af dat die sewende dag nie 'n einde gehad het nie, maar nou nog voortduur. Dit is dan die tyd van God se onderhouding van die skeppingswerk.

Hierteen geld egter dat daar duidelik gesê word dat God "op die sewende dag" gerus het. Teen dié tyd kan die skrywer van Gen.1 aanneem dat dit vir die leser uit die voorafgaande duidelik sal wees wat 'n dag is.

### 5. 'n Profeties-historiese verklaring

S. du Toit sluit aan by die verklaring van dae as dae van onbepaalde tydsduur. Hy wys die betekenis van gewone dag beslis af en sien dit verder so dat Gen. 1 nie slegs tydsorde gee nie, maar logiese en tydsorde vermeng. Die skrywer van Gen. 1 gee volgens hom 'n profeties-historiese siening, soos in 'n skildery. Hy sien dinge wat in die verre verlede lê en waarvan die afstande en perspektiewe ineenvloei as mens dit uit die verte beskou. Eers as dit nader aan die huidige tyd kom, begin die beskrywings al meer besonderhede gee, dit wil sê meer eksak word.

Hierdie verklaring is aantreklik, probeer 'n verklaringsmetode uit die Bybel self kry en bied moontlike oplossings vir verskillende probleme, veral sulkes waarvoor sommige natuurwetenskaplike feite of stellinge 'n mens stel by die verklaring van Gen. 1.

Tog geld die volgende besware daarteen: Gen. 1 e.v. is nie profesie nie en die beskrywing is ook nie van profetiese aard nie. Die taal is dié van historiese stof en is in elk geval nie poëties nie. Ook die aanbieding is histories, anders as die profetiese stof waarin die profetiese visie voorkom. As Gen. 1 profeties genoem kan word, is dit nie in 'n ander sin nie as byvoorbeeld die vroeë profete (die historiese boeke Josua, Rigters, Samuel en Konings). In hierdie stof word logiese en tydsorde egter ook nie op dié wyse vermeng nie.

## 6. Vereistes vir 'n regte verstaan van die begrip "dag"

Die volgende moet in gedagte gehou word om die begrip "dag" te verstaan. Genesis 1 is nie deel van 'n wetenskaplike handboek nie, maar van openbaringsgeskiedenis. Genesis 1 het enersyds 'n historiese opset; dit pleit vir 'n historiese, letterlike bedoeling. Daar is 'n omlyning, 'n opeenvolging en selfs 'n numering van dae. Die verhaaltrant word gebruik: "en toe. . ." Andersyds is die opset baie skematies met vaste refreine: "en God het gesê", "en dit was so"; "toe sien God dat dit goed was". Hierdie feit vra versigtigheid en inagneming van die besondere aard van die beskrywing. Verder, 'n verklaring kan alleen aanvaarbaar wees as dit in harmonie is met die vierde gebod.

## 7. Gewone dae, maar uit openbaringshistoriese hoek gesien

In die lig van die voorafgaande bied die volgende 'n moontlike verklaring: die dae is letterlike, historiese dae, maar uit 'n bepaalde hoek beskryf. Ons moet ons verklaringsmetode nie bloot van ander wetenskappe, soos Geskiedenis, of van ons eie logika verkry nie, maar dit aflei uit hoe die Bybel self in sy beskrywings te werk gaan. Die Bybel is wel histories en volg in 'n groot mate die maatstawwe van geskiedskrywing, maar nie ten volle nie. Dit werk volgens sy eie maatstawwe. Die geslagsregister in Gen. 11: 10 e.v. slaan byvoorbeeld minstens een geslag oor, (nl. Kainan, tussen Arpagsad en Selag; vgl. die Griekse vertaling en Luk. 3:35-36). Die feit dat een oorgeslaan is, maak dit moontlik dat Gen. 11 sowel as Luk. 3 meer oorgeslaan het. Uit die geslagsregister se formulering self lyk dit onmoontlik dat daar een uitgelaat kon wees, want die geslagsregister gee die geslagte in 'n geslote opvolgingslyn ("Toe Arpagsad vyf-en dertig jaar oud was, het hy die vader van Selag geword", 11:12). Die skrywer is egter nie in die doen en late van die geslagte of in hulle chronologiese besonderhede self geïnteresseerd nie. Sy weergawe bedoel nie om 'n notarieel volledige beskrywing te gee nie, maar wil aantoon hoe Gód sé wérk voortgaan: deur die geslagte in die geskiedenis heen.

As bogenoemde in ag geneem word, is dit moontlik dat Gen. 1 van ses dae praat wat nie 'n geslote opvolging gehad het nie. Dit is dus moontlik dat God se skeppingwerk nie net ses dae geduur het nie, maar dat dit wel op ses dae kardinale konsentrasiepunte of ingrypingspunte gehad het. Op hierdie dae het God se optrede dan besonderlik verband gehou met die uiteindelike doel. Hierdie doel is 'n persoonlike gemeenskap tussen God en die mens, waarin die mens God dien.

## 8. Notas

1. Vergelyk Helberg (1988:39-58) oor: uitgangspunte vir die verklaring van Gen. 1-3, wat Genesis openbaar, die feit dat die Bybelse openbaring bevrydend is, en die feit van skepping en sonde.
2. Vergelyk Schuurman (1980) oor ewolusie en kreationisme.

# 9. GOD SKEP DIE MENS

**(Gen. 1:26-31; 2)**

## 1. Twee beskrywings van die skepping van die mens

Die mens se skepping word twee keer in die begin van Genesis beskryf, in Gen. 1: 26 e.v. en in Gen. 2. Dit wys dat die mens van besondere betekenis in die skepping is. Hierdie twee beskrywings vind vanuit verskillende hoeke plaas. Genesis 1 handel oor die skeppingswerk in sy geheel, maar wys ook hoe die skeppingswerk saamtrek in die skepping van die mens. Genesis 2 handel oor die mens in besonder. Dit betrek die ander sake net in soverre en in so 'n mate as wat dit direkte verband het met die posisie van die mens. Daarom hou die skrywer hom in Gen. 2 nie aan 'n streng chronologiese volgorde van gegewens nie.

## 2. God se skeppingswerk spits toe op die mens

Voor God die mens geskape het, het Hy iets gedoen wat Hy nie by die skepping van die ander dinge gedoen het nie. Dit wys hoe besonders die skepping van die mens is. God beraadslaag met Homself en sê: "Laat Ons mense maak na ons beeld. . ." Die "Ons' is God self, nie engele of ander hemelse wesens nie, want daar is nêrens in die onmiddellike of wye verband van Gen. 1 sprake van sulke wesens nie, net van God self. Verder word in die volgende vers uitdruklik gesê dat God die mens na sy beeld geskape het (1:27). Die "Ons" dui op 'n onderskeiding in God self, maar is iets wat eers in die N.T. heeltemal duidelik word. Die vermelding van die Gees van God wat oor die waters gesweef het (1:2) en die skepping deur die Goddelike bevel of woord, dui ook vaagweg daarop (vgl. ook Ps. 33:6, 9; Joh. 1:1-3). Dit is die Drie-eenheid: Vader, Seun (Woord) en Heilige Gees.

Ná die ander skeppingsdade van God volg: "toe sien God dat dit goed was", maar ná die skepping van die mens volg daar: "toe sien God allés wat Hy

gemaak het, en dit was báie goed" (1:31) Die mens is dus nie maar net nog een van die skepsele naas die ander nie, maar in hom word die skepping van al die ander in een punt saamgetrek. In die mens se bestaan vind hy sy ware sin en betekenis; dan is die dinge nie net meer "goed" nie, maar dan is alles saam "baie goed". Dan voldoen hulle by uitnemendheid aan die doel wat God daarmee het.

Die mens is die kroon van God se skepping, die heerser daaroor (1:28). Hy beklee 'n besondere posisie en het 'n besondere aard: hy is na die beeld van God geskape. Daarmee word sy besondere ooreenkoms met God uitgedruk, hy is die heerser. Aan die ander kant druk dit uit dat hy volkome afhanklik is van God en diensbaar aan Hom. Dit sal hier onder nader bespreek word. Die skeppingswerk van God spits dus toe op die mens, maar dit is 'n mens wat geskape is om God te dien en in gemeenskap met Hom te lewe. Die skepping is teosentries: op God gerig. Die mens is daar om met sy bestaan en heerskappy God te verheerlik. Dit word pragtig in Ps. 8 beskrywe.

**3. Die mens is die beeld van God**

Die mens is na die beeld van God geskape, d.w.s., hy is 'n afbeelding van God, 'n spieëlbeeld of skadubeeld van God. Daarmee word twee teenoorgestelde wesenseienskappe van die mens uitgedruk. Daar is aan die een kant 'n wesensverskil tussen hom en God. Die mens is net so min God of goddelik as wat die beeld van iemand daardie persoon self is of iets van sy wesenseienskappe besit. Die mens is vir sy bestaan geheel en al afhanklik van God. Hy kan net so min op homself bestaan as 'n skaduwee. Hy ontvang elke oomblik sy lewe van God. So gesien, is daar, aan die ander kant, 'n groot ooreenkoms tussen die mens en God. Die mens is soos 'n kind, wat die beeld van sy vader is. Adam is na die gelykenis van God gemaak (5:1) en het self 'n kind verwek na sy eie gelykenis en ewebeeld (5:3). Die mens is dus soos 'n kind van God, maar die skrywer van Genesis vermy tog in 1:26 die woord kind, want hy wil benadruk dat daar geen sprake is van werklike verwantskap tussen God en mens nie. Daar mag ook geen familiariteit wees nie. Die mens is die verteenwoordiger van God – niks minder nie maar ook niks meer nie. Die mens is na sy volle menswees as stoflike en geestelike wese, die beeld van God, maar God is nie stoflik nie (Jes. 31: 3).

Die mens is as beeld van God ook 'n indiwidueel-persoonlike wese. God het die ander skepsele wel in soorte of groepe geskape, maar Hy het die mens indiwidueel-persoonlik geskape. Elke mens is die beeld van God. God heg besondere waarde aan elke mens. Hy stel nie eerstens in die mens as 'n groep

belang op so 'n wyse dat die indiwiduele mens en sy behoeftes deur dié van die groep gedomineer word en daarin verdwyn nie.

Omdat die mens beeld van God is, is hy heerser oor die skepping, maar in diepe afhanklikheid van God. Die mens kry sy heerskappy as 'n opdrag van God (1: 28) en is daarom aan God verantwoording verskuldig. Omdat hy in diens van God staan, kan hy ook sy heerskappy oor die aarde met roepingsbewustheid, sekerheid en vreugde aanpak en deurvoer.

As beeld van God het die mens sinvolle kennis van die skepping, hy ken homself en alle dinge in hulle diepe afhanklikheid van God. Daarom weet hy om reg te leef en sy lewe aan God te heilig. Hy is dus geskape in kennis, geregtigheid en heiligheid (vgl. Ef. 4:24; Kol. 3:10).

Die mens is as beeld van God aangelê om in gemeenskap met God te lewe. Daarom het God aan Hom op 'n intieme wyse die lewe gegee; God het die lewensasem in hom ingeblaas (2:7). Dit beteken nie dat die mens iets Goddeliks ingekry het nie, want dit is nie God se eie asem wat vir Hom ingeblaas is nie, maar die "lewensasem". Die mens in homself is "stof" (2:7) en het niks in homself om op te roem nie. Hy is net iets anders as stof wanneer hy in diepe afhanklikheid van God doelbewus sy lewe uit God se hand ontvang. In hierdie sin moet hy soos 'n kind van God lewe.

Die mens moet as beeld van God in sy lewenspatroon van werk en rus iets afskadu oor God as skepper en regeerder. Hy moet ses dae werk en een dag rus. Dit kan net hy doen, nie die ander skepsele nie, want alleen hy is na die beeld van God geskape. Hy is wesensverskillend van die ander.

## 4. Die mens verskil wesenlik van die dier

Daar is 'n groot ooreenkoms tussen die mens en die diere. Die mens is uit die "stof" van die aarde geskape en ook op dieselfde dag as die diere. Tog is daar 'n wesenlike verskil. Die Bybel ken nie 'n situasie waarin die mens en die dier op dieselfde vlak sou gestaan het of selfs waarin hulle gemeenskap met mekaar sou beoefen het nie. Die mens is van die begin af beeld van God; hy is anders as diere en is heerser oor hulle.

Die mens is, anders as die diere, 'n indiwidueel-persoonlike wese. Hy is nie bloot 'n kuddewese nie. Hy het persoonlike vryheid en persoonlike verantwoordelikheid. Aan die ander kant is hy nie 'n los enkeling, sonder groepsverband en verantwoordelikheid nie maar is in 'n natuurlike verband geplaas.

## 5. Die mens is man en vrou

Die mens is as enkeling 'n volledige mens, en tog ook nie. Hy is as enkeling die beeld van God. Dit geld van die man sowel as van die vrou. Hulle is nie eers saam die beeld van God nie, maar elkeen (1:26). Tog sê God dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, God sal vir Hom 'n hulp maak wat by Hom pas (2:18). Elke mens, man sowel as vrou, is in homself of haarself volledig of vol, maar het tog aanvulling nodig.

Man en vrou vorm in die huwelik 'n wonderlike twee-eenheid. Elkeen is 'n eie persoonlikheid, maar hulle is saam tog een. Die vrou is uit een van die intiemste dele van die man gemaak, een wat naby aan sy hart lê, 'n ribbebeen (2:21). Sy is ten volle een met Hom (2:23). Sy is egter nie net 'n gedeelte van die man nie, ook nie 'n ontwikkeling uit die man nie, maar is deur God self geskape as 'n volle mens (2:21). Tog is die man eerste gemaak en is die eerste onder die twee gelykes. Hy moet die verantwoordelikheid neem en optree (1 Tim. 2: 13), hy moet dit dienend doen en nie om te heers nie. Dit doen hy uit liefde vir die vrou. Daarom verlaat hy alles ter wille van haar, ook sy vader en moeder (2:24). Man en vrou vorm 'n onverbreeklike eenheid en hulle verbintenis is dié van die twee persone alleen (d.w.s. monogaam, vgl. Matt. 19: 4-6).

Die huwelik is diensbaar aan die groot doel van God se skeppingswerk: die mens moet oor die aarde verbrei en dit beheers. Hy moet dit so doen dat God as koning verheerlik word en die mens in vreugde met God kan ]ewe. As beeld van God, as redelik-sedelike wese, moet hy bewustelik doen wat die skepping onbewus doen: die lof van God verkondig (Ps. 8, 19).

## 6. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:122-131), Van Selms (1967:35-36), Vriezen (1966:188,189,446,447) oor die wesenlike verskil tussen God en mens, enersyds, en die innige verhouding tussen God en mens, andersyds. Daar word in die Ou Testament glad nie in terme van God as 'n vader in generatiewe sin gedink nie. Om hierdie rede word die Vader-kindverhouding as beeld vir die verhouding tussen God en die mens oor die algemeen in die Ou Testament vermy. Die Ou-Testamentiese geloofswêreld word gedra deur die sekerheid van die gemeenskap tussen die heilige God en die mens. In die oud-oosterse wêreld daarenteen is die mens enersyds gesien as 'n soort godekind, maar andersyds was hy niks anders as 'n slaaf van die godheid nie. Daardeur het die tipiese oud-oosterse naturalistiese lewensgevoel en die tragiese lewensgevoel van die Grieke ontwikkel.

2. Westermann (1978:83) beperk die uitspraak dat die mens na die beeld van God geskep is, ten onregte tot die daad van God, met uitsluiting van die aard van die mens. Volgens Westermann is die mens geskep sodat iets tussen God en hom kan gebeur.
3. Die mens bly ook ná die sondeval nog die beeld van God. In Genesis 5:1-3 word die feit dat die mens as beeld van God gemaak is, op een lyn gestel met die feit dat Adam se nageslag sy beeld is. In Genesis 9:6 word gesê dat as 'n mens doodgemaak word, die moordenaar ook doodgemaak sal word, want die mens is na die beeld van God gemaak. Vergelyk ook Vriezen (1966:446,447).
4. In Genesis 1 en 2 is daar 'n eenheid tussen man en vrou maar tog verskillende rolle en take (Vriezen, 1966:445; Childs, 1986:188-192).
5. Die uitspraak oor die "goed"-wees van die skepping, bevat 'n opwekking tot vreugde en lof (vgl. Ps. 148; vgl. Westermann, 1978:79,80).
6. Vir antropologie vgl. by Psalms.

## 10. DIE MENS VAL IN SONDE

**(Gen. 2,3)**

### 1. God heers en sorg

God beveel die mens om oor die aarde te heers, dit te bewerk en te bewaak (1:28; 2:15). Die mens staan onder 'n opdrag, hy moet sorg en beskerm. Hy moet heers terwyl hy self onder die heerskappy van God staan. Werk is volgens Genesis 'n wesenlike bestanddeel van menswees. Werk hang saam met die mense se heerskappy oor die aarde en is dus 'n vreugdevolle koningstaak. Die Bybelse godsdiens deurdring die lewe dus in sy volle daaglikse werklikheid en maak dit sinvol. Vir die omringende heidendom was werk nie 'n goddelike opdrag nie. Dit is daarom gesien as 'n noodsaaklike las om aan die lewe te bly.

God het die mens goed toegerus vir sy werk en aan hom 'n volledige verstand of kennis gegee. Die mens kon die diere in hulle wese deurskou en dit in name uitdruk. Ook het hy volle morele onderskeidingsvermoë gehad. God het die mens so moreel volwasse en verantwoordelik geag dat Hy die doodstraf vir ongehoorsaamheid opgelê het (2:17).

God sorg vir die mens en gee aan hom oorvloed: hy kan van al die bome van die tuin eet. God betoon ook besondere sorgsaamheid vir die mens se geestelike behoeftes. God self sê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Daarom skep Hy vir die mens 'n lewensmaat (2:18).

Die mens kon dus die lewe op die aarde geniet. Tog staan nie die genieting in hierdie hoofstukke op die voorgrond nie, maar die mens se geroepenheid om die opdrag van God uit te voer. Ware genieting lê in roepingsvervulling.

**2. God stel 'n beperking op die mens**

God besit absolute heerskappy en Hy eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Daarom plaas Hy 'n verbod op een van die bome van die tuin. Die Bybel sê nie watter soort boom dit was nie, want dit is nie die punt waarom dit gaan nie. Dit is nie dat die vrugte van daardie boom kennis kon verskaf of die mens se brein kon stimuleer nie. Wat wel belangrik is, is of die mens aan God gehoorsaam sou wees. Hy mag nie van die boom eet nie om die eenvoudige rede dat God dit verbied het. Die mens moet onvoorwaardelik God se absolute seggenskap oor sy hele lewe erken, ook oor die uitoefening van sy kennis.

Dit gaan dus nie om die boom of die vrug as sodanig nie, maar om die mens se persoonlike gesindheid en verhouding tot God. Die boom se naam was: "die boom van die kennis van goed en kwaad", of: "die boom van goed-en-kwaad-ken" (2:17). Hierdie naam sê nie dat die mens kennis van goed en kwaad sou kry as hy van dié boom sou eet nie. Die mens het daardie kennis reeds besit, soos in 1 hierbo reeds gewys is. Dit gaan hier om hoe die mens kennis van goed en kwaad sou beóéfen. Sou hy ook in sy kennis sy afhanklikheid van God erken of nie? Sou hy leef as beeld van God, d.w.s. as heerser, maar onder God se lewende en persoonlike heerskappy? Of sou hy homself onafhanklik beskou in sy kennis en sy beslissing oor goed en kwaad?

God heers met absolute seggenskap oor die mens, maar tog nie tiranniek nie. Hy eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid, maar nie blinde gehoorsaamheid nie. Hy gee wel geen motivering vir sy verbod op die eet van hierdie boom nie, tog is dit nie 'n onredelike en harde eis nie. Die mens het wel nie die motief vir die verbod geken nie, maar hy het Gód geken. God het Homself reeds laat ken as die God wat 'n besondere sorgsaamheid vir die mens se stoflike én geestelike behoeftes openbaar en ryklik daarin voorsien (punt 1). Hy is 'n God wat vertrou kan word.

**3. Die mens word verlei tot sonde**

Die mens is deur die slang verlei om aan God ongehoorsaam te wees. Die slang was 'n gewone dier, hy was listiger as "al die diere" van die veld (3:1). Die mens wil soos God wees, onafhanklik en outonoom; tog voer hy nie sy heerskappy oor die slang uit nie! Hy roep die slang nie tot orde nie, maar onderwerp homself aan die slang se verleiding.

Daar was wel ook 'n ander mag of persoon agter die slang. God se werk kry sommer heel vroeg met felle teenstand te doen. Hierdie mag of persoon sou in die geslagte bly voortbestaan selfs wanneer die vrou nie meer daar sou wees nie, maar alleen haar saad of nageslag. Dit blyk uit God se woorde aan die slang: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt" (3:15). Let op die wending in die parallelle stelwyse: die vrou se saad sal nie die slang se sáád se kop vermorsel nie, maar die slang s'n. Die slang bly voortbestaan, d.w.s. die slang as inkorporasie van die duiwel (Openb. 12:9; 20:2).

Dit het nie oorspronklik by die mens self opgekom om te wil sondig nie, hy is daartoe verlei. Die mens is nie inherent, soos hy geskape is, 'n opstandige wese nie. Dit neem egter nie sy verantwoordelikheid weg nie, maar maak sy oortreding nog soveel te meer onverskoonbaar. Daarom lê Gen. 3 alle nadruk op sy verantwoordelikheid en skuldigheid.

Begeerte het 'n baie belangrike rol gespeel om die mens tot sonde te voer. Verskillende woorde in 3:6 vertolk dit: "Toe sien die vrou dat die boom góéd wás om ván té éét en dat hy 'n lús was vir dié óë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begéér om verstand te kry...". Verleiding en begeerte speel tot vandag toe 'n groot rol om 'n mens sonde te laat doen. Daar is gewoonlik een of ander aanleiding om sonde te doen.

Dit neem egter nie ons skuld of verantwoordelikheid weg nie; juis op hierdie vlak moet die sonde al beveg en weerstaan word.

**4. Sonde is ongehoorsaamheid, ongeloof en ondankbaarheid**

Hierdie geskiedenis leer ons wat die sonde van die mens is. Dit is nie maar 'n toestand waarvan die mens 'n ongelukkige slagoffer is nie. Dit is ook nie iets materieels, iets wat die mens "ingekry" het deur van die verbode boom te eet nie. Die mens is nie deur die sonde "aangesteek", soos deur 'n siekte nie. Die eet van die boom is maar die deurvoering van die mens se beslissing om anders te doen as wat God beveel het. Sonde is in die diepste kern 'n verkeerde gesindheid, 'n verkeerde wil; dit is ongehoorsaamheid aan God.

Sonde is ook ongeloof. Die mens glo nie die strafdreiging van God nie. Hy vertrou ook nie op God nie - en dit hoewel God Homself betoon het as die God wat net die beste vir die mens bedoel en doen. Die mens openbaar niks van 'n persoonlike vertrouensband met God nie.

Die sonde is ook ondankbaarheid. Uit wat God vir die mens gedoen het, moes die mens tot groot dankbaarheid teenoor God gekom en dit daadwerklik bewys het. Hy voel egter dat God deur die verbode boom iets aan hom weerhou het en dat hy op meer geregtig is. Hy wantrou God.

Positief gestel leer hierdie geskiedenis ons die volgende: God is die absolute heerser oor ons lewe, Hy vra onvoorwaardelik gehoorsaamheid, Hy vra dit ook in die uitoefening van ons kennis en die beslissing oor wat goed en kwaad is. Dit is egter nie 'n blote, wettiese saak nie, maar gaan gepaard met persoonlike gemeenskap. Daarom behels dit geloof, vertroue, 'n lewe met God; dit behels dat ons God ken in sy besondere sorgsaamheid vir ons. Verder hou dit in dat ons dankbaar moet wees. Dit geld van ons alledaagse lewe, die uitoefening van ons gewone menslike lewensroeping. Ons moet daarin die goedheid van God raaksien, erken en Hom loof. Dan alleen is 'n mens gelukkig.

### 5. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:127,128) vir die omringende nasies se beskouing oor werk.
2. Volgens Westermann (1978:81,82) kan die leer van die sondeval en van die erfsonde nie op die vertelling van Genesis 3 gegrond word nie maar stam dit uit die Joodse oorlewering. Die teks leer volgens hom ook nie dat die dood die straf vir die mens se sonde is nie. Die straf vir die ongehoorsaamheid is veel eerder die verdrywing uit die tuin en daarmee uit die nabyheid van God. Vergelyk egter Childs (1986:225,226) se gegronde kritiek hierop.
3. Vergelyk Holwerda (1971:9-17) en Childs (1979:145-150) oor die woord *toledot* in Genesis as iets wat aansluit by die voorafgaande maar veral betrekking het op wat volg.
4. Vergelyk punt 3 in hoofstuk 34 i.v.m. sonde.

## 11. STRAF EN GENADE

### (Gen. 3)

### 1. God betoon besondere, opsoekende liefde

God kon die mens oor sy sonde sonder verhoor verdelg het, want Hy het vooraf uitdruklik sy verbod gegee en die straf op oortreding aangekondig (2:17). Maar God se liefde is groot. Nadat die mens gesondig het, neem God self die inisiatief en soek hom in sy liefde op. God stel vrae aan die mens om hom geleentheid vir berou en bekering te gee, maar sonder resultaat.

Die mens se aandag is meer by sy naaktheid as by sy oortreding. Hy is meer geïnteresseerd in die gevolge van sy daad as in die verkeerdheid van sy daad. Daarby verontskuldig hy homself en wys die beskuldigde vinger na 'n ander, en indirek na God: "die vrou wat U my gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet (3:11).

## 2. Naaktheid as 'n verleentheid

Voor sy sonde het die mens homself en die ander onbevange gesien, naamlik in sy volle menswees na liggaam en gees, 'n ten volle geïntegreerde persoon. Daarom het die naaktheid nie gehinder nie. Ná sy sonde word die mens egter pynlik bewus van sy naaktheid (3:7). Hy sien homself en die ander nie meer as 'n geïntegreerde persoonlikheid, as 'n eenheid nie, maar in sy gedisintegreerdheid. Hy sien die liggaamsdele geïsoleerd, op sigself, geobjektiveerd, verabsoluteerd. Die mens word deur die naaktheid bewus dat sake in homself en in sy verhouding met die ander skeefgetrek is. Hy is nie meer in voorkoms en gedagte volmaak en heilig nie.

Naaktheid het dus nie 'n direkte verband met sonde nie; dit is nie die aanleiding, oorsaak of gevolg van die sonde nie. Naaktheid self is nie iets boos nie, maar iets heel natuurliks. Die naakte liggaam as sodanig mag nie geminag word nie. So het God die mens geskape: goed geskape.

Aan die ander kant is bedekking van naaktheid in ons sondige bedeling noodsaaklik. God het self vir die mens rokke gemaak en dit vir hulle aangetrek. Dit is die enigste kultuurproduk waarvan die O.T. sê dat God dit gemaak het. Die Bybel gee geen voorskrif oor hoe lank of groot klere moet wees nie. Dit gee wel 'n duidelike aanduiding dat dit moet geskied in die gesindheid om te bedek.

## 3. God gee die moederbelofte

Voordat God die straf op die mens se sonde uitspreek, gee Hy al 'n aanduiding van genade. Hy bewerk self vyandskap tussen die mens en die slang. So gebeur dit dwarsdeur die geskiedenis. God sorg telkens self vir die vyandskap met die bose en die wêreld waarmee 'n mens so graag vriende maak. Hierdie vyandskap is noodsaaklik vir die mens se welsyn.

God spreek 'n vloek uit oor die slang omdat hy die mens tot opstand teen God verlei het (3:15). Hierdie vloek bevat tegelykertyd 'n belofte aan die mens. Dit word die moederbelofte genoem, die oudste of die moeder van alle beloftes; dit is die protevangelium of proto-tipe van die evangelie. Dit slaan op die

vyandskap van slange en mense, maar het ook 'n dieper betekenis. Die vrou se saad sal die slang oorwin, dit is die slang self, nie net sy saad of nageslag nie. Dit is die Bose wat oorwin sal word. Die saad van die vrou sien dan ook blykbaar ten diepste op 'n persoon wat uiteindelik die Bose sal oorwin. In die lig van die N.T. blyk dit Jesus Christus te wees. Die Bose hét Hom gebyt, en dit was dodelik, maar Hy het die Bose oorwin en het selfs uit die dood opgestaan.

## 4. Die aarde word vervloek oor die mens se sonde

Die mens is nie maar net een van die skepsele nie. Hy is geskape as die kroon en heerser van God se skepping. Daarom sleep hy deur sy sonde die aarde saam met hom die afgrond in. Die aarde word om sy ontwil vervloek (3:17). Die disharmonie op aarde is die gevolg van die mens se sonde. Dit is nie veroorsaak deur regstreekse demoniese magte wat buite die wilsbeslissing van die mens om hulle afbrekende werkinge kon begin nie. Die mens is nie maar die arme slagoffer van die ellendige toestande op die aarde nie. Hierdie dinge is nie die vrug van 'n noodlot nie en is ook nie 'n toevalligheid nie. Dit is ook nie die gevolg van die willekeur of onmag of onderlinge stryd van gode of magte, soos die buurnasies geglo het nie. Die mens dra self die verantwoordelikheid daarvoor.

Aan die ander kant onderstreep hierdie Bybelse verkondiging die mens se vryheid. Demoniese magte kan nie heerskappy oor 'n mens verkry buite sy wil of beslissing om nie. Geloof in toordery word dus by die wortel afgesny en daar word geen plek gelaat vir sodanige innerlike geestelike verslawing nie. Vir Israel is hierdie heidense praktyke dan ook ten strengste verbied.

Die harmonie in die skepping kan alleen herstel word deur die wegneming van die sonde van die mens. Maar dit word dan ook inderdaad deur die Bybel in vooruitsig gestel en dit gebeur in en deur Jesus Christus (vgl. bv. Rom. 8:20 e.v.).

## 5. Die mens word soos God, deur goed en kwaad te ken

Deur van die verbode boom te eet, het die mens soos God geword, maar alleen in dié opsig dat die mens sy kennis van goed en kwaad los van God beoefen (3:22). Die mens ag homself outonoom, sy eie wetgewer, net soos God, en hy tree so op. Die ironie is egter dat dit slegs 'n waan is. God bly nog steeds die absolute heerser; Hy straf, gee opdragte aan die mens en stuur hom uit die tuin uit.

God verbied die mens nou ook om van die boom van die lewe te eet (3:22). Daarmee wil God verhoed dat die mens los van God, eiemagtig, die lewe probeer verkry. Hy mag nie van die boom eet asof daar lewewekkende krag in die boom self sit nie. Deur so 'n selfaanmatigende outonome lewesoekery sal die band met God onherroeplik deurgesny wees. Die ewige lewe wat die mens op dié manier sou ontvang, sou net so ironies wees as die kennis van goed en kwaad nadat hy van die kennisboom geëet het.

## 6. Die dood tree in as vervulling van die strafdreiging

Die mens het die band met God afgesny, en daarmee het die dood in wese ingetree. Dit is disintegrering, al vind dit ook geleidelik plaas. God laat die disintegrasie nie onmiddellik in sy volle liggaamlike konsekwensies intree nie, maar bewys genade en stel die volle disintegrering uit. Tog tree disharmonie oral in: tussen die mens en die aarde, tussen die mense onderling en in die hele verloop van die geskiedenis. Die arbeid is nie meer vir die mens aangenaam en effektief nie, maar gaan met swoeë en sweet gepaard. Vir die vrou tree daar smarte in in die vreugdevolle saak van swangerskap en moeder wees. Die huweliksverhouding kry 'n knou, daar word verwyte geslinger; die man sal oor die vrou heers. Hierdie onderhorigheid het lank geduur - totdat die saad van die vrou, Jesus Christus, haar in haar posisie as volwaardige persoonlikheid herstel het. Tot vandag toe bly daar 'n groot breuk in die huweliksverhouding; alle huwelike dra 'n teken daarvan. Die hele aardse werklikheid is gebroke, tot in die intiemste en mooiste menslike verhouding.

Die mens se lewe loop uiteindelik uit op die volle liggaamlike dood (3:19). Tog word die mens se bestaan beheers deur die gedagte van die lewe. Selfs hierdie skrifgedeelte word deur God se genade beheers ondanks die aangrypende strafaankondiging. Onmiddellik ná die strafaankondiging volg daar: "En die mens het sy vrou Eva (lewe) genoem, omdat sy die moeder geword het van alles wat lewe" (3:20).

God maak nie 'n einde aan die menslike lewe op aarde nie. God se heerskappy oor die mens en sy gemeenskap met hom gaan voort, ondanks alle disintegrering. God se genade bly hierdie hele geskiedenis geheimnisvol beheers. Dit geld ook van die res van die geskiedenis, God laat dit voortgaan deur lewe uit ondergang te bewerk.

## 7. Die mens word weggedryf en tog genade betoon

Die mens word oor sy sonde uit die tuin weggedrywe sodat hy nie toegang tot die boom van die lewe kan hê nie (3:23,24). Die dood het onherroeplik ingetree. Die mens sal nou ook buite die besonder intieme gemeenskap met God sy bestaan moet voortsit. Tog ervaar hy ook hier die genade van God en kry 'n tasbare bewys daarvan saam in die velrokke wat God aan hulle gee. So is klere tot vandag toe 'n toonbeeld van die gebroke verhouding van die mens met God en sy naaste. Maar dit is tegelykertyd 'n toonbeeld van God se beskerming en genade.

## 8. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:159) oor die basiese betekenis van die mens se verhouding tot die grond en van die vervreemding tussen die mens en die grond.
2. Vergelyk Vriezen (1966:452) oor die beskouing dat lyding en sonde saamgaan, maar dat geluk en geloof, of sonde en lyding, nie altyd saamgaan nie. Jesaja 53 en die slot van die boek Job gee die diepste antwoord hierop. 'n Tragiese lewensbeskouing word deur die Ou Testament onmoontlik gemaak.
3. Vergelyk Eichrodt (1967:195,198, 202,203) oor die gerubs (Gen. 3:24) en serafs. Volgens Vriezen (1966: 463-464) is daar, weens die persoonlik-geestelike karakter van die ware Jahwediens, weinig plek vir hemelse tussenfigure, behalwe in die latere periode van 'n steeds sterkere transendering van God (in die apokaliptiek; vgl. hieroor egter by Daniël).

# 12. ONTBINDINGSGESKIEDENIS VAN DIE MENSDOM: DIE ONGELOOFSLYN VAN KAIN

**(Gen. 4)**

## 1. Verskeurdheid en hardnekkigheid

Vanweë die mens se sonde is sy geskiedenis 'n disintegrasiegeskiedenis. Die mens se geskiedenis buite die tuin begin met groot verwagting - en ontnugtering. 'n Kind word gebore en Eva jubel dit by die naamgewing uit: "Ek het 'n man verkry met die hulp van die Here" (4:1). Spoedig volg daar egter groot teleurstelling, want Kain vermoor sy broer. Dit is heeltemal verby met die menslike harmonie en gemeenskap. Die menslike samelewing sal voortaan gekenmerk wees deur verskeurdheid en onderlinge stryd. Die sonde

is soos 'n dodelike kanker. Kain bly in sy liefdeloosheid en selfsug volhard, selfs nadat God hom opgesoek en teen sy verkeerde gesindheid gewaarsku het (4:6-7).

Ook ná die moord laat God Kain nie aan homself oor nie, maar soek hom weer eens op en God open vir hom die weg vir berou en bekering. Maar Kain gee 'n brutale en selfsugtige antwoord: "Is ek my broer se wagter?", en: "My skuld is te groot om dit te dra" (4:9,13). Tot vandag toe nog bewerk die mens se verregaande hardnekkigheid sy ondergang.

### 2. Goddelike straf en lankmoedigheid

God is 'n heilige en regverdige God, Hy straf die sonde. Kain is hardnekkig en word daarom swaarder gestraf as die mens in die tuin. Toe het God die vloek oor die sonde op die aarde laat val, al het dit vir die mens groot ellende gebring. Kain word egter self vervloek. Wie hardnekkig in die sonde volhard, ontkom nie aan die vloek van God se straf nie.

God bly onder dit alles egter tog die lankmoedige God. Die hele geskiedenis van Kain word deur God se lankmoedigheid beheers. Behalwe dat God Kain voor én ná die moord opsoek om hom nader te trek, delg God hom ook nie uit wanneer Hy die vloek as straf oor sy hardnekkigheid uitspreek nie. God neem hom inteendeel in beskerming en gee aan hom 'n teken dat hy nie oor die moord doodgemaak sal word nie. Dit is onduidelik watter soort teken dit was. Wat wel duidelik is, en dit is waarom dit gaan, is die mens se hardnekkigheid en God se lankmoedigheid. Dit is verder duidelik dat God se lankmoedigheid nie sy straffende geregtigheid kanselleer nie.

### 3. Vormdiens en selfgenoegsaamheid

Die aanleiding vir Kain se moord op Abel was die feit dat God Abel se offer aangeneem het, maar nie dié van Kain nie. Die Bybel sê nie uitdruklik waarom God dit nie aangeneem het nie, maar uit die verband en uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat dit omrede Kain se vormdiens was. Kain het nie uit liefde vir God sy offer gebring nie. Daarom word hy kwaad as dit nie aangeneem word nie. Om dieselfde rede word hy jaloers en wraaksugtig op sy broer omdat dié s'n wel aangeneem is. Die mededeling dat Abel van die vet van sy kleinvee geoffer het, mag ook in hierdie rigting wys. Dit kan moontlik beteken dat Abel van die beste gedeeltes van sy produkte aan die Here geoffer het. By Kain word daar nie so 'n nadere bepaling gegee nie. Dit kan beteken dat hy sommer maar geoffer het. Hy voel blykbaar dat as hy maar die offer

bring, as hy maar net die offerhandeling uitvoer, dan is God tevrede. Maar vir God gaan dit om die gesindheid waarmee 'n offer gebring word. Hy vra 'n mens se hart (1 Sam 15:22). Hierdie onpersoonlike ingesteldheid van Kain blyk ook uit sy verdere optrede. Hebreërs 11:4 sê dat Abel déúr die gelóóf 'n beter offer gebring het as Kain. Anders as Kain se offer was Abel s'n dus 'n uiting van 'n geloofsband met God (vgl. ook 1 Joh. 3:12). Abel het seker deur die geloof geweet dat sy offer aangeneem is. Hoe Kain geweet het dat syne nie aangeneem is nie, word nie gesê nie.

Kain sien nie sy fout en die oplossing vir die saak in sy gesindheid en in 'n verandering daarin nie. Hy bekeer hom nie en soek nie persoonlike versoening met God nie. Hy gaan die weg op van selfverlossing. Hy ag God se belofte dat God hom sal beskerm nie genoegsaam nie, maar hy gaan van God af weg en bou vir homself 'n stad vir beskerming. Stede was in die vroeë tye deur mure of vestings versterk om gevare van buite af te weer. Hierdie gesindheid van self-verlossing kenmerk ook die geslagte ná Kain.

### 4. Ontwikkeling sonder dankbaarheid – gewelddadigheid

God is ook genadig teenoor die nakomelinge van Kain. Hy gee aan hulle 'n onverdiende en selfs verbeurde bestaansreg en open selfs vir hulle groot moontlikhede vir ontwikkeling op alle gebiede. Hulle presteer in boerdery, geesteskultuur en tegniek.

Jabal was die vader van die tentbewoners en die veeboere - die rondtrekkende Bedoeïene; Jubal was die vader van die musikante, en Tubal die vader van die smede (4:20-22). Hierdie persone was dus die ontwikkelaars van die genoemde beroepe, hulle het 'n geweldige stoot aan hierdie bedrywe gegee. Dit was 'n tyd van geweldige vooruitgang en prestasie op alle gebiede. Die afstammelinge van Kain het dus in 'n oorvloedige mate gedeel in die seën wat God aan die mensdom gegee het om kultuur te beoefen (Gen. 2).

Hierdie mooi ontwikkeling en kultuur het egter teen die mense self gedraai. Hoogmoed en opstand, verdrukking en geweld, het hoogty gevier. Dit kom duidelik uit in die lied wat die vader van Jabal, Jubal en Tubal, naamlik Lameg, sing. Hierdie lied getuig dat Lameg die tegniek en die kuns beheers het. Maar dit is 'n lied vol wraakgedagtes en dreigemente: "Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe-en-sewentig maal" (4:24). Voor so 'n man het almal gesidder, ook sy vrouens wat na hierdie soort liedere moes luister. Lameg is dan ook die eerste persoon van wie gesê word dat hy meer as een

vrou gehad het. Selfsug gee die deurslag in sy huweliksbeskouing, nie die persoonlike verhouding van liefde met 'n lewensmaat nie. Hy erken nie die vrou as 'n volle persoonlikheid naas hom nie. Lameg word hier geteken om daarmee tegelykertyd die hele samelewing van destyds te tipeer.

Hierdie negatiewe resultaat van die mooi vooruitgang en ontwikkeling vloei daaruit voort dat dit beoefen is deur onbekeerde harte. Dit is per slot van rekening nie dinge soos voorspoed as sodanig, wat vrede, rus of heil skenk nie, maar die persoonlike gesindhede waarmee dit beoefen of gebruik word. Selfs die gawes wat God gee, bring nie vir die mens vreugde en heil as dit nie as gawes van God beskou en aanvaar word nie.

### 5. Die oplossing

Hierdie geskiedenis leer ons dat die wêreld 'n gebroke wêreld is, dit is vol innerlike verskeurdheid. Die oorsaak daarvan sit diep in die hart van die mens. Die saak moet dáár reg gemaak word. Die mens is opstandig en hardnekkig teen God. Tog is God lankmoedig, al straf Hy die sonde. Daar is geleentheid vir bekering. Die oplossing vir die mens se probleme lê nie in ekonomiese welvaart, tegniese ontwikkeling, kuns, of vooruitgang as sodanig nie, maar in die regte gesindheid teenoor God en die naaste. Dit lê in vyandskap teen die sonde, en hierdie vyandskap moet in die eerste plek teen 'n mens se eie sondige hart gerig wees.

### 6. Notas

1. Vergelyk ook hoofstuk 46 en die verwysing na Fohrer daar.

## 13. ONTBINDINGSGESKIEDENIS VAN DIE MENSDOM: DIE VERKIESINGSLYN VAN SET

**(Gen. 4-6)**

### 1. Goddelike plaasvervanging en herstelling

Die mensdom gaan spoedig in twee verskillende lyne met verskillende lewensbenaderinge en optrede uiteen. Die lyn van Kain gaan uit van die gedagte van selfverlossing en selfhandhawing. Daarom leef hulle in opstand teen God en in wraaksugtigheid teen hulle naaste. Die lyn van Set daarenteen word gekenmerk deur die verkiesende genade van God. Aan die een kant

word in hierdie lyn getoon dat God regeer en dat Hy vir hierdie geslagslyn intree om die gebroke situasies wat deur die sonde veroorsaak is, te herstel. Aan die ander kant toon hierdie geslag 'n gevoel van diepe afhanklikheid van God; hulle roep Hom aan en vertrou op Hom. Anders as die Kainiete neem hierdie geslag onder swaarkry en onreg nie hulle toevlug tot wraak nie, maar tot God. Hulle wag op Hom dat Hy herstelling sal bewerk. Eva eer byvoorbeeld vir God omdat Hy Set aan haar skenk as plaasvervanger van die vermoorde Abel (4:25). Hiermee word ook God se geskiedenis met die mensdom getipeer. Die hele geskiedenis is herstellingsgeskiedenis. God maak telkens vir die mensdom 'n nuwe begin uit die gebrokenheid.

Die dood van Abel het die mens verder blykbaar diep onder die indruk van sy eie swakheid en verganklikheid gebring. Dit word dan uitgedruk in die naam wat Set aan sy seun gee, nl. Enos. Enos beteken mens, maar heel dikwels met die bybetekenis: swak, verganklik. Omrede hierdie gevoel van afhanklikheid van God begin die mense dan ook in hierdie tyd die Naam van die Here aanroep, d.w.s., Hom gesamentlik aanbid (4:26).

## 2. Dood én voortlewe

Die geslagsregister van hierdie lyn (Gen. 5) lê enersyds groot nadruk daarop dat die mens se geskiedenis ontbindingsgeskiedenis is. Die straf op die mens se sonde het onherroeplik ingetree, die dood. Aan die ander kant benadruk die geslagsregister dat die lewe tog voortgaan. 'n Droewe refrein beheers die geslagsregister, nl. "en hy het gesterwe". Die strafdreiging van Genesis 2:17 het in vervulling gegaan. Tog stroom die lewe in die geslagte onkeerbaar voort. God se skeppingseën gaan ondanks die ontbinding tog in vervulling. Telkens word in dié geslagsregister van 'n persoon gesê dat hy seuns en dogters gehad het en dan eers dat hy gesterf het. En so word dit by die volgende een herhaal.

Dié geslagsregister sê selfs nog meer as dat 'n mens net in die geslágte voortleef. Henog het nie gesterf nie, maar God het hom weggeneem na Hom toe (5:24). Henog se geval verkondig dat sterwe tog nie die laaste woord is wat oor 'n mens gesê hoef te word nie. Die geskiedenis gaan wel sy gewone gang, die mense leef en sterf en word deur ander vervang. Tog is God met sy wonderlike openbaringswerking besig. Hy is ten volle in beheer van alles en voer sy heerskappy en sy gemeenskap met die mens deur. Sy straf op die sonde gaan wel ten volle in vervulling deurdat die dood intree. Tog skemer dit deur dat daar vir die mens persoonlik 'n onverganklike lewe is. Die lewensband met God is 'n onverbreeklike band, sê Henog se geval.

"Henog het met God gewandel." Hierdie uitdrukking word verder net van Noag gebruik en veronderstel 'n besonder intieme lewensverhouding met God. Om met God te wandel waarborg lewe, want God is die lewende God. Verbondenheid aan God en lewe loop saam. Tot God geneem word, is die teendeel van dood.

Hier word nog net genoeg geopenbaar om die mens in die geloof aan God te laat vasgryp ondanks die harde werklikheid van sonde, straf en dood. Dit is ook genoeg om die weg daarvoor aan te wys, nl. 'n lewe van volle oorgawe aan God.

**3. Hoop op verlossing van die vloek op die sonde**

Henog ontkom aan die dood, en sy seun Metusaleg behaal 'n besondere hoë ouderdom. Dit het blykbaar tweërlei effek op sy seun Lameg en sy tydgenote gehad. Aan die een kant hoop hulle op ontkoming aan die dood, aan die ander kant beleef hulle tog teleurstelling, want die harde werklikheid van sterwe tree telkens maar weer in. Die mens leef dus tog maar op 'n vervloekte aarde en voer 'n disintegrerende bestaan. Hierdie Lameg en sy mense is egter tog anders as die Kainitiese Lameg wie se lewe gekenmerk is deur wraak en selfverlossing. Hierdie geslag aanvaar die moeitevolheid uit God se hand. Hulle besef dat die moeitevolheid die gevolg is van die mens se sonde. Daarom soek hulle hul toevlug by God.

Lameg het sy seun Noag genoem, want Lameg het geglo: "Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die Here vervloek het" (5:29). Lameg en sy lyn hoop dus op verandering, 'n herstelling wat deur God bewerk sal word. Dié verwagtings is nie gerig op een of ander menslike aktiwiteit of optrede nie, maar op die geboorte van 'n kind. Dit sluit aan by die belofte van Genesis 3:15.

**4. Verkiesing**

Die geskiedenis van die Kainiete word gekenmerk deur menslike optrede, en dié van die Setiete deur God se optrede. Van die Setiete se kant is daar hoop en verwagting op God. Dit beteken nie dat net die Kainiete die aktiewes was en dat net hulle gepresteer het nie. Die skrywer wil meedeel wat vir die verskillende lyne die swaarste geweeg het en wat die duidelikste aan die lig gekom het. Die een pad is dié van selfverlossing en mislukking, die ander pad is dié van geloof in God en van sy verlossende heerskappy.

Die geskiedenis van die Setiete draai ook nie om menslike voortreflikhede nie, maar om God se verkiesende genade. Genesis 4 en 5 laat duidelik sien dat die lyn van Set alleen deur God se verkiesende, lewewekkende en herstellende genade gelowiges is en met God leef. Die Kainiete leef egter voort in volhardende ongeloof en hardnekkigheid teen God ondanks sy besondere bemoeienis met hulle.

Hierdie geskiedenis wys ook dat die verkiesing nie indiwidualisties en op 'n willekeurige los en vas basis werk nie. Daar is verband in. Dit is organies en loop deur die lyn van geslagte, al is dit nie net daartoe beperk nie.

## 5. Ongeoorloofde huwelike

Genesis 4-6 wys verder daarop dat die geskiedenis van die mensdom 'n geskiedenis van menslike ontrou en van goddelike trou is. Die ontrou geld ook van die gelowige lyn. Die mense uit hierdie lyn ondertrou uiteindelik met die ongelowiges en word afvallig van God. Die gelowiges word hier "seuns van God" genoem (6:2). Ook op ander plekke word na die gelowiges verwys as seuns of kinders van God (Eks. 4:22; Deut. 32:5; Hos. 1:10; Ps. 73:15; Joh. 1:12). Vir die ongelowiges word die uitdrukking "dogters van die mense" gebruik. Dit is waarskynlik omdat huwelike met vreemdes gewoonlik plaasgevind het tussen gelowige mans en ongelowige vrouens (vgl. bv. Eks. 34:16). Dit is ook nog vandag so vanweë die groter beweeglikheid van die mans enersyds en die beskermdheid van die vrouens andersyds.

Ook engele word soms "seuns van God" genoem (Job 1:6; 2:1). Die Bybel leer egter dat engele geesteswesens is wat nie kan trou nie (Matt. 22:30). Daarom meen sommiges dat die skrywer hier by mitologiese beskouings aansluit om die mense in hulle eie taal en voorstellings te weerlê. Hy sou dan sê: julle meen dat sulke verbintenisse besondere mense, nl. reuse, tot gevolg gehad het, maar die werklikheid bewys dat die mense swakker en hulle lewensduur korter geword het. Al beroem die mens hom op 'n godmenslike afkoms, so sou die skrywer dan wil sê, is hy tog maar net vlees, d.w.s. swak en verganklik (6:3). Dit sou egter die enigste plek in die Ou Testament wees waar die Bybelskrywer so 'n manier van redeneer gebruik.

Hierdie gedeelte leer dat die gelowiges nie in die geloof huwelike aangegaan het nie, maar sommer op grond van die feit dat die ander persone mooi was (6:2). 'n Huwelik is egter 'n lewensverbintenis. Daarom het hierdie huwelike gepaard gegaan met geloofsvermenging. Om hierdie rede het God dit met verkorting van die lewensduur gestraf, die mens sou van daardie tyd af net

120 jaar oud word (6:3). Of anders beteken die woorde dat God die mensdom sou vernietig deurdat daar 120 jaar later 'n sondvloed sou kom.

### 6. Notas

1. Die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling vertaal "seuns van God" in Genesis 6:2 met "hemelwesens". Vir die motivering van hierdie vertaling, vgl. Helberg (1986:48-50) en ook die Woordelys agter in daardie Vertaling (4e druk 1989).
2. Vergelyk Eichrodt (1967:49) oor Gen. 6:1-4 as bewys van die onoorbrugbare kloof tussen die skepsel en die ewige God.

## 14. DIE MISLUKKING, ONDERGANG EN REDDING VAN DIE MENSDOM: DIE SONDVLOED

**(Gen. 6-9)**

### 1. Die mens 'n onwaardige heerser en absoluut bedorwe

God beskryf die mens as absoluut bedorwe. Sy boosheid is groot, omvangryk, innerlik, absoluut en altyddurend. Dit word met groot nadruk gestel: "groot ... op die aarde ... in sy hart ... net sleg ... altyddeur" (6:5).

Dit was nie maar net 'n eenmalige situasie of net 'n eienskap van die mens van daardie tyd nie, maar dit is tipies van die gevalle mensdom. Ook ná die sondvloed was die nuwe mensdom so (8:21). Die mens word ook elders so beskrywe, dit geld vir alle mense sonder uitsondering: 1 Konings 8:46: "Daar is geen mens wat nie sondig nie". Job 14:4: "Ag, kon maar 'n reine voorkom uit 'n onreine! Nie een nie". Psalm 14:2,3: "Die Here het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame met hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie". Psalm 143:2: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie". Spreuke 20:9: "Wie kan sê: Ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van sonde?" Prediker 7:20: "Want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen en nie sondig nie".

Hierdie bedorwenheid geld van die mens vanaf die allereerste oomblikke van sy bestaan en geboorte: Psalm 51:7: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang". (Vgl. ook Jesaja 48:8.)

Die mens is totaal bedorwe in al sy lede, tot in sy hart (Jer. 17:9; Eseg. 36:26), en tot in sy diepste, onveranderlike wese (Jer. 13:23).

## 2. God straf vernietigend, maar red ook van die dood

God openbaar 'n grondige afkeur in die mens se sondigheid en optrede, Hy het "berou" daaroor dat Hy die mens gemaak het (6:6). Dit beteken dat God Hom daaroor bedroef dat die mens nie beantwoord aan die doel waarvoor God die mens geskape het nie. Dit beteken nie dat die Here berou of spyt het oor wat Hy self gedoen het, soos 'n mens wat 'n fout begaan het nie. Die Here maak geen fout nie (1 Sam 15:29). Hy verander ook nie willekeurig nie. Hy verander wel van gesindheid omdat die mens en die situasie verander het. Daarom kan in dieselfde hoofstuk in Samuel ook gesê word dat die Here wel berou het (1 Sam 15:35).

Die Here besluit om die mens oor sy absolute verdorwenheid te verdelg; ook die vee en die kruipende diere en die voëls. Dit geld dus vir die mens en alles waaroor hy as heerser aangestel is (6:7; vgl. 1 en 2).

Die mens se wesenlike verdorwenheid hou nie in dat almal in goddeloosheid uitgebreek het nie. Die mense was wel boos, maar het tog 'n voorspoedige en normale lewe gelei (Luk. 17:27). Hulle was ook nie almal eners in hulle optrede nie. Noag was 'n opregte en regverdige man onder sy tydgenote. Hy het met God gewandel (6:9; vgl. ook 5:24 i.v.m. Henog). Dit beteken nie dat Noag volmaak was nie. God se beskrywing van die mens ná die sondvloed, en Noag se latere dronkenskap bewys die teendeel (8:21; 9; 18 e.v.). Noag se lewenswandel was wel onbesproke en hy het in 'n besondere intieme verhouding met die Here gelewe. Dit was in die eerste plek die Here se genade wat hom gemaak het wat hy was. Die genade word hier dan ook genoem voor die vermelding van sy regverdigheid (6:8,9). Noag word gered deurdat hy in God glo en daarom op God se bevel 'n ark bou (6:22).

Die res van die mensdom saam met alle diere word deur 'n sondvloed, d.w.s. 'n geweldige vloed, vernietig (6:21-23). Noag en sy gesin word wonderbaarlik aan die dood ontruk. Te midde van die verdelging vertoef hulle 'n jaar lank in 'n ark wat op die water dryf. So word hulle soos in 'n doodskis lewendig gehou en uit die kloue van die dood gered. Ook die diere het hulle voortbestaan te danke aan die ark, want van elke soort is daarin geneem om die geslag in die lewe te hou (6:19-20).

### 3. God skenk aan die onveranderde mensdom 'n belofte

Ná die vloed is die eerste daad van die mens 'n offerande om dank te betuig vir die redding (8:21). Die geur van hierdie offer was vir die Here aangenaam, want gereddes is vir die Here soos 'n lieflike geur, en daarom ook hulle offers (Eseg. 20:40,41). Die Here het dus nie in die geur van die vleis self sin gehad soos die afgode nie.

Die oorgeblewe mense het deur die straf nie wesenlik verander nie, hulle is wesenlik nog net soos voor die vloed (8:21). En nou besluit die Here om hulle om daardie rede juis nie te verdelg nie! Dit klink onlogies, en teenstrydig met 6:5-7. Maar God se logika is anders as dié van ons, sy genade en verlossingsoptrede gaan ons gedagtes ver te bowe (Jes. 55:6-8). Hy sal nou 'n ander weg volg om sy heerskappy oor die mensdom uit te voer. Hoe Hy dit sal doen, word hier nog nie gesê nie. Dit is egter uit hierdie geskiedenis duidelik dat al straf Hy die boosheid vernietigend, Hy tog meer behae het in die verlossing van die mens. Dit geld dan bepaaldelik die mens wat daarvoor dankbaarheid betoon. Die hele geskiedenis word daardeur gekenmerk dat God genade betoon ondanks die gedurige mislukking van die mens. God maak telkens 'n nuwe begin daaruit: byvoorbeeld by Eden, die sondvloed, Babel, die woestynreis, die rigters, die konings, die ballingskap.

### 4. God waarborg die aardse voortbestaan en die heerskappy van die mens

Ná die vernietigende oordeel gee die Here 'n verbond. Daarin word die bestaan van die mensdom en die natuur en die lewende wesens gewaarborg. Die natuurprosesse sal voortgaan en sal 'n reëlmatigheid of orde vertoon ondanks die ontbindende bestaan (8:22). Die lewende wesens sal nie weer deur 'n vloed vergaan nie (9:9-13).

Die mens se bestaansmoontlikheid word verruim, hy kry die reg om die diere as voedsel te gebruik (9:3), en verder sal die diere 'n skrik en vrees vir die mens hê. Daardeur sal dit vir hom makliker wees om die skepping, wat deur sy sonde weerbarstig geword het (3:18), te beheer. Sy oorspronklike koningsreg oor die skepping word herbevestig. Die diere sal hom vrees, en as hulle hulle teen hom verset, sal sy bloed van hulle geëis word (9:5).

Ook die koningsplig van die mens word gehandhaaf. Die mens moet respek hê vir diere se lewe, omdat hulle aan God behoort. Daarom mag hy nie hulle bloed eet nie, want die bloed is draer van die siel, d.w.s. lewe (nie siel in ons

moderne sin van die woord nie) (9:4). Die dier moet eers behoorlik dood wees voor hy geëet word.

God ag die mens se lewe so hoog dat Hy die doodstraf bepaal vir moord. Hy sê uitdruklik waarom dit so is: die mens is na sy beeld geskape (9:6). Hierdie hoë waardering vir die mens hou in dat ook die lewe van 'n oortreder hoog geag moet word.

Die Ou Testament het dan ook geen bepaling dat 'n vergryp teen besittings met die dood gestraf kan word nie - anders as ander nasies. (Die geval van Agan in Josua 7 raak die buitengewone situasie van 'n heilige oorlog en nie die gewone normale gang van sake nie.) Die bepaling oor die doodstraf vir moord neem ook nie weg dat elke saak op meriete behandel moes word nie. In die wet van Moses word byvoorbeeld uitdruklik bepaal dat een wat onopsetlik doodslaan, gespaar moet word (Eks 21:13). Bowendien is aan Kain genade bewys, ook Dawid is begenadig. Die mens se lewe mag egter nie verabsoluteer word asof die moordenaar nie met die dood gestraf mag word nie. Moord is 'n ernstige vergryp teen God en sy eer en die ander mens wat die beeld van God is.

God gee die reënboog as 'n teken van hierdie verbond met die mensdom en die skepping (9:12-16). Dit is vir die mens 'n waarborg en vir God self 'n herinnering - al het Hy in werklikheid nie 'n herinnering nodig nie. So getuig hierdie geskiedenis tegelykertyd van die ondergang én herlewing van die mensdom. God voer sy lewewekkende koningsheerskappy deur in die verskeurde, verdorwe en sterwende mensdom.

### 5. Notas

1. Vergelyk Eichrodt, 1967:389,407) oor die bose aard van die menslike natuur in Gen. 6:5 en 8:21.

## 15. GOD LAAT DEUR SY SEËN NASIES ONTSTAAN

**(Gen. 9, 10)**

### 1. God se genade gaan voort ondanks Noag se sonde

Uit Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet, ontstaan 'n ryke verskeidenheid van nasies as 'n goddelike seën. Eers word daar egter iets meer oor Noag

meegedeel, nl. sy dronkenskap en die gevolge daarvan. God se weg met Noag is nie dié van menslike verdienste nie, maar van goddelike genade. Ook die res van hierdie geskiedenis getuig van die onverdiende, verkiesende genade van God. Uit Noag stam daar drie lyne waarvan net een 'n besondere seën ontvang. Daar is geen rede waarom Sem bo Jafet verkies word nie, behalwe hierdie verkiesende genade. Dit is dan ook opmerklik dat in die seën van Noag oor Sem nie Sem self geseën word nie, maar: "die Here, die God van Sem" (9:26). Daar word nie in Sem geroem nie, maar in die Here, wat deur sy genade vir Sem aangeneem het. Jafet ontvang nie 'n belofte van besondere seën nie, maar hy sal tog "in die tente van Sem woon", d.w.s. hy sal in die heil van Sem lewensruimte ontvang (9:27).

## 2. Gam se seun Kanaän word vervloek

Gam spot met Noag se dronkenskap en naaktheid. Hy sondig dus teen sy ouer en word daarom op sy beurt as ouer getref: sy seun Kanaän word vervloek. So word die moontlikheid vir Gam afgesny om sy vader te verwyt, want hy staan nou as vader self oop vir verwyt. Dit toon in watter magtelose posisie die sonde 'n mens laat beland. Dieselfde geld natuurlik vir Noag. Dit moet vir hom 'n pynlike saak gewees het om as ouer hierdie vloek te moes uitspreek, veral aangesien hy self aanleiding tot die daad gegee het. Noag bely wel nie hier sy sonde nie, maar hy hoef dit ook nie voor sy seuns te doen nie, dit is 'n saak tussen hom en God. Hierdie geskiedenis beskryf dus nie vir ons alle besonderhede nie. Dit sê ook nie waarom juis Kanaän vir sy vader se oortreding gestraf is nie. Miskien het hy na sy vader geaard en 'n aandeel in die daad gehad. Die punt waarom dit gaan, is egter die feit dat die sonde en sy gevolge al verder uitkring, ver buite die beheer van die sondaar.

Verder wys hierdie geskiedenis dat God ook altyd weer genade betoon. Nie alle Gamiete word getref nie, maar net die een seun Kanaän en sy nageslag. Daarmee word die moontlikheid van bekering en genade vir die ander Gamiete oop gelaat. Aan die Gamitiese Egiptenaars word dan ook elders uitdruklik ryke heilsbeloftes toegesê, al geld dit daar eers van die eskatologiese toekoms (Jes. 19:24, 25). Die Gamiete (behalwe die Kanaäniete), het as bevolking opgehou om te bestaan. Daar is geen grond om enige bestaande volk vandag te beskou as dié op wie die vloek oor Kanaän geld nie.

### 3. Die mensdom is 'n skeppingsmatige eenheid sonder meerderwaardige elemente

Die Bybel is die enigste boek wat leer dat die mensdom 'n skeppingsmatige eenheid is. Alle mense is afstammelinge van Noag, en deur hom van Adam. Hulle is almal gelykwaardige bloedfamilie. Dit word in sterk teenstelling tot alle ander skepsele gestel. Die ander is volgens soorte geskape en is in die sondvloed ook so in die lewe gehou (Gen. 1; 6:20), maar die mens nie (Gen. 1).

Die Bybel ken geen inherente meerderwaardigheid van een groep mense of een nasie bo die ander nie. Dit blyk ook daaruit dat die nasietabel in Gen. 10 nie op Israel konsentreer nie, maar op die mensdom as geheel. Die lyne van Sem, Gam en Jafet word elkeen afsonderlik en ook almal gesamentlik afgesluit met dieselfde refrein (10:5, 20, 31, 32). Dit is veral opvallend as ons in gedagte hou dat die skrywer 'n Israeliet was, 'n afstammeling van Sem. Hoewel die skrywer uit die uitverkore volk van God is, gaan hy tog nie met Israel se geskiedenis terug tot by die begin van die mensdom se geskiedenis nie. Hy maak nie asof Israel al van die skepping af bestaan het en toe al 'n besonderse volk was nie. Hierdie geskiedbeskrywing ken dus geen supervolk nie. Dit is nie uit verdienste dat Sem geseën is, dat later uit sy geslag Abraham geroep is en dat uit hom weer die verbondsvolk Israel verwek is nie. Dit is 'n ongemotiveerde daad van God, die vrug van sy verkiesende genade, van sy absolute soewereine vryheid.

### 4. Die mensdom differensieer in nasies deur God se seën

Die wesenseenheid van die mensdom hou nie in dat daar 'n enersheid is of moet wees nie. Inteendeel, die mensdom differensieer onder die seën van God in 'n verskeidenheid van nasies. Hierdie differensiëring word sterk benadruk met 'n refrein wat vier maal in hoofstuk 10 voorkom. Die refrein volg telkens ná die nasies wat uit Jafet, Gam en Sem onderskeidelik ontstaan het. Daarna kom dit vir 'n vierde maal voor as samevattende afsluiting (10:5,20,31,32). Die onderskeidende elemente van die nasies word hier genoem as land en taal. Dit is dus faktore wat vir afsonderlike nasieskap van die allergrootste belang is.

Hierdie differensiëring is die vrug van die seën van God oor Noag en sy seuns. Daarin bepaal Hy dat hulle vrugbaar moet wees en die hele aarde moet vul (9:1). Hierdie seën is die skeppingseën (1:28), wat oor die nuwe mensdom herhaal word. Die differensiëring in nasies is dus nie 'n onverwagte gebeurtenis in die openbaringsgeskiedenis nie, maar 'n natuurlike gevolg

van die uitbreiding van die mensdom onder God se seën. God wou 'n verskeidenheid van alle skepsele hê, ook 'n verskeidenheid van die mensdom. Die verskil is wel dat by die mensdom die eenheid voorop staan. Die verskeidenheid van nasies impliseer nie 'n starre geslotenheid vir mekaar nie. Die ontstaan en bestaan van nasies is 'n voortstroming en ontplooiing van lewe. God het die heil van alle nasies as nasies op die oog. Die heil wat in Abraham vir die mensdom berei sal word, het betrekking op al die "nasies", nie bloot op "alle mense" nie (12:3).

## 5. Nie rasverdeling nie, maar nasionale verskeidenheid

Die Bybel spreek nie in terme van ras nie, nie hier nie en ook nie elders nie. Daarmee ontken die Bybel nie dat daar verskillende rasse bestaan nie. Vir die doel van die Godsopenbaring is ras egter nie van belang nie, maar wel die volgende: die mensdom is basies 'n eenheid, 'n skeppingseenheid, ook 'n eenheid in sondigheid; God het onder sy seën 'n verskeidenheid van nasies laat ontstaan, sy seën geld vir die mensdom in sy eenheid sowel as sy nasionale verskeidenheid.

Die tabel van nasies wat hier gegee word, moet gelees word in die lig van sy openbaringshistoriese doel, net soos die geslagsregisters. Dit is nie 'n suiwer volkekundige weergawe nie. Blykbaar speel nie net bloedafstamming nie, maar ook geografiese ligging en politieke assosiasies 'n rol by die indeling van sommige gegewens. Egipte (Misraim, 10:13) word hier byvoorbeeld onder Gam gereken en nie onder die Semiete nie. Dit is waarskynlik omdat Egipte in die Gamitiese of Hamitiese Afrika lê. Egipte het lank 'n beherende invloed op 'n gedeelte van die land Kanaän uitgeoefen. Dit verklaar moontlik waarom ook die Kanaäniete onder die Gamiete gereken is in plaas van onder die Semiete. Die hoofdoel van die tabel is om te sê dat God se heerskappy oor al die verskillende nasies geld, God het hulle trouens self in aansyn geroep met sy seën. Al die nasies moet sy heerskappy erken.

Die Bybel ken dus 'n nog fyner onderskeiding as ras. Dit gaan egter nie om nasieskap as sodanig nie, maar om God wat geëer en verheerlik moet word. Dit moet wêreldwyd en op 'n veelkleurige wyse gedoen word deur 'n mensdom wat in wese 'n eenheid is en daarom as een groot familie behoort te lewe. Die apostel Paulus trek hierdie tweërlei waarheid so saam: "Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind" (Hand. 17:26,27).

## 6. Notas

1. Vergelyk Vriezen (1966:186) oor die feit dat die Ou Testament niks weet van mensrasse wat van huis uit minderwaardig is nie.

# 16. VALSE EENHEIDSTREWE LEI TOT VERSKEURDHEID

**(Gen. 11)**

## 1. Die mens soek lewensbestendiging in 'n ongelowige eenheidspoging

Genesis 10 en 11 behandel die ontstaan van die nasies uit twee verskillende hoeke. Genesis 10 sê hoe die nasies ontstaan het in lyn met God se heilswil. Genesis 11 toon dat dit nie so harmonies plaasgevind het as wat dit by die eerste oogopslag lyk nie. Dit het teen die wil van die mensdom geskied. God moes dit enigsins gewelddadig deurvoer. In plaas van 'n natuurlike en harmoniese differensiëring het dit 'n verskeurdheid geword.

Die mensdom het nie hulle lewensversekering en lewensbestendiging in die geloof in God gesoek nie, maar in hulle eie menslike planne en metodes. In die skrywer se weergawe van wat hulle gedink en gesê en gedoen het, word daar niks oor God gesê nie, God is daar uitgesluit. Hulle soek die versekering vir die mensdom se bestaan in 'n eenheid wat bewerkstellig moet word deur sentralisering. Dit is in stryd met die opdrag en seën van God by die skepping en ná die sondvloed, nl. dat die mensdom oor die hele aarde moet versprei. God se weg lyk vir hulle na 'n doodsweg, na verstrooiing, en verstrooiing beteken dood (Deut. 4:27; 28:64; Eseg. 37). Hulle openbaar geen vertroue in God dat Hy die lewe en die eenheid sal waarborg nie. Daarom wil hulle dit self verseker.

Die mensdom vertoon dus by Babel ook die lewenshouding van selfverlossing soos die Kainitiese lyn voor die sondvloed. Die mens loop oor van selfvertroue. Hy is ook selfgesentreerd en wil vir homself 'n "naam" maak: roem verwerf, onsterflikheid in oordragtelike sin (11:4). Die Here se opsomming van hulle is egter dat hulle maar "mensekinders" is, d.w.s. swakke en verganklike sterflinge bly (11:5).

Wat die mense hier gedoen het, was die uiting van 'n goed deurdagte, bespreekte en omlynde lewensfilosofie: "Kom laat ons vir ons 'n stad bou

... 'n naam maak ... nie verstrooid raak nie" (11:4). Dit was 'n filosofie van eenheid, 'n strewe na prestasie en 'n vertroue in eie menslike moontlikhede.

## 2. Die mensdom vertrou op 'n stad

Die mensdom te Babel span die argitektuur in om aan hulle lewensfilosofie konkrete gestalte gegee. Hulle bou 'n stad met 'n toring waarvan die spits tot in die blou hemel insteek. Daarmee sal hulle hulle vermoëns op alle terreine saamsnoer; hulle toring is 'n soort hoofkantoor van die mensdom. Moontlik het hulle ook nog gemeen om met die toring in die sfeer van die goddelike magsuitoefening te kan kom.

Hierdie toring was nie maar 'n terloopse bouwerk, geïsoleerde monument of iets dergeliks nie, maar 'n funksionele gebou. Verskeie reusagtige tempeltorings is in Mesopotamië opgegrawe. Hulle was terrasagtig, het meesal uit sewe vlakke of verdiepings bestaan en het tempels, paleise, administratiewe geboue, handelskantore, nywerhede, ens. gehuisves. Dit was die hart van die stad en die bevolking: godsdienstig, staatkundig, ekonomies, ens. Hier het die lewe gepols. Hierdie stad en toring was dus inderdaad 'n konsentrasiepunt vir die mensdom, 'n simbool van eenheid en mag, en ook 'n konkrete uitdrukking daarvan.

Die mens sit egter met 'n innerlike tweespalt in homself. Hy is selfvoldaan, maar tog tegelykertyd bang om verstrooid te raak. Daarom probeer hy vir homself onsterflikheid verseker. Hy het 'n diepgewortelde vrees, 'n vrees vir uitwissing; modern uitgedruk: 'n eksistensiële vrees. Hierdie vrees het alreeds by Kain voorgekom. Ook hy het nie op God vertrou om sy lewe te waarborg nie, maar daarvoor 'n stad gebou. So skakel die mense by Babel die vertroue in God en sy persoonlike leiding in die mens se lewe uit en plaas hulle vertroue in hulle eie strukture.

## 3. Die mensdom moet nie een volk met een taal wees nie

Die Here keur dit af dat die mensdom "een volk met een taal is" (11:6). Tog was daar reeds voor hierdie onderneming van die mense net een taal vir die aarde: "een taal en een en dieselfde woorde" (11:1). Die verskil is net dat hulle nou "een volk" met een taal is. Die begrip "volk" druk die gedagte van oorkoepeling uit, teenoor "nasie" wat uitdrukking gee aan differensiëring (10:5,20,31,32; 12:2, vgl. 22:18). Dit gaan hier dus om die mens se eenheidstrewe buite God en sy wil tot differensiëring om. (Die gangbare onderskeiding tussen "volk" en "nasie" is net andersom as dié in die Bybel. So word daar byvoorbeeld gepraat

van die Afrikanervolk binne die groter Suid-Afrikaanse nasie. Hierdie verskil in woordgebruik moet in gedagte gehou word om verwarring te voorkom. Verder moet onthou word dat die twee woorde slegs selde onderskei word en gewoonlik gelykwaardige sinonieme is.)

God sê dat hierdie eenheid van die mensdom net die begin is van hulle onderneming; voortaan sal niks meer vir hulle onmoontlik wees in wat hulle beplan nie (11:6). Dit beteken nie dat hierdie saak en aspirasies van die mense vir God gevaar inhou nie. Dit beteken wel dat dit 'n te verregaande ontkenning of negering van sy soewereiniteit is; die mens is geskape om God se soewereiniteit te erken. Daarom sal God 'n einde maak aan hulle planne.

**4. Taalverwarring en verstrooiing**

God gryp in hierdie onderneming van die mensdom in en verwar hulle taal sodat hulle mekaar nie kan verstaan nie. So voer Hy sy oorspronklike plan van taalverskeidenheid tog deur. Die verskil is egter dat wat harmonies moes gebeur het, nou enigsins gewelddadig plaasvind. Die verskil in taal wat hier ontstaan, is ook meer as net 'n verskil in woordbetekenisse of taalstruktuur. Die verskillende tale is 'n uiting van 'n innerlike verdeeldheid en verskeurdheid. As die mense nog 'n goeie gesindheid teenoor mekaar sou gehad het, sou hulle mekaar se tale maklik genoeg kon aanleer. Hulle sou ook genoeg gemeenskaplike terme kon vind om met hulle gemeenskaplik beplande en aangepakte projek te kon voortgaan. Hier was nou egter 'n onmag én 'n onwilligheid om mekaar "te verstaan".

Die eenheidstrewe buite God en sy bevel om het dus vir die mensdom op die teendeel uitgeloop. Die mensdom het daarmee in homself verdeeld geraak. Die Here verstrooi hulle ook oor die aarde en tref hulle met die lot waarvoor hulle so bevrees was. Maar nou is hulle in die volle sin van die woord verstrooi: hulle is vervreem van God wat die ware lewe is. So bring die mens se onderneming verskeurdheid in plaas van verskeidenheid, en verstrooiing in plaas van verspreiding.

Vanweë dié taalverwarring en dié verstrooiing word die stad Babel genoem. Die betekenis berus nie op grammatikale afleiding nie, maar op volksetimologie. Daarvolgens word 'n vreemde woord op die klank af met 'n woord in die eie taal geassosieer.

### 5. Pinkster as teëpool van Babel

Met die uitstorting van die Heilige Gees in die Nuwe Testament is die verskeurdheid van die mensdom wat by Babel ingetree het, opgehef (Hand 2). Daarmee is egter nie verskeidenheid opgehef nie. Die mense het by daardie geleentheid nie almal die evangelie in dieselfde taal gehoor nie, maar elkeen in sy eie geboortetaal. Die verskeidenheid van tale, kulture en nasionaliteite word dus deur die Heilige Gees gehandhaaf. Ook die eenheid word gehandhaaf, die Gees word uitgestort waar die mense van die verskillende tale saam is en nie op elke groep afsonderlik nie. Die evangelie handhaaf dus verskeidenheid, maar nie geskeidenheid nie. Ook die verkondiging van die evangelie moet met die verskeidenheid van nasies rekening hou. Jesus gee opdrag dat die evangelie aan alle "nasies" verkondig moet word, nie bloot aan alle "mense" nie (Matt 28:19). Die evangelie vernietig nie die nasionaliteite nie, maar eis dit op en heilig dit vir diens aan God. Nasies sal tot die einde toe bestaan. Hulle sal deur die onderskeie wyse waarop hulle aan die evangelie gestalte gee, hulle heerlikheid in die nuwe Jerusalem inbring (Openb. 21:24-26).

### 6. Notas

1. Vergelyk Vriezen (1966:56) oor die mens se selfverheffing teen God.
2. Vergelyk Vriezen (1966:403) daaroor dat stede en tempels in die Ou Testament nie as geskape dinge geld nie, net so min as volke. Die volke is een groot familie. Hulle verdeeldheid is die gevolg van die oordeel van God.

## 17. ABRAHAM GEROEP - WARE EENHEID VIR DIE MENSDOM

**(Gen. 12)**

### 1. God maak 'n nuwe begin met die mensdom

Die Here het op die bou van die stad Babel gereageer deur die mense te verstrooi. Sy antwoord op die mens se optrede by Babel is verder om 'n heeltemal nuwe begin met die mensdom te maak. Hy volg 'n heeltemal ander metode om eenheid vir die mensdom te bewerk. Daarvoor roep Hy vir Abraham. Die Here laat sy heerskappy oor die mensdom en sy gemeenskap met hulle deurgaan ondanks alles wat gebeur het.

Die Here beveel Abraham om 'n totale breuk te maak met die omgewing en die mense onder wie hy woon. Dit raak die hele bestaande lewensorde

en atmosfeer van sy tyd: sy land, familie en die nouere kring waaroor sy vader die heerskappy uitoefen (12:1 e.v.). Die Here gaan sy rug draai op die mensdom wat hulle rug op Hom gedraai het. Hy gaan nou sy koninkryk op 'n besondere manier, in 'n gedeelte van die mensdom, berei. Hy begin met een paar mense uit die hele mensdom. Hierdie begin is soos 'n klein lootjie wat uit 'n afgekapte stomp uitloop, soos 'n nuwe voortgang uit ondergang, soos 'n bietjie lewe uit dood.

Ook die manier waarop die Here met Abraham te werk gaan, is soos lewewekking uit dood. Abraham moet die beskerming van sy eie groep en land verlaat en in 'n vreemde land die dood gaan trotseer. Die verskillende nomadiese samelewings van destyds was bie geslote en vyandig teenoor enige buitestaanders. Sonder jou eie groep sė beskerming was 'n mens 'n weerlose prooi vir hulle aanvalle. God se werkwyse met Abraham vra dus van hom geloof en vertroue in God se lewewekkende mag en beskerming. Abraham moet bereid wees om van alles af te sien, ook van sy lewe. Hy moet dit in God se hand lê om dit as't ware nuut daaruit terug te ontvang.

Die geslagsregister waarmee die skrywer hierdie geskiedenis begin, toon 'n dalende lyn deurdat die ouderdomme wat die mense behaal het, al kleiner word. Die dalende lyn vind sy laagtepunt in Abraham en Sara wat geen kinders kan hê nie. Hierdie geslagslyn loop dus dood. Maar God bind sy verlossingsweg juis aan hulle en wys dat sy verlossingsweg met die mensdom niks minder behels nie as dat Hy lewe uit dood opwek. Geloof is om hierdie vertroue te hê; dit behels dat 'n mens jou in hierdie gesindheid oorgee aan God se weg met jou lewe.

## 2. Vrymagtige verkiesing

Die skrywer gee geen motivering waarom God juis vir Abraham, en nie vir iemand anders uit sy familie, dié opdrag gegee het nie (12:1). Abraham word deur God se vrymagtige verkiesing geroep. Menslikerwys gesproke was daar geskikter persone. Milka, die vrou van Abraham se broer, het byvoorbeeld wel kinders gehad (11:29, 30). Dit is van die staanspoor af duidelik dat die openbaringslyn nie deur mense in stand gehou word nie, maar deur God. God kies ook nie bloot mense wat "natuurlikerwys" daarvoor geskik is nie, anders sou Abraham en Isak nie gekies kon gewees het nie. God voorsien self die persone op 'n wonderdadige wyse. Die hele verlossingsweg is 'n weg waarin God wonderdadig optree.

Dit sou spoedig duidelik blyk dat Abraham nie op grond van verdienste gekies is nie. Dieselfde hoofstuk wat van sy roeping en sy gehoorsame reaksie daarop praat, praat ook van sy ongeloof. Abraham vertel aan die farao dat Sara sy suster is; want hy is bang dat die farao hom ter wille van haar sal doodmaak (12:12). Abraham openbaar hier 'n gebrek aan geloof en vertroue dat die Here sy beloftes in vervulling sal laat gaan. Dit het later by die Filistyne ook weer gebeur. Nog later, toe die beloftes sloer om in vervulling te gaan deurdat Sara geen kind kry nie, begin Abraham ook weer twyfel en hy neem vir hom 'n byvrou om sy geslag in die lewe te probeer hou.

Die skrywer van die geskiedenis van die aartsvaders wil nie die getrouheid van die aartsvaders beskryf nie, maar die trou van God. God voer sy heerskappy en sy gemeenskap met die mens deur ondanks die groot tekortkomings wat so tipies van die mens se lewe is.

Dit neem nie die feit weg dat Abraham-hulle wel geglo het en gehoorsaam was nie. As God Abraham roep, antwoord Abraham onvoorwaardelik (12:4). Later sou hy selfs onvoorwaardelik gaan om sy kind te offer (22). Maar selfs hierdie geloof en gehoorsaamheid is 'n uitvloeisel van God se genade en verkiesing en nie iets wat die mens in homself het nie (vgl. ook Efes. 2:8). Verder leer hierdie geskiedenis dat alle mense, ook die aartsvaders en ander begenadigdes, sondig en feilbaar is. Hulle moet steeds deur God se genade opgetel en gedra word.

### 3. God se beloftes raak die natuurlike situasies en verhoudinge

Abraham is die vader van al die gelowiges. Daarom is die beloftes van die Here aan Hom belangrik want dit laat sien wat die Here aan alle gelowiges belowe. Dit is duidelik dat die geloof nie net met geestelike, vertikale behoeftes of verhoudinge te doen het nie. Dit raak die heel gewone, natuurlike situasies en verhoudinge. Die Here het aan Abraham 'n land beloof (12:1), en die land het steeds 'n belangrike plek in die bestaan van Israel behou (vgl. bv. die vyfde gebod). Dit was die geval dwarsdeur die geskiedenis tot in die eskatologiese verwagtings. Verder gee God aan Abraham nasieskap: God sal Hom 'n nasie maak afsonderlik van die ander nasies (12:2). Dit vorm 'n sterk teenstelling met Babel waar die mensdom een "volk" wou wees. Nasiewording word deur die skrywer hier, net soos in die geval van die afstamming van die seuns van Noag, uitdruklik as 'n vrug van God se seën gesien (12:2).

Ook hier, net soos in Gen. 10, dui nasieskap differensiëring aan. Abraham word 'n "nasie" gemaak in onderskeiding van die ander. Dit blyk verder uit

die feit dat die woord "nasies" en "geslagte" in 12:2 en 22:18 as sinonieme gebruik word. Die woord wat in 12:2 met "geslagte" vertaal is, is dieselfde as wat in Gen. 8:19 die onderskeiding van die verskillende soorte diere in die ark aandui.

Nasieskap was nie alleen 'n belangrike aspek van die goddelike beloftes aan Abraham nie, maar sou dit ook dwarsdeur die geskiedenis bly, selfs tot ná die koms van Jesus Christus. Israel se nasieskap het nie plek gemaak vir die kerk nie. Die saak sit so in mekaar: Israel was in die O.T. die "volk" van God, die oorkoepelende eenheid, dit het prakties alle gelowiges ingesluit (vgl. die vorige hoofstuk oor "volk" as oorkoepelende eenheid). In die N.T. is die kerk die "volk" van God; dit sluit die gelowiges uit al die "nasies" in. Hierdie gelowiges bly nog lede van hulle onderskeie nasies. Dit geld ook van die Israeliete of Jode.

Die geloof in God kom heel eerste, maar dit hang nie in die lug nie. Daarom sluit God se beloftes aan Abraham eerstens aan by Abraham se persoonlike en gesinslewe, naamlik sy behoefte om kinders te hê, en by die hele menslike bestaanswyse daaromheen. Daarvandaan kring die beloftes uit na alle ander verhoudinge. Ook hulle is belangrik en moet in die geloof benader word.

### 4. Eenheid vir die mensdom deur die geloof

Die mensdom het by Babel 'n eenheid gesoek wat onpersoonlik is en sonder geloof. Hulle wou dit bewerkstellig deur 'n stad. Organisasie, administrasie, tegniek, ekonomie, handel, ens. moes die eenheid bewerkstellig. In hierdie benadering is die mens as enkeling verlore onder die massa en die organisasie. Daar is dan ook geen sprake van persone in die beskrywing van hierdie stukkie geskiedenis nie.

God bewerkstellig egter vir die mensdom eenheid op 'n persoonlike manier. Hy stel nie 'n ander stad teenoor Babel nie, maar roep 'n persoon en verbind die eenheid aan Hom (vgl. ook hoofstuk 43). God beloof dat in Abraham al die nasies van die aarde geseën sal word. Dit sal gebeur deurdat Hy dié sal seën wat vir Abraham seën, d.w.s., dié wat Abraham sal erken as iemand wat deur God geseën is. Hulle sal erken dat God die enigste God is wat kan seën, hulle is dus die mense wat in God glo. Die eenheid sal nie maar sommer vanself kom nie, maar alleen deur die geloof. En geloof is die geloof in God, die God wat op 'n lewewekkende manier verlos, soos by Abraham en Isak. Hy is die God wat ten volle seggenskap het oor die nuwe lewe en wat daarom algehele en onvoorwaardelike geloof en gehoorsaamheid eis.

## 5. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:178) oor die feit dat die gedagte van die verkiesing van Israel reeds vroeg in Israel bestaan het, maar in sy radikale vorm eers later. Dit was toe daar 'n universalistiese siening van die geskiedenis ontstaan het en toe Israel se eie bestaan onder die nasies 'n probleem geword het (Am. 3:2).
2. Vergelyk Vriezen (1966:186): die Ou-Testamentiese gemeenskapsgedagte van God en mens, wat in die verbondsleer opgesluit lê en wat van Israeliete broers maak, werk in wyer verband deur tot buite Israel se grense, aangesien God as Heer van die wêreld bely word. Ook die volke kan as mense voor God se aangesig saam met Israel opgeroep word tot lof aan God (Ps. 96,98). Dit was egter alleen moontlik deurdat God met die verbond geassosieer is.
3. Kaiser (1978:35-69) lê nadruk op die belofte van God as eenheidslyn in die Ou Testament. In elke nuwe tydperk word die lyn uit die verlede met die hede geïntegreer.

# 18. ABRAHAM EN LOT: 'N LEWE UIT GELOOF EN 'N LEWE UIT EIE VERMOË EN BEHOEFTE

**(Gen. 12-22)**

## 1. Abraham leef uit die geloof

Die Here se verhouding met Abraham het 'n sterk gerigtheid op die toekoms gehad. Die Here het aan hom beloftes gegee wat eers in die toekoms vervul sou word. Dit het belangrike eise aan die geloof gestel en het vereis dat Abraham bereid moes wees om tot in die verre toekoms op die volle vervulling te wag.

Die toekomsgerigtheid van die Here se verhouding met Abraham het egter ook 'n besondere krag aan sy geloof gegee. Abraham sou byvoorbeeld sy lewe lank 'n vreemdeling in die beloofde land moes bly, sonder burgerskap of grondbesit. Daarom het hy ook in tente gewoon en het hy nie 'n gevestigde bestaanswyse gevoer nie (12:8; 13:3, 18; 18:1, 9). Maar hy het sy bevrediging en vreugde in die eerste plek gevind in die lewe met die Here self en met die gelowiges. Anders as die mense by Babel het hy "die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is" (Hebr. 11:10). Slegs die begraafplaas, die spelonk van Magpela, het aan die aartsvaders behoort. Abraham het dit van die Hetiete gekoop (23:20). Maar dit het dan

ook vir hulle gesimboliseer dat die land tog uiteindelik aan hulle behoort en dat die beloftes uiteindelik in vervulling sou gaan (49:29-32; 50:24, 25). In hulle dood is hulle nie meer vreemdelinge nie. Daar is 'n onverbreekbare gemeenskap met God, ook oor die dood heen.

Ook elders in die O.T. is wag 'n belangrike element van die geloofslewe. Geloof is vertroue op God, maar ook oorgawe aan Hom. Dit hou in dat 'n mens bereid moet wees om jou by sy wil neer lê en jou te skik na sy wyse en tyd van optrede. Dit kom onder meer sterk na vore in die psalms (vgl. bv. Ps. 27, 123, 130).

Die geloof laat 'n mens egter nie net vir die toekoms leef nie. Abraham het, soos reeds vroeër aangetoon is, beloftes oor die konkrete aardse lewe ontvang: 'n land, nakomelinge, nasieskap. Hy was 'n groot boer en het selfs 'n leër op die been gebring en teen die ontvoerders van Lot geveg. Abraham het geen wêreldontvlugting beoefen nie.

## 2. Lot gaan die weg van eie belang op

Alledaagse probleme, soos oorbeweiding, het skeiding gebring tussen Abraham en Lot. Dit openbaar die verskil in lewensbenadering tussen die twee. Abraham volg die weg van 'n lewe uit God se beloftes; Lot daarenteen volg die weg van eie belang en stoflike welvaart; hy kies eerste, en wel die waterrykste en vrugbaarste gedeeltes (13:10, 11).

Hierdie lewensinstelling het byna sy lewe gekos en het sy geskiedenis, sover dit die geloof en die verbond betref, in 'n doodloopstraat laat eindig. Lot is slegs deur die voorbidding van Abraham van die dood gered toe sy woongebied vernietig is. Sy huwelikslewe was uit geloofsoogpunt blykbaar 'n mislukking, want sy vrou het vanweë ongeloof 'n soutpilaar geword (19:26). Sy dogters is wel saam met hom gered, maar het die invloed van die swak sedelike lewe van Sodom vertoon (19:31 e.v.). Sy afstammelinge, die Moabiete en Ammoniete, het 'n lewe buite die verbond gevoer en was meesal vyandig teenoor hulle broers, die Israeliete.

Lot was nie 'n ongelowige nie, by het inteendeel aan God probeer vashou. 2 Pet. 2:7, 8 noem Hom selfs die "goeie man", wat Hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense. Hulle optrede was dag vir dag 'n foltering vir sy "regverdige gemoed". Lot se halfslagtigheid, en die gevolge daarvan, is egter 'n blywende waarskuwing aan alle geslagte. Wie die Here wil dien, moet nie alleen sorg dat sy gesindheid reg is nie, maar ook die atmosfeer waarin hy lewe. Godsdiens eis 'n mens ten volle op, in jou volle

menswees en in alle verhoudinge. Godsdiens moet daagliks beoefen word; as die regte atmosfeer daarvoor ontbreek, begin dit kwyn.

### 3. Abraham verlos Lot en ontmoet Melgisedek

By geleentheid is die bevolking van Sodom en Gomorra deur konings uit die ooste weggevoer. Abraham onderneem 'n reddingstog en haal Lot uit die ontvoering terug. By dié geleentheid ontmoet hy die geheimsinnige Melgisedek, die koning van Salem. Met Salem word waarskynlik Jerusalem bedoel. Ook Melgisedek het geglo in God die Allerhoogste, die skepper van hemel en aarde (14:18-20). Abraham getuig teenoor Melgisedek dat hierdie God niemand anders is as die Here nie (14:22).

Melgisedek was 'n priester en koning tegelykertyd (14:18). So iets is vanweë die mens se sondige neiging tot diktatorskap en tirannie, nooit in Israel toegelaat nie. In Melgisedek is daar dus nog iets gesimboliseer van die mens se oorspronklike koningskap en priesterskap: die hoedanigheid om te regeer, maar in ware nederigheid en toewyding aan God. Die Nuwe-Testamentiese boek Hebreërs, sê dat Jesus 'n priester volgens die orde van Melgisedek was (7:17). Dit beteken Jesus was koning en priester tegelykertyd. Hy was ook sonder 'n aanwysbare priesterlike afkoms (7:3).

Hierdie ontmoeting met Melgisedek en die optrede teenoor Hom bewys dat Abraham ook nie geïsoleerd gelewe het nie. Sy kontak met ander mense was egter in 'n ander atmosfeer as die van Lot. Hy is nie in die ander se atmosfeer ingetrek nie, maar het 'n duidelike getuienis teenoor hulle laat uitgaan om hulle in die geloofsatmosfeer in te trek.

Die Here sit sy verlossingsweg nie deur Melgisedek voort nie, maar deur Abraham. Hy rig met Abraham 'n verbond op (15, 17). (Vgl. die volgende hoofstuk.)

### 4. Abraham doen voorbidding vir Sodom

Die Here besoek Abraham by Mamre in menslike gestalte en kondig aan dat die kind van die belofte binne 'n jaar gebore sal word (18:1, 2). Die geslag wat glo, word dus in die lewe gehou. Die goddelose mense van Sodom en Gomorra daarenteen word vernietig, en saam met hulle ook die halfslagtige Lot (18: 20 e.v.). Sodom en Gomorra was sulke sondige stede dat hulle spreekwoordelik daarvoor geword het (Jes. 1:9; 13:19; Jer. 50:40; Klaagl. 4:6). Hulle het 'n swak sedelike lewe gevoer, soos blyk uit hulle homoseksuele optrede teenoor Lot se gaste (19:4 e.v.).

Ter wille van Lot doen Abraham voorbidding vir Sodom. Hy beroep Hom op die regverdigheid van God: God moet die hele stad spaar sodat die enkele regverdiges nie onregverdig gedood word nie (18:23-26, ens.). Dit blyk egter dat geregtigheid die stad nie kan red nie, maar dit slegs kan vernietig, want daar is geen regverdiges nie. Daar bly geen grond oor waarop Abraham vir Lot kan pleit nie, behalwe goddelike genade! Die Here sou hierdie genade self bewys sonder dat Abraham so ver kon kom om direk daarvoor te pleit (18:32, 33; 19 e.v.).

Die Here red vir Lot en sy dogters. Hy eis egter onvoorwaardelike gehoorsaamheid en liefde. Daarom word die spottende skoonseuns nie gered nie. Ook Lot se vrou sterf, omdat sy teen God se bevel in omkyk en daarmee haar verknogtheid aan die lewe van Sodom verraai (19:14, 26; vgl. ook Luk. 17:31, 32; 9:59-62).

## 5. Geloof en kleingeloof

Abraham se pad is die van geloof. Dit loop uit op skeiding met Lot. Die skeiding kom ook tussen Abraham se seuns, nl. tussen Ismael en Isak. Selfs by die ware gelowiges, soos Abraham self, wissel geloof en kleingeloof mekaar af. Dit is die Here wat sorg dat Abraham in die geloof bly staan. Daarom herhaal die Here ook by meer as een geleentheid die verbondsbeloftes om Abraham in die geloof te versterk (15, 17). Abraham het skaars in die geloof voorbidding vir Sodom gedoen, of hy verval weer in kleingeloof en vertel aan die Filistynse koning van Gerar dat Sara sy suster is (20:e.v.). Die Here versterk Abraham in sy geloof deur die belofte oor die geboorte van Isak in vervulling te laat gaan (21). So word die weg voorberei vir die groot geloofsdaad van Abraham om sy seun te gaan offer (22).

In hierdie geskiedenis word daar vir die eerste keer melding gemaak van die "Engel van die Here". Dit is nie maar 'n aanduiding van 'n gewone engel nie, maar, is 'n tegniese term vir 'n heel spesiale Engel. Hy spreek asof Hy self God is (16:10). Hy is 'n verskyning van God (22:11; Eks. 3:2; Num. 22:22; Rigt. 6:11; ens.). Die Engel van die Here word in hierdie geskiedenis vermeld waarskynlik omdat hier, in die verbond met Abraham, die grondslag van die heilsgeskiedenis geleë is. Daarom sien sommige geleerdes 'n verband tussen die Engel van die Here en Jesus Christus.

## 6. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:27) oor die Engel van die Here as 'n vorm van Jahwe se selfopenbaring wat uitdruklik sy transendente aard veilig stel.

2. Vergelyk Westermann (1978:61) daaroor dat die woord "glo" (vgl. Gen. 15:6) in die Ou Testament, anders as in die Nuwe Testament, nie 'n algemene en omvattende betekenis van die verhouding of betrekking tot God uitdruk nie. Daar is in die Ou Testament nie die algemene uitdrukking "aan/in God glo" of "geloof in God" nie.

## 19. GOD SLUIT 'N VERBOND MET ABRAHAM, DIE VADER VAN DIE GELOWIGES

**(Gen. 15-17)**

### 1. God lê sy verhouding met Abraham in 'n verbond vas

Die Here verskyn weer aan Abraham en lê sy verhouding met hulle vas in 'n verbond, 'n verhouding wat destyds algemeen bekend was. Verbonde is veral tussen twee groepe persone gesluit en dui nie op 'n natuurlike verhouding nie. 'n Vader kan byvoorbeeld nie met sy kind 'n verbond aangaan en daarmee die vader-kindverhouding reël nie. Die feit dat God met Abraham 'n verbond sluit, wys dat God nie met 'n mens in 'n natuurlike verhouding of verwantskap staat soos die ander nasies van hulle gode geglo het, nie. Hierdie verhouding berus op verkiesing, aanneming en genade.

Die verbond tussen twee groepe persone hoef destyds nie op vrye ooreenkoms te berus het nie, 'n magtige koning kon byvoorbeeld 'n verbond aan 'n ander een oplê. Dieselfde geld van die verbond tussen God en mense. God kies eiemagtig die ander party vir die verbond; Hy bepaal self die verpligtinge en lê dit die ander een op. Die verbond bring vastigheid en blywendheid in die verhouding en dit is God se eer dat dit nie verbreek sal word nie.

### 2. Abraham glo in die lewewekkende krag van God

Voordat die Here met Abraham die verbond sluit, moet Abraham eers bewys dat hy in die Here glo. Hierdie geloof is geloof in die lewewekkende krag van die Here. Abraham moet glo dat die Here lewe wek waar geen lewe is nie, maar net dood. Dit blyk uit die belofte wat die Here hier aan Abraham gee en Abraham se reaksie daarop. Abraham en sy vrou kan geen kinders hê nie en is bowendien nou ook reeds te oud daarvoor (vgl. ook Rom. 4:17-21). Die voortgang van Abraham se geslag en van God se verlossingswerk is afgesny. Daarom slaak Abraham 'n sug hieroor (15:2). Maar die Here beloof dat Hy

vir Abraham 'n eie kind gebore sal laat word en uit Hom 'n talryke volk sal verwek (15:4, 5). Abraham glo dit, d.w.s., hy vertrou so op die Here dat hy op hierdie belofte beslag lê en dit vir homself toe-eien. Daarom word dit Hom tot geregtigheid gereken, d.w.s., God reken dit aan Abraham toe asof hy daarop geregtig is (15: 6).

Geloof is dus 'n toe-eiening, nie 'n eiegeregtige een nie, maar 'n toe-eiening van God se beloftes wat Hy uit genade aan 'n mens toesê. Die geregtigheid van Abraham beteken ook dat Abraham voldoen aan die vereiste wat die Here aan Hom stel en dat hy daarom in 'n regte verhouding met God staan. Abraham vertrou op God se lewewekkende verlossingskrag in sy lewe.

### 3. Die verbond skenk genade en stel ook eise

Die Here beloof veral drie dinge in die verbond met Abraham, dinge wat reeds by die roeping van Abraham beloof is (12:1-3). Dit is 'n talryke nageslag (15:5; 17:2, 4, 5), die land as besitting (15:7, 18; 17: 8) en 'n seën vir al die geslagte van die aarde (18:18; 22:18). Dit is geskenke van God se genade. Die beloftes is egter net een kant van die saak; die Here eis ook absolute en onvoorwaardelike gehoorsaamheid van Abraham. Hierdie gehoorsaamheid is 'n vrug van die geloof. Dit spruit voort uit Abraham se geloof dat die Here die een wat glo, sal red ook al loop sy gehoorsaamheid uit op die dood. Die Here is die God wat uit die dood uit red; Hy sou byvoorbeeld vir Isak as 't ware uit die dood gebore laat word.

Die verbond behels nie net genade nie, maar ook oordeel oor ongehoorsaamheid. Hierdie oordeel word by die verbondsluiting geïmpliseer deurdat die Here tussen die stukke van die verdeelde offerdiere deurgaan (15:9-10, 17). Die stukke simboliseer dat die verbondsbreker ook in stukke gekap sal word. Die verbond is dus baie ernstige saak. Dit spreek van lewe en dood: wonderdadige verlossing vir hom wat glo in God se belofte en daarvolgens lewe, maar dood vir die verbondsbreker. Dit geld vir almal wat in die verbond van God betrek is. Daar is geen moontlikheid vir 'n onbetrokke houding nie.

Die verbondsluiting is dus 'n besonder ingrypende saak in die lewe van Abraham en Sara, en so ook in die lewe van almal wat aan die verbond deel het. God benadruk dit deur by hierdie geleentheid aan Abraham en Sara ander name te gee. Die naam Abram (Verhewe Vader) verander nou na Abraham, wat op die talrykheid van sy nageslag dui. Abraham sal die vader van 'n menigte van nasies word (17:5). Ook die naam van Sara word

verander, nl. van Saraï na Sara (17:15). Albei hierdie name beteken vorstin. Daar breek nou 'n nuwe periode in die lewe van Abraham en Sara en in die openbaringsgeskiedenis aan.

## 4. Die teken van die verbond

God stel die besnydenis in as teken van die verbond. Abraham en alle manlike kinders moet die teken ontvang. Dit moet by die kinders op die agste dag ná die geboorte gebeur en geld vir alle lede van Abraham se huishouding, ook vir die slawe (17:12). Niemand mog hiervan uitgesluit word nie. Daar is geen moontlikheid om onbetrokke te bly teenoor God se beloftes van genade, sy eis om gehoorsaamheid en sy oordeel oor verbondsoortreding nie. Dit is God se vrymagtige opdrag, en Hy moet as die absolute heerser erken en eerbiedig word. As iemand nie aan die eis om besny te word voldoen nie, moet hy onder sy volksgenote uitgeroei word (17:4), want dit beteken verwerping van die verbond en van God se soewereiniteit.

Hierdie geskiedenis is duidelik daaroor dat Abraham eers geglo het en geregverdig is, en eers daarna besny is. Hy is deur die geloof geregverdig en nie deur die besnydenis nie (15:6). Die besnydenis was slegs die beseëling van sy geloof (Rom. 4:11, 12). Die eintlike en belangrikste saak is die besnydenis van die hart (Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:4), d.w.s., die aflegging van die sondes (Kol. 2:11) en onderhouding van die gebooie (1 Kor. 7:19). Dit geld ook in die Nuwe Bedeling. Toe het die doop die plek van die besnydenis ingeneem as teken van die verbond (Kol. 2:11,12).

Aangesien die eintlike besnydenis die van die hart is, is nie alle besnedenes ware erfgename van die verbond nie. Die verbond is ook nie tot die vleeslike nageslag van Abraham beperk nie. Ismael is byvoorbeeld besny, maar was nie 'n ware erfgenaam van die verbond nie. Hy was verwaand en opstandig net soos sy moeder Hagar; hy was so ontembaar soos 'n wilde woestynesel en was in 'n altyddurende stryd met almal gewikkel (16:4, 5; 12). Ismael is uit die verbondsgesin verwyder (21).

Hierteenoor is mense van buite die verbond in Israel opgeneem, soos Ragab (Jos. 2) en Rut. Die kinders van die belofte, hulle word as nageslag en erfgename gereken (Rom. 9:8). Dit is hulle wat volgens die belofte deur 'n wondergeboorte gebore is, soos Isak. Hierdie wondergeboorte is die geboorte deur die Gees van God. Die kinders van die belofte is met ander woorde dié wat wedergebore is en glo (Rom. 4:11; Gal. 3:7, 14, 29; 4:28).

## 5. Notas

1. Nicholson (1986) neig daartoe om die verbond laat te dateer. Vergelyk Childs (1986:93-96) oor die debat in verband met die vraag of die verbond in Israel oud of jonk is. Hy sê tereg: Ondanks die verbasende skaarste van die tegniese verbondsterm by die Ou-Testamentiese profete, is hulle boodskap onverstaanbaar los van die aanvaarding van 'n spesiale volk van God.
2. Terrien (1978:26) se benadering van die verbond het 'n eksistensialistiese inslag. Volgens hom is die verbond nie die beheersende begrip in die Ou Testament nie maar slegs 'n middel in diens van God se voorafgaande teenwoordigheid. Die doel van die aanbidding is om die kairos van die Goddelike ontmoeting in herinnering te roep en te antisipeer.

# 20. ABRAHAM OFFER SY KIND UIT OPSTANDINGSGELOOF

## (Gen. 22)

## 1. Die Here gee 'n hartverskeurende opdrag

God het vir Abraham op die proef gestel met 'n hartverskeurende opdrag waarin God absolute en onvoorwaardelike gehoorsaamheid van Hom geëis het. God het gesê: "Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer Hom daar as brandoffer" (22:2). Met sy woordkeuse het God vir Abraham die moontlikheid weggeneem om teë te stribbel. God weet dit is Abraham se seun en wel sy enigste, en dat Abraham Hom liefhet. Maar juis hy, Isak, nie 'n ander nie, moet geoffer word.

Hierdie opdrag klink vreemd en verskriklik. God het tog later sy volk op straf van die dood verbied om 'n mensoffer te bring. So iets is vir Hom 'n gruwel (Lev. 18: 2; 20: 2; Deut. 12:31; Jer. 7:31; 19:5). Die opdrag druis ook lynreg in teen God se beloftes wat aan Isak verbind is. Dit is deur Isak wat Abraham 'n groot nasie sal word.

Die beskrywing van hierdie geskiedenis is aangrypend en tog sober. Dit praat glad nie oor die gemoedsgesteldheid van Abraham of Isak nie, maar gee alleen op 'n nugtere wyse hulle optredes weer. Die klemtoon val nie op die gevoel van die mense nie, maar op die openbaring van God. So is dit ook in die res van die O.T. Die gevoel of belewenis van die mens is wel nie uitgesluit nie; dit neem byvoorbeeld in die psalms 'n groot plek in. Selfs daar is dit egter nie blote gevoelsuiting nie, maar die openbaring of woord het 'n belangrike en

beheersende plek. Die psalms is veral die vrug van bepeinsing van die woord en is 'n antwoord op die woord (Ps. 1: 2; vgl. hoofstuk 59).

## 2. God se opdrag kom teen die agtergrond van die geboorte van Isak

Die Here se opdrag aan Abraham kan alleen reg begryp word as dit gelees word teen die agtergrond van wat die Here reeds vir Abraham beloof en gedoen het. Dit moet veral gesien word teen die agtergrond daarvan dat Hy Isak op 'n wonderbaarlike wyse gebore laat word het. Die Here het daarmee lewe uit dood gewek. Rom. 4:17-21 sê dit duide1ik: "in die oë van God in wie hy geglo het, God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: 'So sal jou nageslag wees'. Sy geloof het nie verswak nie, al het hy terdeë besef dat sy liggaam reeds gedaan was - want hy was sowat honderd jaar oud - en dat Sara te oud was om kinders te hê. Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het". I

Ook Hebreërs 11:12 praat van kinders wat uit 'n verstorwene gebore is. Die krag om bevrug te word, het Sara deur die geloof ontvang (Hebr. 11: 11). Abraham en Sara se geloof was dus bepaaldelik gerig op God se mag waardeur Hy lewe uit verstorwenheid en dood wek. Dit was ook die geval toe Abraham die opdrag ontvang het om sy seun te gaan offer.

## 3. Nie blinde gehoorsaamheid nie, maar geloofsgehoorsaarnheid

Die vreemdheid en verskriklikheid van die opdrag, soos reeds in punt 1 gestel is, het Abraham sekerlik dieper oor die saak laat na dink: die beloftes van God is uitdruklik aan Isak verbind en kan alleen deur Hom in vervulling gaan. As Isak nou moet sterwe, dan het God seker nog 'n wonderlike optrede in gedagte, iets soortgelyks aan die wondergeboorte van Isak. God sal sy beloftes tot vervulling bring al is dit deur die dood van Isak heen. Die Nuwe-Testamentiese boek Hebreërs stel dit duidelik hoe Abraham die saak benader het: "Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: 'Uit Isak sal jy 'n nageslag hê', het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit hy Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het" (Hebr. 11:17-19).

Met die opdrag om Isak te offer, het God 'n nog dieper insig gebring in die aard van sy verlossingswerk. Verlossing hou nie net in dat God lewe moet bring waar geen lewe is en waar lewe nie moontlik is nie, maar dit hou in dat Hy deur die dood heen moet lewendigdig maak. Dit was al reeds in die roeping van Abraham geïmpliseer: Abraham moes alleen en onbeskermd wegtrek en hom aan doodsgevaar blootstel, in die geloof dat God hom op hierdie manier die lewe sal gee. Nou word dit nog duideliker dat die verlossingsweg deur die dood heen moet geskied en dat geloof ten diepste geloof in God se lewewekkende mag en die mens se terugkeer uit die dood is. Ons kan dit opstandingsgeloof noem.

So moet ons ook Abraham se woorde aan Isak verstaan: "God sal vir Homself die lam vir die brandoffer voorsien, my seun" (22:8). Dit is God se eis en offer. Abraham laat dit in vertroue aan Hom oor hoe al die punte bymekaar gebring sal word. Maar hy móét Isak offer. En dit bly 'n verskriklike saak. Alleen die opstandingsgeloof maak dit vir Hom moontlik om die saak enigsins te verteer. Hy moes stap vir stap ál die smart deurmaak om die altaar te bou, die hout reg te lê en die mes te neem om sy seun te slag (22:9, 10). Sy vaderhart het prakties klaar sy seun geoffer. Maar toe bring God 'n wending in die saak, asof hy vir Abraham lewe wek uit dood! So het Abraham prakties sy seun geoffer en hom uit die dood terug ontvang.

## 4. God voorsien self 'n brandoffer en herhaal sy beloftes

Die Here verhoed Abraham om sy seun te offer en voorsien self 'n ram as brandoffer "in die plek van sy seun" (22:10-13). Die Here sien dus nie af van sy eis om die offer nie; Isak móét eintlik geoffer word. Die Here voorsien net iets in die plék van Isak, Hy beskik 'n plaasbekledende offer. Die belofte aan Abraham word dus nie maar op 'n maklike manier vervul nie. Dit vereis dat 'n verskriklike offer gebring moet word. Die rede daarvoor word nie hier gegee nie, maar is uit voorafgaande Skrifgedeeltes duidelik. Dit is die mens se sonde; die mens moet vanweë sy sonde sterf. Genesis 3 leer dit en die geskiedenis daarna bevestig dit, onder meer die geslagsregister met sy droewe refrein: "en hy het gesterwe" (Gen. 5).

Reeds in Gen. 3 is geïmpliseer dat daar verlossing moontlik is. Die offer op Moria leer dat die verlossing nie bloot verlossing om die dood heen is nie, maar déur die dood heen. Die mens moet sterf en uit die dood opstaan. Dit is reeds deur die besnydenis geïmpliseer. Die besnydenis het bloedstorting afgebeeld en het te doen gehad met die liggaamsdeel rakende verwekking van lewe. Die benydenis impliseer dus aflegging of afsterwing van die ou lewe om

waarlik te kan lewe. Met die offer op Moria toon God aan Abraham dat die besnydenis nie genoeg is nie. Volle bloedstorting word vereis, besnydenis in die volste sin. Eers in die N.T. sou duidelik word wat dit is, nl. die besnydenis wat nie met hande verrig word nie, die deel hê aan die soendood van Christus (Kol. 2: 11).

In Jesus Christus word die verskillende gedagtelyne bymekaar gebring: die Vader wat sy seun offer, die Seun wat inderdaad die dood ingaan en daaruit terugkom en die plaasvervangende offer wat vir die mens die verlossing bring. Dit stel vir die mens liggaamlike opstanding uit die dood in vooruitsig. Verder impliseer dit soos hierbo gestel is, dat die mens homself geestelik moet afsterf en saam met Christus geestelik in 'n nuwe lewe moet opstaan.

Ná hierdie beproewing van Abraham herhaal God sy beloftes: 'n ryke seën, 'n ryk en seëvierende nageslag, 'n seën vir al die nasies (22:17-22). Dit word spesifiek verbind aan die feit dat Abraham sy seun nie teruggehou het nie (22:16). Die seën vir die wêreld kom dus langs die weg van een persoon se gehoorsaamheid; hy is 'n middelaar. Die seën kom langs die weg van 'n spesifieke geloof, nl. die geloof dat God lewewekkende krag het en dat Hy verlos deur opwekking uit die dood. Verlossing is vir die mens lewe deur opstanding uit die dood heen.

Hierdie openbaringslig word in die geskiedenis gegee, omdat die verlossing van die hele mensdom beslote lê in Hom, die seun van die belofte.

### 5. Notas

1. Van Selms (1967b:25-27) plaas ten onregte al die klem in Gen. 22 op gehoorsaamheid. Vergelyk Von Rad (1962:174) oor die sentrale betekenis van die Goddelike belofte in hierdie gedeelte.

## 21. DIE VERBONDSLEWE BY ISAK EN JAKOB

### (Gen. 23-31)

### 1. Die verbondsatmosfeer word bestendig

Sara het voor Abraham te sterwe gekom (23). Teen daardie tyd was hulle nog steeds vreemdelinge in Kanaän, sonder burgerregte, ondanks die beloftes wat Abraham van God ontvang het. Abraham twyfel egter nie en word nie

moedeloos nie. Inteendeel, hy volhard in die geloof en koop 'n stuk grond as begraafplaas. Daardie stukkie grond is sy eiendom en simboliseer sy geloof dat sy nageslag nog volle besitters van die land gaan word. So dien hierdie daad en die graf as 'n blywende getuienis en ook tot geloofsversterking vir sy kring.

Abraham het verder gesorg dat sy seun nie alleen in 'n verbondsatmosfeer groot word nie, maar dat dit ook met sy kinders die geval sou wees. Daarom laat hy sy slaaf Eliëser sweer dat hy vir Isak 'n vrou uit sy familie in die band Haran sal gaan haal. Isak moet nie met die Kanaäniete trou nie (24:3, 4). Die Here seën hierdie onderneming en wys in antwoord op die gebed van Eliëser self die vrou aan (24: 12-19). Rebekka betoon haar geloof in die beskikking van die Here en gaan met Eliëser saam as vrou vir Isak (24:58).

Isak self was 'n ware verbondskind. Hy het nie so sterk na vore getree as Abraham en Jakob nie en was blykbaar meer terughoudend van aard. Tog het hy innerlike geloofskrag vertoon. Toe Abraham hom as kind op Moria moes offer, het hy nie in opstand gekom en teëgestribbel nie. Hy het saam met sy pa die pad van die geloof geloop ook al was dit ten koste van homself.

## 2. God werk lewewekkend en verkiesend in die gesin van Isak

Rebekka was ook onvrugbaar, net soos Sara. Die verbondslyn dreig dus weer om dood te loop en dit skyn weer eens of die dood die laaste woord sal hê. Maar die Here skenk weer eens lewe uit onvrugheid. Dit gebeur as antwoord op die gebed van Isak; Isak glo in die lewewekkende krag van God (25: 21).

Ook in hierdie geskiedenis kom die vrymagtige verkiesing van God duidelik na vore. Die verbossing sal nie volgens verdienste of menslike maatstaf wees nie. Rebekka gee geboorte aan 'n tweeling, en voor hulle geboorte sê die Here al dat twee nasies uit haar gebore sal word en dat die oudste die jongste sal dien. Nie die een wat volgens destydse standaarde die eerste aanspraakmaker op die stoflike en geestelike erfenis was, sal die bevoorregte wees nie, maar die jongste (25:23). God bepaal die geskiedenis en die gebeurtenisse. Daarom kan Hy die dinge vooraf aankondig(Mal. 1:23; Rom. 9:11-13; Eks. 33:19). Hierdie voorspelling is in die geskiedenis bewaarheid deur die oorwinning van Israel oor die Edomiete deur Dawid (2 Sam. 8:14; 1 Kon. 11:16; 1 Kron. 18:13); ook deur die oorwinnings van Amasia (2 Kon. 14:7; 2 Kron. 25:11, 12).

## 3. Die verkiesing in die lewe van Isak en Jakob

Jakob se lewe bewys dat hy nie op verdienste aanspraak kan maak nie. Hy het sy posisie slegs aan God se verkiesing te danke. Hy wag nie geduldig dat

God sy beloftes in vervulling laat gaan nie, maar gryp self vooruit daarop. Eers koop hy Esau se eersgeboortereg deur van Esau se noodsituasie misbruik te maak (25:29-33). So kry hy 'n dubbele deel van die erfporsie in die hande. Daarna kry hy deur bedrog die seën by Isak (27:18-29). Jakob is hierin deur Rebekka voorgepraat. Ook sy het hierin dus nie in die geloof gewag nie, maar gestruikel, net soos Abraham en Sara vroeër. Jakob se optrede by Laban getuig ook nie van eerlikheid nie - al moet hier ter versagting gesê word dat Laban inhalig was en 'n bedrieër daarby. Hy het Jakob met 'n huweliksooreenkoms sowel as met arbeidsooreenkomste bedrieg en probeer uitbuit (29:20-23; 31:7, 41). Reeds voor Rebekka se huwelik, toe Eliëser vir Isak 'n vrou gaan haal het, was Laban al besonder geïnteresseerd in uitwendige rykdom (24: 29, 30).

Die verkiesing van Jakob hou nie in dat Esau 'n blote slagoffer daarvan was nie. Soos in ander gevalle, bv. dié van Kain, word dit duidelik gestel dat hy die seën nie waardig was nie en dat hy aan die geloofsverhouding met God geen waarde geheg het nie. Esau het sy geboortereg verag en dit sommer vir 'n bord kos verruil. Hy het huwelike met die dogters van dié land aangegaan, 'n bewys dat hy dit nie ernstig geneem het met die verbond nie (26:34).

## 4. Die verbondskring word al kleiner

Die verbondskring word ál kleiner: net die een seun van Abraham, "naamlik Isak; net die een seun van Isak, naamlik Jakob. Kinders kry nie maar sommer outomaties deel aan die verbond van God met hulle ouers nie. Die verbond bring wel kontinuïteit en vastigheid en sekerheid in die kring van die gelowiges. Die verbond is vir elke gelowige 'n vaste pleitgrond by God. Die gelowige kan op grond van die verbond vir homself en vir sy kinders pleit. Dit mag egter nooit meganies benader word nie. Die verbond en die beloftes moet in die gelóóf aanvaar word. Dit moet 'n doelbewuste aanvaarding wees. Die geloofskring vertoon ook duidelik die kenmerke daarvan dat die verlossing as 't ware lewe uit dood is; dit groei nie maar sonder meer groter en weelderiger nie.

Maar God hou self sy hand aan sy gelowiges. As Jakob vir Esau vlug, soek God hom op in sy eensaamheid op pad na Padan Aram. Daar verseker God hom in 'n droom van God se verlossende teenwoordigheid en verbondstrou wat deur die geslagte heen strek. Daarom noem Hy Homself "die God van jou vader Abraham en die God van Isak" en herhaal Hy ook weer die verbondsbeloftes aan Jakob. Jakob se nageslag sal die land in besit neem en Jakob self sal weer daarheen terugkom (28:12-15). Jakob noem die plek Betel, huis van God, vol verwondering en verbasing dat in sy eensaamheid God op so 'n besondere wyse daar by Hom is (28: 16-19).

Daar sou egter nog baie aan Jakob geskaaf moes word om Hom 'n ware verbondskind te maak. Hy dien God nog te veel op sy eie model en eie voorwaardes. Dit skemer selfs deur in die gelofte wat hy daar aan die Here maak : "As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek, en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die Here my God wees" (28:20, 21). Daar sit iets moois in hierdie gelofte, maar tog lê daar te veel voorwaarde in die woorde: "dan sal die Here my God wees". Dit moet egter ook nie so verstaan word dat Jakob tot dusver nie die Here gedien het nie, of dat hy die Here nie sal dien as die Here die gelofte nie beantwoord nie. Jakob bedoel dat as hy behoue terugkeer, hy hom meer as ooit aan die diens van die Here sal oorgee. Deur sy veilige terugkeer sal hy ook 'n lewende getuienis van God se genade en verbondstrou wees.

### 5. Notas

1. Vergelyk Childs (1986:200) oor die binnekoms (*entrance*) van God in die menslike lewe as 'n vaste trek in die Ou-Testamentiese geskiedvertelling. Dit sluit nie God se voortdurende teenwoordigheid uit nie, maar in.

## 22. JAKOB WORD ISRAEL

### (Gen. 32, 33)

### 1. Jakob word ingebreek, maar oorwin tog

Jakob was 'n oorwinnaar oor mense, byvoorbeeld oor Esau en Laban. Hy het Esau se eersgeboortereg en sy seën in die hande gekry, verder het hy homself by die bedrieër Laban verryk. Dit was grotendeels deur bedrog. Jakob het nog steeds nie geleer om dinge in God se hande te laat nie. By Pniël word hy egter as 't ware in die dood gewerp voor die aankomende Esau en in 'n worsteling met God (32:11; 24-20). Jakob worstel met God wat in die gestalte van 'n man aan hom verskyn. Eers nadat Jakob op sy heup geslaan en permanent 'n letsel toegedien word, word hy oorwin. Mannekrag was nie teen Jakob opgewasse nie. Maar daar was 'n groter krag wat hom ingebreek het, en dit het op 'n ander vlak gelê as liggaamlike krag en menslike vermoë. Jakob is tot geloof en skuldbelydenis gedwing; so is hy oorwin, maar daarmee het hy tegelykertyd self oorwin.

Hy hou vas aan die verbondsbeloftes wat die Here aan Abraham gegee en by Betel aan Jakob herhaal het. Die vervulling van daardie beloftes hou in dat hy die seën sal ontvang. Hy besef nou egter dat hy met bedrog na die seën gegryp het deur sy blinde vader te bedrieg. Hy besef dat hy die seën nie so kan kry nie. Daarom dring hy onwrikbaar daarop aan dat die Here self hom moet seën (32:24-26). Die Here benadruk ook daardie sonde van hom deur hom na sy naam te vra (32:27). So het sy vader ook vroeër gedoen; toe het Jakob homself as Esau voorgedoen (27:18, 19). Nou erken hy egter dat hy "Jakob" is, dat by uit homself geen aanspraak op die seën het nie. Daarby het hy hom deur sy vroeëre leuen, waarmee hy homself as aanspraakmaker voorgedoen het, onwaar dig gemaak vir die seën. Jakob oorwin dus nou deur geloofsvolharding en skuldbelydenis.

Na hierdie belydenis van Jakob by Pniël skenk God wel aan Hom die seën, nou egter nie as Jakob nie, maar as Israel. Hy ontvang die seën dus as geloofsworstelaar en geloofsoorwinnaar. So het Jakob geworstel met God en met die mense en het oorwin. Daarom is sy naam voortaan Israel (32:28). Israel beteken so iets soos : God regeer, of: mag God regeer, of: stryder van God. Die betekenis kan egter beter uit die verband afgelei word as uit die naam self.

## 2. God openbaar Homself as die soewereine, teenwoordige en lewewekkende God

Jakob vra op sy beurt na die openbaring van God se Naam. God doen dit egter nie; Hy bly soewerein. Hy bepaal self in sy vrymag hoe en wanneer Hy Hom wil openbaar. Jakob se oorwinning by Pniël beteken nie dat God iets aan hom verskuldig is of verskuldig raak nie. Die oorwinning beteken slegs dat Jakob deur skuldbelydenis en geloof God tot genade beweeg het. God bly nog die absoluut soewereine, en Jakob die absoluut afhanklike. Jakob moet besef dat hy slegs ten dele die openbaring ken. Hy moet bereid wees om hom te bepaal by wat God in sy soewereine vryheid aan hom openbaar. Die res moet hy aan God oorlaat en op Hom wag. Dit was tot dusver nie die kenmerk van Jakob se lewe nie.

By Bet-El het Jakob onder die indruk gekom van God se teenwoordigheid. By Pniël is dit nog intenser. Hy noem die plek Pniël omdat hy God gesien het van aangesig tot aangesig en sy lewe tog gered is (32:30). Hy het vroeër, soos die ander mense, geglo dat as 'n mens God sien, jy die grense van hierdie bestaan verbygesteek het. Dan kan jy nie meer hierheen terugkom nie en nie meer in die lewe bly nie.

Soos in die geskiedenis van Abraham en Isak openbaar die Here Hom egter ook nou by uitstek as die lewegewende God. Die Here is inderdaad die heilige God, daarom raak die sterflike mens deur die Here se teenwoordigheid bevrees. Tog is die Here tegelykertyd die God van lewegewende persoonlike gemeenskap. Dit geld selfs vir die mens in sy sondigheid - dit is as die mens sy sondigheid bely, soos Jakob hier moes doen. Jakob word deur hierdie lewegewende God ook liggaamlik van die dood gered: spoedig hierna sal die God die hart van Esau verander sodat hy Jakob nie doodmaak nie (33:4 e.v.).

### 3. Jakob 'n nuwe mens, en vader van die verbondsvolk

Jakob kom by Pniël as 'n nuwe mens uit die stryd te voorskyn. Hy kry 'n nuwe naam wat aandui dat daar 'n ingrypende verandering in sy lewe plaasgevind het. Hy lê sy ou lewe van selfhandhawing af en staan met 'n nuwe lewe op. Sy lewe is dus in 'n sekere sin 'n opstandingslewe.

Die nuwe naam het later die naam geword van die verbondsvolk wat uit Jakob ontstaan het. Abraham is die vader van al die gelowiges. God het eerste met hom die verbond opgerig en aan hom die beloftes gegee. Maar ook Jakob het deur die geloofstryd waarin hy oorwin het, 'n besondere plek in hierdie verbondsgeskiedenis. Hierdie naam moes nie vir die verbondsvolk 'n naam van trots en eie roem wees nie. Inteendeel, dit moes 'n blywende herinnering aan hulle wees van die gebeurtenis by Pniël. Die verbondsvolk se bestaan is slegs te danke aan die lewewekkende krag van die Here. Die volk ontvang dit net soos Jakob, onverdiend. Hulle moet dit beantwoord met 'n opstandingslewe van sondebesef en geloofsoorgawe. Verder is die bondsvolk deur hierdie naam op 'n blywende manier gewaarsku teen die ernstige gevaar waarvoor Jakob geswig het en wat die gelowiges ook gedurig bly bedreig. Dit is om God se verlossingsplan self te probeer uitwerk vanuit 'n selfsugtige gesindheid. Daarmee "steel" die gelowiges dan wat God wel vir hulle bedoel het, soos Jakob. Die gelowiges moet dus nie op God se verkiesingsplan vooruitgryp nie. Hulle moet hulle onwaardigheid voor God besef en in volkome afhanklikheid van God lewe. Verder moet hulle hulle ten volle aan Hom diensbaar stel en op Hom wag.

In die naam Israel lê daar verder 'n aanmoediging vir die verbondsvolk om soos Jakob by Pniël 'n volhardende stryder te wees. Dit moet geskied in die vertroue dat God selfs uit die dood verlos, mits daar sondebesef en geloofsoorgawe is.

## 4. Notas

1. Vriezen (1966:429): Jakob se oorwinning wys op die nie-demoniese aard van hierdie geskiedenis.

# 23. JOSEF: GOD REGEER OOR DIE LEWE VAN MENSE IN NASIES

**(Gen. 37-49)**

## 1. Josef word deur God verkies, maar die verkiesing word nie in die geloof gehanteer nie

God het Jakob se seun Josef uitverkies tot groot diens. Hierdie verkiesing is in drome aan hom bekend gemaak (37:7, 9). Dit is egter nie deur hom en Jakob in die geloof gehanteer nie. Josef was blykbaar selfvoldaan (37:10). Hy het verder nuus gedra en soos 'n verwende kind opgetree. Sy vader het hom ook voorgetrek omdat hy 'n kind van die ouderdom was (37:2, 3). Sy vader was hom dus nie behulpsaam om die regte houding in te neem nie. Vir hierdie tekortkomings sou hulle albei duur moes betaal. Deur hulle optrede word die jaloersheid van Josef se broers opgewek. Dit lei daartoe dat hulle hom haat en hom wil doodmaak (37:20). Uiteindelik verkoop hulle hom as slaaf aan die Midianiete (37:28).

Deur sy broers se optrede word ook hulle swakheid aan die lig gebring. Hulle kan hulle nie op grootmoedigheid beroep nie, maar is haatdraend. Hulle is dus nie veronregtes deur die verkiesing nie, maar is onwaardiges.

## 2. Josef word deur Jakob aan die dood afgestaan, maar terug ontvang

Josef se broers vertel aan Jakob dat 'n wilde dier hom verskeur en verslind het. So het Jakob sy seun prakties aan die dood afgestaan. Dit was met groot hartseer en in ontroosbaarheid: "Hy het geweier om hom te laat troos en gesê: Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal" (37:35). Toe Jakob na verloop van tyd die berig ontvang dat Josef lewe, het hy sy seun dus eintlik prakties uit die dood terug ontvang (45: 26-28).

Hier is iets soortgelyks aan Abraham se offer van Isak op Moria. Daar is wel hierdie verskil: Abraham moes self sy seun doodmaak. God het Abraham se geloof aan God se lewewekkende krag op die proef gestel. Op Moria is Abraham se opstandingsgeloof aan die lig gebring. Jakob hoef egter nie self

sy seun dood te maak nie. Hierdie geskiedenis lê die nadruk op wat God doen, naamlik dat Hy vir Jakob 'n lewe teruggee wat vir hom dood was. Maar albei gevalle bring aan die lig dat God se verlossingswerk die weg volg van lewewekking uit die dood.

### 3. Die Here self hou Josef vas en gee aan Hom grootheid

Die Here hou sy hand oor Josef en bring sy verkiesingsplan ten uitvoer wat Hy reeds in Josef se drome bekend gemaak het. Genesis 39 verhaal hoe Josef na Egipte gebring is en sê sommer dadelik waarom dit met Josef goed gegaan het: "En die Here was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was." Hierdie feit word soos 'n refrein in die hoofstuk herhaal (39:2, 3, 21, 23; vgl. ook v. 5).

Josef word in Egipte in 'n moeilike leerskool geplaas en deur die Here in 'n smeltkroes gewerp. Maar die Here sorg dat Josef gelouterd daaruit kom. Die Here het iets diepers uit hierdie man uitgehaal as wat volgens menslike maatstaf in hierdie swierige nuusdraer van vroeër teenwoordig was of verskuil was. Omdat die Here met hom is, betoon Josef hom hier as 'n edel en rein man wat die verleidelikste sonde kan weerstaan (39:7-10).

Josef tree ook nie later wraaksugtig teen sy broers op nie. Hy kyk nie teen menslike optrede vas nie, maar sien God se hand in die gebeurtenisse. God het dit gedoen om lewens te behou - so stel Josef sy beangste broers gerus (45:5; 50:15-21). Hy nooi hulle om saam met hulle pa in Egipte te kom woon. Josef het hulle wel eers deeglik op die proef gestel (42-44). Hy het hulle stap vir stap nader gebring aan die besef van hulle vroeëre moorddadige optrede en tot berou daaroor (42:9, e.v., veral 21-23). Hulle word nou ook daartoe gebring om vir hulle broer Benjamin by hulle pa in te staan (42:37; 43:9). Daarin vertoon hulle 'n heeltemal ander gesindheid as toe hulle hulle broer Josef so wreed behandel het.

### 4. Die Here regeer oor en in almal, ook oor alle nasies

Die Here bewys met hierdie geskiedenis dat Hy die regeerder oor alle dinge en gebeurtenisse is. Hy regeer so wonderlik dat Hy selfs die onreg gebruik om sy doel te bereik en sake tot 'n goeie einde te voer. Eers is dit die onreg wat Josef se broers hom aangedoen het, en dan die onreg by Potifar. So kom Josef in die gevangenis waar die Here groot dinge deur hom laat gebeur. Daar betoon die Here Homself as iemand wat die mens deur en deur ken, ook sy onderbewussyn en sy drome. Dit geld van dié van die skinker en bakker sowel as dié van die farao self. Die Here kan selfs daardie drome verklaar,

want Hy bepaal alle dinge. Hy lei die gang van alle gebeurtenisse en dié van die natuur met sy wolke en reën. Hy lei dit so dat Josef selfs onderkoning van Egipte word (40, 41).

God toon met hierdie gebeurtenisse ook dat die geskiedenis van sy volk nie los staan van die volkerewêreld nie. Dit speel af binne 'n groter raamwerk van volkere- en internasionale gebeurtenisse en is ten nouste daarmee vervleg. Die familie van Abraham is lede van 'n uitverkore en afgesonderde volk, maar hulle staan tog nie geïsoleerd nie. Die gelowiges is nie ván die wêreld nie, maar tog ín die wêreld en is geroepe om daar hulle lig te laat skyn.

Die Here sorg dat die uitverkore familie gedurende die lang hongersnood aan die lewe bly en dat 'n vreemde land vir hulle onderhoud sorg. Die Here red uit nood en dood.

## 5. Josef ontvang 'n lieflike seën

Op Jakob se sterfbed seën hy sy seuns, en Josef ontvang 'n lieflike seën: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob - daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met die seëninge van die hemel daarbo, met die seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers" (49:22-26). So was Josef 'n seën vir ander, en het hyself 'n ryke seën ontvang, omdat die Here met hom was en hy met die Here gelewe het.

Josef beleef dit ook dat daar 'n besondere seën aan sy twee seuns gegee word. Al is hulle deels van Egiptiese afkoms, word hulle ten volle ingeskakel in die verbondskring. Hulle sou selfs 'n besondere rol speel en later in die volksgeskiedenis in Kanaän prakties die plek van twee stamme verkry, nl. Efraim en Manasse.

## 6. Notas

1. Die Josefgeskiedenis vertoon sterk ooreenkoms met die wysheidsliteratuur. Dit doen egter niks af aan die logiese plek wat hierdie geskiedenis het in die verband waarin dit voorkom nie (vgl. Van Selms, 1967b:182).

2. Vergelyk Von Rad (1962:440,454) oor die oortuiging van die feit van God se teenwoordigheid maar ook die verskuildheid van sy optrede in hierdie geskiedenis.

# 24. EINDE VAN DIE AARTSVADERGESKIEDENIS: VREEMDELINGSKAP EN TOEKOMSVERWAGTINGS

**(Gen. 49,50)**

## 1. Die verdiepte geheim van God se weg met die bondelinge

Dit was al 'n geheimnisvolle saak dat Abraham in die beloofde land 'n vreemdeling moes bly. Nou verdiep die geheim nog verder. Jakob moet selfs die beloofde land verlaat en 'n vreemdeling in 'n vreemde land gaan word. Jakob laat iets daarvan deurskemer in sy woorde aan die farao: "Die dae van die jare van my vreemdelingskap is honderd-en-dertig jaar. Min in getal en vol teëspoed was die dae van my lewensjare, en hulle het nie gehaal by die dae van die lewensjare van my vaders gedurende die dae van hulle vreemdelingskap nie" (47:9). God het egter self daarvoor gesorg dat Jakob nie daaroor moedeloos en verward word nie. Hy het aan Jakob in naggesigte verskyn en Homself bekend gestel as: "Ek is God, die God van jou vader" (46:3). Daarmee herinner God vir Jakob aan die beloftes wat Hy vroeër aangaande die beloofde land gemaak het. Hy voeg ook daaraan toe: "Moenie bevrees wees om na Egipte af te trek nie, want Ek sal jou 'n groot nasie maak. Ek sal saam met jou aftrek na Egipte en Ek sal jou gewis ook weer laat optrek; en Josef sal jou oë toedruk". So sorg die Here dat die uitverkore familie gedurende die lang hongersnood aan die lewe bly. Hulle gaan na 'n vreemde land, maar hierdie land sorg vir hulle onderhoud in die tyd van nood.

Tog bly daar 'n geheimenis wat hiermee nog nie opgeklaar is nie. Dit is te meer die geval as ons dink aan die Here se woorde aan Abraham by die verbondsluiting : "Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie, daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank" (15:13). Jakob se nageslag sal dus uiteindelik in Egipte verdruk word. Met hierdie geskiedenis sal die aard van God se verlossingsweg met sy volk nog duideliker word. Sy verlossingsweg bestaan nie slegs daarin dat Hy aan sy volk lewe gee om die dood heen nie, maar dit is as 't ware die weg van lewewekking uit die dood (kyk die bespreking van die uittog, hoofstuk 27).

## 2. Jakob seën sy seuns

Die aartsvadergeskiedenis sluit af met Jakob as 'n vreemdeling in 'n vreemde land, maar dit sluit tog nie op 'n troostelose noot nie. Daar word inteendeel geloofsverwagtings geopenbaar en pragtige toekomsperspektiewe geopen. Dit gebeur in die seën wat Jakob oor sy seuns uitspreek en in die versoeke van Jakob en Josef om in die land Kanaän begrawe te word.

Voor sy dood kry Jakob die voorreg om sy seuns te seën, elkeen met 'n besondere seën. Dit sluit aan by die hede en die verlede en gee ook riglyne vir die toekoms. Nie almal ontvang 'n seën in die ware sin van die woord nie. Sommiges ontvang negatiewe woorde, soos Ruben, die eersgeborene. Die eersgeborene is destyds beskou as die vader se "krag en die eersteling van sy sterkte, die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag". Hy word egter van sy bevoorregte posisie onthef omdat hy met een van sy pa se vrouens omgang gehad het (49:3, 4). Moontlik het hy dit gedoen om sy bevoorregte posisie te bewys of anders om sy aanspraak daarop te verstewig, soos 'n nuwe koning wat sy voorganger se harem erf. Ook Simeon en Levi hoor harde woorde oor hulle toekoms; dit is omrede hulle gewelddadige optrede in die verlede (49: 5-7).

In hierdie laaste lewenstaak van Jakob is daar dus ook pyn opgesluit vir sy vaderhart. Sy einde is veelbewoë, net soos sy lewe was. Daarby vertolk dit ook iets van elke mens se lewe: lewensvreugde hou nie in dat 'n mens sonder teëspoed, pyn of smart is nie, maar dat jy in staat is om jou in die gees bo al hierdie dinge uit op te hef.

God gee aan Jakob 'n vérgesig in die toekoms in. Lig en vreugde beheers die hele atmosfeer van die aankondiging wat Jakob doen. Hy dui Juda aan as die vors en majesteitlike regeerder van sy broers (49: 8-12). Jakob roep uit: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees" (49: 10). Dit is nie duidelik wat die woord "Silo" in Jakob se eie situasie beteken het nie. Die profesie slaan op die koningskap in Israel, wat later ingestel sou word en wat sedert Dawid aan die stam van Juda gekoppel sou wees. Maar Jakob se profetiese gees kyk blykbaar ook die verre toekoms in, tot by Hom in wie die heerskappy van Juda sy volle vervulling sou vind. Dit is die groot messiaanse Koning wat uit hierdie stam sou kom (vgl. by. Jes. 9: 1-6; 11: 1 e.v.).

## 3. Die soewereine, verkiesende werksaamheid van God in die seën van Jakob

In Jakob se profesie oor Juda en Josef, sowel as oor die van Efraim en Manasse, kom God se verkiesende genade sterk na vore. God kan nie in sy genadewerking voorgeskryf word en aan menslike maatstawwe gebind word nie. Hy bly soewerein in sy optrede. Josef is die persoon wat die laaste gedeeltes oor hierdie aartsvadergeskiedenis beheers het. Hy is volgens menslike maatstaf die „held" daarvan. Tog is dit nie hy wat die hoofseën ontvang nie, maar Juda. Daar is in hierdie geskiedenis weinig van Juda meegedeel, behalwe dat hy by sy vader ingestaan het vir die veilige terugkeer van Benjamin uit Egipte (44:18 e.v.). Dat juis Juda hierdie besondere plek in Jakob se seën ontvang, is vanweë God se soewereine, verkiesende werksaamheid. Jakob spreek die seën nie oor sy geliefkoosde seun uit nie. God het in sy liefde wel vir Josef deur benoudhede en verdrukking gevorm tot 'n edele en kragtige figuur. God het hom 'n sieraad vir hierdie familie gemaak en hom vir groot diens gebruik. Maar in God se vrye, soewereine werksaamheid gaan Hy nou met Juda verder as dit by die groot heerskappy kom.

Wanneer Josef se seuns deur Jakob geseën word, kom die verkiesende genade van God ewe-eens na vore. Nie die oudste, Manasse, wat volgens menslike maatstaf die bevoorregte is, ontvang seën nie, maar die jongste, nl. Efraim (48:14 e.v.). So was dit ook Jakob se eie lewe. Dit mag egter nie so gesien word asof God altyd jongste bo die oudste verkies nie, net so min as wat Hy altyd die arme bo die ryke verkies. Die aartsvaders was self bemiddelde mense. Juda, wat as eintlike regeerder verkies is, was nóg die jongste nóg die oudste. God is nie gebonde nie.

## 4. Jakob en Josef se begrafniswens

Jakob en Josef verklaar albei hulle onwrikbare geloof in God en sy beloftes. Hulle begeer om in die beloofde land begrawe te word. Daarmee toon hulle hulle geloof dat die Here nog sy beloftes gaan vervul. Bowendien wil hulle in die familiekerkhof begrawe word (49:29 e.v.). Die verbinding aan God en aan die gelowiges, so glo hulle, kan selfs nie deur die dood vernietig word nie.

Met die afsluiting van die geskiedenis van die aartsvaders sluit ook die boek Genesis af. Hierdie boek, die boek van die ontstaan van alle dinge en van die mens, die boek van lewe, sluit heel ironies met "sterwe": "En Josef het gesterwe . . . ". "Sterwe" is die herinnering aan die droewe refrein wat die mens se bestaan so treffend teken (5:1-32; 11:2; 25:7, 8; 35:28, 29). So kring

die gevolge van sonde wat in die tuin van Eden begaan is, al verder uit. Dit het die laaste woord in die geskiedenis van Genesis en van elke mens.

Tog sluit Genesis met hoopvolle verwagtings. By Jakob en Josef kom daar 'n nuwe faktor by die refrein "sterwe". Hulle wil in die familiebegraafplaas begrawe word. Hulle kyk oor die dood heen na die vervulling van God se beloftes aan Abraham (12:3). Daardie beloftes was konkreet van aard: 'n nageslag, 'n land, en, soos hier deurskemer, op een of ander manier 'n voortbestaan ná die dood.

## 5. Notas

1. Vergelyk Vriezen (1966:478) oor verskillende soorte messiaanse verwagtings.

# II ONTSTAAN EN VORMING VAN DIE VOLK ISRAEL (EKS. - RUT)

## 25. MOSES WORD VIR SY TAAK VOORBEREI EN GEROEP (EKS. 1-6)

### 1. Moses word uit die dood gered en gevorm en voorberei

Die afstammelinge van Jakob het in Egipte baie vermeerder en magtig geword, en die geskiedenis van Josef was nie meer onder die Egiptenare bekend nie; die Egiptenare het bang geword dat die Israeliete vir hulle te sterk raak en ook by die vyande aansluit en teen die Egiptenare veg. Daarom het die Egiptenare die Israeliete verdruk en hulle dwangarbeid laat verrig. So het die Israeliete vir die farao die voorraadstede Pitom en Raämses gebou. Aangesien die verdrukking nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is die werksomstandighede hagliker gemaak. Uiteindelik is die vroedvroue beveel om alle Israelitiese seuntjies by die geboorte dood te maak, en toe dit nie die nodige resultaat het nie, is die bevel aan die hele volk gegee (1:1-22).

God sou egter in hierdie geskiedenis toon dat Hy regeer en dat Hy sy volk as 't ware deur die dood heen red. Hy voer sy verlossingsplan vir Israel uiteindelik deur middel van Moses deur. Moses is as seuntjie juis onder hierdie omstandighede wonderbaarlik van die dood gered. In hierdie opsig is daar 'n groot ooreenkoms tussen Moses en die Israelitiese volk. Dit geld van die Israelitiese volk se heel begin, toe Abraham uit die veiligheid van sy ouerhuis weggeroep is, en God 'n nuwe begin gemaak het met hom en Sara, ondanks hulle onvrugbaarheid en ouderdom. Dit geld ook van die verlossing uit Egipte, waar Israel as 't ware besig was om as volk in slawerny te sterwe.

Die kindjie Moses is deur 'n wonderlike sameloop van omstandighede gered, en dit deur niemand minder nie as een van die farao se eie dogters (2:1 e.v.). God het verder die farao wat sy volk se ondergang soek, gebruik om Moses vir sy taak toe te rus. Moses is na 'n aanvanklike verblyf in sy ouerhuis, deur die Egiptiese prinses verder grootgemaak. Die Egiptiese koningshof was 'n sentrum van geleerdheid, kuns en letterkunde. Vanaf antieke tye het Egipte 'n hoë beskawingspeil gehandhaaf. Daarby was dit ook in hierdie ou tyd een van die belangrikste grootmoondhede. Daardeur het Moses met die internasionale wêreld en internasionale verhoudinge kennis gemaak. As lid van die slawegroep sou Moses normaalweg van al hierdie geleenthede uitgesluit gewees het. Aan die farao se eie hof laat God 'n groot leier en staatsman vir God se volk voorberei (Hand. 7:22).

Moses het ook nie aan die Egiptiese hof ver-Egipties nie, maar het die liefde van sy eie mense behou. By geleentheid het hy selfs vir een van hulle teen 'n Egiptenaar in die bresse getree en die Egiptenaar doodgeslaan (2:12). Moses het sake dus in eie hande geneem. Hy sou egter moes leer om op God se tyd te wag en om selfverloëning te beoefen. Vanweë hierdie doodslag moes hy vlug ter wille van sy lewe. Veertig jaar later was hy nog steeds in Midian agter die skape.

## 2. Moses word vir sy taak geroep

Menslikerwys gesproke was die moontlikhede dat die Israeliete deur Moses verlos kon word, nou verby. Toe Moses nog jonk was, het hy die idealisme gehad om so iets te doen. Toe het hy ook die moontlikhede gehad, soos kontakte en vriende aan die koninklike hof, waarskynlik selfs belangrike internasionale kontakte. Toe het die Here Hom egter nie vir die taak geroep nie. Nou is hy 'n ou man, en ver van die Egiptiese hof en ander moontlikhede af; hy sien nie meer vir so iets kans nie. En tog, nou roep God Hom juis daarvoor! So toon die Here dat die verlossing van die Israeliete in die eerste en laaste plek sy eie werk is. Dit is nie 'n blote menslike heldedaad nie. Dit is iets waarin die Here self die hele inisiatief neem en wat Hy ook ten volle deurvoer. As God vir Moses roep om sy volk uit Egipte te gaan uitlei, is Moses onwillig. Hy kom met die een probleem ná die ander: hy sal nie weet wat om te antwoord as die Israeliete hom vra wat die Naam van die God is wat hom na hulle gestuur het om hulle te verlos nie (3:11-13); hy sal nie weet wat om te doen as hulle hom nie glo en nie na hom wil luister nie (4: 1); hy is nie welsprekend nie (4: 10); die Here moet enigiemand anders stuur, net nie vir hom nie (4:12).

Die Here roep Moses omdat Hy bewoënheid het oor sy volk Israel in hulle ellende en omdat Hy dink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob (2:23-25). Hy ken die nood van sy volk, Hy is nie ver van hulle af nie, maar naby hulle. Aan die ander kant openbaar Hy Hom as die heilige God, Hy is deur 'n onoorbrugbare afstand van die mens geskei. Daarom verskyn Hy aan Moses in 'n brandende doringbos wat nie uitbrand nie. Dit getuig van sy verterende heiligheid. Daarom word Moses ook beveel om sy skoene uit te trek: want hy staan op heilige grond daar waar hy voor God verskyn (3:5).

## 3. God voer die roeping van Moses deur

Soos reeds vermeld is, deins Moses vir sy taak terug en maak allerhande verskonings. Selfs as die Here hom in staat stel om deur middel van sy staf

wonders te doen, skrik hy nog vir die taak terug. Hy voel hom bowendien onbekwaam as spreker. Dit toon duidelik vir alle latere geslagte dat dit hier om God se inisiatief en reddingswerk gaan. Dit is nie 'n heldedaad van Moses nie en rus ook nie op sy vermoëns nie. God self roep Moses, berei hom voor vir sy taak, rus hom daarvoor toe en sorg dat hy ook daarin hulp kry, soos die van sy broer Aäron. Die Here sien nie af van sy eis dat Moses moet gaan nie (4:14-17).

Moses gaan dus toegerus na die volk in Egipte toe om hulle oor te haal om saam met hom te trek. Die Here berei Moses voor en berei ook die weg voor: as Moses in Egipte kom, glo die volk hom en aanbid hulle die Here omdat Hy hulle in hulle ellende aangesien het (4: 31). Die Here gee egter nie aan Moses die versekering dat daar geen probleme op die pad gaan wees en dat alles voorspoedig sal verloop nie. Inteendeel, die Here sê duidelik dat die farao nie bereid sal wees om die volk te laat trek nie (3: 19). Dit word ook sommer gou duidelik dat Moses se volk 'n halfslagtige volk is sonder deursettingsvermoë, en met baie verwyte. Die farao weier die versoek van Moses en die volk; hy maak die dwangarbeid nog harder. By hierdie eerste terugslag roep die Israeliete reeds die oordeel van God in teen Moses en Aäron omdat hulle die Israeliete gehaat gemaak het by die farao en sy dienaars (5:19-21).

Moses moet die saak egter aanpak in die geloof in die wondermag van God (3:20). God het Homself juis aan Moses by sy roeping bekend gemaak as Jahwe, Hy wat reddend teenwoordig is by sy volk (3:14, 15). Moses het van Hom die versekering ontvang dat Hy met hom sal wees (3:12).

### 4. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:169) oor God se leiding van die historiese gebeurtenisse.

## 26. GOD OPENBAAR HOMSELF MET DIE VERBONDSNAAM JAHWE

**(Eks. 3, 6)**

### 1. 'n Nuwe openbaring

Die Israeliete het in Egipte onkundig geraak oor God, onder meer omrede die slawerny. Hulle was in so 'n mate onkundig dat hulle 'n nuwe openbaring

aangaande God moes ontvang. Een van Moses se besware waarom hy nie kans gesien het om Israel uit Egipte te gaan uitlei nie, het ook hiermee te doen gehad. Hy was bang hulle vra Hom dalk hoe die Naam van die God van die vaders is wat hom na hulle gestuur het.

God maak Hom by die roeping van Moses bekend as Jahwe (3:13-15). Volgens 6:2 het God aan Moses gesê: "Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam Jahwe het ek My nie aan hulle bekend gemaak nie". Hierdie woorde moet waarskynlik so verstaan word dat, hoewel die Naam Jahwe vroeër gebruik was, die volle diepte en rykdom daarvan eers vanaf die roeping van Moses bekend geword het. Genesis 4:26 vermeld dat die Naam van Jahwe reeds van die dae van Set se seun Enos af aangeroep is. Dit is egter nie duidelik of die mense bepaald die Naam Jahwe gebruik het nie. Dit kan eenvoudig beteken dat hulle vir God begin aanroep het, Hom wat later veral onder die Naam Jahwe aanbid is.

## 2. Openbaring sowel as verberging

Die naam Jahwe is by uitstek God se verbondsnaam. God koppel hierdie Naam direk met die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob, hulle met wie Hy sy verbond gesluit en aan wie hy dit telkens herhaal het. Die Naam word juis aan Moses geopenbaar as hy geroep word om Israel uit Egipte te lei, Israel met wie God die bekende verbondsluiting by Sinai sou doen. Hierdie Naam sou in die res van die geskiedenis dan ook baie sterk met die verbond gekoppel wees.

In hierdie Naam lê spanningsvolle elemente opgesluit. Dit word duidelik as ons let op die manier waarop God Hom aan Moses as Jahwe openbaar. Hy weier naamlik Moses se versoek om sy Naam te noem en sê eenvoudig: "Ek is wat Ek is". Hy handhaaf daarmee sy absolute soewereiniteit en bepaal self wát Hy oor Homself wil openbaar en hoe Hy Hom openbaar. Dit lê in lyn met sy eis dat Moses sy skoene moet uittrek as hy Hom nader (3:15). Met hierdie eis benadruk God sy heiligheid, onbereikbaarheid en onbegryplikheid. Daarom kan Hy nie deur 'n naam omvat word nie. Hy kan ook nie deur 'n naam ingesluit word nie; sy Naam kan nie as 'n soort magswoord of towersleutel gebruik word om vir die Israeliete verlossing te bewerkstellig nie. God bly vry in sy optrede; daar moet op Hom persoonlik vertrou word.

Aan die ander kant kom God tog Moses se versoek tegemoet om Homself in 'n naam te openbaar. Hy neem daarvoor juis 'n deel van die ontwykende woorde, nl. "Ek is". Daarmee dui Hy sy almag aan, asook sy onveranderlikheid en getrouheid, sy lewende en lewewekkende teenwoordigheid by sy volk en

sy verbondenheid met hulle. Hy wat is en wat alles laat "wees" het (Gen. 1), sal sy volk wat in die ondergang gestort is (1:13 e.v.), lewewekkend uit hulle ellende red (2:23-25). In die Naam Jahwe sit daar dus Goddelike verberging sowel as openbaring.

## 3. Die lewende God in lewende verbondenheid met sy volk

God gebruik hier drie benaminge om Homself aan te dui, nl. "Ek is wat Ek is", "Ek is" en "Jahwe" (3:14, 15). Al drie is variasies van dieselfde Hebreeuse woordstam "is" of "wees". Die woord "is" dui nie slegs aan dat God bestaan nie, maar ook dat Hy alles laat wees of bestaan (Gen. 1), en ook dat Hy teenwoordig is. Hy is ook nie bloot passief teenwoordig nie, maar aktief, dinamies: beskermend, reddend, vertroostend. Die Here bemoedig byvoorbeeld vir Moses deur te sê dat Hy met hom sal "wees" as hy gaan om die volk te laat trek (3:10). So troos en bemoedig God dikwels ook ander mense, byvoorbeeld die volk Israel (Jes. 43: 5).

In die Naam Jahwe lê daar dus die gedagte van verbondenheid. Dit blyk ook uit God se nadere verklaring van die Naam Jahwe: Hy is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob (3:15). Hy is persoonlik aan hulle verbind en handhaaf daardie verbondenheid. Al is hulle nie meer daar nie, verbind Hy Hom nog aan hulle nageslag en bring die verbondsbeloftes tot vervulling (2:24). God is dus ook die lewende God; mense sterf en verdwyn, maar Hy nie. Hy bly, dwarsdeur die geskiedenis.

Die Naam Jahwe is 'n eienaam. Die feit dat God Hom met 'n eienaam kan openbaar, hang daarmee saam dat Hy 'n persoonlike God is. Dit word in die O.T. sterk benadruk. Die Naam van God moet dan ook eg persoonlik benader word. Die benadering moet vry wees van enige magiese beskouinge asof die Naam 'n magiese krag het en vir magiese doeleindes gebruik kan word, soos byvoorbeeld om daarmee 'n vloek op mense te lê. Jahwe is anders as die gode van die nasies.

## 4. Die skryfwyse en uitspraak van die Naam Jahwe

Die Naam Jahwe is in die verlede vir 'n lang tyd verkeerdelik as Jehowa geskryf en uitgespreek. Dit was vanweë 'n verwarring met die vokale van die woord Adonai, d.w.s. Here, wat net soos in Afrikaans die meervoud van Heer is. Die latere Jode het naamlik vanweë 'n oordrewe respek nie meer die Naam Jahwe gebruik nie. In die geskrewe teksoorlewering is die Naam Jahwe egter wel behou, maar voorsien van die naam Adonai se vokaaltekens. Vir elke Jood was dit duidelik dat Adonai gelees behoort te word.

Toe die studie van die oorspronklike tale van die Bybel, naamlik Hebreeus en Grieks, in die sestiende eeu begin opleef het, was hierdie feit nie meer bekend nie. Daarom is die woord Jahwe gelees met die vokaaltekens wat daarby geplaas is. Dit het gelei tot die uitspraak Jehowa. Hierdie uitspraak word vandag nie meer in akademiese studie toegelaat nie.

(Die eerste vokaal van Adonai, naamlik a, is omrede die aard van die medeklinker waarby dit staan in die woord Jahwe, aangepas tot e. Dit vereis egter kennis van Hebreeus om die verwisseling van die vokaaltekens te begryp.)

Die Griekse vertaling van die O.T., die Septuagint, wat voor die tyd van Christus al ontstaan het, het die Naam Jahwe vertaal met die vertaling van Adonai, naamlik Kurios (Here). Hierdie gebruik is deur die skrywers van die N.T. oorgeneem. Om hierdie rede is dit ook in die Afrikaanse vertaling so gedoen; in die skryfwyse is dit egter met hoofletters weergegee, naamlik met HERE, om dit te onderskei van Adonai (Here). Die hoofletters wil dus sê: die geskrewe Naam is Jahwe, maar dit moet gelees word as Adonai (Here). Daar bestaan dus in werklikheid nie 'n hoofletternaam HERE nie. Daarom het die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel dieselfde gedoen as die Septuagint en die N.T., naamlik deur eenvoudig Adonai te lees in plaas van Jahwe, en dit met Here te vertaal (met kleinletters).

## 4. Benaminge vir God

Die drie algemeenste name vir God en die betekenis van hierdie name in die O.T. kan soos volg saamgevat word:

Elohim - God - Skepper;

Adonai - Here - Heer, Besitter, Onderhouer, Regeerder;

Jahwe - Here (HERE) - God wat 'n verbond met sy volk Israel het.

Hierdie name is sinonieme en dui nie net een hoedanigheid van God aan nie, maar benádruk wel partykeer een hoedanigheid. Baie keer word die name ook in algemene betekenis algemeen gebruik en benadruk dan nie die onderskeie hoedanigheid nie. Soos hierbo aangedui is, het die name Adonai en Jahwe uiteindelik selfs heeltemal verwisselbaar geword. Soos by alle sinonieme bepaal die sinsverband of die onderskeidende betekenis aksent ontvang of nie.

Partykeer word 'n kombinasie van die name gebruik, byvoorbeeld Adonai Jahwe. Hierdie naam dui op God se almag en verhewenheid. Daar word ook verskillende ander name vir God gebruik, soos die Allerhoogste; Jahwe Sebaot=Here van die leërskare, of Here Almagtige; El=God; El Sjaddai=God die Almagtige; en andere.

## 6. Notas

1. Vriezen (1966:192-198) sê tereg dat in God se bekendmaking aan Moses (Eks. 3:13 e.v.), die eintlike en kenmerkende van die Ou-Testamentiese openbaring vervat is. Jahwe se antwoord aan Moses kom neer op: "Wie Ek ook as, Ek is daar, reken op My!". Die Bybelse openbaring is dat God self na die mens toe kom, dat Hy Homself aan die mens bekend maak as Hy wat vir hom is, hoe dan ook. Verder, die God wat Hom openbaar, stel Hom in die ek-vorm voor, en Hy praat 'n woord wat na 'n daad heenwys. God word hier alleen na sy "aktualiteit" aangedui, nie na sy wese self nie. God is nie 'n lewelose abstraksie, 'n "Synde" of 'n "ewige syn" in die Griekse sin van die woord nie. Inteendeel, God is steeds die aktuele. Israel was bewus van die wonder van God se wese in sy ongenaakbare transendensie én sy teenwoordigheid.
2. Vergelyk oor die voorafgaande ook Von Rad (1962:180-185). Hy sê verder dat hierdie naam vir Israel nooit 'n "misterie" geword het waartoe alleen die ingewydes toegang het nie. Inteendeel, Jahwe moet aan die wêreld bekendgemaak word. Voorts: "Israel. was not in a position to appropriate the name of Jahweh and make it the object of an abstruce mythology or of speculation: in was to be understood only in historical experience".
3. Vergelyk hieroor verder Eichrodt (1961:187, 191, 206, 208). Hy sê onder andere dat die Goddelike naam wat deur Moses aangekondig is, op 'n treffende manier ooreenstem met die vroeëre Hebreeuse benamings vir God. Dit is gekant teen alles wat bloot naturalisties en deel van die fenomene wêreld is, iets wat so kenmerkend van die El-aanbidding is. Deur sy eie daad om 'n naam aan Homself te gee, kies God om beskryf te word as die definieerbare, die bepaalde, die indiwiduele. Op hierdie wyse verset die geloof van Israel hom teen 'n abstrakte begrip van die Godheid sowel as teen 'n naamlose "grond van die syn". Beide die intellektualistiese en die mistieke wanopvattings oor God word verwerp. Hierdie God is buite bereik van enige menslike druk en behou sy vryheid teenoor die mense wat Hom aanroep.
4. Terrien (1978:109-119) stel dat daar in Eksodus 3 geen aanduiding is dat die heilige grond heilig bly ná die Godsverskyning nie. Die "heilig" is nie 'n permanente hoedanigheid wat verbind is met topografie, soos te Bet-El, Sigem of Sionsberg nie. Verder: Hebraïsme is nie 'n religie van die oog nie maar van die oor; en: die Godsnaam dra die konnotasie van Goddelike teenwoordigheid, maar dit gee aan hierdie teenwoordigheid ook 'n kwaliteit van ontwykendheid (*elusiveness*). *God is Deus revelatus atque absconditus*.

# 27. DIE BETEKENIS VAN DIE UITTOG EN VAN MOSES IN DIE OPENBARINGSGESKIEDENIS

**(Eksodus)**

## 1. Die uittog is 'n motief in die O.T.

Die uittog uit Egipte is van die allergrootste betekenis in die geskiedenis van Israel en dit vorm 'n motief dwarsdeur die O.T. Psalmdigters, profete en ander verwys gedurig na hierdie gebeurtenis terug as die groot verlossingsdaad van God in die openbaringsgeskiedenis. Dit bly die toonbeeld van God se almag en verlossende genade.

Dit bly ook die grond waarop Israel telkens weer pleit dat God hulle in genade moet aansien en hulle uit hulle nood moet verlos. Hulle loof God ook vir hierdie gebeurtenis wanneer Hy hulle uit ander nood verlos het.

God het Hom deur die uittog betoon as God wat volle mag uitoefen oor die natuur en oor alle verskynsels, hoe misterieus hulle ook al mag wees. Hy het verder ook alle mag oor so 'n magtige wêreldvolk soos Egipte, en oor sy regeerder. God regeer selfs oor die innerlike en die wil van die mens.

Die gebeurtenis van die uittog staan ook onafskeidelik verbonde aan die tien gebooie. Telkens wanneer die tien gebooie gelees is, is die uittog in die inleiding genoem. Dit het ook 'n belangrike plek in Israel se geloofsbelydenis gehad (Deut. 26: 8). Tot vandag toe is die uittog 'n deel van die inleiding tot die tien gebooie en word dus elke Sondag by die afkondiging van die wet gehoor (Eks. 20:2). Ook die toekomstige verlossing is in die O.T. dikwels in terme van die uittog beskryf.

## 2. Die uittog getuig van lewewekking en versoening

God het aan Abraham die verbondsbelofte gedoen dat uit Hom 'n nasie gebore sou word (Gen. 12:2). Dit sou in Egipte moes gebeur. In die tyd van die aartsvaders was daar nog nie 'n nasie nie, maar net 'n familie. In Egipte het die ontstaan van die nasie ook nog nie werklik plaasgevind nie. Die Israeliete was nog 'n slawegroep met 'n slawementaliteit. Dit kom byvoorbeeld selfs ná hulle verlossing uit Egipte duidelik tot uiting. Byna elke keer as hulle teenspoed ondervind tydens die woestynreis, skram hulle weg vir die verantwoordelikheid. Hulle verlang terug na Egipte waar hulle swaar gehad het, maar waar hulle deur hulle oorheersers van kos voorsien is.

Dit was asof die geleentheid vir nasiewording in Egipte besig was om verby te gaan. Dit was soos vroeër by Abraham, toe was die geleentheid dat die verbondskind Isak gebore moes word, ook besig om verby te gaan. Die situasie in Egipte was vir Israel meer en meer soos 'n verstorwe moederskoot. Ook dáár sou die geboorte van die volk en die verlossing van die verbondslyn, alleen deur 'n goddelike wonder kon geskied.

Daarby het die Israeliete in Egipte onkundig geraak oor God en het hulle godsdienstig in 'n doodtoestand gekom (Eseg. 16). God moes selfs 'n nuwe openbaring aan hulle doen en Hom in 'n naam aan hulle bekend maak, nl. Jahwe.

God laat die volksgeboorte van Israel as 'n wondergeboorte plaasvind. Hy kloof die Rietsee sodat die Israeliete uit die dood van slawerny na vryheid kan trek. Die verlossing vereis versoening. In hulleself verdien die Israeliete om te sterwe; hulle word alleen gered deurdat 'n paaslam vir hulle geslag word. Dit is dus nog presies die openbaringslyn soos by die roeping van Abraham en by die geboorte en by die offer van Isak op Moria. Dit is die weg van versoening en lewewekking. Net soos in die geval van Abraham vereis dit geloof, die Israeliete word alleen gered as hulle glo en die paaslam se bloed aan hulle deurkosyne smeer.

God het Israel dus nie verlos net omdat hulle verdruk en arm was nie. Die verlossing behels ook nie net liggaamlike, stoflike en nasionale redding en voorspoed nie. God vorm 'n volk of gemeente, wat Hom in die geloof dien. Hierdie feit weerlê die horisontalistiese teologie wat aan hierdie laaste elemente weinig of geen aandag gee nie. Hierdie teologie stel hoofsaaklik belang in maatskaplike en staatkundige verlossing en nie soseer daarin om God self, as Persoon, direk en doelbewus te dien nie.

### 3. Die betekenis van Moses

Moses was 'n man van buitengewone formaat en is van besondere betekenis in die openbaringsgeskiedenis. Hy was 'n ware diensbare en geduldige leier vir sy volk en was goed toegerus vir sy taak. Sy opvoeding in Egipte het aan hom 'n besondere toerusting verskaf en daarby het God hom by sy roeping in Midian met spesiale vermoëns begiftig.

Moses was 'n verbondsmiddelaar tussen God en sy volk en het in drie ampte tegelykertyd gestaan, hoewel nie in een daarvan in die gewone sin nie. Hy het profetiese, priesterlike en koninklike funksies vervul. Deur hom het God

sy goddelike wil bekend gemaak (Eks. 20; Hos. 12:14). Moses het priesterlik vir die volk ingetree (Eks. 17, 32) en het oor die volk geregeer (Eks. 18).

Moses was die afkondiger van die tien gebooie wat die grondslag van die verbondslewe van die volk van God is en wat tot vandag toe gereeld aan God se volk voorgelees word.

Moses se werk is so belangrik dat die toekomstige verlossingsgebeurtenisse dikwels in terme daarvan beskryf is (vgl. bv. Jes. 11; Jer. 23:5-8; Miga 7:15). Op die berg van verheerliking was dit Moses en Elia wat saam met Jesus verskyn het. Hulle verteenwoordig saam die hele Ou-Testamentiese bedeling, naamlik wet en profete (Mal. 4).

Tog is Moses 'n blote mens in God se diens. Die geskiedenis van die uittog en die woestynreis word dan ook nie beskryf as die geskiedenis van menslike heldedade nie. Dit is die geskiedenis van hoe God sy heerskappy oor sy volk en sy gemeenskap met hulle deurvoer ondanks alle hindernisse. Dit is ook hindernisse in die volk, selfs in Moses. Moses is wel "die man van God", omdat hy deur God geroep is en in God se diens staan (Deut. 33:1; Jos. 14:6). Daarom word hy ook "kneg van die Here" genoem (Jos. 1: 1). Dit druk 'n besondere intieme verhouding met God uit en word ook van die profete gebruik. Tog is Moses maar net 'n mens, soos benadruk word in die uitdrukking "die man Moses" (Num. 12:3). Die Bybel teken hom nie as 'n volmaakte persoon nie, maar as een wat hom ook teen God besondig het. Daarom kon ook hy nie die beloofde land binnegaan nie. Daar is inderdaad geen mens wat nie sondig nie (1 Kon. 8:46). Die ware middelaar sal iemand meer en groter moet wees as selfs hierdie groot gestalte.

## 4. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:175-176) oor die sentrale en konfessionele aard van die uitdrukking "Jahwe het sy volk uit Egipte bevry" in die Ou Testament. Israel het hierdie feit nooit vergeestelik nie. Vergelyk verder Vriezen (1966:209).
2. Stek (1978:133-165; vgl. veral 148,149): Die weg van verlossing in die Ou Testament is nie uit Egipte uit en in Kanaän in nie, maar uit Egipte uit en in die woestyn in - en na Sinai toe! Die weg is: uit Egipte in die woestyn in om Israel te leer dat die mens nie van brood alleen kan lewe nie, maar van elke ding wat uit die mond van Jahwe uitgaan.
3. Von Rad (1962:188): "The decisive and pre-eminent factor in the coalescing and aggregation of the many traditions was their common attachment to a place (Sinai), and to a person (Moses)".

4. Zimmerli (1972:49, 51-53 = 1978:59-64): Israel het God se bevestiging van sy bestaan nie in 'n verborge geestelike ervaring ervaar nie, maar in 'n konkrete historiese verlossing en het dit in 'n loflied besing (Eks. 15:21). Oorwinning in die militêre stryd is gesien as 'n gawe van God. Jahwe is egter nie bloot 'n Oorwinningsgod van Israel nie; oorwinning bly 'n gawe van Jahwe, nie 'n verpligting nie. God se ja aan sy volk se bestaan is ook nie bloot aan oorwinning en neerlaag van Israel as politieke grootheid gemeet nie. In die apokaliptiek tree sterk na vore dat Jahwe se eindoorwinning geen militêre hulp van sy volk nodig het nie. Jahwe tree hierin heeltemal alleen op.

## 28. DIE UITTOG EN DIE PAASFEES

(Eks. 6-15)

### 1. Die Here betoon Hom as die absolute heerser oor die natuur en oor die mens

As die farao weier om die Israeliete te laat trek, laat die Here natuurwonders plaasvind om die Egiptenare daartoe te oorreed. Daarmee betoon Hy Hom as absolute maghebber oor die natuur. Sommige wonders kon ook deur die Egiptiese towenaars nagedoen word, maar dié van Moses en Aäron was tog beheersend (7:10-12; 20-22; 8:7; 8:18). Watter misterieuse kragte daar ook mag wees, die Here beheers alles, en daar kan ten volle op Hom vertrou word. Die Egiptiese towenaars het magteloos gestaan om iets aan die beproewing wat deur die wonders oor Egipte kom, te verander. Die Here het met hierdie wonders ook sy mag oor die Egiptiese gode betoon, want die Egiptenare het hulle gode vereer as gode wat die natuurkragte beheers, en veral die Nyl. Die Here bewys dat alleen Hy God is.

Die Here voer nie net heerskappy oor uiterlike magte nie, maar ook oor die hart van die mens. Hy maak die farao koppig sodat hy nie luister nie (4:21). Deur hierdie weiering skep God die geleentheid om die grootheid van sy wondermag nog duideliker te openbaar in die voortgesette wonderwerke. Die feit dat die Here die farao koppig maak, moet egter nie so verstaan word dat die Here die skuld daarvoor dra dat die farao nie gehoorsaam is nie. Dit is nie so dat die farao eintlik sou wou gehoorsaam het, maar nou deur die Here magteloos gemaak is nie. Dit beteken egter dat die Here ook hierdie vors se innerlike gesteldheid heeltemal opneem in sy goddelike beplanning en dat Hy die vors nog verder aan sy verharding oorgee. Die farao was trouens self ook koppig (8:15; ook 7: 22).

Die Here beproef ook sy volk of hulle Hom as hulle absolute heerser erken, die heerser wat volle seggenskap oor hulle lewens het. Daarom bewerk Hy dit so dat Moses en Aäron se werk nie onmiddellik redding bring nie, maar inteendeel veroorsaak dat die Israeliete nog swaarder kry (5: 6-9). Die Here beproef hulle sodoende of hulle onder alle omstandighede op Hom vertrou en op Hom wag, ook as dit sleg gaan. Hy laat dit tegelykertyd vir hulle tot 'n leerskool dien. Dit is die eis van die geloof dat 'n mens God se heerskappy en sy wil eerste moet stel en jou gewillig daaraan moet onderwerp. Dit geld ook as dit vir 'n mens teenspoed bring. Godsdiens beteken in die eerste plek dat ons in God se diens staan, nie Hy in ons diens nie. Dit gaan in die eerste plek om die koninkryk van God.

## 2. Die Israelitiese eersgeborenes word van die dood verskoon

Die wonders wat God in Egipte doen, werk na 'n klimaks toe op. Dit word al intenser, kom al nader na die mense self en eindig met die dood van hulle eersgeborenes. Die Israelitiese eersgeborenes word egter deur die Here van die dood gered. Deur hulle te spaar bewys die Here sy genade aan die hele volk, want die eersgeborenes is die eintlike verteenwoordigers van die gesinne en families. Die feit dat die Israeliete nie sonder meer deur die doodsengel oorgeslaan word nie, maar alleen as daar bloed aan die deurkosyne gesmeer is, bewys dat die Israeliete ook in werklikheid die dood skuldig is. Dit is net God se genade en verbondstrou wat hulle red. En dit gebeur deur versoening van hulle sondes, soos gesimboliseer in die bloed van die geslagte lam.

Die Israeliete se redding is dus 'n redding uit die dood. Dit is 'n redding uit die doodstoestand van slawerny en uit die dood wal hulle saam met alle ander mense en nasies skuldig is. Alle mense is sondaars en is die dood skuldig.

Die Here vereis dat die Israeliete moet glo. En die geloof moet gestalte kry in 'n daad. Hulle moet 'n lam slag en die bloed aan die deurkosyne smeer (12:7, 23).

Ook die manier waarop die Here die Israeliete uit Egipte verlos, toon dat die redding as 't ware deur die dood heen plaasvind. Die Here lei die Israeliete nie met die gewone pad uit Egipte nie, maar lei hulle teen die Rietsee vas terwyl Egiptiese agtervolgers op hulle hakke is. Dit beteken dus prakties dat God hulle reg in die dood in lei. Hierdie geskiedenis bewys dat die gelowiges hulle met volle vertroue moet oorgee aan die Here. Hy is die lewende God wat oor lewe en dood beskik.

### 3. Die paasfees word gevier en as 'n altyddurende insetting ingestel

Die Here beveel die Israeliete om by hierdie geleentheid 'n jaaroud boklam of skaaplam wat sonder gebrek is, te slag en dit met kop en pootjies oor die vuur te braai. Alles moet dan voor die volgende oggend opgeëet word (12:5-10). Dit moet haastig geskied en die Israeliete moet aangetrek wees vir die reis. Dit is 'n Pasga van die Here (12:11, 12). Die woord beteken verbygaan. Dit dui daarop dat die Here deurtrek om die Egiptenaars te tref, maar dat Hy die engel wat die dood veroorsaak, by die Israelitiese eersgeborenes laat verbygaan (12: 23).

Sewe dae bank moet ongesuurde brode geëet word en op die sewende dag mag geen werk gedoen word nie (12:15-17). Dit moet as 'n ewige insetting in die geslagte geld. By hierdie geleentheid moet die verlossingsdaad van die Here aan die kinders vertel word (12:17, 24-27; 13:8-15). Die kinders moet diep onder die indruk van God se verlossingswerk gebring en daarin opgevoed word.

Die Here behou sy aanspraak op die eersgeborenes onverswak. Die eersgeborenes van alles en almal in Israel moet aan Hom geoffer word. Hy stel egter 'n plaasvervanger vir die eersgeborenes van mense in. Hulle moet losgekoop word deur 'n lam (13:1, 2, 13). Geen mens mag ooit aan God as offer gebring word nie. Later het die Leviete in die plek van die eersgeborenes gekom en hulle was ten volle aan die diens van die Here gewy. In die N.T. word Jesus Christus gesien as die ware Paaslam wat vir die sonde van die mens op Golgota geoffer is (1 Kor. 5:7; 11:23-26).

### 4. God red sy volk by die Rietsee en word in dankbaarheid geloof

Die Israeliete word by die Rietsee in doodsnood gebring. Die Here kloof egter die see in twee en laat die Israeliete droogvoets daardeur trek maar die Egiptiese agtervolgers daarin omkom (14:9-12, 17-31). So betoon die Here Hom as die almagtige Verlosser van sy volk. Sy redding is 'n redding deur die dood heen. Die redding in die Rietsee gee dus belangrike lig op die aard van verlossing. Vir die Nuwe-Testamentiese gelowige vind dit gestalte in die doop (1 Kor. 10: 1, 2).

Ná die wonderbare redding en deurtog deur die Rietsee sing Moses en die Israeliete 'n indrukwekkende oorwinningslied tot eer van die Here (15:1 e.v.). Die Here se doel met die verlossing is om Homself te verheerlik (14:17). Sy koninkryksheerskappy is van die aard dat Hy mense in hulle harte roer en hulle tot ware dankbaarheid en aanbidding beweeg.

## 5. Notas

1. God se wonderlike optrede word selfs in die gewone, alledaagse gebeurtenisse gesien. Wonders is 'n bewys dat die geskape orde heeltemal afhanklik is van die wil van Hom wat dit in aansyn geroep het. Daar word nie gedink in terme van 'n verbreking van die wette van die natuur nie (vgl. Eichrodt (1967:162-167).
2. Vergelyk die kommentare oor die begrip heiligdom in Eksodus 15:17.

# 29. GOD SE VERBOND MET ISRAEL BY SINAI - AGTERGROND EN AARD VAN DIE VERBOND

**(Eks. 19)**

## 1. God se verbond toon ooreenkoms en verskil met destydse verbonde

Daar is groot formele ooreenkoms tussen die Here se verbondsluiting met sy volk by Sinai, en die staatsverdrae uit die tweede helfte van die tweede millennium v.C. Verklaarders wys in verband met die tien gebooie op die volgende ooreenkomste, hoewel daar oor sommige aspekte daarvan meningsverskil bestaan: die woorde "Ek is die Here jou God" kom formeel ooreen met die inleidings van die vasalverdrae, hoewel die inleidings onderling in aard verskil. Die vasalverdrae het 'n historiese proloog, soortgelyk aan die woorde: "wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het". Dan volg die verbondsbepalings, soortgelyk aan die gebooie. Daar is bepalings dat die verbondsdokument bewaar en voorgelees moet word. Dit word nie in die verbondsluiting by Sinai vermeld nie, maar ander tekste sê dat Moses die woorde en insettinge opgeskrywe het (Eks. 24:3) en dat God self die tien gebooie opgeteken het (Eks. 24:12; 32:15, 16; 34:28). Die vasalverdrae maak voorsiening vir getuies, maar God het geen getuies nodig nie. Hy sweer by Homself (Gen. 22: 6). Daarom kom dit nie in die verbondsdokument voor nie. Daar word wel elders op beeldsprakige wyse die hemel en die aarde opgeroep as getuies teen die ontroue volk (Deut. 31:28; Ps. 50:4; Jes. 1:2). Die vasalverdrae bevat verder seëninge vir die onderhouding van die verdrag en vervloekinge vir die verbreking daarvan. In die tien gebooie kom elemente hiervan voor aan die einde van die tweede, derde en vyfde gebod, asook aan die einde van die sogenaamde Verbondsboek (Eks. 23:20-33).

Die Here het dus by 'n aktuele gebruik aangesluit om sodoende sy verbond met sy volk duidelik verstaanbaar te maak. Met hierdie inkleding van sy

verbond het sy soewereiniteit ook besondere nadruk ontvang, want in die vasalverdrae het die "groot konings" hulle wil op die onderhoriges afgedwing.

Die Here se verbondsverhouding is egter tog wesenlik anders as dié van die vasalverdrae. Anders as die "groot konings" het die Here hierdie mindere party in die verbond beslis gered. Hy het dit ook nie uit selfbelang gedoen nie, maar uit vrye genade. Hy het inderdaad hulle welsyn op die oog gehad en het hulle aan Hom persoonlik verbind as sy enigste ware volk. Aan die ander kant het Hy Homself aan hulle verbind as hulle God.

## 2. God is nie 'n gelyke verbondsvennoot nie, maar het alle inisiatief

Die verbondsluiting by Sinai rus in 'n goddelike verbintenis wat reeds bestaan het. Voor hierdie verbondsluiting was God alreeds verkiesend en verlossend aan sy volk werksaam. Hy het hulle toe alreeds wonderdadig uit Egipte verlos en hulle op arendsvlerke gedra en na Hom toe gebring (19:4). Deuteronomium 7:7, 8 stel dit soos volg: "Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die Here julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die Here julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos". Die verbondsluiting word dus daardeur gekenmerk dat die Here die volle inisiatief neem en geen gelyke vennoot is nie. Dit is Hy wat die volk gered het, Hy het hulle nou na Hom toe geroep vir 'n verbondsluiting, Hy stel die verbondsbepalings op. God alleen is aan die woord. Die volk se aandeel bestaan alleen daarin dat hulle die verbondsbepalinge beaam en die eise gehoorsaam. Dit is tipies van die verbondsverhouding dwarsdeur die O.T. Daarom kan daar nie van God as 'n verbondsvennoot (of *verbondspartner*) gepraat word nie, behalwe met 'n baie groot reserwe. Hierdie beperking word in die hedendaagse teologie dikwels nie genoeg gerespekteer nie.

## 3. God se verkiesende genade moet in belydenis en verbondsgehoorsaamheid beantwoord word

God se toegeneentheid teenoor sy volk en sy verkiesende en verlossende werksaamheid aan hulle, werk nie meganies of outomaties nie. Dit raak 'n persoonlike verhouding en dit behels verantwoordelikheid. Daarom sluit God 'n verbond met die volk. By die verbondsluiting moet hulle sy verkiesende werksaamheid persoonlik aanvaar en dit openlik bely. Hulle moet na God luister en die verbondbepalinge onderhou.

Die goddelike verkiesing sluit dus nie uit dat God voorwaardes aan sy volk stel nie. Hy sê inteendeel: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees" (19:5). Die verhouding kan ontbind word as die volk nie die verbondsbepalings nakom nie. Die menslike verantwoordelikheid verval dus nie, maar hierdie menslike aandeel is tegelykertyd ten diepste die vrug van die goddelike inisiatief en werksaamheid. Dit is God wat hulle na Hom toe gebring het nog voordat Hy hulle die verantwoordelikheid opgelê het (19:4).

## 4. God handhaaf sy seggenskap oor Israel en die volke

Die Here stel dit duidelik aan Israel dat Hy enige volk as sy eiendom kon kies as Hy sou wou. Die hele aarde is Syne (19:5). Hy het as skepper reg daarop. Bowendien het Hy 'n besondere seggenskap oor Israel, want Hy het hulle uit Egipteland gered. Hulle is sy besondere eiendom uit alle volke. Hulle moet daarom vir Hom 'n heilige nasie wees (19:6), dit wil sê, hulle moet vir Hom afgesonder en aan Hom toegewy wees. Dit moet gestalte kry in onderhouding van die verbondsbepalinge.

Hulle afsondering beteken nie dat hulle hulle heeltemal moet isoleer en van die nasies moet afsluit nie. Hulle moet inteendeel 'n koninkryk van priesters wees. Dit beteken onder meer dat hulle 'n priesterlike taak teenoor die nasies het: hulle moet die nasies met God versoen. Hier word dus 'n sendingtaak vir Israel geïmpliseer.

So handhaaf God sy seggenskap oor Israel en die volke. Hy is die heerser wat oor almal gesag voer. Die verbondsluiting word ook gekenmerk deur 'n atmosfeer van goddelike heiligheid. Daar is geweldige afstand tussen God en die volk (19:10-12). Aan die ander kant is daar tog ook tegelykertyd 'n intieme verbondenheid.

## 5. Die verbond behels 'n intieme, persoonlike verhouding

Die intieme verbondenheid tussen God en sy volk is 'n persoonlike verbondenheid. Die Here herinner die volk daaraan dat Hy hulle uit Egipteland gered en "dat Ek julle ... na My toe gebring het" (19:4). Hy red hulle sodat hulle by Hom kan wees en met Hom kan leef. Dit is 'n lewe in gehoorsaamheid aan sy verbondsbepalinge. God is dan ook persoonlik by die verbondsluitingseremonie teenwoordig, en die volksverteenwoordigers "aanskou" Hom (24:11).

God wil hê dat die volk "n koninkryk van priesters" moet wees. Behalwe die sendingtaak wat hierdeur aangedui word, wil God hiermee sê dat alle lede van sy volk koninklike waardigheid rnoet hê en dat almal priesters moet

wees. Dit beteken dat hulle God elkeen regstreeks sal ken deur kennis van sy verbondsbepalings en deur persoonlike gemeenskap met Hom.

Die gelowiges beoefen dus elkeen 'n persoonlike verhouding met God. Hulle vorm egter ook 'n eenheid, "'n heilige nasie". Hulle is 'n koninkryk wat 'n getuienis is van God se heerskappy oor hulle en oor alle nasies.

**Notas**

1. Vriezen (1966:183-185): Die verbond tussen God en die volk het die twee 'partners' nie in 'n verdragsverhouding gestel nie, maar in 'n lewensgemeenskap, uitgaande van Jahwe, waarby Israel volkome aan Hom gebind word, van Hom afhanklik gestel word en voor die eise van die verbondsreëls gestel word.
2. Vergelyk Eichrodt (1961:295, 296) oor Moses se belangrike en tog relatiewe, dienende funksie in die interpretasie van die wil van God.
3. Vriezen (1966:403-405): Israel was daarvan bewus dat hy sy volksbestaan aan God te danke het, en wel op 'n wonderbaarlike en verbondmatige wyse (Deut. 26:5-19). Hulle het nie uit 'n contract social ontstaan nie, ook nie uit 'n natuurlike bloedgemeenskap nie, maar uit 'n geestelike band van vereerders van Jahwe. Israel is bewaar ook toe sy volksbestaan vernietig was. Hy kon *qahal* (opgeroepe manskappe in die Deuteronomistiese literatuur en Kronieke) en *'eda* (volksgemeente, om die tent van samekoms vergader) genoem word. Vergelyk ook Eichrodt (1961:294).
4. Vergelyk Clements (1978:77-102) oor die spesiale verhouding tussen God en Israel dwarsdeur die Ou Testament en wat die basis vorm van die kenmerkende weergawe van die kennis oor God.
5. Vergelyk Eichrodt (1961:41-69) daaroor dat die gedagtes van verkiesing en verbond, en eng daarmee samehangend die Goddelike wetgewing en die sentrale plek van morele vereistes, die deurslaggewende motiewe van die Israelitiese geskiedbeskouing geword het. Veral die profete lê klem op liefde en lojaliteit en hulle verset hulle teen formalisme en eensydige ontwikkeling van kultiese aspekte.

## 30. DIE GOD WAT DIE TIEN GEBOOIE GEE

**(Eks. 20:1,2)**

### 1. Die Here gee eers weldade en stel dan eise

Voordat God die tien gebooie afkondig, stel Hy Homself eers bekend. Hy openbaar wie Hy wat die tien gebooie gee, eintlik is en hoedanig hy is. Daarmee gee Hy ook nadere lig op sy naam Jahwe. Hy sê: "Ek is die Jahwe,

jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (20:2). Sy gebooie moet altyd in hierdie perspektief gesien word.

Hy betoon Hom hier as die God wat eers 'n weldaad aan sy volk doen en dan sy eise stel. So is dit altyd: die Goddelike gawe of genade kom eerste, daarop en daaruit volg dan die eis. So was dit reeds in die tuin van Eden: eers gee God die vrystelling aan die mens om van al die bome van die tuin te eet, daarna volg die verbod op die boom van kennis van goed en kwaad. So was dit by Abraham: Abraham ontvang Isak deur 'n wondergeboorte, daarna volg die eis dat Abraham Isak moet gaan offer. So is dit hier by die wetgewing te Sinai: God red die Israeliete eers uit die slawerny, dan volg die eis dat hulle sy gebooie moet onderhou.

Die volk word nie gevra om met 'n onbekende God 'n verbond aan te gaan nie, maar met die God vir wie hulle reeds deur ervaring leer ken het. Hy is hulle God, die God wat hulle red en vir hulle sorg. Hulle verbondsluiting is dus nie 'n sprong in die duister in nie; die aard van die Bybelse godsdiens is ook nie so nie. Dit is dus anders as wat sommige hedendaagse teoloë en filosowe dit stel.

Uit bostaande blyk dat die gebooie nie maar sommer verpligtinge was wat op Israel gelê is en wat hulle as 'n las ervaar het nie. Inteendeel, die Israeliete by Sinai kon en moes die gebooie onderhou uit dankbaarheid teenoor die Here, dankbaarheid vir sy groot verlossingswerk waardeur hulle waarlik kon lewe. Ook in die res van die O.T. is die gebooie gesien as 'n saak van dankbaarheid en vreugde (bv. Ps. 1, 19, 119).

## 2. Die Here word deur sy reddende optrede in die geskiedenis geken

God sê in die inleidende bekendstelling van Homself dat Hy die Here is, Hy wat die Israeliete uit Egipteland uitgelei het. Hy openbaar Homself as die God wat Hom deur sy reddende optrede vir sy volk in die geskiedenis laat ken. Hy is nie net 'n God van losstaande wette of sedes of idees nie, ook nie 'n God wat net in die kultus of erediens werksaam is en daar erken en gedien wil word nie. Hy wil erken word as die God wat in die geskiedenis optree en die geskiedenis beheers. Hy voer heerskappy oor die ganse lewe in al sy fasette.

Die Here openbaar Hom hier ook as die God wie se reddende optrede lewewekkend is. Hy is die God wat 'n volk in die lewe geroep het uit die verstorwenheid van slawerny in Egipte. By 'n later geleentheid, nl. die ontsettende katastrofe van die Babiloniese ballingskap, het Israel ook as volk

in 'n ander land verkeer. Dan sien die profeet Esegiël dit ook as volksdood, en die redding daaruit sien hy as ewe-eens 'n goddelike wonderwerk van lewewekking (Eseg. 37).

### 3. Die Here werk deur verkiesing en verbond

In die Here se bekendstelling van Homself lê ook die verbond en verkiesing opgesluit: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het". Hy verbind Hom aan sy volk in 'n intieme verbondenheid. Dit lê in die woord "jou God", wat spreek van intimiteit en van 'n verbondsverhouding. Hierdie verbondenheid berus op God se genadige verkiesing. God het die Israeliete eers gekies, hulle uit die dood van slawerny verlos en hulle aan Hom verbind. Nou gaan Hy dit in 'n verbond met hulle vaslê.

In teenstelling hiermee is ander gode die produk van die bidders se verkiesing. Dit is die aanbidders wat vir hulle 'n god neem of vir hulle een uitdink. Die god behoort aan hulle. Maar die God van Israel het met 'n konkrete verlossingsdaad bewys dat dit Hy is wat sy volk verkies het en gered het en dat hulle aan Hom behoort, nie Hy aan hulle nie.

God lê sy seggenskap oor sy volk vas in 'n verbond met verbondsbepalings. Deur die verbondsbepalings te onderhou, getuig hulle van sy seggenskap oor hulle lewe. Die verbondsbepalings word opgeteken en telkens voorgelees. So openbaar die Here Hom in die geskiedenis, en veral ook in sy Woord.

### 4. Die Here is 'n persoonlike God, en die gebooie rus in 'n persoonlike verhouding met Hom

Die Here is 'n persoonlike God en is gesteld op 'n persoonlike verhouding tussen Hom en die gelowiges. Hy spreek in die gebooie elke gelowige persoonlik aan deurdat Hy die gebod of verbod in die enkelvoud stel: "jy moet" of "jy mag nie". Die verbondsbepalings self is ook persoonlik van aard. Dit handel in kern oor die mens se verhouding tot God en tot sy naaste. Die gebooie word saamgevat in die sogenaamde eerste en tweede tafel. Die eerste handel oor die mens se verhouding tot God en die tweede oor die mens se verhouding tot sy naaste. Die tweede tafel volg op die eerste en rus daarop; 'n mens se verhouding tot God bepaal jou verhouding tot jou naaste. Alleen waar die eerste reg is, kan die tweede reg wees. Die profeet Amos skryf byvoorbeeld die onderdrukking van die armes in sy tyd, daaraan toe dat die volk van die Here afval en daarom sy verbond nie hou nie.

Daar was ook ander verbondsbepalings, maar die tien gebooie is dwarsdeur die O.T. gesien as die kern. Die kern van die verbond en van die godsdiens is

nie gesoek in die talle seremoniële bepalings of in die kultiese bepalings nie, al was hulle op sigself belangrik. Maar die kern is gesien in wat die persoonlike verhouding tot God en die naaste raak.

Aangesien die verbondsbepalings so sterk persoonlik van aard is en hulle veral die ware persoonlike verhouding wil bepaal, is die benaming "wet" daarvoor heeltemal gebrekkig. Die naam wek die indruk van onpersoonlike bepalings. Die Hebreeuse woord is *tora* en dit beteken gesagvolle lering of onderrig.

## 5. Die Here is absoluut soewerein en Hy eis selfverloëning en gehoorsaamheid

Die verbondsbepalings in die Dekaloog of tien gebooie is radikaal in hulle eis. Dit gee geen strafbepalings vir oortreding van die onderskeie gebooie nie, maar sê eenvoudig: "jy mag nie . . ." Dit is omdat God absolute seggenskap uitoefen en omdat Hy die mens as persoon opeis, totaal en sonder reserwe. Hulle behoort trouens ook aan Hom. Hy praat soos 'n vader met sy kind.

Sy gelowiges is egter sondaars, hulle is gedurig geneig om sy gebooie te oortree. Daarom gee die Here die meeste gebooie in 'n negatiewe vorm, naamlik "Jy mag nie . . ." Dit is asof Hy die gelowiges oor hierdie neiging wil waarsku en hulle daarvan wil wegtrek na Hom en sy diens en sy genade toe.

## 6. Notas

1. Kraus (1972:377): Die vertaling "Ek is Jahwe jou God" in plaas van "Ek, Jahwe jou God", word bevestig deur Psalm 50:7 waar dit slegs op die eerste manier verstaan kan word.
2. Vriezen (1966:242-246): God wil ook deur amptelike verteenwoordigers handel. Hy wil nie alleen in bepaalde situasies waarsku of voorsê of help nie, maar ook onderrig, leer, opvoed deur priester en profeet. Dit is blywend.
3. 'n Opvallende kenmerk van die Dekaloog is dat die morele vereistes sterk verbind is met die basiese religieuse gebooie. Dit spruit voort uit die oortuiging dat morele optrede onlosmaaklik verbind is met die diens van God.
4. Zimmerli (1972:41 = 1978:50):In die jonger literatuur (veral in gedeeltes van Deut.) word die verbond al sterker verbind met die mededeling van die gebooie by Horeb en al meer die eisende kant van God se wil benadruk (vgl. ook Helberg, 1990:46-55).
5. Vergelyk Westermann (1978:154-164) oor die verhouding gebod, wet en God se verlossingsdaad, waardeur die wet nie verabsoluteer en as weg tot die heil gesien mag word nie.
6. Vergelyk Childs (1986:50) oor die verband tussen kennis van God en die wil van God, wat 'n inhoud het en gehoorsaamheid vereis.

## 31. DIE TIEN GEBOOIE VAN GOD

**(Eks. 20)**

Die tien gebooie moet altyd gesien word in die nouste verband met God soos Hy Hom in die inleiding geopenbaar het. Dit raak die persoonlike verhouding tot God en die naaste (vgl. die vorige hoofstuk).

### 1. Die eerste gebod: geen ander gode

In die eerste gebod word die Here gestel as die enigste God. Dit staan teenoor die veelgodedom van die ander nasies en teenoor die aanbidding van velerlei geeste. Die Bybel is radikaal in sy eis dat alleen God gedien mag word. Dit dien tegelykertyd as 'n bron van sekerheid en vastigheid vir die gelowiges. Daar is nie 'n veelheid van gode met botsende belange wat gedien moet word nie. Die aanbidder hoef nie verward en verskrik te raak nie; daar is net die een God. Die gelowige kan hom met vertroue aan die God oorgee. God is die God wat die hele wêreld bestier en wat die geskiedenis bepaal en sy volk red, soos die vermelding van die feit dat Hy sy volk uit Egipte verlos het.

Die eerste gebod is ten nouste verbind met die inleiding, waarin gemeld word van die redding uit Egipte. Daarom sluit die gebod ook in dat God die enigste redder is. Daar moet vir enige redding op Hom alleen vertrou word, op niks anders nie, ook nie op die volk of op 'n mens self nie.

Die eerste gebod vorm die basis waarop al die ander rus: daar is net een God, en Hy eis 'n mens geheel en al op: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele krag" (Deut. 6:4, 5).

### 2. Die tweede gebod: geen afbeelding van God

Die tweede gebod spreek van God se verhewenheid. God staan teenoor die mens as die skepper teenoor die skepsel. Daarom mag die mens Hom nie afbeeld nie. God kan nie omlyn en ingeperk word nie. Die ware gelowige behoort ook geen behoefte aan 'n beeld v God te hê nie, want God se verhouding met die mens is so persoonlik dat Hy in die mens self afgebeeld word. Die mens is self die beeld van God. Die gebod hou dus positief in dat die mens so moet leef dat gesien kan word dat hy die beeld van God is.

God is nie 'n statiese God wat in 'n beeld ingeperk kan word nie. Hy is inteendeel die God wat die geskiedenis lei. Die wat Hom in 'n beeld wil inperk, straf Hy tot in die verloop van die geskiedenis, tot in die later geslagte. Daarteenoor beantwoord Hy gehoorsaamheid in 'n veel groter verhouding: Hy

bewys barmhartigheid aan duisende van dié wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou.

### 3. Die derde gebod: geen misbruik van die Naam van God

Die derde gebod is eerstens gerig teen misbruik van die Naam van God in tower- en besweringsformules. Hierdie praktyke het 'n groot rol gespeel in die ou heidense kultusse. God se Naam kan en mag egter nie gebruik word as iets waarvandaan daar 'n magiese krag sou uitgaan nie. (Deut. 18: 9-14 gee 'n opsomming van die gebruike wat hiermee verbied word.) (Vgl. ook die bespreking van die Naam Jahwe, in hoofstuk 26.) Net soos die eerste gebod bring hierdie een 'n besondere vryheid vir die gelowige. Dit red hom van die greep van geestelike slawerny waarin sogenaamde besweerders hom andersins sou kon vasvang.

Hierdie verbod raak ook gewone vloekery, want vloekery bedoel om met 'n magswoord iets of iemand skade te berokken of iets tot stand te bring.

Dit is ewe-eens 'n oortreding van hierdie gebod om die Naam van die Here ligsinnig of sommer as 'n stopwoord te gebruik. God is 'n heilige God, sy Naam moet met heilige eerbied gebruik word.

Die positiewe eis van die gebod is om God aan te roep, te aanbid, te loof en te dank (Ps. 27:6, 8).

### 4. Die vierde gebod: onderhouding van die Sabbat

Die vierde gebod gebied die onderhouding van die Sabbat. Op die sewende dag moet gerus word en geen werk gedoen word nie. Dit is omdat God self ná sy skeppingswerksaamheid gerus het. Die mens moet sy skepper hierin navolg, want hy is die beeld van God. Die mens moet in sy werksaamheid iets van God afskadu en soos 'n kind van God leef. In die derde gebod word dit verbied om 'n beeld van God te maak, hier word dit gebied om 'n beeld van God te wees.

In Deut. 5 word ook 'n weergawe van die tien gebooie gegee. Daar word die onderhouding van die Sabbat nie gemotiveer met God se skeppingswerk nie, maar met sy verlossingswerk deurdat Hy Israel uit die slawerny van Egipte verlos het. Hierdie tweërlei motivering is moontlik omdat Israel se lewe op skepping sowel as verlossing rus. In Egipte was die Israeliete slawe, hulle kon nie rus nie en kon nie die skeppingsbedoeling uitvoer nie. Hulle verlossing uit Egipte was as 't ware 'n lewewekking uit die dood, 'n herskepping waardeur

hulle weer in staat gestel is om die skeppingsbedoeling uit te voer. Hulle kon nou God ken met hulle lewe en werk, en kon liggaamlik en geestelik op die Sabbat rus.

Die verlossingsmotivering van die Sabbat vervang nie die skeppingsmotivering nie, maar verdiep dit en gee die sewende dag 'n nog vreugdevoller betekenis. Dieselfde geld van die verlossing in Jesus Christus. Dit stel die eis om te rus nie opsy nie, maar verdiep dit. Die Christen kan die rusdag met nog groter vreugde vier. En hy doen dit op die eerste dag van die week, die opstandingsdag van Jesus Christus. Dit is omdat die groot verlossingswerk van God in Christus die Christen se werk en lewe in 'n wonderlike nuwe lig stel. Die ou bedeling is verby, die nuwe bedeling het aangebreek.

**5. Die vyfde tot tiende gebod: die regte verhouding tot die naaste**

Die vyfde gebod vereis gehoorsaamheid aan die ouers, dit wil sê, aan die mense wat gesag uitoefen. Huislike gesag is by uitstek die grondpilaar van 'n ordelike samelewing. Aan die onderhouding van hierdie gebod is 'n belofte verbind, 'n lang lewe in die beloofde land. Dit impliseer tegelykertyd dat ongehoorsaamheid aan die beoefenaars van gesag, uitloop op verlies van die vaderland.

Die sesde gebod verbied doodslag. Dit impliseer enige vergryp teen 'n ander persoon, ook alle haat en wraaksug. Positief gesien, eis dit dat 'n mens jou naaste moet liefhê, aan Hom moet goed doen en hom moet beskerm.

Die sewende gebod verbied egbreuk. Dit sluit alle onsedelikheid met woorde, dade en gedagtes in. Dit eis ware liefde vir die ander geslag, 'n liefde wat net op een persoon gerig is. Dit is liefde vir die persoon self en nie bloot 'n begeerte om drange te bevredig nie.

Die agste gebod verbied om te steel. Dit beteken om iets wat jou naaste toekom, vir jouself toe te eien - deur blatante sowel as deur subtiele oneerlikheid. Verder sluit dit gierigheid in, maar ook verkwisting. Die gebod eis dat 'n mens jou naaste se belange moet bevorder.

Die negende gebod verbied valse getuienis, onder andere skindery. Dit gebied dat jy die waarheid moet liefhê en jou naaste se eer en goeie naam moet beskerm.

Die tiende gebod raak die mees innerlike en verborge deel van die mens: die begeerte. Jy mag selfs nie in jou begeerte iets wat jou naaste toekom vir jou

toe-eien nie en nie teen enige van die gebooie oortree nie. Ook die begeerte staan onder die heerskappy van God, en word in die oordeel gebring. Jy moet jou daarop toelê om die gebooie van God van harte te onderhou.

## 6. Notas

1. Eichrodt (1961:74,75): Die Mosaïese wet verskil van die wette van die ander ou nasies deur die nadruk waarmee die hele wet op God betrekking het en enige verbreking van die wet 'n aantasting van God self is. Dit raak sake soos: afwesigheid van juristiese kasuïstiek (anders as bv. die codex van Hammurapi); 'n verdiepte morele sin - anders as in Babilonië, byvoorbeeld, is die doodstraf vir oortredings teenoor besittings afgeskaf; tempering van wreedheid van strawwe; verwerping van klasverskil in die uitoefening van die reg; verhoging van die morele sin in die verhouding van die geslagte - die vrou se posisie is sterker in beskerming geneem as elders, en volgens Genesis 2 is die vrou gelyk in status met die man; die primêre van die gebod, naamlik om God lief te hê; om bo die letter uit te styg en om jou naaste wat in nood is, te help. Vergelyk ook Childs (1986:56,57).
2. Eichrodt (1961:221,227) merk die volgende in verband met die eerste gebod op: "the essential factor in the emergence of a vital and moral monotheism was not philosophical speculation, but the experience of God's close living reality".
3. Bright (1953:24-30): Die monoteïstiese religie van die Ou Testament was uniek. Op die monoteïsme berus ander unieke elemente, soos verkiesing, verbond, historiese besef en eskatologiese verwagtings.
4. Die ander nasies oorbrug die afstand tussen aanbidder en gode deur beelde, vir Israel is die nabyheid van God gegee in die persoonlike openbaring van God.
5. Die persoonlike karakter van die koninkryk van God kom duidelik na vore in die vyfde gebod. Die eis om gehoorsaamheid aan gesag is organies en begin by die natuurlike verhoudinge, in die gesin. Dít is die basiese.
6. Vergelyk Childs (1986:63-83) vir die behandeling van die onderskeie gebooie.

## 32. DIE HEILIGE GOD SLUIT 'N VERBOND MET 'N SONDIGE VOLK

**(Eks. 20-24)**

Die eintlike verbondsluiting word in Eks. 24 beskryf, maar 20:18 e.v. beskryf sake wat ook belangrik is om die verbondsluiting te verstaan. Daarom word dit ook hier behandel.

### 1. Onvermoë van die volk in die verbondsverhouding met God

Die volk openbaar 'n onvermoë om God se teenwoordigheid en sy direkte woord te vat. As hulle die donderslae en blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, bewe hulle en sê aan Moses: "Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons" (20:18, 19). Die volk is bang, en daardie angs bring 'n afstand tussen hulle en God wat Hom aan hulle openbaar. So was dit reeds die geval by die sondeval in die tuin van Eden en dit is tipies van die menslike reaksie dwarsdeur die geskiedenis.

Dit is ironies, want dit gebeur juis wanneer God met sy lewende woorde kom, daardie woorde wat die basis is vir die persoonlike verbondslewe met Hom. Juis sy lewende en lewewekkende woorde en teenwoordigheid skrik die volk af en laat hulle vrees dat hulle sal sterwe!

### 2. Die geroepe priesterlike koninkryk vertoon 'n teenoorgestelde karakter

Die volk se instelling en reaksie teenoor God se afkondiging van die gebooie vertolk hulle karakter as geroepe priesterlike koninkryk. Dit is vol ironie. Daar is 'n spanning of tweespalt tussen wat die volk geroep is om te wees en wat hulle daarvan maak. Hulle is geroep om almal priesters en konings te wees, mense wat direkte persoonlike kennis van God het deur kennis van sy verbondsbepalinge en deur persoonlike gemeenskap met Hom. Hulle verkies egter 'n minder direkte, minder persoonlike manier: iemand anders moet dit vir en namens hulle doen, naamlik Moses. Hulle verkies dus eerder die weg van bemiddeling. Daarby gaan hulle ook ál meer die weg van 'n onpersoonlike bemiddeling op. Heel gou gaan hulle daartoe oor om die Here af te beeld; hulle wil Hom tasbaar en sigbaar hê, maar onpersoonlik en ver! (Kyk die bespreking onder verbondsbreuk en verbondsherstel.)

Die gevolg van hierdie houding van die volk is dat hulle hulleself al meer van hulle persoonlike godsdienstige vryheid beroof. Hulle moes 'n koninkryk van

priesters wees, gekenmerk deur koninklike heerskappy en vryheid en deur dankbare toewyding aan God. Nou is daar 'n groter afstand tussen hulle en God en raak hulle ook gebonde aan al hoe meer uiterlike handelinge en voorskrifte. Die minder persoonlike verhouding met God maak dat hulle 'n volk is wat ook gedurig teen God mor.

### 3. Die verbondsluiting tipeer die verbond as 'n bloedverbond

Die tien gebooie word opgevolg deur die sogenaamde verbondsboek (Eks. 20:22 tot einde hoofstuk 23; volgens sommiges begin dit egter met hoofstuk 21). Die verbondsboek handel oor hoe die reg van die Here in die alledaagse verhoudinge en optrede uitgeleef moet word. In 'n sekere sin gaan dit oor die toepassing van die dekaloog. Dit handel hoofsaaklik oor onderlinge liefde en respek vir die persoon en besittings van die naaste.

Ook die verbondsluiting is gekenmerk deur 'n spanning. Enersyds was daar 'n geweldige afstand tussen God en die volk. Andersyds was daar 'n intieme gemeenskap tussen Hom en hulle. Dit rus in versoening wat God self in die verbondsluiting tussen Hom en die volk bewerkstellig het. Die verbond het die karakter van 'n bloedverbond gehad (24:8). Die volk is met offerbloed besprinkel om vir hulle reiniging en versoening te bewerkstellig. So alleen kon die verbond gesluit en gehou word.

Dit het soos volg gebeur: die een helfte van die bloed van 'n offerdier is op die altaar gesprinkel. Dit was die plaasvervanger van die menslike bloed of lewe. So is versoening bewerk en is die gemeenskap tussen God en mens herstel wat deur die sonde verbreek is. Deur die sprinkeling op die altaar het die offerbloed dus die prinsipe of bron van nuwe en heilige lewe vir die volk geword. Daarom is die bloed daarna ook op die volk gesprinkel. Dieselfde bloed kon natuurlik nie op die altaar en dan weer op die volk gesprinkel word nie. Daarom is dit in twee dele verdeel, een helfte vir die altaar en die ander helfte vir die volk.

Die verbondsluiting was so goed soos lewewekking uit die dood. Die volk se lewe is hier gestempel as 'n lewe wat deur die dood heen gegaan het en deur God se genade deurdring is. Daarna is dit weer aan die volk teruggegee as 'n lewe wat vernuwe is deur God se genade. ("In the blood sprinkled upon the altar, the natural life of the people was given up to God, as a life that had passed through death, to be pervaded by His grace; and then through sprinkling upon the people it was restored to them again, as a life renewed by die grace of God" - Keil.)

## 4. 'n Direkte ontmoeting met God

Die verbondsluiting het ook 'n direkte ontmoeting met God ingesluit. By hierdie geleentheid het die verteenwoordigers van die volk die heerlikheid van die Here gesien en 'n maaltyd met Hom gehou. Net soos toe die Here aan Jesaja verskyn het, is hier egter nie 'n beskrywing van God self gegee nie (Jes. 6:1). Die fokus was gerig op sy heerlikheid. Die beskrywing beklemtoon dat die God van Israel bokant die hemele troon, in bo-aardse heerlikheid en ongestoorde geluksaligheid (blessedness - Keil). Daar is 'n ontsagwekkende afstand tussen God en mens. "En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self." (Vgl. ook Eseg. 1:26 en Dan. 7:9, 13.)

Hoewel God in sy onverstoorde verhewenheid woon, is Hy tog gewillig dat sy volk in daardie geluksaligheid sal deel. Al het hulle Hom aanskou, laat Hy hulle tog nie sterf nie - anders as wat verwag kan word as 'n sondige mens die heilige God aanskou (3: 6; 19:12; 33:20). Bowendien het hulle nie net bly lewe nie, maar het ook 'n maaltyd in sy teenwoordigheid geniet.

'n Mens dink hier onwillekeurig aan die nagmaal. Ook daarin beoefen God se volk met Hom gemeenskap nadat daar versoening bewerk is. Die versoening is bewerk deur die bloed van Jesus Christus (Matt. 26:28; Hebr. 12:18-24; vgl. v. 8 van ons hoofstuk). Hier kom die werklike betekenis van die verbond tot uiting.

Die Here het die verbondsbepalings op kliptafels geskryf (v. 12) as 'n teken van hulle onverganklike krag en waarde. Die volk se teleurstellende reaksie op God se persoonlike woorde het egter aan die letters op klip ook nog 'n ander betekenis gegee. Die letters was tiperend van die eintlike verhouding tussen die gebooie en die volk. Dit het aan die buitekant bly staan, op klip geskrywe in plaas van op die hart. Dit was anders as wat God se oorspronklike bedoeling daarmee was en wat Hy ook nog uiteindelik vir die volk op die oog gehad het (Jer. 31:31-34).

## 5. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:239-241) oor die *kebod jhwh*.
2. Vergelyk Zimmerli (1972:58-68) oor die teenwoordigheid van Jahwe: in die land, op bepaalde plekke, deur middel van sy "aangesig", in die engel van Jahwe, in die verbondsark, in kultusvoorwerpe en in sy *kabod*.

# 33. 'N ONVERDIENSTELIKE VOLK: VERBONDSBREUK EN VERBONDSHERSTEL

**(Eks. 32-34)**

## 1. Die volk is slaafs afhanklik

Die volk het hulle slaafs aan die menslike middelaarsgestalte van Moses gekoppel. Terwyl Moses nog op die berg is om die gebooietafels te ontvang, kla hulle dat hulle nie weet wat van hom geword het nie. Hulle voel hulleself van die Here verlaat as Moses nie sigbaar teenwoordig is nie. Hulle het nie genoeg aan God se persoonlike teenwoordigheid nei, maar wil Hom en sy hulp sigbaar en tasbaar by hulle hê. Daarom maak hulle 'n beeld van God in die vorm van 'n jong bulkalf, soos die ander nasies gedoen het. Dit beeld God af as die vergestalting en die gewer van lewenskrag en vrugbaarheid.

Die Here het Hom pas aan die volk geopenbaar as die God wat onthou wil word vir sy verlossingswerk aan sy volk (19:4; 20:2). Een van die belangrikste elemente van die geloof is dan ook om met vertroue op die Here te bly wag, dit kom byvoorbeeld baie sterk in die psalms voor. Die volk vregeet God egter baie gou. Dit het ook telkens gedurende die woestynreis gebeur en is 'n tipiese trek van die sondige mens.

## 2. Die volk wil 'n passiewe God hê wat meganies naby is

By die afkondiging van die gebooie het die volk gewys dat hulle nie die aktiewe teenwoordigheid van die Here kan en wil vat nie (20:19). Hulle wil God wel tasbaar en sigbaar naby hê, maar dan op 'n meganiese manier. Dit is in werklikheid onpersoonlik en ver. In hierdie geskiedenis word gewaarsku teen die gevaar om die teenwoordigheid van die Here te verontpersoonlik en te meganiseer. Dit raak veral die priesterlike en kultiese diens. Dit is Aäron, die latere hoëpriester, wat die beeld vir die volk maak! In die latere geskiedenis sou die priesters die volk ook dikwels voorgaan in vormdiens. Dit was vir die Here 'n gruwel (Jes. 2:13 e.v.; Jer. 7:4 e.v.).

Hierdie leemte was egter nie in die priesterskap as sodanig geleë nie, maar in die tipiese sondigheid van die mens. Die mens voer die diens anders uit as wat God beveel het. Aäron het hierdie sonde begaan nog voordat hy hoëproester was. Boewendien het hy dit gedoen op versoek van die volk.

Die Here wou hê dat die volk 'n koninkryk van priesters moes wees (19:6), dit wil sê, almal konings en priesters. Dit het ingehou dat almal God se wil

moet gehoorsaam. Hulle moes in hierdie sin demokraties wees. Hulle maak egter 'n karikatuur daarvan: die volkswil word nie uitgangspunt en norm vir hulle optrede, in plaas van God se gebooie. Dit is tot vandag toe 'n neiging by die mens om hierdie soort demokrasie te beoefen.

## 3. Moses tree vir die volk in

Die verbondsverhouding tussen God en sy volk staan van die begin af in die teken van verbondsbreuk. Daar is van die begin af behoefte aan voorbidding en versoening, selfs aan iemand wat 'n middelaar kan wees wat plaasvervangend vir hulle intree. Die verbondsverhouding word gekenmerk deur goddelike straf omrede die sondigheid van die mens, maar ook deur goddelike lankmoedigheid en vergewende genade.

As Moses met die wetstafels van die berg af kom en die volk se beeldediens sien, gooi hy die tafels stukkend as teken dat die verbond verbreek is. Bygestaan deur die Leviete rig Moses 'n groot strafgerig onder die volk aan. Daarna doen hy egter 'n aangrypende voorbidding vir sy volk en bied homself by God aan as hulle plaasvervanger in hulle verlorenheid (32:30 e.v.). Hulle sondes is onvergeeflik, maar hy pleit vir hulle. Hy is bereid om homself as hulle plaasvervanger uit die boek van die lewe te laat uitdelg. Hierdie uitdrukking is waarskynlik ontleen aan die gebruik om die name van die burgers van 'n dorp of land in 'n boek op te skrywe. Moses se aanbod kom daarop neer dat hy afgesny kan word van die gemeenskap met die lewende God en van die koninkryk van dié wat voor God lewe! Moses het 'n geweldige liefde vir sy volk, maar praat nooit hulle sondes goed nie. Hy voer altyd 'n stryd met hulle daaroor. Hierdie voorbeeld verdien ons navolging.

Menslike middelaarskap skiet ver te kort om aan die eis van God se geregtigheid te voldoen. Die Here gaan daarom nie op Moses se onmoontlike aanbod in nie. Hy sê inteendeel: "wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek". Tog kom Hy Moses se gebed tegemoet en skenk gedeeltelike versoening. Hy handhaaf sy geregtigheid, maar laat tog sy genade daarin deurslaan; die dag van besoeking word uitgestel. Die volk kan na die beloofde land trek en sal selfs vergesel word deur die Here se engel. Die Here herstel uiteindelik weer sy verbond wat so troueloos verbreek is (hoofstuk 34).

## 4. Die Here onttrek Hom aan die volk, maar verskyn tog telkens weer

Die Here besluit om sy persoonlike teenwoordigheid aan die volk te onttrek, want anders sal die volk vanweë hulle hardnekkigheid verteer word (33:3,5)! Dit is 'n geweldige ironie, die ironie van ons sondige bestaan. Die sondige

mens kan nie en wil nie God se heerskappy en persoonlike gemeenskap vat nie. Tog besef hulle dat hulle daarsonder gedoem is tot ondergang. Daarom begin die volk te treur.

Weer eens is die Goddelike genade groot en verdwyn God se toorn. Die Here openbaar Hom op die intiems moontlike wyse deur 'n middelaarsgestalte. Hy onttrek Hom wel aan die laer, maar verskyn tog telkens aan Moses in 'n wolkkolom in 'n tent buitekant die laer (33:7 e.v.). Juis by hierdie geleentheid spreek God dan telkens met Moses op 'n besonder intieme wyse, nl. van aangesig tot aangesig soos iemand met sy vriend praat. So het Hy selfs met niemand van die profete gespreek nie. Moses is 'n unieke middelaarsgestalte.

Moses pleit om die Here se persoonlike teenwoordigheid op die verdere reis. Dit is hierdie teenwoordigheid wat Israel uniek gemaak het. Dit is ook wat in die tabernakel gesimboliseer is. Daarom, as die Here nie persoonlik met hulle saamtrek nie, moet hulle liewers nie optrek nie (33:12 e.v.), so pleit Moses.

### 5. Moses sien die heerlikheid van die Here

Die Here het Hom hier so intiem aan Moses geopenbaar dat Moses selfs vrymoedigheid gekry het om te vra dat hy God se heerlikheid kan sien. Dit is hom ook selfs gedeeltelik toegestaan (33: 18 e.v.).

God benadruk by hierdie geleentheid dat sy openbaring aan Moses onverdiende genade is. Geen mens het daarop aanspraak nie, selfs nie Moses nie. God is absoluut vry in sy openbaring: Hy sal genadig wees oor wie Hy genadig wil wees en Hom ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm (33:19). Moses kan ook nie God se aangesig sien nie, want geen mens kan dit doen en bly lewe nie. Daarvoor is God te heilig en die mens te sondig. Bowendien is God se majesteit te oorweldigend: dit sou wees soos wanneer iemand met die blote oog direk in die helder strale van die son inkyk. Moses kan God wel van agter sien. 'n Mens se innerlike wese word in sy gesig geopenbaar, sy rugkant gee slegs 'n onvolmaakte en uiterlike weergawe van Hom. So sal Moses slegs die weerkaatsing of afskaduwing sien van God se heerlikheid wat verbygegaan het.

Moses en Elia is die twee persone wat die heerlikheid van die Here gesien het. Hulle is ook die verteenwoordigers van die wet en die profete (Mal. 4:4, 5; Matt. 17:3). Dit wys dat die aanskouing van die heerlikheid van die Here 'n kernsaak by die wet (*tora*) en profete was. Dit is wat die Here vir sy volk in vooruitsig gehad het. Die volk het egter ver van hierdie doel af weggeswenk.

## 6. Notas

1. Eichrodt (1961:292): Mense se verhouding met God is in die Ou Testament verbind met die optrede van iemand wat spesiaal geroep en toegerus is as bemiddelaar. Hierdie gedagte is van blywende waarde vir die hele aard van hulle verstaan en aanbidding van God. Die optrede van die bemiddelaar was 'n sterk herinnering aan die afstand tussen God en mens.
2. Vergelyk ook by hoofstuk 32.

# 34. DIE BETEKENIS VAN ISRAEL SE SEREMONIËLE DIENS EN VAN SY VERSKILLENDE SOORTE WETTE

**(Eks. 25 ev.; Lev.)**

## 1. Die kultus gee uitdrukking aan die verbondsverhouding

Die kultus in Israel was 'n simbool en uitdrukking van 'n lewende, persoonlike verbondsverhouding tussen die Here en sy volk. Dit blyk onder andere daaruit dat die kultiese instellings en voorskrifte onmiddellik na die verbondsluiting beskryf word (Eks. 25 e.v.). Die kultus was dus enersyds besonder belangrik, maar het andersyds geen waarde gehad as dit nie 'n uitdrukking van die regte verbondsgesindheid en houding was nie. Dan was dit 'n kragtelose vormdiens en 'n gruwel vir die Here. Die verbondsluiting en onderhouding van die verbond is wel alleen moontlik gemaak deur versoening, wat deur die offerbloed bewerk is (Eks. 24:8). Dit was egter nie die offerhandeling of kultushandeling as sodanig wat dit bewerkstellig het nie, maar God se genade. Versoening van sondes het nie sonder persoonlike voorbidding en pleiting op die verbond plaasgevind nie. So het Moses dit vir die volk gedoen (Eks. 32: 11 e.v.; 33: 13 e.v.).

## 2. Die priesterdiens as diens van versoening en toewyding

Daar is 'n onoorbrugbare kloof tussen die heilige God en die sondige mens. Maar God oorbrug dit tog op 'n wonderlike manier. Hy bewerk versoening deur iets buite die mens self om. So maak God toewyding aan Hom moontlik. Dit is wat die offerdiens simboliseer. Die priesterdiens was dus noodsaaklik en besonders omdat dit hierdie versoening bedien het. Die offer het gesimboliseer dat verlossing en lewe eintlik deur sterwe heen bewerkstellig word. Dit kom uit in die jaarlikse versoeningsoffer op die Groot Versoendag. By hierdie geleentheid is twee bokke vir die volk geoffer, die een is geslag en die ander is vrygelaat. Die een het gesimboliseer dat die volk vanweë hulle

sonde moet sterwe, die ander dat hulle deur God se genade en versoening tog bly lewe.

Dit was nie die priester self wat die sonde versoen het nie, hy het maar net die versoening bedien. By geleentheid van die Groot Versoendag moes hy byvoorbeeld ook vir homself 'n versoeningsoffer bring.

### 3. Die verhouding priester-profeet-volk

Die geskiedenis van die uittog en die wetgewing, insluitende die kultuswetgewing, word beheers deur die gestalte van Moses. Sy persoon staan veel meer op die voorgrond as 'n amp. Hy het trouens nie 'n besondere amp soos profeet, priester of koning beklee nie, hoewel hy iets van almal geopenbaar het. Hy is deur God geroep en bekwaam gemaak vir al drie die funksies wat later in hierdie drie ampte sou ontplooi. Die profetiese funksie was wel die beheersendste in sy optrede, die groot messiaanse Profeet sou byvoorbeeld 'n profeet soos Moses wees (Deut. 18:15, 18). Aangesien die priesterskap te doen gehad het met 'n onderdeel van die diens wat Moses verrig het, moes dit in samehang met die geheel verrig word, veral met die profeetskap. So alleen kon die priesterskap lewenskrag vertoon en nie verstar nie.

Die priesterdiens moes ook steeds bedien word met inagneming van God se doel. Sy volk moes eintlik 'n koninkryk wees waarin almal priesters is. Die priesterdiens moes die volk lei tot indiwiduele, persoonlike verantwoordelikheid en gehoorsaamheid en tot persoonlike gemeenskap met God.

### 4. Die heiligdom - woonplek van God onder sy volk

God het noukeurige voorskrifte aan Moses gegee oor die bou van 'n sentrale heiligdom, want God wil onder sy volk woon (Eks. 25:8; 29: 45, 46). Hierdie Tabernakel of Tent het bestaan uit voorhof, Heilige en Allerheiligste. Net die priesters kon tot in die Heilige kom. In die voorhof het die koperaltaar vir die brandoffers gestaan. Daarop is offers gebring. Verder was daar die koperwaskom waar die priesters hulle hande gewas het.

In die Heilige het die volgende gestaan: die sewe-armige kandelaar, simbool van die lig wat by God is en waaraan die gelowige deel het; die tafel met toonbrode, simbool van die onderhouding van die lewe deur God; en die reukofferaltaar, simbool van die gebede van die gelowiges.

In die Allerheiligste was die verbondsark, simbool van die goddelike koningstroon. Hier, in eensame, majesteitlike donkerheid, het God getroon. By al die ander volke was daar 'n afgodsbeeld op die troon, hier was die troon egter leeg (Jes. 45:15). Die Koning van die konings kan nie afgebeeld word nie. Bo-op die ark was die versoendeksel wat op die Versoendag met bloed besprinkel is, simbool van die versoening vir die heiligdom en die volk (Lev. 16:15 e.v.). Twee goue gerubs het bo-op die versoendeksel gestaan. Dit was simbool van die bewaking van die toegang tot God, wat deur die sonde afgesny is (Gen. 3: 24). In die ark is die twee kliptafels van die tien gebooie bewaar. Hulle het gesimboliseer hoe God oor sy volk heers. (Later is 'n kruik met manna voor die ark geplaas en is die staf van Aaron wat gebloei het, daarvoor neergelê.) Slegs die hoëpriester mog in die Allerheiligste ingaan. Dit het slegs een keer per jaar gebeur, nl. op die Groot Versoendag, wanneer hy daar 'n offer bring.

Die heiligdom het God se heiligheid en sy afstand, maar ook sy nabyheid gesimboliseer (vgl. ook byvoorbeeld Jes. 6). In die ware aanbidding was daar sowel heilige eerbied vir God as vertrouensvolle nadering tot Hom.

## 5. Heilige persone, handelinge en tye

Benewens die priesters, oor wie in punt 3 gehandel is, en die *hoëpriester* was die Leviete in die heiligdom werksaam, veral in 'n dienende funksie. In die koningstyd en daarna het die Leviete veral 'n rol gespeel in die tempelsang, met ander woorde, in die lofprysing aan God. Die Leviete, veral in die later tyd, het nie uitsluitlik tot die stam Levi behoort nie.

Onder heilige handelinge neem offerdiens, gebed en lof 'n besonder belangrike plek in. Die *offers* kan hoofsaaklik in vier groepe verdeel word: Eerstens die brandoffer, wat heeltemal op die altaar geoffer is. Daarin het die hoofnadruk geval op volledige en volkome toewyding God. Dit is daagliks, soggens en saans, vir die volk gebring. Tweedens was daar die dankoffer of vredesoffer. Dit het uitdrukking gee aan die vrede en vriendskap tussen God en die gelowiges en tussen laasgenoemdes onder mekaar. Derdens, die soenoffer wat uitdrukking gegee het aan versoening van sondes. Daaronder is skuldoffer en sondoffer onderskei. Eersgenoemde was vir vergoeding van skade en laasgenoemde was vir versoening van oortreding. Vierdens was daar die spys- en drankoffers. Daarin is dank en aanbidding aan God uitgedruk.

Vanweë die persoonlik aard van die godsdiens in die Ou Testament het offers en gebed hand aan hand gegaan. Offer was nie 'n meganiese of bloot tegniese handeling nie. Belydenis van sonde, gebed en lofprysing het 'n belangrike rol daarmee saam gespeel.

Die vier belangrikste *jaarlikse feeste* was: eerstens die Paasfees wat die uittog uit Egipte herdenk het. Dit is verbind met die Fees van die Ongesuurde Brode. By hierdie geleentheid is die eerste geoeste gars geoffer. In die Nuwe Testament het Jesus die Nagmaal in die plek van die Paasfees ingestel. Tweedens die Wekefees of Pinksterfees sewe weke (50 dae) ná die Paasfees. Daarmee is die oestyd afgesluit. Dit is op hierdie dag wat die Heilige Gees van Jesus Chistus uitgestort is. Derdens die Huttefees. By daardie geleentheid het die Israeliete in hutte gewoon wat van boomtakke gemaak is en het hulle die woestynverblyf herdenk. Vierdens die Groot Versoendag vlak voor die Huttefees. Die hoëpriester het op daardie dag kaalvoet in die Allerheiligste ingegaan en met offerbloed versoening bewerk vir die heiligdom en die volk.

Verder was daar die feeste van die *Sabbatsiklus*. Hulle was: die Sabbat op die sewende dag van die week, die Nuwemaansfees op die sewende maand, die Sabbatjaar in die sewende jaar en Jubeljaar op die vyftigste jaar (7 maal 7). In die Sabbatjaar is alle slawe van Hebreeuse afkoms vrygelaat en kon die armes vry oes van wat vanself op die lande opgeslaan het. In die Jubeljaar is die grond en ander besittings wat verpand was, aan die oorspronklike eienaars teruggegee. Die godsdienstige en sosiale wette het dus baie aandag gegee aan die lot van die armes. So wou dit die liefde tot die naaste tot praktiese gestalte laat kom.

Die heiligheid van die sewende dag was 'n sterk herinnering dat God die Here van tyd is en dat niks, hoe belangrik dit ook al mag wees, mag verhoed dat die mens gereelde gemeenskap met God soek nie. Tog leer die vreugdevolle aard van die rusdag die gelowige dat sy God 'n goedhartige God is; Hy plaas nie 'n juk op die mens wat te swaar is om te dra nie (Eichrodt, 1961:133).

Die Kanaäniete het 'n natuurgodsdiens beoefen. Hulle gode was natuurgode en hulle feeste was afgestem op die kringloop van die natuur en die landbouseisoene. Israel se feeste daarenteen was ook nog verbind met die herinnering aan God se optrede in die geskiedenis. Die Here is in die feeste geëer as die God wat oor alles heers, wat ook die geskiedenis beheer. Hy is die God wat verlossingsdade vir sy volk bewerk.

Israel het ook 'n magdom wette gehad wat hulle godsdienstige huislike en maatskaplike lewe tot in besonderhede gereël het. Daarmee is die gedagte tuisgebring dat hulle daaglikse lewe tot in die kleinste besonderhede in God se diens staan.

## 6. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:169) oor die sentrale betekenis van die gebooie en van die daarstelling van 'n gepaste kultus in Israel se ontstaan en funksie as God se besondere volk.
2. Vergelyk Eichrodt (1961:167, 444, 476) oor die belangrike rol van voorbidding in verband met versoening; die afwesigheid van 'n outomatiese of meganiese betekenis van offers of ander kultiese verrigtinge; en Jahwe se vrymag in die verhoring van voorbidding.
3. Eichrodt (1967:380-383): Daar is verskillende name wat sonde aandui. Die gemeenskaplike basiese betekenis daarin is 'n optrede wat strydig is met die norm en het te doen met die botsende rigtings van die Goddelike wil en die menslike wil. Vir die betekenis van die woorde vir sonde vergelyk Köhler (1936:157-160), Vriezen (1966:451), Von Rad (1962:262-272), Eichrodt (1961:162): *chatat* (die doel mis), *`awon* (oortree - waarmee die sedelike kant belig word), *pesja* (in opstand wees teen - waarin die wilshandeling belig word). Vergelyk oor sonde en straf hoofstuk 33.
4. Vriezen (1966:274-278; vgl. ook 271-298 vir die bespreking oor die kultus en die feeste) wys daarop dat die kultus nie kosmies is nie, maar 'n middel vir gemeenskap. Die kultus by die Assiries-Babiloniese religie is die allesbeheersende middel tot behoud van god, wêreld en mens en is bedoel om die guns van die godheid te verwerf. Die staat is heeltemal op die kultiese diens ingestel. Die kultus in Israel is egter daar om die verbondsgemeenskap tussen God en mens te onderhou. Met ander woorde, die kultus is daar tot versoening. Die kultus en tempels word nie met die skepping in verband gebring soos by Babel nie. In Genesis 1:28 word die mens by die skepping 'n kultuurtaak gegee, nie 'n kultiese opdrag nie. Die kultus het geen kosmiese betekenis nie, maar 'n suiwer religieuse betekenis.
5. By Israel se bure is die hoofsaak van die Goddelike voorsienigheid die handhawing en herstel van die bestaande orde. Daar kan dus geen sprake wees dat die huidige ondergeskik gestel word aan 'n groot eskatologiese doel wat die beëindiging van hierdie bedeling veronderstel nie.
6. Volgens Eichrodt (1961:110) benadruk die ark meer die nabyheid van God en sy woon onder sy volk; die tent van samekoms meer die ontoeganklikheid van God. Laasgenoemde sê dat God se selfkommunikasie 'n vrymagtige daad van God is "which is not at the beck and call of men".
7. Milgrom (1972:76): Hoewel siekte gesien is as 'n straf op sonde, was die priester in Israel nie 'n dokter, soos sy heidense kollega nie. Behalwe die offerkultus, insluitende spesiale offers in tye van epidemies (Num. 16:46; 2 Sam. 24:25), het priesters slegs verantwoordelikheid in verband met velsiektes gehad, en wel as kwarantynbeamptes.
8. Micklem (1953:11-13): 'n Offer was basies 'n gawe aan God, 'n teken van selfoffer, 'n uitwendige simbool wat die gebed vergesel het. Die aanbidder

het homself met die lewe van die offerdier geïdentifiseer en daarmee 'n deel van homself aan God gegee, 'n deel wat die geheel verteenwoordig. Offers was veronderstel om die uitwendige uitdrukking van 'n innerlike en geestelike houding te wees (Ps. 51:16,17).

9. Vergelyk Eichrodt (1961:176) daaroor dat daar in Israel geen plek vir mistieke gebed was nie, net so min as wat die God van die Ou Testament 'n wese is wat in sy eie geluksaligheid rus. Die gelowige se doel is nie die statiese begrip van die hoogste goed nie, maar die dinamiese feit van die koninkryk van God.

10. Milgrom (1972:68,69, 74): Die kultus het ook die funksie van bekendmaking gehad, in teenstelling tot die heidense nasies by wie dit die voorreg van die priesters was. Die doel van die offersisteem was bekendmaking: die versekering dat God met sy volk is. Hier, anders as by die nasies, was egter nie die opvatting dat die kultus die bekendmaking beheer nie. God se openbaring is altyd 'n daad van sy genade.

11. Vriezen (1966:280-282): Die feeste is gegee tot onderhouding van die gemeenskap van Jahwe en sy volk. In teenstelling tot die Kanaänitiese feeste was Israel s'n nie naturalisties nie, nie gewy aan die bevordering van vrugbaarheid nie. Hulle was op historiese gebeurtenisse betrek en was as landboufeeste dankfeeste.

12. Die vreugdevolle karakter van die rusdag bring ook by die aanbidder tuis dat sy God 'n goedhartige Here is; Hy lê nie op die mens 'n juk wat te swaar is nie (Eichrodt, 1961:133).

13. Vergelyk Von Rad (1962:272), Eichrodt (1961:137) oor reiniging; en Eichrodt (1962:113, 145) oor die Urim, Tumim, Efod en geloftes.

14. Vergelyk Zimmerli (1972:79-84 = 1978:93-99) oor die funksie van die priesters.

15. Vergelyk Westermann (1978:166-171) oor die feit dat Israel se erediens nie gefundeer is op 'n Godsopenbaring by 'n Israelitiese heiligdom nie, maar op 'n Godsopenbaring buite in die woestyn op 'n berg; Jahwe bly nie gebonde nie maar is primêr die God van die geskiedenis.

16. Vergelyk Westermann (1978:171-180) oor die elemente van die erediens: die heilige plek, die heilige tyd, die kasuele erediens, die mens se optrede en spreke in die erediens.

17. Vergelyk Childs (1986:155-171) oor die kultus, onder andere: die heilige dimensie van die werklikheid (heilige tye: die feeste, heilige plekke: die tabernakel en die tempel; heilige voorwerpe; heilige personeel; die kultus as seën; en offerande en versoening.

18. Childs (1986:86-90) kritiseer ten regte die standpunt dat daar 'n teenstelling sou wees tussen die sogenaamde rituele en etiese aspekte van die Goddelike eis en asof daar 'n ontwikkeling was vanaf die rituele na die etiese. Die Ou Testament se kritiek is gerig teen alle menslike reaksie wat God se guns probeer verdien.

## 35. DIE WOESTYNREIS: DIE HERE GAAN VOORT MET 'N MORRENDE VOLK

**(Lev., Num., Deut.)**

### 1. Selfsug en eiewilligheid

Die Here het sy volk geroep om 'n koninkryk van priesters te wees wat sy wil gehoorsaam. Gedurende die woestynreis word dit egter al duideliker dat die volk steeds die teenoorgestelde gesindheid vertoon. Selfsug en eiewilligheid vier die botoon by die gewone volk sowel as die leiers. Die twee seuns van Aäron het hulle byvoorbeeld in die reukwerk nie nougeset aan die voorskrifte van die Here gehou nie (Lev. 10). Dit was in 'n sekere sin 'n herhaling van Aäron se eie sonde van vroeër. Dit gebeur juis op die dag wanneer Aäron sy eerste offers as hoëpriester bring. Aäron het self op dieselfde tyd wat Moses die geskrewe tien gebooie van die Here ontvang het, 'n beeld van God gemaak en die volk dit laat dien - direk teen die tweede gebod in. Die sonde sit diep in die geslagte gewortel. Die Here wys dat Hy eiesinnigheid onder die priesters wil uitroei. Hy straf die twee met 'n onmiddellike dood, en hulle sterf sonder 'n nageslag wat die diens kan oorneem (1 Kron. 24: 2).

Die woestynreis word gekenmerk deur volgehoue murmurering deur die volk. Telkens ontbrand die toorn van die Here teen hulle: Tabera: klagtes en 'n verwoestende brand (Num. 11:1-3); KibrotHataäwa: murmureringe oor gebrek aan vleis, gulsigheid, en hoë sterfgevalle (Num. 11:4 e.v.); Haserot: leierskaptwis van Mirjam en Aäron met Moses (Num. 12); Kades: eers kleingeloof oor die intog in Kanaän, daarna oormoedigheid en eiesinnigheid (Num. 13, 14); oproer in navolging van Korag, Datan en Abiram (Num. 16); Meriba: gemor oor die voortreflikheid van Egipte (Num. 20); Punon: ongeduld oor die lang reis met die omweg om Edom, veragting van die manna, bytende slange (Num. 21). 'n Koperslang is op 'n paal geplaas waardeur die slang se magteloosheid aangedui is. Dié wat gebyt is, moes daarheen opkyk om gesond te word. Redding volg hier op berou en op voorbidding van Moses, maar alleen langs die weg van geloofsgehoorsaamheid (vgl. ook Joh. 3:14, 15). Die woestynreis was inderdaad moeilik en het swaar eise gestel. Die weg van die geloof is egter dikwels so. God stel sy volk voor 'n swaar toets oor hulle vohlarding en dankbaarheid. Hierin skiet Israel te kort en is hulle ook tipies van ons.

Die Here bevestig die leierskap van Moses en van Aäron in hulle onderskeie posisies. Hy laat ook sien dat die priesterskap nie dooie formalisme is nie,

maar dat dit leef en groei en vrug dra. Daarvoor laat Hy Aäron se staf in een nag vol bloeisels, blomme en amandels word (Num. 17). So spruit die lewe wat die Here deur versoening wil gee, uit die priesterlike dienswerk van Aäron.

## 2. Gebrekkige geloofsvertroue

Selfs Moses het in geloofsvertroue te kort geskiet, al is dit om 'n ander rede as die volk. Deur hulle volgehoue murmureringe word die las vir hom te swaar (Num. 11). Die Here kom Moses in sy moedeloosheid tegemoet, maar toon tegelykertyd dat Moses tog deur God se Gees voldoende toegerus was vir sy taak. Van die Gees wat op Moses was, word afgesonder en op sewentig man gelê wat hom voortaan sal bystaan. Die Gees wat op Moses was, was dus wel genoeg, maar hy het moeg geword om daarvan gebruik te maak.

Die bedoeling was ook nooit dat net Moses die Gees sou besit of dat dit net aan die heiligdom gebind sou wees nie. Die Gees van die Here laat ook die ander profeteer, sowel in die heiligdom as in die laer. Moses wens selfs dat die hele volk profete was (Num. 1 1:19, 25, 26). Die Here het so iets trouens met die hele volk beoog (Eks. 19:6). Dit is ook later uitdruklik deur die profeet Joël in vooruit sig gestel (Joël 2: 28).

Dit het geloof vereis om in die land Kanaän te kan ingaan. Die verslag van die twaalf verspieders het duidelik getoon dat 'n intog in Kanaän onmoontlik was. Dit was alleen anders indien Kanaän gesien is as die land wat deur God aan sy volk belowe is. Die verkenners het 'n land aangetref "wat oorloop van melk en heuning", dit wil sê ryk aan landbouprodukte (vgl. ook 16: 13). Daar was egter ook geweldige groot mense, en die stede was groot en versterk. Die Israeliete self was baie minder in getal en was daarby uiters swak bewapen.

Tien van die verspieders skiet in die geloof te kort en meen dat daar nie teen die Kanaäniete opgetrek moet word nie. Die volk verval in angs en moedeloosheid en hulle kom in opstand teen Moses. Hulle beplan selfs om onder 'n ander hoof na Egipte toe terug te gaan. Josua en Kaleb word byna gestenig oor hulle geloof en vertroue op die Here se verlossende teenwoordigheid, maar die Here red hulle deur sy heerlikheid in die tent van samekoms te laat verskyn. Die Here dreig om die volk uit te roei en uit Moses 'n groter en sterker nasie te maak as wat hulle is. Die volk word slegs gered deurdat Moses vir hulle voorbidding doen. Moses beroep hom op die Here se krag, lankmoedigheid en verbondstrou. Die nasies moet tog nie kan sê dat die Here dit wat Hy begin het, onvoltooid gelaat het nie (Num. 14:16, 17).

Sy lankmoedigheid en verbondstrou vergewe die ongeregtigheid en oortreding hoewel Hy dit nie ongestraf laat bly nie, maar die ongeregtighede selfs in die volgende geslagte straf (14:18). Hierdie geskiedenis toon dat ware geloofsvertroue niks minder behels nie as dat 'n mens jou selfs in die dood moet begewe, in die sekerheid dat die Here daaruit kan verlos en lewe gee. Hierin is Kaleb en Josua nie teleurgestel nie.

Die hardnekkigheid van die volk het Moses uiteindelik ook kwaad laat word en in die geloof laat struikel (vgl. ook Ps. 106: 32). By Meriba voer hy nie die Here se opdrag stiptelik uit om met die rots te praat nie, maar hy praat met die opstandige volk en slaan op die rots. Daarvoor word hy swaar gestraf; hy mag nie as middelaar die volk in die beloofde land inlei nie - en dit ná soveel jare van moeite, stryd en voorbidding. Ironies genoeg is dit juis veroorsaak deur Moses se hantering van daardie staf wat hy sedert die uittog soveel kere as middel van die verlossing gebruik het. Daar is dus geen sprake van 'n soort krag wat in die staf self sou wees nie. Dit lê nie binne die mag van Moses om oor die staf en oor sy werking te beskik nie. Die Here alleen bepaal dit. Die mislukking van Moses toon dat geen mens - hoe lankmoedig, voortreflik en gelowig hy ook mag wees - in staat is om werklik 'n middelaar vir die volk te wees nie. Die volk trek hom saam met hulle die dood in!

### 3. God voer sy heerskappy en gemeenskap tog deur

Dwarsdeur die geskiedenis van die woestynreis betoon die Here Hom as 'n regverdige God wat die oortredinge telkens met strengheid straf. Sy straf is ook nie slegs sporadiese optrede teen sondes wat van tyd tot tyd gedoen word nie. Dit trek in 'n brandpunt saam en is radikaal: die volk sal nie die beloofde land betree nie, maar sal in die woestyn sterf!

Ondanks die Here se strenge oordeel betoon Hy groot lankmoedigheid en genade: telkens vergewe Hy en maak Hy 'n nuwe begin met die volk. Hy rus die leiers toe met sy Gees, in besonder vir Moses, en bewerk versoening en lewe vir die volk deur die dienswerk van die hoëpriester.

Die woestynreis word dus gekenmerk deur menslike mislukking, selfs in so 'n mate dat daar geen oplossing meer is nie. Die geslag sterwe sonder om die beloofde land binne te gaan. Tog is dit nie die hoofaksent van hierdie geskiedenis nie. Die hoofnadruk val op God se onstuitbare heerskappy. Helder skyn die soewereiniteit van God wat sy werk laat voortgaan selfs as die volk en hulle middelaar sterf. Ook die dood kon die volvoering van die plan van sy heerskappy nie stuit nie. Hy gaan voort om met sy volk te "wees", onder

hulle te woon en met hulle gemeenskap te beoefen - al is dit uiteindelik 'n volk wat gesterf het en in 'n nuwe geslag opgestaan het! Van die beoogde koninkryk van priesters is daar in hierdie volk weinig of niks te bespeur nie, maar tog is die Here met sy volk op pad...

### 4. Notas

1. Vergelyk Westermann (1978:102-109) oor sonde en straf in die Ou Testament, onder andere in die geskiedenis van die volk en van die enkeling, en oor sonde en vergewing.

## 36. VOOR DIE BELOOFDE LAND: DIE HERE IS DIE HEERSER EN BESITTER

**(Num. 22-25; Deut. 28-32; Jos. 1-5)**

### 1. Bileam: die Here het mag oor mense en magte

Voordat Israel die beloofde land binnegaan, word dit duidelik gestel dat die Here die absolute heerser en besitter van die land en van alles is. Dit kom uit in gebeurtenisse direk voor die intog asook 'n tydjie daarvoor, soos die optrede van Bileam. Bileam was 'n magiër uit een van die ander nasies. Die nasies het geglo dat towenaars en waarsêers invloed uitoefen op die onsigbare dinge soos geeste en demone, en sodoende ook op mense se lewens en op gebeurtenisse. Bileam is deur die koning van Moab gehuur om die volk van die Here te vervloek. Die Here wys egter dat gebeurtenisse nie maar die gevolg is van 'n kragtespel waarop towery 'n invloed kan uitoefen nie. Dit is inteendeel die gevolg van die persoonlike wilsbeslissing van die Here. Hy is in beheer van alles en almal, ook van magiërs. Daarom kan sy volk op Hom vertrou. Niks kan hulle van sy beskutting skei nie. Die Engel van die Here ver hoed Bileam om sy eie hart te volg en die volk te vervloek. Dit is dieselfde Engel met wie Israel die reis begin het; die Here bly getrou aan sy beloftes.

Bileam word selfs teen sy wil deur die Here in diens geneem. Bileam se pratende donkie was in 'n sekere opsig 'n toonbeeld van Bileam self: Bileam tree hier grootliks meganies op, sonder 'n persoonlike wilsaksie. Die Here wys dat sy heerskappy nie slegs uitwendig is nie, maar dat Hy ook die innerlike vermoëns van mense beheers. Hy beheer ook die mense wat voorgee dat hulle magte kan maneuvreer, soos Bileam.

Hierdie gebeurtenis waarsku ook dat waarsêery op die dood afstuur. Die redelose dier bespeur die dreigende engel wat vir Bileam wil doodmaak (22:30) en hy sien dus meer as die magiër, wat meen dat hy in die dinge van die geesteswêreld kan insien en dit kan beïnvloed. Hierdie soort praktyk is magteloos teenoor God se heerskappy en laat 'n mens tot die dood toe verblind wees. Bileam self het blykbaar ook nie deur hierdie wonderlike gebeurtenis tot bekering gekom nie. Hy is later deur Israel in hulle stryd teen die Midianiete doodgemaak (31: 8).

Die Here se verlossingsplan met sy volk is so onweerstandelik dat Hy self persone en magte wat teen Hom gekeer is, gebruik om sy messiaanse koning aan te kondig. Bileam spreek 'n profesie uit oor 'n ster wat uit Jakob te voorskyn kom (Num. 24:17). Dit sien op 'n koning, 'n koning is in die ou Ooste dikwels as ster aangedui. Van hierdie koning sê Bileam: "Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op". In 'n voorafgaande profesie sê Bileam van die volk: "Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin: wie sal Hom opjaag? Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek" (Num. 24:9). Die eerste gedeelte herinner aan die messiaanse profesie van Jakob (Gen. 49: 10) en die tweede aan die roeping van Abraham (Gen. 12: 2).

Bileam kon Israel nie met waarsêery of vervloeking beskadig nie. Hy het dit wel reggekry deur die Moabiete aan te raai om Israel tot uitspattighede en afgodery te verlei (Num. 25:1 e.v.; 31:16 e.v.). Die gevaar lê vir Israel dus nie in 'n geesteswêreld waarteen 'n mens magteloos sou staan as 'n willose slagoffer nie. Dit lê veel meer in verleiding waarin 'n mens 'n persoonlike wilsbeslissing moet doen en waarin jy self verantwoordelik en aanspreeklik is. Hierdie geskiedenis waarsku Israel dus om die regte perspektief op die stryd te hê en om dit in ware geloofsvertroue aan te pak.

## 2. In sy afskeidswoorde hou Moses aan Israel die weg van die lewe en van die dood voor

Moses se afskeidsboodskap om sy volk te vermaan en te bemoedig, spreek van harde realisme. Hy hou aan die volk seëninge voor vir verbondsgehoorsaamheid, maar ewe-eens 'n reeks vervloekinge vir ongehoorsaamheid (Deut. 28). Hy verwyt hierdie halsstarrige volk hulle ongehoorsaamheid van die verlede, waarvoor die Here hulle so moes straf. Terselfdertyd waarsku hy watter straf op toekomstige ongehoorsaamheid gaan volg, die verskrikking van ballingskap (29: 22 e.v.).

Die Here is egter ook 'n genadige God vol verbondstrou. Daarom word Israel opgeroep tot 'n verbondsvernuwing (29:1 e.v.). God is nog: "die Here julle God", maar Hy eis bekering (30:1, 2). Sy genade is so oorvloedig dat Hy self hulle harte sal verander om God lief te hê sodat hulle kan lewe (30:6). Nie minder nie as twaalf keer word die intieme verbondsuitdrukking "die Here jou God" in die tien verse gebruik (30:1-10).

Die volk moet kies. Dit is 'n saak van seën of vloek, lewe of dood (30:19). Om die Here lief te hê is lewe (30: 6, 20); dit is om te doen wat in die wetboek geskrywe is (30:10). Hierdie woord van Hom bring lewe (30:14).

Die stuk openbaringsgeskiedenis wat met Moses afsluit, net soos dié wat met Jakob afsluit, benadruk die dood en verbind dit met die sondigheid van die mens. Die geskiedenis van die uittog loop uit op die dood: 'n hele geslag sterf gedurende die veertigjarige woestynreis. Selfs Moses, die man van God, sterf sonder om die beloofde land binne te gaan - ook as straf op sy sonde. So breek die sonde 'n mens se eindelike lewensbestemming af. Die mees algemene Hebreeuse woord vir sonde, nl. *Geet*, beteken dan ook om jou doel te mis. So loop die lyn van sonde en dood vanaf die paradys onkeerbaar deur die geskiedenis. Tog is daar meer as menslike sonde, mislukking en dood. Daar is die lewe van liefde en gemeenskap met God. Daarom bly die Ou-Testamentiese gelowige aan God vashou, vorentoe kyk, en wag. . . Die Here is die heilige God wat nie die sonde verskoon nie, ook nie dié van Moses nie. Tog is daar iets versoeningsvols en vredevols in die Here se optrede. Hy wys vir Moses die beloofde land uit die verte. Die Here neem self vir Moses weg en begrawe hom. En die volk se reis gaan voort na die beloofde land toe.

### 3. Die land as 'n geskenk en besitting van die Here

Uiteindelik gaan die belofte oor die beloofde land, wat so lank getalm het, in vervulling. Die land is 'n geskenk van die Here, en daarom bly die Here die eienaar daarvan (Deut. 26:1-11). Die volk is bywoners en vreemdelinge wat deur sy goedgunstigheid daar woon (Lev. 25:23 e.v.). Hy verdeel dit onder die verskillende stamme en families. Niemand mag die grond permanent van hulle vervreem nie. Selfs as iemand sy grond deur 'n kooptransaksie of deur skuld verloor het, moet dit op die Jubeljaar weer teruggegee word aan die familie wat dit oorspronklik besit het. So word die Israeliete binne die verbond as gelyke bondelinge gehandhaaf. Ook word daar verhoed dat die verbondsamelewing verdring word deur 'n indiwidualistiese klassestruktuur met verryktes en verarmdes.

Land en nasieskap, net soos land en taal, behoort onafskeibaar by mekaar (Gen. 10:5; 20, 31, 32). Die Here het reeds by die roeping van Abraham aan hom beloof om hom 'n groot nasie te maak en aan hom 'n land te gee (Gen. 12:2). Met die inbesitneming van die land word die belofte aan Abraham vervul en word Israel as volk tot werklike volle lewe gebring. Verlies van die land sou gelyk staan met lewensverlies; ballingskap beteken volksdood, en terugkeer beteken opstanding uit die dood (Eseg. 37). Landbesit vorm ook 'n deel van die nuwe verbond wat die Here later met sy volk sou oprig (Eseg. 36:28).

Om blywend die land te besit, moet Israel gehoorsaam wees aan die Here se gebooie, veral aan dié oor gesag (vgl. die vyfde gebod). Dit begin by die erkenning van ouerlike gesag. Gehoorsaamheid aan God se heerskappy en gemeenskap met Hom kom eerste. Daarom het Israel ook die tien gebooie ontvang voordat hulle die beloofde land ontvang het. Daarom vind daar ook voor die intog 'n verbondsvernuwing plaas en word die Paasfees gevier. Dit was 'n herinnering daaraan dat die volk sy bestaan aan die Here se onverdiende verlossing te danke het en in die beloofde land moet lewe volgens die verbondseise.

### 4. Notas

1. Von Rad (1962:224): Jahwe se verlossende seën vir Israel is die land (*nahala*) en rus van die omringende vyande (*menuha*). Die term *nahala* het 'n lang geskiedenis en het oorspronklik die land aangedui wat deur Jahwe aan die clan of familie toegewys is.
2. Zimmerli (1972:53-58 = 1978:64-69): Israel het nooit 'n bewussyn ontwikkel dat hy inheems tot die land is nie maar het sy land altyd gesien as 'n gawe van Jahwe wat hom uit knegskap gered het. Daardie ontferming wat hom vryheid van sy verdrukkers geskenk het, het hom ook die lewensmoontlikheid in die land geskenk. Dit is 'n gawe uit God se hand.
3. Vergelyk Helberg (1990) oor Israel se verhouding tot sy land.

## 37. JERIGO: DIE HERE BEHEER DIE POORTE NA KAÄNAAN

### (Jos. 6, 7)

### 1. Die Here bewerk deur sy oppermag 'n omkering van Jerigo

Jerigo was vanaf die ooste as 't ware die poort na Kanaän. Dit was 'n baie goed versterkte stad en was besonder strategies geleë. Dit het die deurgang deur

die Jordaanrivier asook die toegang tot die bergagtige binneland beheer. Die Here betoon Hom oppermagtig oor die natuur en oor die nasies deurdat Hy hierdie magtige poort na Kanaän in duie laat stort. Daarmee wys Hy weer eens dat oorwinning geheel en al sy verlossende optrede vir sy volk is. Hulle het niks om op te roem nie, die beloofde land is 'n genadige geskenk van die Here.

Jerigo was 'n banoffer aan die Here, soos 'n eerstelingoffer van die hele land wat nou Israel se deel word (Kroeze). Daarom word die hele land met alles wat daarin is, verwoes. In dié verband moet die volgende in gedagte gehou word: hierdie banoffer is nie net uit kultiese oorwegings gebring nie, dit wil sê net omdat daar uit kultiese oorwegings 'n eerstelingoffer moes wees nie. Dit was in die eerste plek uit etiese oorwegings gedoen; die ongeregtigheid van die Amoriete het nou vol geword (Gen. 15:16). Vroeg in die geskiedenis het die Here al goddelose stede, soos Sodom en Gomorra, vernietig. Dit was waarskynlik deur 'n natuurkatastrofe. Die vernietiging van Jerigo wys dat die Here nie 'n natuurgod of onpersoonlike mag is wat net deur die natuurkragte werk nie. Hy is 'n persoonlike God wat ook in en deur historiese gebeurtenisse werk. Hier gebruik Hy Israel om sy straf aan die Kanaäniete te voltrek.

Die Here verbied dat Jerigo herbou mag word. Met hierdie verbod wil Hy Israel steeds daaraan herinner dat die ontvangs en bewoning van die land 'n genadige geskenk van die almagtige God is. Sy volk moet op Hom persoonlik vertrou. Wie Jerigo wil opbou, sal vervloek wees, ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit (Jos.6: 26). Dit is 'n saak van lewe en dood dat Israel al hulle vertroue op die Here moet stel en nie op eie krag of strategie moet staatmaak nie - daarom hierdie ontsettende dreiging.

Hierdie Goddelike dreigement is in die tyd van koning Agab deur Hiël verontagsaam, met fatale gevolge (1 Kon. 16:34). In daardie tyd het dit geskyn of die Baäls die oorhand het, want die Baälgodsdiens was toe die Tienstammeryk se staatsgodsdiens. Die geloof in die Here as enigste en lewende God, wat lewe wek en in stand hou, is ingeruil vir die geloof in die Baälgode van lewe en vrugbaarheid. Dan betoon die Here Hom as beskikker oor lewe en dood. Hy is meer as 'n natuurgod. Hy bly aan die stuur van die geskiedenis en Hy werk met 'n groot plan, selfs oor die eeue heen. Hy laat die eeue-oue vloek in vervulling gaan. Hy alleen is God.

## 2. Die Here bewys ook genade in Jerigo

Die Here betoon Hom as regverdige God. Hy laat die ongeregtighede nie ongestraf bly nie, maar laat 'n skrikwekkende oordeel daaroor aanbreek. Tog is Hy tegelykertyd 'n God van grondelose genade. Hy spaar Ragab en haar familie en plaas die banvloek eintlik in trurat. In plaas van hulle dood te maak, word hulle gespaar en boonop by die verbondsvolk ingelyf.

Hierdie gebeurtenis heel aan die begin van die intog moet in gedagte gehou word oral waar daar sprake is van die toepassing van die banvloek oor die Kanaäniete. Dit is seker nie so dat daar geen uitsonderings by hierdie massale teregstellings was nie. Dit is egter ook duidelik dat die alternatief vir die toepassing van die banvloek nie bloot was om lewens sonder meer te spaar nie. Dit was om hulle in te lyf by die volk van die Here. 'n Mens sou kon sê daar was alleen redding deur geloof en bekering.

Die banvloek bevat vir ons gevoel iets weersinwekkends. Ons moet egter die volgende daarby in gedagte hou: dit was die algemene gebruik in daardie dae om die bevolking van oorwonne stede dood te maak of as slawe weg te voer. Die toepassing van die banvloek by Israel het onder andere ten doel gehad om plunderoorloë by die Israeliete te ontmoedig. Die oorloë by die intog moes nie oorloë ter verryking wees nie, maar dit was 'n strafvoltrekking van die Here oor die ongeregtigheid van die Amoriete. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die geregtigheid van God eis dat alle ongeregtigheid gestraf moet word. Alleen deur die lyding van Jesus Christus kon daar 'n ander weg geopen word, een waarin die heldere lig op sowel God se geregtigheid as sy genade val.

## 3. Die Here bewerk ook 'n innerlike omkering in Jerigo: Ragab

Die geskiedenis van Ragab wys dat God se heerskappy nie net 'n uitwendige oorweldiging van stede, mense en volke behels nie. Hy bewerkstellig ook en veral 'n innerlike omkering van mense. Met die val van die mure van die strategiese stad Jerigo het die hele Kanaän in beginsel reeds militêr geval. So het dit ook in beginsel geestelik geval met die "val" van die mure van Ragab se hart. Ragab was 'n prostituut. Daarin was sy in 'n sekere sin kensketsend van die godsdiens en moraal van die Kanaäniete. Hulle vrugbaarheidskultus het rites soos heilige prostitusie ingesluit. Daarmee wou die Kanaäniete vir die bevolking deel kry aan die lewewekkende krag van die godheid en wou hulle terselfdertyd daardie lewewekkende krag stimuleer. Daarom is hierdie godsdiens van die god Baäl en die godin Astarte of Asjera in die Ou

Testament hoerery genoem. Hierdie vergoddeliking van seks en van die rites wat daarmee gepaard gegaan het, het uit die aard van die saak 'n invloed op die Kanaäniete se moraal uitgeoefen. Die ongeregtigheid van die bevolking van Kanaän het inderdaad vol geword.

Israel is later in die beloofde land dikwels deur hierdie godsdiens bekoor en verlei, telkens tot groot ellende. Hierdie geskiedenis heel aan die begin van die intog wys dat die teenoorgestelde behoort te gebeur het. Hier word 'n sendingtaak vir Israel geïmpliseer. Mense wat in die sondedood lê, behoort deur die gelowiges tot bekering en lewe getrek te word. God se mag en genade maak dit moontlik. Ragab word daardeur in die Nuwe Testament self as een van die uitstaande voorbeelde van 'n gelowige vermeld (Hebr. 11:31).

## 4. Die Here eis onvoorwaardelik gehoorsaamheid van sy volk: Agan

Op die bondsvolk se groot oorwinning by Jerigo volg 'n onverwagte neerlaag te Ai (Jos. 7 e.v.). Dit is omdat Agan van die bangoed van Jerigo geneem het. Daarom moet Agan met sy familie en al met die dood boet. In hierdie geskiedenis van Agan wys die Here dat Hy 'n heilige God is. Hy eis ook van sy eie volk absolute en onvoorwaardelike gehoorsaamheid in die beloofde land. Verder laat Hy sien dat sonde nie maar 'n geïsoleerde en indiwiduele saak is nie. Dit stort ook ander mense saam met die sondaar in die ongeluk. 'n Samelewing, ook 'n volk, is 'n organiese eenheid, daarom affekteer die een mens se doen en late die ander. Mense is in 'n sekere mate vir mekaar se optrede verantwoordelik. Dit bly selfs vandag in die mees indiwidualistiese samelewing in 'n mindere of meerdere mate die geval. Die een mens is ook die ander se hoeder.

## 5. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:428) oor Jos. 7:19 rakende die tendens in die Ou Testament om die sondaar innerlik van sy sonde te oortuig.

## 38. DIE RIGTERTYD: 'N OORGANGSTYD VIR ISRAEL

**(Rigt.)**

### 1. Die inbesitneming van die beloofde land onder Josua voltooi

Josua was die man wat Moses opgevolg en die Israeliete in die beloofde land ingelei het. Hy het die werk wat Moses begin het, voltooi. Daar is dan ook 'n groot ooreenkoms tussen die roeping en optrede van Moses en van Josua. Josua word bemoedig voor hy die volk in Kanaän inlei (Jos. 5). Net soos by die roeping van Moses word die heiligheid van die Here hier benadruk en word Josua beveel om sy skoene uit te trek omdat hy op 'n heilige plek staan. Josua en die volk moet onthou dat hulle ten volle in die Here se diens staan.

Net soos Moses rig Josua ook laaste woorde van vermaning ter bemoediging aan die volk en laat hulle hulleself plegtig daartoe verbind om die Here alleen te dien (Jos. 24, veral v. 14 e.v.). Israel verkeer in hierdie tyd in 'n oorgangsperiode. Reeds by die begin van die intog het hulle gebraaide koring geëet as die eerste opbrings van die beloofde land. Toe het die direkte versorging met die manna opgehou (Jos. 5:12). Die buitengewone versorging geld net vir buitengewone tye. Die Here sluit by die natuurlike lewe aan en versorg sy volk langs die weg van hulle natuurlike inspanning. Dit geld ook vir die militêre veroweringe in die beloofde land. Na die aanvanklike wonderdadige oorwinnings soos die by Jerigo, kom daar 'n tyd dat die Here veel meer eise aan die volk se inspanning en volharding stel. Dit is juis gebrek aan geloof, inspanning en volharding wat daartoe gelei het dat die Israeliete verslap het in die verdrywing van die Kanaäniete (Rigt. 1: 19).

### 2. 'n Oorgangstyd in internasionale toestande

Gedurende die tyd wat die Israeliete Kanaän binnegeval en hulle daar gevestig het, het daar groot volksverskuiwings in die destydse wêreld plaasgevind. Indo-Germaanse volke het die Hetitiese ryk, wat sy invloed tot in Kanaän laat geld het, afgetakel. 'n Deel van hulle het as die sogenaamde seevolke Egipte aangeval en sy kragte verswak. Daardeur kon Egipte voorlopig geen heerskappy oor Kanaän en Sirië meer uitvoer nie en gevolglik ook nie die Israeliete daar onderwerp nie.

'n Gedeelte van die seevolke, naamlik die Filistyne, het hulle in die Kanaänitiese kusgebied in vyf stadsryke gevestig. Hulle was van die gevaarlikste vyande van die Israeliete en was so belangrik dat die latere naam Palestina aan hulle ontleen is. Dit was die begin van die ystertyd en die Filistyne het die

monopolie op ysterbewerking vir hulleself afgedwing. Daardeur was hulle veel beter gewapen as die Israeliete, totdat Dawid hulle beslissend verslaan het.

In die Oos-Jordaan het nomadestamme klein koninkryke gevestig, naamlik Edom, Moab, Ammon en Aram. Ook hulle het dit vir die Israeliete dikwels moeilik gemaak. Roofsugtige Bedoeïene was ook 'n groot gevaar omdat hulle die Israeliete se vee weggevoer het en veral met oestye die oeste weggeroof het. Veral die Midianiete was lewensgevaarlik, want hulle het kamele as rydiere gebruik en kon sodoende vinnig toeslaan en weer verdwyn.

Die Here betoon Hom as die God wat al hierdie verwikkeinge en situasies gebruik om sy volk in die beloofde land te plant - nie sonder inspanning, opoffering en volharding van hulle kant nie. Dit is veel eerder soos die uittog uit Egipte en die res van sy verlossingswerk: dit is as 't ware lewewekking uit 'n ondergangs- of doodsituasie.

### 3. 'n Kulturele oorgangstyd vir Israel

Dit was vir die Israeliete 'n oorgangstydperk. Hulle moes van 'n herdersvolk na 'n landbouvolk verander en moes in die proses groot veranderings en aanpassings maak. Die vroeëre tentbewoners moes nou huise bou en selfs leer om sterk stede op te rig. 'n Ruilhandel ontstaan en die handelsverkeer bring aanraking met nuwe dinge en idees. Verder raak die patriargale bestuurs- en regsorganisasie van die gevestigde nomadebevolking uitgedien vir die dorps- en stadslewe. Dit vra nuwe bestuursinstellings. 'n Lewenswyse wat behoudend is vir Israel se godsdienstige opvattings verander in 'n individualistiese dorps- en stadslewe. Die Israeliete was in hierdie tyd dus in 'n baie ongemaklike en kwesbare situasie.

In teenstelling met die situasie van die Israeliete was die van die Kanaäniete baie gunstig. Hulle het 'n gevestigde kultuur gehad en was op kulturele gebied die Israeliete se meerderes. Dit het die groot gevaar ingehou dat die Israeliete die Kanaänitiese idees en begrippe sonder meer kon oorneem. Kultuur is ten nouste aan die godsdiens verbonde, en daarom gaan kulturele beïnvloeding gewoonlik gepaard met godsdienstige beïnvloeding. Israel het in die oud-Oosterse voorstellingswêreld gedeel. Volgens Josua se laaste woorde aan die volk het hulle vaders, voor Abraham, bowendien oorkant die Eufraat vreemde gode gedien (Jos. 24:2). Die heidense beskouinge kon dus ook maklik by Israel 'n antieke aanknoopplek vind.

## 4. Godsdienstige beïnvloeding afgeweer

Die Kanaäniete het 'n natuurgodsdiens beoefen. Hulle het hulle opvattings oor die gode uit die natuur en die natuurprosesse afgelei. Die gode was eintlik maar verpersoonlikte natuurprosesse of natuurverskynsels. El is as die hoofgod van die panteon beskou. Hy was egter ver verhewe en daarom in die praktiese verering verdring deur die god Baäl en die godin Asjera. Baäl is 'n algemene aanduiding en beteken heer of besitter. Daar was waarskynlik meer as een plaaslike Baäl. Baäl het veral met vrugbaarheid van die oeste te doen gehad. In die reënlose somerseisoen het die god Mot (=dood) die oorhand oor Baäl gekry. In die reënseisoen het hy egter uit die dode herleef en dan het die groen gras en plante uitgespruit. Baäl is veral in heilige boomstamme (*massebas*), voorgestel. Op die hoogtes is daar vir hom en die godin Asjera of Astarte geoffer. Daar het die aanbidders hulle nader aan die gode gevoel. Asjera is veral voorgestel in 'n paal ('n *asjera*). Sy was die godin van menslike vrugbaarheid. By hierdie gode se feeste het drank, wilde danse en sinlikheid 'n groot rol gespeel (1 Kon. 18; Hos. 4:11, kyk ook die bespreking by Ragab).

Die Israeliete het hulle inderdaad dikwels laat verlei om aan die Kanaänitiese godsdienstige gebruike deel te neem. Tog is hierdie gebruike en invloede steeds deur die openbaringspersone as afdwaling en afgodery uitgewys. Dit het geen vastrapplek in die interne struktuur van Israel se unieke monoteïstiese godsdiens gekry nie. In hierdie opsig het die volk van die openbaring hom onderskei van andere. By die andere het die veroweraar gewoonlik die godsdiens van die landbewoners aangeneem as hy daar gaan woon. Elke gebied het sy eie god en hy moet in daardie gebied vereer word, so het hulle geglo. Die God van Israel is egter nie 'n natuurgod nie en is daarom ook nie tot 'n gebied beperk nie. Hy is die enige God van die hele aarde en van alle nasies. Hy laat Hom geld en laat Hom deur sy volk erken, ook al het sy volk ontrou geword en hulle laat verlei om afgode te dien. Hy is die ware en lewende God.

## 5. Notas

1. Kyk Eichrodt (1961:115-117) vir die aard van die Kanaänitiese godsdiens en die invloed daarvan op Israel, soos in die diens van die heilige bome en die godin Asjera en in die bulaanbidding.

2. Vergelyk Zimmerli (1972:69 = 1978:81) vir 'n vergelyking tussen Moses en Josua.

# 39. DIE RIGTERS: GODDELIKE REDDING IN 'N NOODSITUASIE

**(Rigt.)**

## 1. Geen sentrale politieke gesag in Israel nie

Die Israeliete het gedurende die rigtertyd geen sentrale politieke gesag gehad nie. Hulle was nóg geografies nóg polities 'n eenheid en het in 'n groot mate as verskillende stamme afsonderlik bestaan en opgetree.

Die Jordaanrivier het die stamme oos en wes daarvan geografies verdeel. In die Wes-Jordaanland was die stamme in die Judese heuwelland in die suide geskei van dié in die gebergtes van Efraim in die noorde. Die vlakte van Jisreël het laasgenoemdes weer van die stamme in Galilea geskei. Die Israeliete het daarom in hierdie tyd geen sentrale politieke gesag of leier gehad nie. Hulle was eintlik alleen deur hulle godsdiens saamgesnoer. Die verbondsark was die saambindende instelling. Dit het in Silo gestaan, hoewel ander plekke soos Gilgal, Mispa en Betel ook van tyd tot tyd as sentrums kon gedien het (Jos. 18:1; Rigt. 18:31; 1 Sam. 1:3; Rigt. 2:1; 20:1, 18). Die Israeliete kon alleen 'n eenheid vorm wanneer die verskillende stamme 'n sterk lojaliteit aan die verbond en verbondsbepalings gevoel en beoefen het.

Die Israeliete was dus eintlik 'n godsdienstige bondgenootskap, 'n soort stammeverbond. Sommige geleerdes beweer dat die Israeliete in werklikheid niks meer as 'n godsdienstige stammebond was wat eers in daardie tyd tot stand gekom het nie. Die verskillende stamme sou dan geen gemeenskaplike afstamming gehad het nie. Die ses Lea-stamme sou glad nie in Egipte gewees het nie maar sou in Kanaän 'n konfederasie gevorm het. Dit was dan alreeds goed gevestig toe die huis van Josef onder Josua die land binnegekom het. Josua sou daarna die groter konfederasie tot stand gebring het. Hierdie stammebond word dikwels amfiktionie genoem. Die woord is ontleen aan die Griekse geskiedenis. By die Grieke het dit 'n groep stede aangedui of groepe mense met 'n gemeenskaplike heiligdom en verpligtinge. Ander geleerdes meen egter dat daar min ooreenkoms tussen die Israelitiese struktuur en die werklike amfiktionie was. Die bogenoemde beskouinge oor die konfederasie van stamme is ook in stryd met wat die Bybel leer.

## 2. Afvalligheid, verdrukking en verlossing

Die kenmerk van die rigtertyd is dat die Israeliete afvallig word van die verbond, dan verdruk word deur die vyande en uiteindelik gered word deur die Here se genade. In hierdie tyd staan twee sake soos twee pole teenoor

mekaar. Enersyds is die volk ontrou aan die verbond. Daardeur verbrokkel die nasionale eenheidsgevoel en word die volk telkens die prooi van vyande. Aan die ander kant voer die Here desondanks sy heerskappy oor Israel deur, bly 'n besondere verbondsverhouding met hulle handhaaf en verwek telkens 'n rigter om hulle te verlos.

Die skrywer van die boek Rigters bring hierdie feit sterk na vore deur die struktuur van sy boek. Dit word beheers deur min of meer die volgende refrein: "En die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en die Here het hulle verkoop in die hande van So-en-so, die koning van So-en-so. En hy het hulle soveel jaar verdruk. En hulle het tot die Here geroep en Hy het 'n verlosser vir hulle verwek, naamlik So-en so, die seun van So-en-so, en hy het teen So-en-so die koning van So-en-so geveg en Israel verlos. En die land het soveel jaar rus gehad".

### 3. Rigterskap: nie menslike prestasie nie, maar Goddelike ingryping

In die rigterskap staan nie menslike optrede of prestasie op die voorgrond nie, maar die verlossende werksaamheid van die Here. Met die volk en sy lede was dit godsdienstig en sedelik swak gesteld. Dit was selfs die geval met sommige persone wat deur die Here as rigters gebruik is en vir daardie doel deur sy Gees toegerus is. Daar word van Simson en andere gesê dat die Gees van die Here oor hulle vaardig geword of oor hulle gekom het. Dit beteken dat 'n besondere ingryping van God hierdie mense oorweldig het. Dit het dus enigsins gewelddadig gebeur. So alleen kon daar in hierdie ruwe situasie met sy ruwe persone werklik iets gedoen word wat in lyn met God se openbaringsgeskiedenis lê. Simson en Jefta was byvoorbeeld alles behalwe voorbeeldige persone. Hulle is meer deur die Gees oorweldig as dat hulle in harmonie met die Gees en die wil van die Here geleef en opgetree het.

Die rigters is dan ook nie in die eerste plek as nasionale helde gesien en geëer nie. Hulle is veel eerder beskou as werktuie van die Here waarmee Hy sy heerskappy oor en in sy volk handhaaf ondanks die swak situasie van die volk in al sy dele.

Die rigterskap was ook nie oorerflik nie, maar was beperk tot die een persoon wat deur die Here so besonderlik geroep en toegerus is vir daardie situasie. Ook was die rigterskap nie in geografiese sin nasionaal nie. Die rigters het net plaaslik oor een stam of enkele stamme gerig. Slegs in tye van groot nasionale nood of 'n algemene en ernstige bedreiging het ook die ander stamme hulle om die rigter geskaar. Die rigters was egter nie net militêre

persone nie, minstens sommiges van hulle het ook beslissings gelewer in geskille en regsake.

## 4. Menslike onvermoë laat die stammebondgenootskap misluk as regeringstruktuur

Die stammebondgenootskap was nie 'n ideale regeringstruktuur nie. Die volk was te sondig en te afvallig daarvoor. Die skrywer van die boek Rigters tipeer hierdie tyd so: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (17:6; 21:25). Ook die koningskap is nie as 'n ideale regeringstruktuur gesien nie. Die koningskap is byvoorbeeld vir Gideon aangebied, maar hy het dit verwerp. Hy het dit beskou as iets wat teenstrydig is met die teokratiese aard van Israel se godsdiens. Die Here is die Koning van Israel (Rigt. 8: 25).

Israel behoort 'n koninkryk van priesters te gewees het (Eks. 19:6). Elke Israeliet behoort die Here te geken het deur die verbondsbepalings en deur persoonlike gemeenskap met Hom. Dit het veral gekonsentreer in die lewe om die verbondsark. In plaas daarvan het die Israeliete egter elkeen sy eie kop gevolg. Dit was die stammebondgenootskap wat misluk het, nie die rigterskap nie. Die rigterskap was nie bedoel as 'n regeringstruktuur nie. Dit was die Here se buitengewone maatreël ter verlossing waar die stammebond misluk het. Israel wou nie en kon nie hulle buitengewone karakter as verbondsvolk van die Here tot uitdrukking bring in 'n besonderse regeringsopset nie.

## 5. Notas

1. Vergelyk Zimmerli (1972:70-72 = 1978:83-86) vir 'n vergelyking tussen rigters en nasireërs.

# 40. RUT: BY DIE GOD VAN ISRAEL IS DAAR 'N TOEVLUG

**(Rut)**

## 1. Die Here se heerskappy word skynbaar deur die werklikheid geloënstraf

Volgens 1: 1 speel die geskiedenis van Rut af "in die dae toe die rigters geregeer het". Die boek Rigters teken die koninkryksheerskappy van God in wonderlike militêre en ander oorwinnings. Die boek Rut bring 'n ander kant

van God se koninkryksheerskappy aan die lig, naamlik die onsigbare, innerlike en alledaagse. In hierdie geskiedenis skyn dit egter aanvanklik of die Here se heerskappy deur die werklikheid geloënstraf word. Naomi se man se naam was Elimeleg. Dit beteken my God is koning. Dit het egter gelyk of hierdie naam en die belydenis wat daarin vervat is, misplaas is. Hierdie man moes weens 'n hongersnood uit die beloofde land na die land Moab uitwyk. Dit roep allerhande vrae op: is die beloofde land dan nie volgens belofte die land wat oorloop van melk en heuning nie? En is die Here dan nie die koning wat in besonder oor hierdie land regeer en daarvoor sorg nie? Elimeleg en sy gesin het nie kos in Kanaän nie. Boonop sterf Elimeleg se geslag daar in die vreemde uit. Eers sterf hyself en dan sy enigste twee seuns. Hulle sterf kinderloos. Alleen sy vrou Naomi bly oor saam met haar skoondogters.

Die Here is in hierdie geskiedenis egter besig om teen alle skyn van die werklikheid in, sy koninkryksheerskappy uit te oefen en 'n grootse plan uit te voer. Dit is 'n plan wat nasies oorspan. Hy is besig om 'n vrou uit 'n heidense nasie in sy bondsvolk in te trek. Wat meer is, dit is 'n plan wat ook die tyd en die ruimte oorspan. Die slot van die boek benadruk dat hierdie vrou ingeskakel word in die geslagslyn wat sou uitloop op die groot koning Dawid. (So word hierdie vrou dus ook een van die voorouers van Jesus Christus, Hy deur wie die verlossing vir alle nasies berei sou word.)

## 2. Die Here is werklik teenwoordig te midde van leegheid en dood

Sake het vir die familie van Elimeleg so skeef geloop dat daar skynbaar niks is wat mense tot die geloof in sy God kon trek nie, veral nie vir 'n buitestaander nie. Naomi is 'n weduwee en is van alles gestroop, sy is in rou, verarmd, kinderloos en ellendig. Maar in hierdie skynbaar leë situasie word daar duidelik en aangrypend bely dat die Here werklik teenwoordig is. Hoewel die Here skynbaar afwesig is, is Hy so teenwoordig dat Rut die werklikheid daarvan ervaar. Daardie persoonlike teenwoordige werklikheid van God is meer as die besit van die dinge of persone wat gewoonweg die lewe maak. Dit is opvallend dat dit juis te midde van die atmosfeer van rou en dood is wat Rut die Here vind. Die Here is vir haar 'n groter werklikheid as die dood wat oënskynlik alles in hierdie gesin verslind het.

Rut kon natuurlik nog nie besef wat die Here se doel met hierdie stukkie geskiedenis was nie. Uiteindelik kom daar weer nuwe lewe in die gesin. Rut kan vir Naomi die geslagslyn voortsit deur in die familie in te trou en 'n kind in die wêreld te bring. Met hierdie koms van die saak openbaar die Here Hom as lewewekkende God. Hy het 'n gesin as 't ware uit die dood uitgehaal en

daar nuwe lewe te voorskyn geroep. Hierdie gesin het as 't ware gesterf en opgestaan.

Die geslagslyn van Dawid, wat op Jesus Christus uitgeloop het, het nog minstens twee soortgelyke gevalle bevat waar die Here 'n wonderbaarlike manier lewe gewek het. Dit was Isak en Ragab (Matt. 1). In die geval van Isak was dit liggaamlike lewewekking en in die geval van Ragab geestelike. God se lewewekkende krag sou in Jesus Christus self ten volle geopenbaar word.

### 3. Die Here buig mense se harte, en Hy gebruik sy gelowiges daarvoor

Die Here het Hom reeds eerder in die geskiedenis van Israel se vestiging in Kanaän geopenbaar as die God wat met sy heerskappy mens se hart buig en trek. In die geskiedenis van Bileam het Hy gewys dat Hy mag het oor die wil van 'n mens en dat Hy die mens as 'n werktuig kan gebruik selfs al is die mens onwillig. In die geskiedenis van Ragab het Hy bewys hoe Hy 'n positiewe verandering van hart by 'n mens kan laat ontstaan. In die geval van Rut kom dit nog veel ryker uit. Met groot bewoënheid word haar geskiedenis beskryf en haar positiewe, aangrypende belydenis meegedeel: "Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die Here so aan my doen so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en U" (1: 16,17).

Die bekering van Rut het nie in 'n lugleegte ontstaan nie, maar in en deur haar omgang mèt Naomi. Haar belydenis spreek dit duidelik uit, sy wil aan Naomi verbind wees en verbind bly. Dit is op daardie manier wat sy wil deel hê aan Naomi se volk en haar God. Dit is trouens in die saamlewe met Naomi wat sy bewus geraak het van God se teenwoordigheid in Naomi se lewe. So laat die boek Rut op 'n kragtige manier die persoonlike karakter van die Ou-Testamentiese godsdiens aan die lig tree. Dit getuig van die persoonlike teenwoordigheid van God en van die persoonlike omgang tussen Hom en Naomi sowel as tussen Hom en Rut. Maar dit getuig ook van hoe Naomi se geloof in haar gewone omgang met Rut gestalte gekry het. Die verbond van God impliseer liefde tot God en liefde tot die naaste. Rut se belydenis van haar verbondenheid aan Naomi getuig ook van die aard van die verbond. Dit impliseer verbondenheid aan God en verbondenheid aan die bondelinge.

## 4. Die Here wys eksklusiewe nasionalisme af

Die boek Rut toon dat die volk van God volgens God se bedoeling nie 'n geslote iets was nie. Dit het oopgestaan vir die mense uit ander nasies wat hulle wou bekeer. Die Here is nie net 'n plaaslike God nie, maar 'n universele God met 'n universele verlossingsplan. Israel het 'n priesterlike roeping gehad teenoor die nasies en moes hulle na God toe trek.

Dit het nie beteken dat Israel 'n onbeperkte of ongekwalifiseerde oopheid na die nasies toe moes openbaar nie. So iets word in die boek wat direk op die boek Rut vog, veroordeel. Die Here en Samuel veroordeel die begeerte van die volk om 'n koning te hê sodat hulle soos die nasies kan wees (1 Sam. 8:5, 6, 20).

## 5. Die Here se koninkryk raak gewone mense en die alledaagse lewe

Die Here het nie net deur die rigters gewerk nie. Hy het sy koninkryksheerskappy nie net op 'n opspraakwekkende manier en deur opspraakwekkende en belangrike persone getoon nie. Die geskiedenis van Rut is die geskiedenis van alledaagse mense in die gewone lewe. Dit wys hoe God se koningsheerskappy te doen het met die gewone lewe met sy gewone menslike en persoonlike probleme. God gee daar lig en stukrag en oorwinning.

Wat die boek Rut verkondig, lê heeltemal in lyn met wat reeds in Gen. 1 geleer word. God se koninkryk het nie in die eerste plek te doen met vorste of groot instellings of met opspraakwekkende gebeurtenisse nie. Dit het in die eerste plek te make met die gewone mense. Die mens is as koningsmens geskape. Die koninkryk is in elke mens se lewe 'n aktuele saak.

## 6. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:176) daaroor dat alles onder die Goddelike beskikking staan.

# III DIE INSTELLING EN VERLOOP VAN DIE KONINGSKAP (SAM. - ESTER)

## 41. SAMUEL - DIE HERE MAAK 'N NUWE BEGIN MET ISRAEL

**(1 Sam. 1-7)**

### 1. Die Here verwek nuwe lewe uit 'n liggaamlike, staatkundige en godsdienstige doodstoestand

Die boek Samuel beskryf die instelling van die koningskap in Israel en hoe dit ware gestalte gekry het in Dawid. Die boek begin egter met die familiegeskiedenis van gewone, alledaagse mense. Dit getuig van die belangrike betekenis wat die gewone mense in die koninkryk van God het. Eers word Samuel se vader se geslagregister gegee. Dit bevat die name van onbekende persone. So laat die begin van die boek al sien dat dit hier nie in die eerste plek om menslike optrede of prestasie gaan nie. Dit gaan om die deurvoering van God se heerskappy dwarsdeur die geslagte.

Die Here verwek lewe uit die onvrugbaarheid van Hanna. Dit is doel van 'n tema wat by die aanvang van Israel se geskiedenis al begin het. Hier in 1 Samuel gee die Here uitkoms uit 'n drieërlei bedreiging. Hy verwek lewe uit 'n liggaamlike, staatkundige en godsdienstige onvrugbaarheid of doodstoestand. Hanna sing 'n lofsang waarin sy 'n verband tussen hierdie dinge lê (2:1-10). Israel se politieke volksbestaan was op die punt om deur die Filistyne doodgewurg te word. Ons hoor byvoorbeeld spoedig hoedat Israel 'n smadelike neerlaag toegedien word en dat 'n ontstellende ding gebeur: die verbondsark word weggevoer. Die simbool en bewys van die Here se teenwoordigheid by sy volk en van sy beskerming, is nou by die Filistyne! (1 Sam. 4.) Op godsdienstige gebied was dit ewe beroerd in Israel. By die sentrum van aanbidding het niemand anders as die priesters nie die grootste goddeloosheid gepleeg (2:12 e.v.). Die lae godsdienstige peil van die priesterskap en volk het gepaard gegaan met 'n gebrekkige openbaring van God se woord. Die Here ontneem sy besondere ryke, persoonlike gemeenskap aan sy volk (3:1 e.v.; 7:3 e.v.) (vgl. ook hoofstuk 65).

Uit hierdie politieke en godsdienstige doodsituasie maak die Here 'n heeltemal nuwe begin. Hy spreek die doodsoordeel uit oor die priesterlike geslag van Eli en roep 'n jong kind deur wie Hy sy volk uit hierdie toestand sal red.

## 2. Die Here keer die rolle in die samelewing om

Hanna se lofsang werp lig op die aard van die Here se koninkryksheerskappy. Die Here keer die rolle in die samelewing om. Hy neem die saak van die geringes en veragtes op teenoor die hoogmoediges. Daarom dra die openbaringsgeskiedenis, en so ook die gewone lewe, 'n paradoksale karakter. Dit word gekenmerk deur 'n onverwagte verloop van sake. Dit is omrede die sondigheid van die mens. Die mens misbruik telkens sy posisie, soos die bevoorregte Peninna teenoor die kinderlose Hanna en soos die korrupte tempeldienaars, byvoorbeeld Eli se seuns. Die gevolg is dat God drastiese veranderings moet aanbring.

Hierdie lofsang van Hanna sê egter nie dat die Here die saak van die armes en hulpeloses opneem net omdat hulle arm is nie, want dit praat ook uitdruklik en in een asem van hulle as sy gunsgenote. Dit is dié wat deur Hom begenadig is, wat volgens sy verbond lewe en op Hom vertrou.

## 3. Eli: Die Here straf onpersoonlike en halfslagtige diens

Eli was 'n toegewyde hoëpriester. Hy het byvoorbeeld vir Hanna vermaan toe hy gedink het dat sy dronk die tempel besoek (1:14). Hy het ook sy seuns aangespreek oor hulle sondes en het die ontsettende erns daarvan benadruk. Dit is 'n vergryp teen God, het hy gewaarsku, en daar is in so 'n geval geen skeidsregter wat kan optree nie (2:23 e.v.). Tog het Eli nie deurtastend genoeg gehandel nie. Daarom straf die Here hom, en wel so ernstig dat die Here sy vroeëre belofte van 'n ewige priesterskap herroep. Die priesterlike geslag van Eli sal ondergaan (3:13).

Eli vertoon wel iets moois, hy openbaar 'n diepe onderworpenheid aan God. Sy reaksie by die oordeelsaankondiging oor hom is byvoorbeeld aangrypend. Hy sê: "Hy is die Here: laat Hom doen wat goed is in sy oë " (3:18). Eli is egter te passief en aanvaar die oordeel te meganies en gelate. Hy lê te min persoonlike inisiatief, verantwoordelikheid en durf aan die dag. Daar is by hom te min stryd met God en met die mense - so anders as byvoorbeeld by Jakob, veral toe Jakob by Pniël met die Here geworstel het.

Die Here straf hierdie houding van Eli besonder streng. Dit moet vir alle latere priesters as 'n waarskuwing dien teen passiwiteit in die priesterdiens. Die priesterdiens mag nooit in vormdiens ontaard nie. Terselfdertyd wil die Here met hierdie optrede teen Eli die latere priesters aanspoor tot aktiewe optrede teen misstande.

## 4. Die Here verwerp die volk se onpersoonlike benadering van sy teenwoordigheid

Die volk het 'n onpersoonlike benadering van die Here se teenwoordigheid gehad. Daarom openbaar hulle 'n soort magiese opvatting van die verbondsark en meen dat die teenwoordigheid van die Here sonder meer aan die ark verbind is. Om hierdie rede laat hulle die ark na die gevegsterrein toe haal om hulle teen die Filistyne te help. Die Israeliete verantwoord dus nie hulle persoonlike verhouding met die Here en stel hulle persoonlik voor sy aangesig nie (1 Sam. 4). Die Here is egter nie 'n onpersoonlike God soos 'n onpersoonlike krag wat in iets, soos in die ark, setel nie. Daarom mag die ark ook nie gebruik of misbruik word om die Here se oorwinnende teenwoordigheid by sy volk te waarborg nie. Om hierdie rede laat die Here die Israeliete 'n neerlaag ly en laat Hy die ark na die Filistyne wegvoer.

Die Here toon egter ook duidelik dat dit nie vir Hom 'n neerlaag is nie. Selfs in die Filistynse gebied oefen Hy nog volle heerskappy daaroor uit. Sy "hand", naamlik sy mag, tref die Filistyne terwyl hulle eie god sy hande verloor (5:4, 6). Die Here sorg ook self dat die ark na Israel toe terugkeer (6:1 e.v.). By hierdie geleentheid straf Hy sy volk omdat hulle die ark oneerbiedig en nuuskierig aankyk (6:19). Die ark is die simbool van die persoonlike verhouding tussen die Here en sy volk, en kan en mag alleen in persoonlike vertroue en gehoorsaamheid benader word.

## 5. Samuel word die sentrum van Israel se godsdienstige lewe

Die ark het aan die randgebied tussen Israel en die Filistyne gebly. Sy betekenis as godsdienssentrum tree nou op die agtergrond (7:2). Die persoon van Samuel word die sentrum van die godsdienstige lewe in Israel. Na twintig jaar van voorbereiding waarin daar niks van Samuel vermeld word nie, tree hy na vore as geestelike en politieke leier. Die terneergedruktheid het teen hierdie tyd 'n regte atmosfeer vir optrede geskep. Die volk weeklaag nou agter die Here aan (7:2, 3). Op eg profetiese manier stel Samuel hom teen die persoonlike vormdiens wat in die voorafgaande tyd beoefen is. Hy roep die volk op tot bekering en lê groot nadruk daarop dat dit 'n saak van die hart moet wees. Dit moet ook op die Here persoonlik gerig wees (7:3).

Met Samuel begin die kragtige ontplooiing van die profeetskap. Die profete het ook net soos hy, besonder sterk klem gelê op die innerlike van die godsdiens teenoor die vormdiens van die volk. Daar word ook van profetegroepe in die tyd van Samuel gepraat (10:10; 19:20). Die boek Konings

praat van "profeteseuns" of "seuns van die profete" in die tyd van Elia en Elisa (1 Kon. 20:35; 2 Kon. 2:3, 5, 15; 4:1, 38; 5:22). Hierdie uitdrukking beteken waarskynlik: "behorende tot die profete" en wil eenvoudig sê "profete", net soos die uitdrukking "kinders (letterlik: seuns) van Israel" eenvoudig "Israeliete" bedoel. Sommige verklaarders sien egter in hierdie uitdrukkings verwysings na dissipels of leerlinge van sommige profete.

### 6. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:426 e.v.) insake 1 Sam. 2:25 daaroor dat God ook sonde met sonde straf.

## 42. DIE KONINGSKAP: 'N BEVRAAGTEKENDE EN TOG HEILSAME INSTELLING

**(1 Sam. 8)**

### 1. Israel vertrou op 'n struktuurverandering as sodanig

Die volk versoek Samuel om 'n koning te hê. Hierdie versoek was nie heeltemal ongegrond nie. Die direkte aanleiding daarvoor was die korrupsie van Samuel se twee seuns wat hy as rigters aangestel het toe hy oud geword het (8:5). Die volk rig hulle versoek langs die wettige weg en nie op 'n revolusionêre manier nie. Hulle was in die rigtertyd so ongeorganiseerd en so 'n maklike prooi vir die vyande dat hulle nou 'n koning wil hê wat hulle in die oorlog kan lei (8 :20).

Die volk maak egter die fout om hulle heil te verwag van 'n onpersoonlike, neutrale regeringstruktuur as sodanig. Hulle soek nie hartgrondige, persoonlike gemeenskap met die Here nie en vra ook nie 'n instelling wat aan God verantwoord is nie. Daarby wil hulle 'n koning hê "soos by al die nasies" (8:5). Daarmee misken hulle hulle unieke posisie as uitverkore volk. Die nasies word nou hulle maatstaf en uitgangspunt in plaas van God en sy wil. Die Here wys egter dat die gelowiges hulle verwagtings nie op neutrale, algemeenmenslike, gestruktureerde instellings of oplossings moet stel nie. So iets word deur Hom as afgodery gereken, ook vandag.

Daar was ook nog ander aspekte in die begrip "koning" wat teen die Ou-Testamentiese godsdiens ingedruis het, byvoorbeeld die gedagte van heilige of goddelike eienskappe. Tegelykertyd is van die eienskappe van menslike konings weer op die gode oorgedra. Omrede hierdie verkeerde assosiasies

waarmee die naam "koning" so maklik gepaard gegaan het, is die benaming baie min kere in die Ou Testament vir die Here gebruik.

Die gedagte aan 'n koningskap was nie heeltemal nuut nie. Dit is egter vroeër reeds afgewys as strydig met God se besondere heerskappy oor sy volk (Rigt. 8:23; 9:8 e.v.; vgl. ook Jes. 6:5).

## 2. Die koningskap is 'n strafmiddel en tegelykertyd 'n heilsame instelling

Die Here straf die volk deur hulle keuse aan hulle te gee. Samuel moet die implikasies wat hulle versoek duidelik aan hulle voorhou. Hulle sal tot 'n massa verontpersoonlik word en sal die beskikkingsreg verloor oor hulle eie kinders, oeste en besittings; ook oor hulleself: hulle sal die koning se slawe wees (8:11-17). In die onpersoonlike struktuur waarbinne die Israeliete die volk se redding soek, word die owerheid 'n geobjektiveerde en verabsoluteerde instelling. Dit word 'n staatsmasjien. Dan bestaan mense ter wille van die onpersoonlike staat, in plaas dat hierdie instelling vir die mense se gesamentlike, maar ook persoonlike, belange bestaan. Dit bly 'n ernstige waarskuwing tot in ons moderne tyd.

Die gevolg van Israel se keuse is dat volk en koning onherroeplik aan mekaar verbind is, ook as die koning tiranniek optree. Volk en koning staan en val voortaan saam met mekaar. Dit is God se straf (8:18). Dit vloei egter ook voort uit die innige vervlegdheid van volk en koning. Hulle is ook in innerlike gesindheid vervleg. Die aweregsheid van die koning sal in wese dieselfde wees as dié van die volk toe hulle gevra het om 'n koning te hê. Dit was nie 'n verbygaande trek by Israel nie, maar 'n basiese.

Die versoek om 'n koningskap en die instelling daarvan openbaar 'n dualistiese grondtrek van die mens se sondige wese en van die geskiedenis. Die mens is geskape as 'n koningsmens. Hy moes 'n heerser wees onder direkte heerskappy van God, soos in die tuin van Eden. Die mens wil en kan God se persoonlike heerskappy en gemeenskap egter nie vat nie. Daarom is indirekte heerskappy deur 'n menslike heerser noodsaaklik, en wel sodanige heerskappy wat in 'n mindere of meerdere mate drukkend is.

Die Here maak in sy groot genade hierdie instelling egter ook iets positiefs. Hy laat dit dien om wet en orde te handhaaf en gebruik dit bowendien vir iets heel buitengewoons. Dit sal sy messiaanse verlossingsplan tot vervulling bring (vgl. byvoorbeeld 2 Sam. 7). Daar sou egter 'n belangrike wysiging moes

intree. Dit is nie die koningskap as onpersoonlike instelling wat die verlossing sou meebring nie, maar die persoon van die ware messiaanse koning. Hierdie koning sou 'n heel direkte, persoonlike heerskappy van God in menselewens bewerkstellig.

Daar sit iets wonderliks en spanningsvols in die koningskap. Die volk kies 'n heerskappy wat op die dood uitloop. Die koningskap sleep die volk onherroeplik in die afgrond in (8:18). Tog sal die Here die volk ter wille van sy grote Naam nie verwerp nie. Hy sal hulle met hulle koning en al vir Hom 'n volk maak (12:22, 25). Hy sal dit op 'n wonderlike manier doen, met wysheid wat menslike begrip te bowe gaan, ook dié van die profeet Samuel (8:7, 9, 22). Hy sal as 't ware lewe uit die dood opwek.

### 3. Die owerheid onder profetiese begeleiding

Die Here is en bly koning. Hy laat nie die beheer van sake uit sy hande gaan deur die volk se versoek om 'n koning te hê nie. Die Here neem inteendeel die koningskap in sy diens en onderwerp dit aan die uitvoering van sy wil. Dit gebeur veral deur middel van die profeetskap. Dieselfde profeet wat die volk se versoek om 'n koning afgewys het, word deur die Here gebruik as beheersende persoon in die instelling van die koningskap en die aanwysing van 'n koning. Daarby vernuwe die Here die verbond en gee Hy aan die koningskap 'n vaste plek binne die verbondsraamwerk.

Vanaf die instelling van die koningskap en dwarsdeur die geskiedenis daarvan het die profeet 'n belangrike taak in verband daarmee vervul. Die profeet was die begeleier en kontroleerder van die koning en hy moes 'n lewende besef by die koning wakker hou dat hy koning is binne die verbondsraamwerk. Daarin is daar in werklikheid slegs een Heerser en Wetgewer. Aan sy verbondsbepalinge is alle mense, insluitende die koning, ewe onderworpe. Dit is om hierdie rede dat die profete die konings tot orde kon roep oor optredes wat strydig was met die gebooie van die Here. So het Samuel teenoor Saul opgetree (13:10 e.v.; 15:12 e.v.), Natan en Gad teenoor Dawid (2 Sam. 12:7 e.v.; 24:12 e.v.), Elia teenoor Agab (1 Kon. 21:20), Jesaja teenoor Agas (Jes. 7), Jeremia teenoor Jojakin (Jer. 26 e.v.), ens.

Israel het dan ook geen goddelike of heilige koningskap geken soos die ander nasies nie. Teen hierdie agtergrond kan die messiaanse psalms verstaan word. Die bonatuurlike trekke van die gesalfde koning in hierdie psalms is transendente elemente. Hulle wys bokant die koning uit na iemand wat meer is as hy.

Die profeet moes die koning begelei en kontroleer, maar hy kon nie na willekeur teenoor die koning of enigiemand anders optree nie. Dit moes slegs geskied binne die bepalings van die verbond. Die profeet het self so sterk onder kontrole gestaan dat hy selfs nie volgens sy eie wil kon optree nie. Hy kon slegs optree volgens die opdrag van die Here, en dit het dikwels in groot spanning met sy eie wil gestaan, Samuel moes byvoorbeeld teen sy wil die koningskap instel (8:7, 9, 22).

Hierdie geskiedenis werp belangrike lig op die ware aard van owerheidsgesag en die regte verhouding tussen kerk en staat. Die geskiedenis waaarsku naamlik dat die regeringsinstelling nie 'n onpersoonlike staatsmasjien mag wees nie. Die sondige mens het 'n basiese neiging om dit wel te doen. Ook op hierdie gebied is daaglikse bekering nodig. Daarom moet daar gedurig daarteen gewaak en gewaarsku word. Daar moet opgeroep word tot persoonlike verantwoordelikheid aan God en tot persoonlike bewoënheid teenoor elke burger. Elke instelling neig daartoe om te verontpersoonlik en 'n "establishment" te word. Tog is die owerheidsinstelling 'n instelling van God en moet ook in daardie lig benader word. Die vryheid en verantwoordelikheid van die owerhede en die onderdane moet tot hulle reg kom. Die kerk moet sy profetiese taak uitvoer in strenge onderworpenheid aan die woord van God, en in beskeidenheid en selfverloëning.

## 4. Notas

1. Von Rad (1962:308,309): Die koningskap in Israel is nie mities nie maar is feitlike realisme. Dit het in die geskiedenis ontstaan, nie soos in die Babiloniese opvattings: van die begin van die geskiedenis en van bo af nie.
2. Vriezen (1966:396-399): Die koningskap in Israel is aan die omringende wêreld ontleen, veral die Kanaänities-Fenisiese wêreld met sy stadskultuur. In Salomo se tyd kom daar sterk Egiptiese trekke na vore en dit ontwikkel tot despotisme. Die koningskap in hierdie styl is egter verwerp. Israel het feitlik altyd 'n stamgemeenskap gebly, gebou op die semi-nomadiese clanlewe, waarin die familie en die oudstes 'n belangrike plek behou het.

   Die koningskap is in Israel gesien as 'n bedreiging vir die gemeenskap met God as koning (vgl. 1 Sam 8), en het baiekeer groot spanninge gebring. Dawid se optrede het blykbaar hierdie beswaar oorwin. Hy was 'n man na God se hart en namate die aardse koningskap misluk het, het hy 'n simbool van die messiaanse vorm van heilsverwagting geword.

   Die gemeenskap met God was in die koningstyd besonderlik gekonsentreer in die verhouding tussen God en die koning, afgesien van in die kultusplekke. Daarom mog die koning as sodanig priesterlike waardigheid uitoefen (Ps. 110). Hy was 'n bemiddelende gestalte tussen God en mens, kon as lewewekkende

krag geld (Klaagl. 4:20), is met besondere wysheid begiftig (2 Sam. 14:17,20; 1 Kron. 3:10) en was 'n regsverskaffer, veral vir armes en ellendiges (Ps. 72).

3. Vergelyk Zimmerli (1972:72-79 = 1978:86-93) vir die eie-aard van Israel se koningskap, met die klem op die opperheerskappy van Jahwe; die onderskeiding tussen die eerste drie konings Saul, Dawid en Salomo, en die Dawidshuis se verband met die messiaanse verwagtings.
4. Vergelyk Fohrer (1972:128-132; 206-231; 231-250) vir: teenstand teen 'n koningskap en staatswese wat deur Kanaänitiese beskouings beïnvloed is; die staat en politieke optrede; en die maatskaplike lewe in Israel.
5. Vergelyk Childs (1986:177-189) oor 'n teologiese interpretasie van Israel se instellings: staats- of openbare instellings, klassestruktuur, wetsinstellings, militêre instellings en familie-instellings.
6. Vergelyk Dentan (1972:1160,1161) oor God se regering oor Israel deur middel van die monargie.

## 43. ISRAEL SE EERSTE KONING: TE ONPERSOONLIK IN SY GODSDIENS: SAUL

**(1 Sam. 9 e.v.)**

### 1. Saul begin as goed toegeruste en belowende koning

Toe die lewe van die Here se volk in Egipte bedreig was, het die Here in sy verbondstrou aan hulle gedink (Eks. 2:25; 3:7, 9). So doen Hy ook nou. Hy roep Samuel om 'n koning oor hulle te salf sodat hy hulle uit die mag van die Filistyne kan verlos. Die Here benadruk dit dat hulle sy volk is (9:16, 17); hulle is sy erfdeel (10:1). Die man wat tot koning gesalf is, was Saul en hy was besonder goed toegerus vir sy koningsroeping. Dit blyk uit sy gestalte, uit sy salwing, uit die feit dat die Gees van die Here oor Hom vaardig geword het en uit die feit dat die Here by die eerste salwing sy hart verander het.

Saul was 'n kop groter as die bevolking. Selfs Samuel, wat nie die gedagte van 'n koningskap goedgesind was nie, was deur hom beïndruk. "Daar is nie een onder die volk soos hy nie", het Samuel uitgeroep (10:23, 24). Saul het hom ook as 'n dapper man onderskei (10). Deur die salwing is Saul met ampsgawes toegerus om sy taak uit te voer. Niemand sou ook ongestraf teen sy gesag as gesalfde van die Here in opstand durf kom nie. Selfs Dawid, wat die grootste aanleiding daartoe gehad het, het daarvoor teruggedeins. Dit beteken egter nie dat Israel se koning deur die salwing 'n onaantasbaarheid verkry het, soos die buurnasies se konings nie. Samuel se profetiese optrede

teen Saul bewys die teendeel, maar dui ook op die metode wat gevolg moet word as 'n koning verkeerd optree.

Net na sy salwing het Saul 'n groep profete teëgekom. Daarop het die Gees van die Here oor hom vaardig geword en het hy saam met hulle geprofeteer (10:6). Hiermee het die Here aangedui dat die koningskap onder profetiese leiding uitgeoefen moet word en nie volgens eie menslike denke nie. Verder het die Here met hierdie gebeurtenis na buite getoon dat Saul so 'n toegeruste persoon is. Verder het die Gees van die Here ook oor Saul vaardig geword toe hy teen die Amoriete opgetrek het (11). Hy was dus 'n garismatiese leier, een wat deur die Gees vir militêre optrede toegerus was (Rigt. 3:10). Hierdie ooreenkoms met die rigters het Saul se posisie in die oë van die volk nog verder verstewig. Die feit dat die Here by Saul se salwing sy hart verander het, bevestig verder dat die Here besondere sorg aan hom bestee het met die oog op sy werk. Maar die geskiedenis herhaal homself. Die eerste koning het net so opgetree soos die eerste mens, die koningsmens, in die tuin van Eden.

## 2. Saul misluk omrede 'n onpersoonlike ingesteldheid teenoor die godsdiens

Saul word reeds by die begin van sy aanwysing as koning beproef of hy die ware, persoonlike karakter van die godsdiens wil beoefen. Hy beswyk egter voor hierdie toets. Samuel stel dit dan duidelik aan hom dat dit in die godsdiens gaan om die innerlike gesteldheid en die persoonlike gehoorsaamheid aan die Here; gehoorsaamheid is beter as offerande (15:22). Dit sou egter ál duideliker word dat Saul die persoonlike karakter van die ware godsdiens nie begryp en beoefen nie. Daarom kry die Here berou dat Hy Saul koning gemaak het (15:11). Dit beteken nie dat die Here voel Hy het 'n fout gemaak met die aanstelling van Saul nie. Die Here het wel droefheid en afkeer oor Saul se afkerigheid en oor die vernietiging van die besondere gemeenskapsverhouding (15:11). In dieselfde gesprek sê Samuel dan ook dat die Here geen berou ken nie, want Hy is geen mens dat Hy berou sou hê nie. Hy maak geen fout nie en is nie onbetroubaar in wat Hy doen nie, Hy "lieg" nie (15:29).

Saul se onpersoonlike ingesteldheid teenoor die godsdiens het gemaak dat hy deels slaafs en deels halsstarrig opgetree het. 'n Willose slaafskap gee nie bevrediging nie. Dit word onwillige slaafskap en sit oor in verset teen die Gees van God. Saul se hart het so negatief geword dat hy 'n omgekeerde beeld weerkaats van wat hy behoort te wees en van die Gees wat in hom werk. Die Gees van God werk egter wonderlik en onweerstaanbaar voort. As die

vrug van sy werking nie positief is nie, word dit negatief. Dit word so gestel: "Die Gees van die Here het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die Here gestuur, het hom verskrik" (16:14; vgl. ook Jes. 6:9 e.v. met Jes. 5:20 e.v.).

Saul kry berou, maar ook daarin staan die persoonlike verhouding met die Here ver op die agtergrond. Saul is meer bedroef oor die verlies van sy eie eer as oor die aantasting van God se eer of as oor die verlies van die gemeenskap met God (15:30). Omdat Saul die persoonlike verhouding met die Here nie ken nie, kan hy nie die regte siening op berou kry nie. Ootmoed is in sy oë swakheid, hy wil vir "sterk" deurgaan. Koning wees en gehoorsaam wees is vir hom net soos vir Oosterse despote, eintlik teenstrydige begrippe (Kroeze). 'n Koning is volgens daardie insig self die wetgewer. Daarom wag Saul nie op die profeet of op die Here nie.

### 3. Saul se weg 'n doodsweg

Saul het nie uit die persoonlike gemeenskap met die lewende God geleef nie, maar het slaafs op 'n bemiddelaar geleun. By Endor gaan hy nog meer meganies te werk, hy probeer hierdie bemiddelaar gebruik as 'n medium vanuit die dood! (28.) Saul se onpersoonlike en slaafse ingesteldheid trek hier in 'n brandpunt saam. Wat presies by Endor plaasgevind het, is nie duidelik nie. Dit is egter wel duidelik dat Saul se raadpleging van die dodebesweerster fataal was. Daarmee het hy die band van gemeenskap met God afgesny. So het Saul sy finale ondergang bewerk.

Hierdie geskiedenis wys dat selfs iemand uit die dode nie ander lig sal bring as die woord wat alreeds in ons besit is nie (vgl. ook die gelykenis van die ryk man en Lasarus, Luk. 16:19 e.v.). Wie die wil van God wil verneem, moet God raadpleeg in 'n lewende gebedsomgang met sy woord. God is die lewende God van die lewende openbaring.

Die ander nasies het 'n natuurgodsdiens gehad. Dit het aangesluit by die natuursiklus waarin die seisoene van lewe en dood in die natuur mekaar gereeld opvolg. Lewe en dood het vir die mense se begrip inmekaar gevloei. Daarom het hulle praktyke soos dodebeswering beoefen. Israel daarenteen het nie 'n natuurgodsdiens beoefen nie, maar 'n openbaringsgodsdiens. Daarvolgens was daar 'n duidelike skeiding tussen lewe en dood. Die twee het in sterk teenstelling tot mekaar gestaan. Daarom was bogenoemde praktyke vir Israel ten strengste verbied.

Saul se weg eindig as 'n doodsweg. Saul sterf as verloorder, sowel militêr as moreel. Die Filistyne behaal die oorwinning en Saul neem sy eie lewe. Sy

selfmoord is nie slegs 'n geïsoleerde wanhoopsdaad nie, maar plaas die seel op sy lewe. Dit was 'n lewe waarin gehoorsaamheid aan God en gemeenskap met Hom al minder beoefen is.

Deur Saul se neerlaag teen die Filistyne is die bondsvolk met ondergang bedreig. Die regering van die bondsvolk se eerste koning eindig so anders as wat hulle van die koningskap in oorlog verwag het (8:20). Ook die koningskap van die verbondsvolk se ander konings is ironies. Saul is in 'n sekere sin tipies van die bondsvolk se konings. Hulle wou almal die Here raadpleeg, maar sonder ware persoonlike band met Hom en vertroue in Hom. Hulle eintlike doel was om hulle eiewillige idees te bevestig. Met weinig uitsonderings kon die droewe refrein by almal voor: "en hy het gedoen wat verkeeerd is in die oë van die Here". Geen wonder dat Israel se geskiedenis onder die konings met volksondergang, naamlik ballingskap, eindig nie. Maar die Here het in sy trou reeds 'n ander koning in Saul se plek beskik.

## 4. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:33-35) oor die opkoms van die Filistyne en hulle bedreiging van Israel onder Saul.

# 44. DAWID: GARISMATIESE KONING

**(1 Sam. 16 e.v.; 2 Sam.; 1 Kon. 1, 2)**

## 1. Dawid, garismatiese en ootmoedige teëkoning

Dawid het nie volgens menslike resep of verdienste koning geword nie, maar volgens Goddelike verkiesing. Die Here het vir Dawid se ouer broers almal verbygegaan en hom, die jongste, as koning aangewys (1 Sam. 16). By sy salwing word die Gees van die Here permanent oor hom vaardig. By die rigters was dit meer sporadies, by hom ononderbroke (1 Sam. 16:13). Dit hang daarmee saam dat hy 'n inniger persoonlike gemeenskapslewe met die Here beoefen het.

Die begingeskiedenis van Dawid word in 'n groot mate aangebied in die vorm van 'n teenstelling met dié van Saul. Hanna het in haar lofsang besing hoe die Here op 'n paradoksale manier sy koninkryksheerskappy uitoefen. Dit is so anders as menslike verwagting of berekening. Op hierdie manier wek die Here voortgang en nuwe lewe in hierdie gebroke en korrupte wêreld. Dieselfde

word gesien in die begingeskiedenis van Dawid. Hy is daarin as 't ware 'n teëkoning van Saul. Dawid word gesalf onderwyl Saul nog lewe en terwyl die Here ongunstig gestem is teenoor Saul. Daar word in een asem meegedeel dat die Gees van die Here permanent oor Dawid vaardig geword, maar van Saul gewyk het (1 Sam. 16:13, 14). Daar kom nou 'n groot spanning in die verdere geskiedenis. Aan die een kant is daar die eintlike maar nog nie-amptelike koning, aan die ander kant is daar die offisiële maar bloot formele koning.

Dawid het 'n oog gehad vir die amptelike karakter van die koningskap. Daarom het hy selfs toe die koning misluk het, nie op 'n rewolusionêre manier van hom ontslae geraak nie. Dawid gooi nie die samelewingsordes om nie, maar bly gedurig en enduit op die Here wag. Die Here laat Saul vir Dawid as voorbeeld dien van hoe die Here optree teenoor 'n koning wat "neutraal" wil staan teenoor Hom en die werking van sy Gees. Die Here voer tog sy heerskappy wonderlik, onweerstandelik en vernietigend deur. Dit moet ook dien as 'n waarskuwing aan Dawid.

Dawid doen alles uit vertroue op die Here wie se heerskappy alle situasies omvat, van die kleine tot die grote. Met hierdie vertroue het Dawid skape opgepas en vir hulle teen roofdiere in die bresse getree. Met dieselfde vertroue durf hy die Filistyn Goliat aan (1 Sam. 17:34-37). Dawid se vertroue en getrouheid in die klein en alledaagse dinge is die voorloper van sy vertroue en getrouheid in die groot dinge. Sy lewe is 'n lewe uit een wortel, 'n lewe van vertroue en verantwoordelikheid, 'n lewe van oorwinning deur die geloof.

## 2. "Die Here is met Dawid"

Dawid het groot voorspoed behaal, selfs aan die koninklike hof van Saul. Die geheim van hierdie voorspoed was: "Die Here was met hom" (1 Sam. 18:12, 14, 28). Die Here doen aan Dawid wat Hy aan Moses by sy roeping beloof het en ook in die verklaring van die Naam Jahwe aan sy volk toegesê het (Eks. 3:12 e.v.). Dawid ondervind die persoonlike teenwoordigheid en gemeenskap van die Here. Die Here beheers die diepste gesindheid van mense en gebruik dit om sy plan met sy gelowiges uit te voer. Hy beskik die vriendskap van mense teenoor Dawid, soos dié van Saul se seun Jonatan. Die Here beskik ook 'n verbond tussen Jonatan en Dawid en gebruik dit om Dawid se aanspraak op die koningskap teenoor sy vyande te bevestig (1 Sam. 20:16).

Dawid se optrede teenoor Saul word in die eerste plek beheers deur verantwoordelikheid aan God en nie deur persoonlike of ander belange nie. Daarmee toon Dawid 'n diep insig in die teokratiese karakter van die

Israelitiese koningskap waartoe hyself ook geroep is. Die koning is aan die Here se gebooie onderworpe en hy moet hom daarom persoonlik aan God verantwoord. Hierin skiet Saul te kort. Dawid besef egter dat die koning nie na menslike willekeur aangetas mag word nie, veral nie deur iemand wat self 'n kandidaat vir die troon is, soos Dawid, nie.

Die geskiedenis van Dawid, net soos dié van die aartsvaders, is nie 'n geskiedenis van menslike helde en volmaakte modelle nie. Dit is inteendeel die geskiedenis van hoe die Here sy heerskappy en sy persoonlike gemeenskap met dié wat Hy gekies het, deurvoer, ondanks hulle onwaardigheid. Dawid word deur die agtervolging van Saul byvoorbeeld in die grootste noutes gebring en tot wanhoopsoptrede gedryf. Saul se haat teen Dawid het naamlik so opgelaai dat Saul selfs die priesters en inwoners van Nob vermoor het omdat hulle huisvesting aan Dawid gebied het (1 Sam. 22:6. e.v.). Dawid gebruik taktiek en lis en beland uiteindelik in Filistynse gebied waar hy meer en meer in sy planne vasgedraai raak. Sy hele optrede met die leuens en die slagting wat hy daar aanrig, getuig meer van wanhoop as vertroue. Maar in hierdie benarde en verwarrende situasie sou die Here ingryp en uitkoms gee (1 Sam. 29).

### 3. Die Here bewerk die koningskap vir die gelowige, grootmoedige en diplomatiese koning

Dawid tree grootmoedig op teenoor die nagedagtenis van Saul. Die boodskapper wat beweer dat hy Saul omgebring het, word met die dood gestraf. Verder sing Dawid 'n klaaglied oor Saul en sy seun Jonatan. Dawid is inderdaad 'n man wat in die lig van God se woord koning wil wees. Hy tree nie eiemagtig op nie, maar raadpleeg die Here oor sy troonsopvolging (2 Sam. 2). Die Filistyne het sy kroning blykbaar sienderoë toegelaat. 'n Israel wat verdeel is tussen noord en suid sou goed in hulle kraam pas. Hulle diplomasie was suksesvol. Saul se leërowerste, Abner, het hom nie by Dawid geskaar nie, maar het Saul se seun Isboset koning gemaak. Die verbondsvolk misluk in hulle roeping om 'n eenheid te wees. Dit loop uit op burgeroorlog. By hierdie geleentheid word Asahel, die broer van Dawid se leërowerste Joab, deur Abner in die geveg gedood.

Die weg na die koningskap oor die hele Israel word vir Dawid gebaan deur die misdade van ander mense en deur Dawid se geloof en geduld. Die geloofsweg vra volharding. Dawid is bereid om vir die regte geleentheid te wag. Eers volg daar 'n lang stryd. Daarin word Dawid steeds sterker en versterk hy sy posisie oor die hele Israel. Uiteindelik kom daar 'n breuk tussen Abner en Isboset. Dit is veroorsaak deur Abner se omgang met Saul se byvrou, Rispa, waarmee

Abner vir homself 'n aanspraak op die troon bewerk het. Wanneer Abner na Dawid toe gaan om te onderhandel, pas Joab die bloedwraak op hom toe oor die dood van sy broer Asahel.

Dawid gaan agter die lykbaar aan en sing 'n klaaglied oor Abner. Daarmee gee hy duidelik sy afkeur in Joab se optrede te kenne (2 Sam. 3:33). Hierdie houding van Dawid dra nog verder daartoe by om hom aansien te gee by Saul se volgelinge. Dieselfde geld van Dawid se optrede om die twee stamgenote van Isboset wat hom vermoor en sy kop vir Dawid bring, tereg te stel (2 Sam. 4). So betoon Dawid hom as iemand wat leef uit liefde vir God, uit toekomsvertroue en uit geregtigheid en liefde teenoor sy naaste. Die Here maak Dawid nou die triomferende koning oor die hele Israel. Dit word in 'n verbond tussen Dawid en die oudstes van Israel vasgelê(Sam. 5:3).

Twee van Dawid se belangrikste prestasies was die verowering van Jerusalem en die onderwerping van die Filistyne. Met die laaste daad het hy 'n dodelike volksbedreiging afgeweer. Met die eerste het hy vir hom 'n uitstekende regeringsentrum verkry.

### 4. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:35-39) oor die bloei van die koningskap onder Dawid en Salomo.

## 45. JERUSALEM WORD DAWIDSTAD EN GODSTAD

### (2 Sam. 5 e.v.)

### 1. Jerusalem word Dawidstad

Jerusalem het groot strategiese, historiese en militêre betekenis gehad. Reeds met die intog in Kanaän is die stad deur die Israeliete verower, maar nie beslissend nie (Rigt. 1:8, 21). Die Jebusiete het daarin gewoon en het gedink dat lammes en blindes Dawid se aanslag daarop sou kon afslaan. Dawid het egter hierdie oninneembare stad verower en vir hom daardeur groot militêre roem ingeoes. Hierdie oorwinning was 'n groot historiese gebeurtenis.

Jerusalem was sentraal geleë en was baie geskik as 'n administratiewe regeringsentrum vir Dawid se hele gebied. Dit was bowendien nóg in Judese gebied nóg in die gebied van die stamme wat Dawid aanvanklik nie as koning

wou erken nie. Hierdie neutraliteit het Dawid groot verleentheid gespaar oor waar hy sou gaan woon. Hy mag nie een van die twee groepe afgeskeep laat voel het nie, veral gesien hulle onderlinge stryd wat so pas beëindig was.

Jerusalem was 'n baie ou en roemryke stad. Die befaamde priesterkoning Melgisedek het byvoorbeeld daar gewoon. Met hom het Abraham in die vroeë volksgeskiedenis van Israel reeds 'n indrukwekkende ontmoeting gehad (Gen. 14:18 e.v.). Dawid maak nou hierdie belangrike stad sy persoonlike stad en noem dit die stad van Dawid (2 Sam. 5:9). Jerusalem was nie in die eerste plek die stad van die volk nie. Dit was Dawid wat die twee groepe onder die volk versoen het en 'n eenheid tussen hulle bewerk het, nie die stad as sodanig nie.

## 2. Jerusalem word uitverkore Godstad

Ter wille van Dawid kies ook die Here vir Jerusalem as die plek waar Hy wil woon (1 Kon. 11 :36; Ps. 76:3; 78:68; 87:2; 132:13, 14). So het Jerusalem 'n besonder belangrike plek in die openbaringsgeskiedenis sowel as die algemene geskiedenis gekry. Dit was heeltemal buite verhouding met sy geografiese, politieke en strategiese waarde.

Dawid wou graag hê dat die Here in die Dawidstad moes woon. Daarom het hy die verbondsark daarheen gebring. Die ark het besondere godsdienstige betekenis gehad. Dit is geassosieer met die Here se groot historiese verlossingswerk waardeur Hy Israel uit Egipte uitgelei en deur die woestyn laat trek het na die beloofde land toe (2 Sam. 7:6). In die oë van die volk is die Dawidstad sowel as die koningskap deur die teenwoordigheid van die ark in Jerusalem stewig geanker aan hulle geskiedenis en godsdiens. Die Here het Hom in die oorbring van die ark besonder met Dawid bemoei en sy optrede bevestig. Dit het Dawid se posisie as teokratiese vors in die oog van volk sowel as vyand versterk. Jerusalem was nou staatkundige sowel as godsdienstige sentrum. Dit was Dawidstad sowel as Godstad. Hierin alleen lê ook die betekenis van Jerusalem, nie in die stad as sodanig nie. Die betekenis lê in God se beloftes aan Dawid, beloftes wat teruggaan tot sy verlossingswerk in die geskiedenis en wat gerig is op die toekoms.

Die Here het 'n sekere onderskeid tussen Dawid en die volk gemaak. Sy liefde het sterker gesentreer in die persoon van Dawid en sy huis, maar veral in hom persoonlik (2 Sam. 7). Dit is ter wille van Dawid dat die Here Salomo genadig is (1 Kon. 11:12), en so-ook vir Juda (1 Kon. 15:4; 2 Kon. 8:19). Later, in die doodstoestand van die ballingskap, is dit ook ter wille van Dawid dat die Here ware lewe en 'n ewige verbond vir die volk in vooruitsig stel (Jes. 55:3).

## 3. Die verbondsark, simbool van die Here se persoonlike en dinamiese teenwoordigheid

Selfs Dawid het die ark nie heeltemal suiwer gesien nie. Toe hy die ark laat haal het, het hy te veel nadruk laat val op militêre en ander menslike oorwegings. Hy bespreek byvoorbeeld die saak vooraf met die militêre leiers asof dit 'n militêre aangeleentheid is (1 Kron. 13:1). Verder neem hy dertig duisend uitgesoekte vegters saam (2 Sam. 6:1). Dit is wel moontlik dat die Filistynse bedreiging nog nie verby was nie en bewapening daarom dringend nodig was. Tog blyk dit ook uit die res van die hoofstuk dat die aksent te swaar na hierdie kant en na menslike oorwegings geval het.

Wanneer die ark na Jerusalem gebring word, struikel die osse wat die wa trek en Ussa gryp die ark sodat dit nie moet val nie. Daarom tref die Here vir Ussa sodat hy sterwe. Daarmee laat die Here sien dat Hy nog steeds die heilige God is. Daar kan of mag geen gemeensaamheid met Hom beoefen word nie. Voordat die ark deur die Filistyne weggevoer was, het die volk 'n soort magiese opvatting van die ark gehad. Hulle het die ark behandel asof daar 'n soort meganiese verbinding tussen die Here en die ark bestaan het. Daarom het hulle dit na die gevegsterrein toe laat kom om hulle in die stryd te help. Nou neig die volk na 'n ander uiterste. Hulle maak asof daar nie 'n noue verbinding tussen die Here en die ark bestaan nie en hulle behandel die ark te gewoon. Daarom sny die Here 'n moontlike verkeerde opvatting by Dawid, by die wortel af, sommer hier by die oorbring van die ark al. Dawid en die volk word tot diepe besinning oor die ware betekenis van die ark gebring.

Voordat Dawid die ark na Jerusalem oorgebring het, het dit in Kirjat Jearim vergete gebly. Dawid se daad mag egter nie aanleiding gee tot verkeerde opvattinge nie. Daar bestaan nie die minste rede om te dink dat die ark by Dawid se grasie in Jerusalem sou staan of dat Dawid enige beskikking daaroor sou hê nie. As die voorskrifte oor die hantering van die Here se ark nie noukeurig nagekom word nie, straf Hy dit met 'n strenge oordeel.

Die Here laat met sy straf oor Ussa dus duidelik sien dat die ark nog steeds sy ark is. Die Here is geen statiese God nie, maar is dinamies. Hy behou self die inisiatief en die beskikkingsreg oor die ark en die oorbring daarvan. Terselfdertyd toon die Here ook dat Hy 'n genadige God is. Hy seën die huis van Obed-Edom waar Dawid die ark laat bly ná die treurspel met Ussa. Dit gee Dawid vrymoedigheid om die ark na Jerusalem toe te bring.

## 4. Dawid tree op as gewone lid van die verbond

Wanneer Dawid weer gaan om die ark na Jerusalem toe te bring, betoon hy homself as 'n ware teokratiese vors. Hy is stiptelik gehoorsaam aan die Here en is soos een van die gewone lede van die verbondsvolk. Dawid gaan haal die ark met nakoming van die wetsvoorskrifte. Hierdie keer word die ark nie weer op 'n wa vervoer nie, maar dit word deur die Leviete gedra. Dawid betoon Hom een met die volk, deur voor die ark te huppel en te dans. Hy handhaaf hierdie nederige houding ook wanneer sy vrou Migal, die dogter van Saul, in haar outokratiese trots hom daaroor aanspreek.

Hierdie een-wees met die volk gee ook lig op die feit dat Dawid hom by hierdie geleentheid priesterlik gedra het. Hy het naamlik die volk in die Naam van die Here geseën en het 'n linneskouerkleed gedra en offers gebring (2 Sam. 6:14, 17, 18). Dit was skynbaar 'n nie-Israelitiese optrede, want dit was in Israel verbode om tegelykertyd koning en priester te wees. Die profete het steeds met groot erns opgetree teen enige neiging tot magskonsentrasie in een persoon. 'n Aardse regeerder mog geen gesag uitoefen oor kultiese of godsdienstige instellinge nie. Koning Ussia is byvoorbeeld met melaatsheid geslaan omdat hy op die altaar van die Here geoffer het (2 Kon. 15). Dawid se priesterlike optrede is veral opvallend omdat die Here by hierdie geleentheid besonder gesteld was op wat volgens voorskrif by die heilige situasie pas (vgl. byvoorbeeld die doodstraf oor Ussa). Die saak moet so gesien word: Dawid tree hier in 'n sekere sin op as 'n gewone lid van die volk. Hy gryp nie outokraties in op 'n ander ampsterrein nie, maar is eerder besig om die "amp van die gelowige" uit te oefen. Hierdie optrede van Dawid toon dat die skeiding van die ampte nie meganies en strak was nie, maar soepel. Die situasie en die persoonlike gesindheid en oorweging van die een wat optree, het ook 'n rol gespeel. Die duidelike onderskeiding in ampsbevoegdhede sowel as die soepelheid daarin, moet ook vandag nog goed in gedagte gehou word.

### Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1961:446) oor Dawid se welslae om die garismatiese en institusionele opvattings van die godsdiens saam te bind en albei met die koning te versoen. Dit sluit in die oorbring van die ark na Jerusalem toe, die uitvoering van priesterlike funksies, die samestelling van religieuse digwerk en die ontwerp vir 'n tempel.

## 46. DIE HERE BOU 'N HUIS VIR DAWID, IN PLAAS VAN ANDERSOM

**(2 Sam. 7)**

### 1. Menslike oorweging en goddelike oorweging

Dawid het 'n belangrike staatkundige en godsdienstige sentralisering begin deur Jerusalem die sentrum van sy regering en van aanbidding rondom die ark te maak. Volledige sentralisasie sou kon plaasvind as 'n tempel daar gebou word. Dawid pak hierdie onderneming gelowig aan. Hy toon gelowige konsiderasie vir die ark van God: "ék woon in 'n huis van sederhout, maar die ark van God woon binnekant 'n tentdoek" (7:2). Dawid wil nou vir die ark 'n pasliker woning oprig en betoon hom 'n eg teokratiese koning wat hom afhanklik voel van die Here. Voordat Dawid sy bouery begin, raadpleeg hy die profeet van die Here. Dawid se plan en motivering lyk besonder lofwaardig. Die profeet juig dit sonder aarseling toe: "Gaan heen, doen alles wat in u hart is, want die Here is met u"(7:3).

Maar die Here oordeel anders. Hy maak dit duidelik dat menslike oorweging nie God se bestier of heerskappy werklik kan peil nie. Ook 'n profeet kan dit nie uit homself doen nie. In dieselfde nag kom die woord van die Here tot Natan en verbied dit vir Dawid om die tempel te bou.

### 2. Die Here is nie tot 'n gebou beperk nie, maar Hy beheers die geskiedenis

Die Here wys Dawid daarop dat dit Hy is wat die volk uit Egipte laat optrek het. Hy is die God wat die geskiedenis lei en bepaal; Hy is nie maar net 'n kultiese God nie (vgl. Eks. 20:2). Daarom mag Hy ook nie tot 'n tempelgebou beperk word nie. Die Here beklemtoon verder dat Hy die alledaagse gebeurtenisse lei. Dit is Hyself wat Dawid uit die weiveld agter die skape weggeneem en hom 'n vors oor Israel gemaak het (7: 8).

Israel was vroeër 'n nomadiese volk wat 'n rondtrekkende bestaan gevoer het. Toe kon 'n tent goed dien as simbool van God se teenwoordigheid. Nou het Israel egter 'n gevestigde landboubestaan. Daarby is die omringende vyande wat so dikwels met Israel oorlog gemaak het, beslissend verslaan en het die volk rus gekry (7:1). Dit alles het tot 'n gevoel van gevestigdheid by die volk bygedra. Die gevaar is nou groot dat hulle die Here daarmee ook as 'n gevestigde God gaan beskou. Daarom weier die Here dat Dawid vir Hom 'n tempel mag bou.

Die Here woon wel op 'n aktuele manier onder sy volk, daarom het Hy vroeër by Israel se bestaanswyse aangesluit en in 'n tent gewoon. Maar die wyse van sy bestaan en teenwoordigheid onder sy volk is tog nie identies met dié van die volk nie. Die Here is die vrye, soewereine God, Hy heers oor alles. Daar mag nie 'n gedagte bestaan dat Hy vroeër tot 'n tent beperk was of nou tot die tempel beperk sal wees nie. Hy verkry nie nou rus deur sy volk se bestaanswyse en oorwinnings oor die ander nasies nie. Dit is inteendeel Hy wat vir húlle rus gee.

### 3. Die Here wil nie in 'n gebou woon nie, maar in mense

Die Here se teenwoordigheid is nie afgestem op 'n gebou nie, maar op 'n individueel persoonlike verhouding. Daarom is die Here meer geïnteresseerd in die huis wat Hy vir Dawid wil bou as die een wat Dawid vir Hom wil bou (7: 1). Want die huis wat die Here vir Dawid wil bou, is nie 'n tempel nie, maar 'n koningsgeslag; dit is nie 'n gebou nie, maar 'n persoon of persone. Die Here sal naamlik so vir Dawid 'n huis bou: die nakomeling van Dawid, sy eie kind, sal in sy koningskap bevestig word. Die Here sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir die Here 'n seun wees. Hy sal deur die Here vir oortredinge gestraf word, maar met genade. Die Here sal sy verbondstrou nie aan hom onttrek nie (7:12-15).

Omdat die teenwoordigheid van die Here so persoonlik van aard is, moet die Here nie met 'n onpersoonlike bouwerk vereenselwig word nie. Hy moet ook nie in mense se voorstellings daarin ingeperk word nie. Daarom mag die tempel nie deur Dawid gebou word nie, maar eers deur sy seun Salomo, want met hom begin die Here die "huis" vir Dawid. Daardeur sal dit vir alle tye duidelik wees dat die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige eerste kom. Die tempel het slegs simboliese betekenis en moet hierdie persoonlike verhouding afbeeld.

Die tempelbou was vir Dawid nie geoorloof nie, maar vir Salomo wel. Dit wys dat die Ou Testament nie bloot tydlose beginsels of waarhede gee nie, maar dat dit openbaringshistories van aard is. Dit moet daarom met onderskeiding vir verskillende situasies toegepas word. Daar moet in verband met die tempelbou ook nog in gedagte gehou word dat Israel se geskiedenis tipologiese betekenis gehad het. Israel moes veral in sy godsdienstige inrigting iets van die ware koninkryk van God afskadu. Salomo se regering het in 'n tyd van vrede geval en kon in hierdie opsig die koninkryk beter simboliseer as dié van Dawid. Daarom sou Salomo, wat 'n man van rus was, die tempel bou, nie Dawid wat baie bloed vergiet het en groot oorloë moes voer nie (1 Kron. 22:8, 9).

## 4. 'n Belofte met messiaanse trekke

Die Here sou vir Dawid 'n huis bou en vir hom 'n seun gee wat in 'n besonder intieme verhouding met die Here sou lewe. In hierdie belofte sit daar trekke wat bokant die gewoon historiese lewe uitgaan, naamlik messiaanse trekke. Die Here se trou sal van hierdie seun nie wyk nie, maar hy en sy troon sal in ewigheid bevestig word. Die Hebreeuse woord wat hier met "ewigheid" vertaal is, het wel nie altyd die absolute betekenis van ewigheid wat ons woord het nie. Dit dui soms 'n onafsienbare tyd aan, soos ons begrip "altyd". Tog dui die verband aan dat dié woord hier wel 'n besondere geladenheid het. Dit word ook drie maal gebruik (7:13-16). Ook Dawid benadruk baie sterk in sy dankgebed dat sy huis in "ewigheid" bestendig sal wees (7:24, 25, 29). Daardeur sal God se Naam in "ewigheid" groot wees (7:26). Hierdie laaste uitdrukking wys dat "ewigheid" in hierdie belofte 'n besonder sterk betekenis het.

Dawid betuig sy dank aan die Here vir hierdie belofte. Dit spreek van 'n besonder intiem en persoonlike verhouding met die Here. Dawid praat byvoorbeeld tien keer van homself as "u kneg" (7:19-21, 25-29), en hy sê dat die Here hierdie groot saak doen "ter wille van u woord en volgens u hart" (7:21). Vanweë hierdie belofte aan Dawid is ook Israel uniek onder die nasies (7:23 e.v.). Hulle word vyf keer in een asem "u volk" of iets dergeliks genoem (7:23, 24). Daar is 'n wedersydse verhouding tussen God en Israel. Dit kom onder andere uit in die verbondsuitdrukking: "hulle 'n volk vir U - U vir hulle 'n God" (v. 24).

Die doel van die Here se besondere verhouding met Dawid en van sy verlossing vir Israel is om vir Hom 'n groot Naam te maak. Daar moet gesê kan word: "Die Here van die leërskare is groot oor Israel" (7:23, 26). Die Here se verhouding met sy volk sentreer om Dawid en sy huis (7: 26). Die Here sou meermale in die geskiedenis sê dat Hy sy volk genadig is ter wille van Dawid (1 Kon. 15:4; 2 Kon. 8:19). Die messiaanse beloftes in die Ou Testament is dan ook veral aan Dawid verbind.

### Notas

1. Von Rad (1962:310,311): Die bevestiging en waarborg van die Dawidiese troon deur Jahwe het plaasgevind met die profesie aan Natan (2 Sam. 7). Dawid se voorgenome plan om die tempel te bou, word deur Jahwe verwerp. Die beheersende motief hier is: "Jy sal nie vir My 'n huis bou nie, maar Ek sal vir jou 'n huis bou" (later genoem die *hasedee david*, Ps. 21:8(7); 89:25,29,34(24,28,33), Jes. 55:3). Dit het te doen met 'n huis vir Dawid, die

bevestiging van sy gesag as koning en die Vader-seunverhouding tussen God en die koning. Dit word 'n "ewige verbond" (*berit `olam*) genoem. Hierdie verhouding is voortdurend nuut geïnterpreteer en relevant gemaak vir die hede.

2. Von Rad (1962:319-323): Die koningspsalms het te doen met die kroning van die koning. Die basiese gebeurtenis by die troonsbestyging was die aanneming van Dawid se afstammeling in 'n kindverhouding met Jahwe. Hierdie verhouding is nie mitologies verstaan nie, maar histories-legaal. Die koning van Sion is gesien as die gemandateerde van Jahwe self. Aangesien die koningskap in Israel te jonk was en Israel dus nie self toepaslike uitdrukkings gehad het om die koning se hoedanighede uit te druk nie, is dit gedoen in hofstyl wat geleen is by die ou ooste.
   Die koning het 'n militêre taak gehad en moes ook sorg dat geregtigheid gehandhaaf word. Hy is gesien as "die asem van ons neus" (Klaagl. 4:20). As gesalfde het hy behoefte gehad aan voorbidding. Die Gees van Jahwe was by die gesalfde, en hy is as 'n garismatiese persoon beskou.
3. Von Rad (1962:344-346): Ná 587 v.C. verwag God van Israel "omkeer" (1 Sam. 7:3; 1 Kon. 8:33,35; 2 Kon. 17:13; 23:25); dit beteken terugkeer na Jahwe toe (Deut. 30:10; 4:25-31; vgl. 1 Kon. 8:46 e.v.). Die oordeel van 587 v.C. was nie die einde van Israel nie; alleen weiering om hulle te bekeer kan die einde meebring. Die vorm van omkeer is opvallend geestelik, dit vra die hart. Dit is dus nie kulties nie, en die hoofmanier om dit te doen is deur gebed.

## 47. DAWID, SONDAAR MAAR TOG GEESTELIKE STRYDER

**(2 Sam. 11 e.v.; 1 Kon. 1,2)**

### 1. Dawid pleeg owerspel en betoon berou

Ná die belofte van die Here aan Dawid (2 Sam. 7) volg 'n beskrywing van hoe Dawid die Filistyne, Moab, Soba, Aram, Amalek en Edom verslaan het. Die Here het aan Dawid die oorwinning gegee oral waar hy getrek het (8:14). Sy regering word gekenmerk deur reg en geregtigheid teenoor die hele volk, en deur edelmoedigheid (8:14; 9). Tog struikel Dawid en pleeg owerspel met die vrou van een van sy onderdane. Dit loop uiteindelik daarop uit dat hy ook indirek die man vermoor.

Volgens maatstaf van Oosterse despote van destyds was dit nie iets besonders nie. Die God van Israel het egter ander maatstawwe van geregtigheid; dit geld vir alle lede van die verbond sonder aansien des persoons. Die Here is

die wetgewer en regeerder. Daarom roep die profeet Natan vir Dawid tot verantwoording. Natan doen dit op 'n manier wat ondenkbaar was by die ander nasies. By hulle was die koningswoord radikaal wet.

Wanneer Dawid aangespreek word, betoon hy onmiddellik diepe en egte berou, daar is by hom geen vyandigheid of opstandigheid of selfverskoning teenoor Natan nie, net skuldbelydenis. Dawid toon dat die persoonlike verhouding tot God vir hom die allesbeheersende in sy lewe is, al het hy so diep gesondig. Al wat hy kan uitkry, is: "Ek het gesondig teen die Here" (12:13). Psalm 51 beskryf Dawid se skuldbelydenis op 'n hartroerende wyse. Vanweë die innnige persoonlike verhouding met die Here ontvang Dawid onmiddellik vergifnis.

## 2. Onherroeplike gevolge van die sonde

Die Here vergewe, maar dit beteken nie dat Hy nie straf nie of dat die sonde nie bitter gevolge het nie. Die gevolge en invloed van die sondedaad kring ver na buite uit. Dawid het met die swaard gedood, die swaard sal nie van sy huis wyk nie; hy het 'n ander se vrou geneem, sy eie sal aan 'n ander gegee word (12:10, 11). Sy oudste twee seuns tree in 'n sekere sin op soos hy gedoen het; hulle beoefen immoraliteit en dit loop uit op moord (13 e.v.). Absolom kom uiteindelik in opstand teen sy vader. Dit het Dawid ernstig getref en hom in 'n groot mate met magteloosheid geslaan in sy gesagshandhawing oor die volk. Dit het gevaarlike onenigheid in sy ryk veroorsaak en het vir Dawid in verleentheid gebring in sy verhouding met Joab (18:10-14; 19:13; 20:4, 9 e.v.).

Die oorwinning oor Absolom was vir Dawid bitter. Hy is deur Absolom se dood diep in sy siel gegryp (18:33), want hy het hom in 'n sekere sin verantwoordelik gevoel vir Absolom se ontsporing. Dawid se skuldbesef oor sy sonde met Batseba het hom lewenslank bygebly.

## 3. Dawid se loflied oor die Here se verlossing, en sy profesie oor 'n ware regeerder

Dawid het ondanks sy sonde innig met die Here gelewe. Daarom het hy ook in diepe erkentlikheid die Here geloof vir die oorwinning wat die Here hom gegee het oor al sy vyande, insluitende Saul (22). Hierdie loflied toon ooreenkomste met dié van Hanna (1 Sam. 2:1-10). Dit wys dat die hoë verwagtings van Hanna in verband met 'n toekomstige koning, in Dawid vervul is.

Dawid se persoonlike verhouding met die Here openbaar 'n stygende lyn vanaf sy kroning, en word al intiemer. Die Gees het nie slegs sporadies oor

hom vaardig geword soos by die rigters en by Saul nie, maar permanent. Aan die einde van sy lewe spreek die Gees selfs binne-in Hom (2 Sam. 23:1-7). Waar by vroeër na die profetiese woord geluister het, spreek hy dit nou self uit. Profeet en koning is hier in hom dus as 't ware in een persoon verenig. Dit geld egter net vir sy einde, en boonop in 'n situasie waarin hy homself transendeer. Hy word hier meer as wat hy in die werklike lewe is. So leer die Here hom deur die Gees hoe 'n ware regeerder is: 'n regverdige, 'n heerser in die vrees van God, tot welsyn van die volk.

## 4. Volkstelling: menslike mislukking en lewewekkende Goddelike heerskappy

Daar word nog 'n ander groot sonde van Dawid meegedeel. Hy hou 'n volkstelling uit eersug en selfgenoegsaamheid. Dit is militêre leiers wat die telling waarneem, nie die gewone administratiewe staatsamptenare nie. Dawid wil Hom in sy militêre sterkte verlustig. Hy staan in hierdie optrede nie alleen nie, maar is daarin solidêr met die volk. Die Here gebruik dan ook hierdie sonde van Dawid om die volk te straf.

2 Sam. 24:1 sê dat die Here vir Dawid teen die volk aangehits het om die volk te tel. In 1 Kron. 21 word gesê dat dit Satan was wat Dawid aangehits het. Hierdie twee stellinge weerspreek mekaar nie, maar sien Dawid se optrede net van verskillende kante. Samuel laat sien dat alles per slot van sake onder God se absolute heerskappy val. Ook die sondige dade van mense is op 'n wonderlike manier in sy bestier inbetrek. Kronieke laat sien dat nie God vir die sonde aanspreeklik gehou kan word nie, maar 'n bose persoon. Albei boeke laat egter duidelik sien dat die verantwoordelikheid van die volk en van Dawid daarmee nie in die minste weggeneem word nie. Dawid en die volk dra inteendeel die ernstige gevolge daarvan (vgl. ook Gen. 3).

Net soos met Dawid se vroeëre sonde, en soos by ander konings, tree 'n profeet nou op om die koning tot verantwoording te roep (24:11 e.v.). Ook wanneer dit by straf kom, soek Dawid sy God op. Hy kies nie tussen die drie dinge wat aan hom voorgelê word nie, naamlik hongersnood, pes en om te vlug vir sy vyande. Hy vra slegs om nie in die hande van mense te val nie, maar in die hand van die lewende God.

God stuur die engel van die Here om die volk met dodelike pes te tref. As die engel Jerusalem wil verwoes, kry die Here egter berou en verhoed dit. Die skrywer van Samuel sluit Dawid se geskiedenis hiermee af. Daarmee sê hy eintlik: was dit nie vir God se ontferming nie, dan was die Dawidstad

vernietig. Dan het die Dawidsheerskappy nie lewe en vrug gebring soos van 'n regverdige heerser nie, maar dood en vernietiging. Die geskiedenis van die volk van God en die huis van Dawid is die geskiedenis van God se absolute genade, van lewe wek uit die dood.

## 5. Dawid se einde: swakheid en krag

Dawid se laaste bevele wys hoe hy deur sy vroeëre sonde vasgedraai is en lamgelê is in sy taak om geregtigheid te laat seëvier (1 Kon. 2). Hy kon nie teenoor Joab optree oor Joab se moorde nie, want met die Batseba-geskiedenis het Dawid in Joab se hande gespeel. Dawid se hande was moreel teenoor Joab afgekap. Ook teenoor Simeï kon Dawid nie die reg laat seëvier nie, want hy het te moreel aanspreeklik gevoel vir die optrede van Absolom.

Tog eindig Dawid as kampvegter vir heerskappy in geregtigheid. Op sy sterfbed rig by hom as 't ware op bokant homself en sy morele vasgekeerdheid deur die sonde. Hy eis dat die reg moet seëvier en die bloedskuld gestraf moet word.

Dawid se geskiedenis en sy einde verkondig die mens se onmag om ware regverdige heerskappy uit te oefen, maar ook Dawid se onwilligheid om by homself te berus. Hy probeer bokant homself uitgryp. Daarin vertoon hy messiaanse trekke.

Dawid sterf as versoende met die Here en bind voor hy sterf, sy opvolgerseun met groot erns aan die Here se diens. Hierdie seun staan in 'n intieme verhouding met die Here. Die seun se opvolging van Dawid is die vervulling van die Here se groot belofte wat Hy aan Dawid gegee het (1 Kon. 2:1-4). Hierdie seun is ook niemand minder nie as die kind van Batseba. God het vergewe.

## 6. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:315,316) oor die totaal sekulêre sfeer waarin hierdie geskiedenis beweeg. Begrip van die Goddelike leiding in die geskiedenis kom uit in die besef dat Jahwe se beheer alles insluit wat gebeur. Die spesiale veld waar hierdie kontrole plaasvind, is die menslike hart, en dié se impulse en uitwerkinge word deur Jahwe op soewereine wyse ondergeskik gemaak aan sy plan met die geskiedenis.
2. Vergelyk Bright (1953:39-44) oor die opkoms en bloei van die koningskap onder Dawid en oor die gevaar van oorheersing van die staat oor die religie.

# 48. SALOMO: PRAKTIESE LEWENSWYSHEID MET EN SONDER LEWENDE OMGANG MET GOD

**(1 Kon. 1-11; 2 Kron. 1-9)**

## 1. Praktiese lewenswysheid in afhanklikheid van God

Salomo openbaar hom ná sy troonbestyging as 'n man met deursig in sake en mense, en met die vermoë om daadkragtig op te tree. Met sy optrede teenoor Adonia, Abjatar, Joab en Simeï lewer hy 'n voorbeeld daarvan (1 Kon. 2:12 e.v.). Hy rig sy lewe op God en beoefen intieme gemeenskap met Hom en oefen sy godsdiens konkreet en prakties uit. Hy voel homself diep afhanklik van God om in ware diensbaarheid oor sy volk te kan regeer. Wanneer die Here hom die keuse gee om iets te kan begeer, begeer hy nie eie gewin soos 'n lang lewe of rykdom of die lewe van sy vyande nie. Hy begeer ook nie bloot 'n goeie gesindheid tussen hom en God nie, maar kies iets wat hom in staat sal stel om sy gewone werk goed te doen. Hy sien sy werk as 'n goddelike roeping (3:5 e.v.). Die Here gee aan hom beloftes van eer, 'n lang lewe, rykdom en ongeëwenaarde grootheid. Dit word egter nie outomaties gewaarborg nie; Salomo moet die wysheid op 'n lewende wyse beoefen deur in die Here se weë te wandel en sy gebooie te onderhou (3:14).

Salomo ontvang praktiese lewenswysheid. Dit kom byvoorbeeld duidelik uit as hy die uitslag van 'n sekere regsaak deur moederliefde laat bepaal (3:16 e.v). 'n Tipiese kenmerk van die Oosterse wysheid is dat dit oor die natuurlike lewensprobleme en lewenskuns handel en dat dit die antwoorde daarvoor uit die natuurlike lewe haal (vgl. byvoorbeeld die boek Spreuke). Die wysheid het dus 'n algemeen menslike benadering van sake. Die wysheid by Israel stem daarom ook grotendeels ooreen met dié by die ander nasies. Die rede hiervoor is dat God die skepper en onderhouer van alle dinge is. Sy besondere openbaring staan daarom nie teenoor die natuurlike lewe nie.

Die geskiedenis van Salomo leer egter ook 'n ander kant van die saak. As 'n mens ware lewenswysheid wil hê, moet jy jou met 'n besliste keuse en 'n voortdurende lewenshouding afhanklik stel van God (vgl. ook die boek Spreuke: "die vrees van die Here is die beginsel van die kennis", 1:7 ens.). Ware wysheid is nie 'n opsigself staande besitting nie. Dit setel ten diepste in die beoefening van 'n persoonlike verhouding met God. As dit ontbreek, verval ook die wysheid. Wysheid is ten diepste nie bloot die besit van lewenskennis nie, maar die regte inpassing van lewenskennis in 'n groot raamwerk of struktuur.

## 2. 'n Vraagteken agter Salomo

Die skrywer van Konings sluit die berig oor Salomo se keuse aan by sy huwelik met die dogter van die Egiptiese farao (3:1). Daarmee stel die skrywer as 't ware die vraag: wat sal in Salomo se verdere lewe die beslissende omraming van sy optrede wees? Sal hy sy wysheid beoefen met hierdie algemene verhouding as uitgangspunt? Of sal by hierdie verhouding en sy wysheid beoefen vanuit 'n persoonlike verhouding met God? Salomo se ryk was staatkundig, maatskaplik, ekonomies en kultureel 'n vrederyk met noue internasionale bande. Hierdie dinge sou egter spoedig die dryfveer van sy lewe begin word.

## 3. Die tempelbou: bestendiging van die Here se verbond

Net soos Israel se wysheid so het ook sy kultus 'n ooreenkoms vertoon met dié van die ander nasies. Die tempel wat Salomo gebou het, was byvoorbeeld in baie opsigte soos die ander s'n en is ook gebou met die hulp van koning Hiram van Tirus. Hiram het onder meer materiaal en ambagsmanne voorsien. Een van die opvallendste ooreenkomste in die tempels was die verdeling in drie dele. Die inrigting van die Allerheiligste het egter 'n wesenlike verskil in godsbeskouing en erediens getoon. In die Allerheiligste van die heidense tempels het 'n afgodsbeeld gestaan, maar in dié van Israel die verbondsark. Dit was die troonsetel van die Here en was leeg. Die Here mag nie afgebeeld word nie.

Salomo se tempelrede teken die Here as 'n onbegryplike God wat in afgesonderdheid in donkerte woon (8:12 e.v.; vgl. ook Jes. 45:15). Tog openbaar Hy Hom aan sy volk, veral in en deur sy woord (8:12). Die tempel is sy woonplek (8:13); Hy wil egter veral met mense gemeenskap beoefen (8:16). Hy is die God wat sy volk uit Egipte uitgelei het, 'n dinamiese God, 'n God wat die geskiedenis bepaal en wat verlossend optree (8:16). Hy is nie beperk tot die tempel en kultus nie; selfs die hoogste hemel kan Hom nie bevat nie (8:27). Daarom word hier 'n sekere onderskeid tussen die Here en sy Naam gemaak; dit is sy Naam wat in die tempel woon (8:16). Daarmee word die Here se openbaringsaspek beklemtoon; die Naam word nie van God geëmansipeer tot iets wat selfstandig en los van Hom bestaan nie.

Die volk moet die tempel sien as die simbool van die verbondsverhouding tussen die Here en hulle. Hulle moet dit in verband sien met die verbond by die uittog en die verbond met Dawid (8:21, 23, 51; 8:16 e.v., vgl. 2 Sam. 7). In die Here se antwoord op Salomo se tempelrede bestendig Hy hierdie verbond

met sy volk. Die tempel moet die eer van die Here verkondig deurdat daar elke dag aan die volk reg verskaf word en deurdat hulle Hom met vreugde en met 'n volkome lewensoorgawe dien as die enigste God (8:59, 60).

## 4. Salomo misluk: wysheid sonder lewende omgang met God

Salomo het ondanks sy pragtige begin tog in 'n groot mate misluk. Dit was veral as gevolg van sy weelde en sy diplomatieke verhoudinge, wat beliggaam is in huwelike met buitelandse prinsesse. Hy moes swaar belastings hef om alles by te bring en moes die volk selfs vir bepaalde tye oproep vir gedwonge werk. Die huwelike met uitlandse prinsesse het verdraagsaamheid vereis teenoor hulle godsdienstige gevoelens en gebruike. Dit het vir Israel ook godsdienstige beïnvloeding meegebring. Wat meer is, daar het persoonlike invloed van die prinsesse op Salomo uitgegaan. Salomo het hulle liefgehad en hulle het sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met die Here sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie(11: 1-4).

Salomo het nie dieselfde innige gemeenskap met die Here beoefen as Dawid nie. Hy het die wysheid te veel as 'n selfstandige iets gesien, iets wat hy eenmaal as 'n blywende besitting van die Here ontvang het en wat hy daarna min of meer onafhanklik kan uitoefen. Maar selfs wysheid en vrede wat nie in 'n lewende persoonlike betrokkenheid met die Here beoefen word nie, is waardeloos. Dit lei daartoe dat God se lewende, persoonlike wilsuiting op die agtergrond te staan kom en ondergeskik gemaak word aan 'n meganiese kultus. So neem neutrale dinastiese reëls en instellings meer en meer die plek in van die persoonlike wil van God. Staatsbelange word die uitgangspunt vir Koninkryksbelange.

Salomo het vroeër in sy pragtige tempelrede God se transendensie sterk beklemtoon. Tog is aan die koninklike hof God se teenwoordigheid meer en meer staties opgevat en ingeperk in die tempelkompleks, insluitende die koninklike paleis (3:1). So het Salomo, die tempelbouer, uiteindelik misluk, omdat hy God se inwoning en heerskappy meer gekoppel het met die tempel as met sy eie hart en lewe.

Die Here beskou Salomo se optrede as verbondsbreuk en straf dit deur die koningskap van hom af te skeur. Tog temper Hy die straf. Dawid so dinastie word in een van die stamme van die geskeurde volk bestendig, naamlik in Juda. Dit is omrede die Here se verkiesende genade aan Dawid en sy verkiesing van Jerusalem ter wille van Dawid (11:12, 13, 32, 34, 36). Die Here bewerk dus ook hier weer voortgang te midde van ondergang.

## 5. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1961:447-450) oor Salomo se ideaal van die absolutisme van die Egiptiese farao of die Fenisiese koning. Sy tempelbou binne dieselfde muur as die koninklike paleis illustreer sy poging om die koningskap eensydig te verbind met die sakramentele en kultiese groep. Hier kom die idee na vore van bomenslike mag en van 'n semi-goddelike wese, wat tipies is van die Kanaäniete.
   Volgens die klassieke profete misluk die konings veral deur verbonde met groot moondhede en bedrieglike politieke maneuvers. Hosea gebruik dikwels beelde wat parallelle trek met die konings (3:4; 8:4 e.v.; 10:1 e.v.). Soos in die dien van afgodsbeelde is die persoonlike verhouding met God vervang deur 'n onpersoonlike magiese krag.
2. Vergelyk Fohrer (1972:251-260) oor mens en tegniek in die Ou Testament.

# 49. SKEURING : TWEE ENERSE EN TOG VERSKILLENDE RYKE

**(1 Kon. 12 e.v.; 2 Kon.; 2 Kron. 10 e.v.)**

## 1. Die Here handhaaf sy heerskappy en verkiesing ondanks menslike skeuring en mislukking

Die volk het die idealistiese verwagtings gekoester dat die koningskap hulle van hulle vyande sou verlos en die volk in 'n eenheid sou saamsnoer (1 Kon. 8:5,20). Hierin is hulle egter wreed ontnugter. Die konings het die volk in twee laat skeur, hulle innerlik verdeel en hulle uiteindelik in die afgrond ingesleep. Rehabeam was deur sy outoritêre optrede direk verantwoordelik vir die onherstelbare breuk. Hy was hierin tipies van die ander. Daar was maar weinige uitsonderinge op die reël. Die eenheid van die ryk wat in Dawid se tyd die verwagting so sterk aangegryp het, was besonder spoedig daarmee heen. Dit was net soos met die mens se heerskappy in die tuin van Eden.

Die Here word nie deur hierdie gebeurtenisse verras nie. Dit is Hy wat die geskiedenis beheer. Inteendeel, Hy kondig vooraf aan Salomo en aan Jerobeam aan dat dit sal gebeur (1 Kon. 11:11, 26 e.v.). Dit is trouens God se straf oor die volk se afval, afgodediens en ongehoorsaamheid aan die Here so gebooie (11:31-33). Volk en koning slaan die waarskuwing in die wind en volhard in hulle afvalligheid, maar die Here sit sy heerskappy oor die bondsvolk voort. Hy laat veral sy profete op 'n besonder kragtige manier die afval bestry. Hulle stel die vormdiens aan die kaak en beklemtoon diens van die hart.

Die Here hou sy hand aan die volk omrede sy verkiesing van Dawid en Jerusalem (11:32, 34, 36). Hy doen dit ter wille van sy Naam, want Hy vestig sy Naam in Jerusalem (11:36). Vir 'n volk wat wil glo, is daar hoop. Maar dit vereis ook hartgrondige bekering, en volharding in die vertroue op God.

## 2. Ooreenkoms en verskil tussen die twee lyne

Die bondsvolk skeur in twee, naamlik Juda, wat die klein stammetjie Benjamin insluit, en die Tienstammeryk. Laasgenoemde word gewoonlik Israel genoem en soms ook Efraïm, omdat Efraïm die grootste stam was. Die geskiedenis van Juda en Israel loop nou soos twee lyne langs mekaar, en word meesal gekenmerk deur onderlinge stryd. Die volgende woorde tipeer die verhouding wat daar tussen hulle bestaan het, al was dit net in gesindheid: "Daar was gedurig oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam" (1 Kon. vgl. ook 15:6, 7, 16).

Ondanks die onderlinge stryd tussen die twee groepe was daar groot ooreenkoms tussen hulle, veral in negatiewe opsig. Van albei se konings word telkens gesê dat hulle gedoen het wat verkeerd is in die oë van die Here (1 Kon. 15:3, 26; 16:26, 30; 22:53; 2 Kon.3:2; 8:18; 13: 2, 11; ens.). By albei groepe het daar ook hoogtediens in heidense gees voorgekom (14:23; 15:14; 22:44; 2 Kon. 12:3; 14:4; 15:4, 35; 16:4; 18:4; ens.; 1 Kon. 12:32, 13:2, 32, 33; 2 Kon. 17: 9 e.v.).

Die waardering van die lewens van die konings in die twee lyne verskil ook. Die konings van Israel word gewoonlik met hulle voorvader Jerobeam vergelyk. Daar word dan gesê hoe Jerobeam gesondig het en hoe hy Israel laat sondig het (1 Kon. 15:34; 16:7, 26; 22:53; ens.). Jerobeam word dus as model-sondaar en koning van Israel geteken. Die Judese konings word met Dawid as 'n positiewe "model" vergelyk. Gewoonlik word van hulle gesê hulle het nie reg gedoen het soos hulle vader Dawid nie (1 Kon. 15:3; 2 Kon. 14:3; 16:2). Van andere, naamlik Hiskia en Josia, word gesê dat hulle wel reg gedoen het soos hulle vader Dawid (2 Kon. 18:3; 22:2).

By die beoordeling van die Israelitiese konings val die klem op die menslike sonde en die deurvoering van die Goddelike heerskappy ondanks hierdie sonde. By die beoordeling van die Judese konings val die klemtoon op die Goddelike verkiesing. Ter wille van Dawid en van die Here se verbond met hom bewys die Here guns aan hulle. Hy doen dit selfs as hulle die teendeel verdien (1 Kon. 11:32; 15:3,4).

Die verwysing na die Judese konings laat blyk dat hulle die voortsetting van die oorspronklike stamlyn van die ware volk is, nie die Israelitiese konings nie.

Die Judese konings word naamlik telkens in verband gebring met Dawid, die ideale koning van die ongedeelde ryk. Hulle word nie in verband gebring met Rehabeam, die eerste koning van Juda nie. Die Israelitiese konings daarenteen word met Jerobeam, die eerste koning van die Tienstammeryk, in verband gebring. Hulle word dus slegs gesien as 'n voortsetting van 'n afsplitsing. Israel bly 'n afgesplitste gedeelte, sonder organiese verbinding met die lyn van Dawid en die ware ou Israel.

## 3. Verleiding deur koning en profeet

Die geskiedenis van die Tienstammeryk begin met 'n ongehoorsame koning en 'n ongehoorsame profeet, albei tipies van hulle ampsgenote. Hierdie koning en hierdie profeet staan aan die begin van hierdie deel van die volksgeskiedenis opgeteken as blywende waarskuwings aan die volk. Dié twee tree in dieselfde gebeurtenis op en is verskillend van mekaar in hulle optrede en benadering, maar hulle is albei ongehoorsaam. Jerobeam gryp selfaanmatigend in op die heilige dinge van die Here. Daarvoor word hy deur die profeet bestraf. Die profeet weer laat hom mislei en voer nie die opdrag van die Here presies uit nie. Daarom word hy met die dood gestraf (13).

Die Here wys met hierdie gebeurtenis dat Hy onvoorwaardelik gehoorsaamheid vereis van sowel die koning as die profeet. 'n Profeet moet onder die allerstrengste kontrole staan, anders misluk hy self in die stryd teen afvalligheid. Hy moet alleen die direkte openbaring van God gehoorsaam en verkondig. Hy mag nie bloot op 'n mens se woorde afgaan nie, hoe vroom hulle ook al klink. Hy moet hulle toets al is hulle ook dié van 'n ou profeet. Nóg ouderdom nóg profetiese amp mag blindelings gehoorsaam word. Die Here eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy profetiese woord, maar Hy eis nooit blinde gehoorsaamheid aan gesag of gesagsdraers nie.

Israel het hierdie waarskuwings tog nie ter harte geneem nie. Hulle was nie bestand teen profetiese misleiding nie en ook nie teen die vervalste godsdiens waarin Jerobeam hulle voorgegaan het nie.

## 4. Kalwerdiens in Israel

Jerobeam het nie bedoel om ander gode te dien nie, maar hy wou die Here sigbaar voorstel in 'n simbool. Dit was egter in stryd met die tweede gebod. Die bulkalf wat as simbool gebruik is, was bowendien 'n tipiese simbool van die baälistiese vrugbaarheidskultus. Jerobeam het nie verstaan dat God se persoonlike teenwoordigheid ook insluit dat Hy nie gebonde is nie. Daarom het Jerobeam God te maklik tot dinge en plekke beperk en Hom daarmee

geïdentifiseer. Jerobeam het vormdiens beoefen en dit tot die konsekwensies deurgevoer, naamlik beeldediens.

Omdat Jerobeam nie 'n innige persoonlike verhouding met die Here beoefen het nie, het hy die godsdiens gebruik om sy eie politieke oogmerke te dien. Daarom het hy die beelde opgerig in Dan in die noorde van sy ryk, en in Bet-El in die suide, op pad na Jerusalem. So wou hy Jerusalem se betekenis as godsdienstige middelpunt ondermyn. Jerobeam was in sy lewenshouding tipies van die Tienstammeryk en was as 't ware hulle geestelike vader. Soos hy gesondig het, het die konings ná hom gesondig (15:34 ens.).

Die Tienstammeryk se wetteloosbeid teenoor die Here het ook gelei tot wetteloosheid teenoor die koningshuise self. Daar was nie 'n deurlopende koningshuis soos in Juda nie, maar 'n dikwelse wisseling. Dikwels was daar ook paleisrevolusies, koningsmoorde en selfs uitroeiing van koningshuise.

### 5. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:45-51) oor die teenstand teen 'n staat volgens Salomo se model.

## 50. ELIA: DOODSTRYD TEEN DIE BAÄLDIENS

### (1 Kon. 16-18; 2 Kon. 2)

### 1. Vervlegting van die geskiedenis van die konings en die profete

Die geskiedenis van die konings is vervleg met dié van die profete. Sommer heel aan die begin van die konings se geskiedenis ná die skeuring van die ryk, word die optrede van die man van God teenoor Jerobeam beskryf. Ook die hele geskiedenis in die res van Konings word redelik sterk beheers deur profetiese optredes. Veral Elia tree sterk beheersend op die voorgrond (1 Kon. 17-19, 21; 2 Kon. 1). Hy oorskadu koning Agab heeltemal. Ook Elisa, wat die werk van Elia voortsit, neem hier 'n belangrike plek in. Sy geskiedenis is vervleg met dié van verskillende konings (2 Kon. 2, 4, 5, 6, 8, 9, 13). Ook die profeet Jesaja tree na vore, al word daar nie veel oor hom meegedeel nie (2 Kon. 19, 20). Verskeie ander profete het in die koningstyd opgetree en hulle optrede is so belangrik dat dit in afsonderlike boeke beskrywe word. In die boeke Konings word hulle egter kwalik of glad nie bespreek nie, want hierdie boeke wil die soeklig in die eerste plek op die konings rig.

Elia en Elisa ontvang wel breedvoerig aandag in hierdie geskiedskrywing en word elders glad nie bespreek nie. Hierdie feit benadruk dat die konings nie sonder die profete gedink kan word nie.

## 2. 'n Krisistyd, wonders

Koning Agab het getrou met Isebel, die dogter van Et-Baäl, koning van Sidon. Daar was die Baäldiens die staatsgodsdiens (1 Kon. 16:30 e.v.). Agab "het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers". Hy het nie slegs die kalwerdiens van Jerobeam met al die gepaardgaande Kanaänitiese invloede beoefen nie, maar het blatant Baäldiens beoefen. Hy het voor Baäl neergebuig, vir hom 'n tempel gebou, daarin 'n altaar opgerig en ook 'n heilige boomstam opgerig.

Agab het blykbaar nie bedoel om die diens van die Here af te lê nie, maar hy het gemeen dat daar ook vir die Baäldiens 'n plek was binne die raamwerk van Israel se godsdiens. Die Here sou egter baie duidelik deur Elia wys dat Hy alleen God is en dat alleen Hy gedien moet word.

Isebel was 'n bekwame en heerssugtige persoon met 'n fanatieke ywer vir haar godsdiens. Sy wou dit met geweld as staatsgodsdiens van Israel vestig. Sy het so kragtig opgetree dat Israel daardeur in 'n ernstige godsdienstige krisis gedompel is.

Vanweë dié krisis speel wonders 'n belangrike rol in hierdie geskiedenis. Dit is soos in ander krisistye, toe die Here ewe-eens sy wonderdadige heerskappy betoon het om sy volk en sy openbaring te handhaaf. So was dit byvoorbeeld by die geboorte van Isak, by die uittog uit Egipte en by die intog in Kanaän. Die Here bewerk lewensbehoud en selfs opwekking uit die dood. Hy laat Elia deur kraaie voed, laat dooies deur Elia en Elisa opgewek word en neem Elia weg na die hemel.

Die prominente plek wat lewewekking in die geskiedenis van Elia beklee, bewys watter belangrike plek lewewekking in die Ou- Testamentiese godsopenbaring self het. Elia het trouens 'n besonder prominente plek in die openbaringsgeskiedenis. Hy word byvoorbeeld saam met Moses genoem as verteenwoordiger van die wet en profete; hulle twee verskyn ook saam met Jesus op die berg van verheerlikking (Mal. 4:4, 5; Matt. 17).

## 3. Elia, kneg van die enigste en lewewekkende God

As geroepene van die Here bind Elia die stryd aan teen die Baäldiens van Agab en Isebel. Die Here laat deur Elia aankondig dat daar droogte sal kom en dat dit alleen op sy bevel sal reën. Daarmee bewys Hy Homself as die enigste wat reën en lewe gee. Hy bewys dat die aanspraak van die Baälgodsdiens as sou die Baäls die reën en vrugbaarheid en wasdom in die natuur bewerk, vals is.

Die Here bewys ook dat Hy, anders as die Baäls, meer is as 'n natuurgod. Hy bewerk nie net reën en vrugbaarheid nie, maar Hy hou Elia wonderdadig aan die lewe deurdat rawe vir hom kos bring by die spruit Krit. Verder gee Hy ook deur Elia 'n onophoudelike voorraad meel en olie aan die weduwee van Sarfat. Daar is van die Baälgode geglo dat hulle nuwe lewe uit die natuur verwek deur die droë seisoen te laat opvolg deur 'n reënseisoen. Die Here doen dit en nog veel meer, Hy verwek lewens en Hy wek mense selfs uit die dood uit op; die seun van 'n weduwee van Sarfat word deur Elia lewendig gemaak (1 Kon. 17).

Met hierdie laaste optrede toon die Here dat Hy die enigste en lewende God is en dat Hy daarom ook 'n universele God is, die God van alle mense. Nie net Israel moet Hom dien nie, maar almal. Sarfat was naamlik by Sidon. Die weduwee van Sarfat was dus een van Isebel se volksgenote - en onder hulle is die Baäldiens beoefen! In dieselfde tyd wat Elia dus teen die uitheemse godsdiens die stryd moet aanknoop, is die Here deur Elia besig om onder dieselfde volk vir Hom aanbidders te berei. Dit wys dat daar geen vermenging tussen die diens van die Here en die Baäldiens mag wees nie, maar ook dat die ware godsdiens nie binne Israel geïsoleer mag word nie. Israel moet met sy godsdiens na buite beweeg, maar dit moet in standvastigheid in die diens van die Here geskied. Verder moet dit gebeur in bewoënheid oor die nood van mense, soos die bewoënheid oor die weduwee van Sarfat. Omdat Elia in die Here as die enige en lewewekkende God glo, staan hy met buitengewone onverskrokkenheid teenoor Agab en bestraf Hom oor sy afvalligheid. Net so onverskrokke bind Elia die stryd met die Baälprofete aan (18:18, 19). Hy roep die volk by Karmel op tot 'n radikale keuse tussen die Here en Baäl. Daar mag nie op twee gedagtes gehink word nie (18:21, vgl. ook v. 39). Elia bid tot die Here en bely Hom as die God wat absolute mag het (1 Kon. 18:36, 37).

Hy het mag oor die natuur. Hy sal dit laat reën. Hy het mag oor die geskiedenis, Hy is die "God van Abraham, Isak en Israel", die God wat al van lankal af in die geskiedenis werk en in 'n persoonlike verhouding met sy volk staan. Hy is nie net 'n onpersoonlike natuurgod soos die gode van die Kanaäniete nie.

Hy het mag oor die innerlike van die mens, dit is Hy wat die hart van sy volk na Hom laat terugkeer (vgl. ook Miga 7:18-20; Klaagl. 5:20).

Dit gaan in hierdie stryd tussen die Baälisme en die diens van die Here om 'n radikale teenstelling en radikale keuse: die Here of Baäl, lewe of dood. Daarom ondergaan die Baälprofete ook die doodstraf (vgl. ook Deut. 7:2; 13:13 e.v.).

Elia se einde was soos sy optrede: hy het in 'n storm na die hemel opgevaar. Elisa beskou sy heengaan soos die verlies van 'n hele leërafdeling van Israel: "wa van Israel en sy ruiters" (1 Kon. 2:11, 12). Elia is nie uit die gevaar van die stryd na die hemel toe weggeneem nie, maar nadat hy sy stryd en oorwinning voltooi het. Sy hemelvaart is die seël op die triomf van sy God in die stryd teen die Baäldiens. Sy hemelvaart bewys die Here se heerskappy oor lewe en dood: Hy kan selfs die dood ter syde stel. In hierdie opsig het die gode niks vir hulle aanbidders te bied nie.

Die Bybel getuig dus van 'n God wat die lewe in al sy fasette en in al sy volheid beheers. Dit bied 'n persoonlike verbondsgemeenskap met die Here. En hierdie verbondsgemeenskap is vir 'n ware gelowige onverbreeklik. Dit is waar, ondanks die dodelike aanslag wat daar op die geloofslewe gemaak word en ondanks die harde werklikheid van die dood in die gebroke menslike bestaan (vgl. ook Gen. 5:24; Ps. 49:16; 73:24). Vir dié wat God in volle oorgawe dien, is daar krag en visie vir die stryd, en uitsig op die toekoms.

### 4. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:51-57) oor die krisis, die rewolusie en die gevolge daarvan in die Noordryk.

## 51. ELIA BY HOREB: GOD WERK EN SORG OOK ONOPSIGTELIK

### (1 Kon. 19 e.v.; 2 Kon. 1-8)

### 1. Elia word moedeloos en word soos Moses deur die Here opgesoek

Selfs so 'n kragtige gestalte soos Elia was in homself nie vir die stryd opgewasse nie. Hy was slegs 'n dienskneg in diens van die Here, het moedeloos geword en moes deur die Here uit die dieptes opgetel word.

Elia vlug vir Isebel omdat sy sweer dat sy hom gaan laat doodmaak. Op sy vlugtog word hy deur 'n engel van die Here versterk en bemoedig (19:5-7). Hy

beklaag hom in sy moedeloosheid daaroor dat hy die enigste stryder vir die verbond van die Here is. Die volk het die verbond verlaat, die altare afgebreek en die profete doodgemaak. Daarby soek hulle ook Elia se lewe (19:10). Heel ironies praat hy in sy klaging van "die Here, die God van die leërskare", d.w.s. van God die Almagtige. Maar sy vertroue in die almag van God het gesink.

Elia soek die Here by die berg Horeb op, want daar het God die verbond met sy volk gesluit, die verbond wat nou deur sy volk verbreek is. Daar by Horeb ervaar Elia 'n soortgelyke ontmoeting met die Here as die Here se ander groot kneg Moses. Elia is in die openbaringsgeskiedenis net so 'n prominente gestalte as Moses (Mal. 4:4-6; Matt. 17). Net soos Moses word Elia versterk om veertig dae en nagte sonder kos of water aan die gang te bly (19:8; vgl. Eks. 24:18; 34:28). Net soos Moses ervaar Elia hierdie ontmoeting ná 'n besondere geestelike stryd vir die verbondsvolk wat God se verbond verlaat het. Net soos Moses het Elia 'n persoonlike ontmoeting met die Here, maar kan Hom alleen in die verbygaan sien en nie in sy ware, volle wese nie.

Die Here openbaar Hom hier as die God wat getrou bly aan sy verbond en wat die verbond handhaaf ondanks die fundamentele aanslag wat daarteen gemaak word. Die verbondsverhouding tussen Hom en sy volk het so fundamenteel in gedrang gekom dat Hy weer iets van die oorspronklike gebeurtenisse met Moses herhaal om die verbond te herstel. Dit gaan in die heerskappy van die Here en in die verbond veral om persoonlike gemeenskap tussen die Here en sy gelowiges. Daarom word die persoonlike ontmoeting wat die Here met Moses gehad het, hier met Elia herhaal.

### 2. Die gesuis van 'n sagte koelte: die Here werk ook onopsigtelik en onafhanklik van die profeet

Die Here betoon Hom in sy verskyning aan Elia as die God wat nie net op 'n uiterlike, kragdadige manier werk nie, maar ook op 'n onopsigtelike manier. Hy verskyn nie in die geweldige verskynsels wat 'n teofanie begelei soos 'n sterk en vernietigende wind, 'n aardbewing en 'n vuur nie, maar in die gesuis van 'n sagte koelte (19:11, 12). Daarmee maak Hy aan Elia duidelik dat Hy sy heerskappy nie net uitwendig wonderdadig uitoefen soos op Karmel nie. Hy werk ook stil en onopsigtelik in die harte en lewens van mense. Daarom het Hy nog sewe duisend aanbidders wat nie met die Baäldiens saamgegaan het nie. Elia se eie werk is wel van absoluut fundamentele betekenis in die openharingsgeskiedenis. Tog is die Here nie van Hom afhanklik vir die voortsetting daarvan nie.

Elia moet dus nie dink dat God se werk in duie sal stort as Elia aan bande gelê word of as sy werk beëindig word nie. Hy hoef ook nie wanhopig te raak oor dit waarvoor hy gewerk het nie, want God se werk gaan onkeerbaar voort. As Elia hierdie gesindheid het, kan hy as kragfiguur optree en getuig, selfs al sou hy daardeur sterwe. Hierdie feit hou nie in dat die Here die profeet as 'n onpersoonlike instrument beskou en hom ongetroos laat bly nie. Inteendeel, die profeet ontvang verdere opdragte om uit te voer en word daarmee verseker van die Here se beskerming.

Daar lê 'n diep openbaringshistoriese gedagte in die feit dat God sewe duisend in Israel laat oorbly wat die knie voor Baal nie buig nie. Die gedagte van 'n oorblyfsel kom ook sterk by ander profete soos Jesaja en Amos na vore. Dit sê dat God se verlossingswerk uitgevoer word as redding deur ondergang heen, as lewewekking deur die dood heen. Sewe duisend is 'n ronde getal en dui volheid aan, die volheidsaantal van God se ware gelowiges. Op sigself is dit 'n groot getal, maar in vergelyking met die volk is dit klein. Dit is slegs die gereddes uit 'n groot katastrofe of 'n grootskaalse afval. Hierdie gedagte loop dwarsdeur die Skrif: die gelowiges is maar net 'n klein oorblyfsel, die vrug van God se reddende en lewewekkende genade. Maar hulle is tog 'n volle getal. Dit moet elke gelowige onthou, veral wanneer hy eensaam en moedeloos voel in die stryd.

### 3. Die Here straf die sonde ook gewelddadig

Die Here wys in hierdie geskiedenis dat Hy vry bly in sy optrede. Hy straf die sonde gewelddadig. Binne die skynbaar verlore verloop van sake, sit Hy sy heerskappy voort. Elia moet daarvoor drie opdragte uitvoer. Hy moet Hasael salf as koning oor Aram, Jehu as koning oor Israel, en Elisa as profeet in sy eie plek. Die Here sal hulle gebruik as uitvoerders van sy strafgerig (18:15-17). Hy betoon Hom ook as 'n verterende vuur vir dié wat Hom nie eer nie. Dit kom ook duidelik aan die lig as Hy die boodskapper wat koning Ahasia na Elia toe gestuur het, deur vuur laat verbrand (2 Kon.1).

Die Here gee aan Elia opdrag om die gewelddadige einde van Agab se huis aan te kondig (21:18 e.v.). Dit gebeur nadat Nabot op bevel van Isebel doodgemaak is omdat hy nie sy grond aan Agab wou afstaan nie, maar dit tereg as 'n onvervreembare eiendom van die hele familie beskou het (Lev. 25:23-28; Num. 26:7 e.v.). Hierdie geskiedenis wys hoedat 'n koning wat hom nie net soos al die ander burgers aan die gebooie van die Here hou nie, sy vryheid verloor. Hy verkoop homself al meer en meer aan die sonde en raak

al vaster en vaster gedraai in sy dade (21:7, 20). Bowendien laat die Here die sonde en die onreg teen die hulpeloses nie ongestraf bly nie.

## 4. Elisa: die opbou van die oorblyfsel

Nadat Elisa al weggeneem is, straf die Here nog die sonde van die volk gewelddadig. Elisa vloek byvoorbeeld die seuntjies van Bet-El wat spottend na Hom as "kaalkop" verwys. Dit het fatale gevolge vir hulle en dien as 'n kragtige getuienis teen die halfheidense gees van daardie stad. Bet-El was die stad waar die kalwerdiens van Jerobeam hoogty gevier het en waardeur die Here geterg is. Die naam "kaalkop" het moontlik verwys na 'n soort haarstyl wat met Elisa se profetiese funksie saamgehang het. Die naam het dan minagting vir sy profetiese werk vertolk.

Elisa het baie wonders van verskillende aard gedoen, byvoorbeeld op politiek-staatkundige gebied en op huislike en alledaagse gebied. Hy het ook 'n dooie opgewek. Ook in sy optrede kom dit duidelik uit dat die Here universeel gedien wil word. Elisa bewerk byvoorbeeld genesing vir die Siriese generaal Naäman wat 'n ongeneeslike velsiekte gehad het (2 Kon. 5). Net soos Elia was Elisa 'n man met 'n besondere vurigheid van gees. Vanweë die diens van die woord het hy selfs ná sy dood 'n seënryke en lewewekkende invloed laat uitgaan. Toe daar by geleentheid iemand in sy graf gegooi is, het die persoon weer lewendig geword (13:14 e.v.). Elisa se God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes!

Al Elisa se wonders, behalwe die een te Bet-El (vgl. hierbo), was reddend van aard. Anders as in Elia se geval is daar nie uitsprake van hom teen die sondes van sy tyd opgeteken nie. Sy taak was veral daarop toegespits om die "sewe duisend" wat in die stryd oorgebly het, te troos en op te bou. Die Here sorg vir sy volk.

## 5. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:189) i.v.m. 1 Kon. 19:11 dat Jahwe nie aan 'n plek gebonde is nie.
2. Vergelyk Eichrodt (1967:54) daaroor dat dit in die uitdrukking "man van die Gees" nie soseer gaan om verplasing in die Goddelike sfeer nie, as om die besondere taak en die persoon se afhanklikheid van God.

# 52. JEROBEAM II EN SY OPVOLGERS : BLOEI EN ONDERGANG VAN DIE TIENSTAMMERYK

**(2 Kon. 9-15)**

## 1. Jehu, voltrekker van die straf oor die huis van Agab

Jehu is belangrik omdat hy die straf aan die huis van Agab voltrek, het. Hy was een van Israel se generaals en is in opdrag van Elisa deur 'n profeet tot koning gesalf. Daardeur is Israel se konings voortaan weer gesalfdes van die Here, anders as in die tyd van Omri se dinastie. Die Here bemoei Hom nog met die Tienstammeryk en gee hom nog 'n laaste kans.

Jehu tree heel anders op as Dawid wat ná sy salwing op die Here bly wag het vir optrede teenoor Saul. Jehu gaan onmiddellik tot gewelddadige optrede oor. Hy voer 'n staatsgreep in Samaria uit en maak daarna vir koning Joram wat in Jisreël is om van sy verwondering te herstel, dood. Ook koning Ahasia van Juda word doodgemaak. Vervolgens reken Jehu met Isebel af en roei die nageslag van Agab uit, en ook die Baälprofete.

Jehu was oënskynlik 'n yweraar vir die saak van die Here, maar het tog geen diepte in geloof en geen innige gemeenskap met God gehad nie. Hy openbaar meer belangstelling in die uitroeiing van die huis van Agab as daarin om die Here te dien. Die Baäldiens is wel deur hom uitgeroei, maar die kalwerdiens van Jerobeam het tog nog in swang gebly. "Hy het nie sorgvuldig in die wet van die Here, die God van Israel, met sy hele hart gewandel nie" (10: 31). Die Here begin dan ook in sy dae Israel inkort en laat Hasael van Sirië 'n deel van Israel se gebied onderwerp (10: 32, 33).

## 2. Jerobeam II: bloei en afvalligheid

Jerobeam II was een van die groot gestaltes van die dinastie van Jehu en van hierdie tyd. Hy het een en veertig jaar lank geregeer en het groot veroweringe behaal. Sy ryksgrense was weer dieselfde as in die dae van Dawid en Salomo (14:25; 28; vgl. 1 Kon. 8:65; 2 Sam. 8:3-8). Israel het in sy tyd ook 'n buitengewone ekonomiese bloei beleef. Op godsdienstige gebied is daar egter grootskaalse vormdiens beoefen en op maatskaplike gebied baie onreg gepleeg. Onsedelikheid was aan die orde van die dag.

Die profeet Amos profeteer bale skerp teen die onreg, en die profeet Hosea stel veral die godsdienstige ontrou aan die kaak om Israel tot bekering te roep.

Jona weer probeer om hierdie gevalle volk hulle selfgenoegsaamheid te laat ontdek, hulle wat onder alles dink dat net hulle die guns van God mag geniet.

## 3. Geestelike swakheid, politieke afdraand en volksondergang

Israel was baie groter en sterker as Juda, maar was nie geestelik so geïntegreerd as Juda nie. Die sonde van Jerobeam I was tipies van die hele volk. Hulle het volhard in hulle sonde teen die Here hulle God wat hulle uit Egipte uit die slawehuis uitgelei het, en het ander gode gedien. So het hulle die eerste van die gebooie oortree en daarmee hulle eie graf gegrawe. Alleen die Here tree in die geskiedenis op en bepaal die geskiedenis. Alleen Hy red en beskerm 'n volk en bou hulle.

Israel se godsdienstige en sedelike verval loop daarop uit dat die laaste jare van sy bestaan gekenmerk word deur koningsmoord. Uiteindelik is Israel ondergeploeg deur die innerlike stryd, die broederstryd met Juda, die stryd met Sirië en ten slotte die verskyning van die gevreesde Assiriërs. Tiglat-Pileser III neem reeds Noord-Galilea en Oos-Jordaan in. 'n Paar jaar later slaan Salmanasar V op Samaria toe. Dit was die gevolg van die opportunistiese politiek van koning Hosea, tipies van die konings van Israel, en sy weiering om skatting te betaal. Samaria word drie jaar lank beleër, en dit gaan met groot ellende gepaard.

Dan gebeur die verskriklike: Israel word deur die wrede Assiriërs In ballingskap weggevoer (722 v.C.). Daar verdwyn hulle. Hulle het die innerlike band met die Here reeds vroeg in hulle geskiedenis deurgesny. Daarom is hulle nie, soos die geval met Juda later sou wees, ondanks alles wonderbaarlik deur die Here gered nie. Die skrywer van Konings gee die grondredes vir hulle ondergang. Dit was hulle afkeer van die ware godsdiens en hulle verbreking van die verbond wat die Here by die uittog uit Egipteland met hulle opgerig het (2 Kon. 17:7-23). So is Israel 'n ernstige waarskuwing aan hulle broervolk Juda. Israel is ook 'n waarskuwing aan elke volk wat daarop aanspraak maak om God te dien, maar wat tog nie intiem met Hom leef nie, nie radikaal met hulle sonde breek nie en nie God se woord as die enigste rigsnoer van hulle lewe volg nie.

## 4. Die Samaritane: gemengde oorblyfsel van Israel

Die Assiriërs se deportasiebeleid was daarop gemik om die nasionale gevoel van onderworpe nasies te breek. Daarom het hulle groepe mense uit ander nasies na die ontvolkte Samaria gebring en daar laat woon (2 Kon. 17:24).

Hierdie nuwe bevolking het saam met die oorgeblewe Israeliete met verloop van tyd die Samaritane gevorm.

Die nuwe bevolkingsgroepe het ook die Here begin aanbid toe hulle in Samaria gevestig is, want hulle het geglo dat elke stad sy eie godheid het. Dit was die algemene beskouing van die ander na sies in daardie tyd. Hulle het nie soos die bondsvolk 'n monoteïstiese godsdiens gehad wat die Here as die enigste God en Heerser oor alle mense en oor alle plekke bely nie. Aanvanklik was die Samaritane se godsdiens sinkretisties, dit wil sê, hulle het die diens van die Here vermeng met die diens van ander gode. Later, in die dae van Jesus, was dit blykbaar nie meer so nie. Uiteindelik het die Samaritane, met die koms van Jesus, ook 'n plek gekry in die volk van God. Die Here het die Tienstammeryk tog nie heeltemal verlaat nie, maar het deur 'n volksdood heen in Samaria nuwe lewe gebring.

### 5. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:57-60,71-78) oor die bloeitydperk, die dreiging van die Assiriërs en die ondergang van die Noordryk.

## 53. REHABEAM EN DIE JUDESE KONINGSLYN: GODDELIKE GENADE

## (1 Kon. 14 E.v.; 2 Kon. 8 e.v.)

### 1. Rehabeam, toonbeeld van menslike ontrou en van genadige bemoeienis van God

Die koningshuis van Juda het veel meer bestendigheid vertoon as die van Israel en het een deurlopende lyn gevorm. Tog vertoon hulle in baie opsigte dieselfde trekke as die konings van hulle broervolk. Rehabeam, die eerste koning uit hierdie lyn, tree outokraties, onverantwoordelik en dwaas op. Die gevolg is dat die Here vir Jerobeam as strafmiddel teen Juda gebruik (1 Kon. 11:26 e.v.). Tog neem die Here sy hand nie van die Judese koningshuis weg nie. Hy regverdig ook nie vir Jerobeam in die oorwegings en oogmerke wat hom in sy optrede dryf nie.

Rehabeam en die volk beoefen hoogtediens in die gees van die heidense nasies, rig heilige klippilare en boomstamme op en beoefen selfs heilige prostitusie (1 Kon, 14:22 e.v.). Die geskiedenis van hierdie volk is 'n geskiedenis van menslike ontrou en van Goddelike lankmoedigheid.

Daar word van verskeie Judese konings goeie godsdienstige getuigskrifte gegee. Tog word ook hierdie koningslyn oor die algemeen getipeer met die refrein: "en hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here". Dit is alleen die Here se genadige bemoeienis met hierdie lyn wat dit 'n paar konings laat oplewer het wat op godsdienstige gebied van uitstaande formaat was. Dit was nie iets inherents in hierdie lyn self nie.

## 2. Agas, onvoorwaardelike vertroue in die Here is te veel gevra

Juda het net soos Israel sy konings gehad wat hulle veral deur hulle goddeloosheid onderskei het. Een van hulle was Agas. Hy het in teenstelling tot Israel 'n pro-Assiriese politiek gevoer en wou hom nie daarvan laat afkry nie. Koning Peka van Israel en Resin van Damaskus het hom selfs probeer dwing om deel te neem aan 'n anti-Assiriese koalisie (2 Kon. 16:5). Hulle het Agas blykbaar ook gevoelige slae toegedien (2 Kron. 28: 5-8, 16-18).

Die profeet Jesaja het tevergeefs geprobeer om Agas oor te haal om in hierdie situasie nie hulp van Assirië te vra nie, maar op die Here alleen te vertrou. Jesaja bemoedig hom en kondig aan hom 'n teken aan as 'n bewys van die Here se beskerming teen die aanslae (Jes. 7). 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en hom Immanuel noem, sê Jesaja. Die kind sal nog nie tussen reg en verkeerd kan onderskei nie, of die lande van die twee vyandige konings sal verlate wees en die kind sal genoeg hê om te eet. Dit is nie duidelik wie dié jong vrou was nie, maar die boodskap is duidelik: die Here sorg vir sy volk wat op Hom vertrou en wat glo dat Hy reddend teenwoordig is. Die weerlose kinders van die weerlose vrou met die geloofsbelydenis "God-met-ons", is daarvan 'n teken en bewys.

Agas steur hom egter nie aan so 'n teken nie. Hy glo nie aan so 'n daadwerklike teenwoordigheid van die Here in die politieke gang van sake nie. Daarom word hierdie teenwoordigheid van die Here vir hom en sy huis nie 'n bemoediging en redding nie, maar oordeel.

Hierdie tyd was vir Juda 'n tyd van groot krisis. God bly egter in die ontsettendste krisis en die donkerste situasies by sy volk, sy volk wat waarlik in Hom glo en op Hom bly wag. Dit sou veral duidelik word in Jesus Christus (Matt. 1: 23). Agas se weiering om op die Here alleen te vertrou, het hom duur te staan gekom. Hy word uiteindelik die politieke vasal van Assirië op wie hy vertrou het. Daarby het by die band met God verloor. Daarom word hy ook 'n aanhanger van ander godsdienste (2 Kron. 28:1-4). Die diens van die natuurgod Rimmon van Damaskus beïndruk hom so dat hy vir Rimmon 'n

altaar bou en self as hoëpriester daarby optree. Hierin het hy die voorbeeld van sy grootvader Ussia gevolg.

Verder het Agas op die hoogtes en onder groen bome Baäldiens beoefen en selfs sy seun deur die vuur laat gaan. Dit was praktyke wat deur die Here uitdruklik verbied is (Lev. 18:21; 20:2-5; Deut.12:31; 18: 10).

### 3. Hervormerkonings:Asa, Josafat, Hiskia, Josia

Daar was ook konings van Juda van wie die pragtige getuienis gelewer word dat hulle "gedoen het wat reg is in die oë van die Here", soos Asa, Josafat, Hiskia en Josia (1 Kon. 15: 11; 22: 43; 2 Kon. 18:3; 22:2). Hulle het hervormings deurgevoer en het afgodediens saam met die gepaardgaande onheilige praktyke, soos heilige prostitusie, afgeskaf (1 Kon. 15: 9 e.v.; 22: 41 e.v.; 2 Kon. 18 e.v.; 20: e.v.).

Ook hierdie konings word egter nie as volmaaktes voorgestel nie, maar as mense wat foute gemaak het en selfs bestraf moes word. Asa en Josafat het byvoorbeeld wel die afgode uitgeroei, maar tog die hoogtediens laat bly (1 Kon. 15:14; 22:44). Die hoogtediens was blykbaar te diep by die volk ingewortel. Daarby was dit 'n baie subtiele saak en het meer in die gesindheid van die aanbidders gelê as in sigbare handelinge of praktyke. Die volk het voorgegee dat hulle op die betrokke plekke niks anders doen nie as om die Here te aanbid. In werklikheid het hulle dikwels aan die plekke 'n buitengewone, selfs magiese betekenis toegeken.

Hierdie konings se misstap is telkens hulle betrokkenheid by buitelandse politiek en politieke verbonde. Dit wys dat selfs die vroom konings in hulle politieke optrede nie voldoende gemotiveer was deur vertroue op die Here nie. Asa is byvoorbeeld deur die profeet bestraf omdat hy op die koning van Aram gesteun het (2 Kron., 16:7), en Josia omdat hy 'n bondgenootskap met die ongelowige koningshuis van Israel aangegaan het (2 Kron. 20:37). Hiskia is aangespreek omdat hy geheul het met die Babiloniër, Merodag Baladan, wat teen die Assiriese gesag in opstand gekom het (2 Kron. 20: 16 e.v.). Ook Josia se stryd met die farao, Nego, waarvoor Josia met sy lewe geboet het (2 Kron. 23:29, 30), was blykbaar nie volgens God se wil nie.

Hiskia was 'n groot hervormer. Hy is ook bekend vir sy belangstelling in die letterkunde en literatuur. Blykens die opskrifte by Spreuke 25-29 het hy byvoorbeeld spreuke van Salomo laat versamel. Hy was koning in die tyd toe die profeet Jesaja opgetree het.

Josia word beskou as die grootste hervormerkoning. Hy het onder meer die reiniging en die herstel van die tempel ter hand geneem. By hierdie geleentheid is die "verbondsboek" gevind en het dit groot ontsteltenis by die koning veroorsaak. Josia se tyd was gekenmerk deur verval, en die "verbondsboek" het juis die oordeel oor die volk se afval aangekondig (2 Kon. 22:10 e.v.). Dit is nie duidelik of hierdie geskrif die bekende sogenaamde verbondsboek (Eks. 20: 22-23: 33) was, of 'n ander gedeelte soos die boek Deuteronomium nie. Josia rig in elk geval op grond daarvan 'n deurtastende hervorming aan en verbind sy volk om die verbond te hou. So word die verbond van die Here met sy volk weer vernuwe (2 Kon. 23: 3).

Hierdie geskiedenisse wys dat die gelowiges gedurig die stryd moet aanknoop teen die wêreld se verleiding in die godsdiens. Daar moet gedurig hervorming toegepas word, nie in selfgenoegsaamheid nie, maar in ernstige selfondersoek en in diepe afhanklikheid van die Here.

### 4. Notas

1. Vergelyk Bright (1953:78-83, 98-108, 112-116) oor die hervormings maar ook die afdraandegang in Juda.

## 54. VOLKSONDERGANG

### (2 Kon. 23 e.v.; Klaagl.)

### 1. Die Here se toorn oor Jerusalem

Die hervorming en verbondsvernuwing onder Josia het die Here nie daarvan weerhou om sy toorn teen Jerusalem uit te stort nie. Die hervorming sou nie 'n wesenlike en blywende verandering onder die volk te weeg kon bring nie, want die volk was innerlik te verknog aan die sonde. Die toorn van die Here was alreeds onkeerbaar ontketen. Ter wille van Josia sou die Here sy toorn wel nie in Josia se dae uitgiet nie, maar Hy sou Juda tog voor Hom verwyder. Hy sou Jerusalem wat Hy verkies het, verwerp, en ook die huis waarvan Hy gesê het dat Hy sy Naam daar sou vestig (2 Kon. 23:25-27).

In hierdie tyd het die profeet Jeremia opgetree. Hy het te staan gekom teenoor 'n onberoulike volk. Die volk het naamlik weens die hervorminge van Josia in die waan verkeer dat alles met hulle in orde was. Jeremia wys daarop dat

hulle in werklikheid net vormdiens aan die Here bewys. Hulle gesindheid en samelewingsorde moet grondig afgebreek en met 'n nuwe vervang word wat gegrond is in die ware geloof in God.

In 597 v.C. breek die onheil in 'n eerste paaiement oor Juda los: 'n gedeelte van die bevolking word saam met koning Jojagin in ballingskap weggevoer. Onder hulle was ook die profeet Esegiël. 'n Oom van Jojagin, naamlik Sedekia, word as koning in Jerusalem aangestel. Die volgende jare is 'n tyd van onsekerheid en opstand. Uiteindelik word Jerusalem finaal beleër. Dit duur vir ongeveer twee jaar. In dié tyd heers daar die grootste ellende, hongersnood en pes in die stad. Dan word Jerusalem verwoes en word die res van die bevolking weggevoer (586 v.C.).

## 2. Katastrofe, maar tog hoop

Die boek Konings eindig met die tekening van hierdie tragiese verloop van sake. Hierdie gebeurtenis is egter nie maar 'n toevallige verloop van sake nie, maar die straffende optrede van die Here (23:25-27). Dit is per slot van rekening die Here wat aan die stuur van sake staan. Hy is die regverdige God wat sy verordeninge nie straffeloos laat oortree nie. Hy duld geen vormdiens of enige outomatiese verhouding met Hom nie; sy verkiesing en verbond werk nie sommer meganies nie. Daarom verwerp Hy die stad en die huis wat Hy verkies het, maar wat ontrou geraak het. Die boek Konings bevat net die berig oor die wegvoering en 'n berig oor die latere begenadiging van Jogagin in Babel. Dit bevat geen gegewens oor die volk se situasie in ballingskap nie. Ook die boek Kronieke skryf nie daaroor nie. Kronieke gaan dadelik oor tot die vermelding van die bevel van die latere Persiese koning Kores of Cyrus. Dit is 'n bevel dat die Jode na hulle land kan terugkeer.

Die geskiedenis van die ballingskap bly dus geslote bladsye in die groep historiese boeke wat met Samuel begin en met Ester eindig. Die bondsvolk se geskiedenis staan hierdie tyd, openbaringshistories gesien, dan ook gelyk aan 'n tyd van dood. Die visioen van profeet Esegiël oor die doodsbene skets hierdie situasie duidelik as die dood van die volk (Eseg. 37). Die lot wat die Tienstammeryk reeds vroeër getref het, het ook skrikwekkend duidelik gewys wat ballingskap prakties beteken: volksdood, verdwyning. Die boek Konings en Kronieke gryp dus in hulle slotgedeeltes as 't ware oor die volksdood heen na die lewe anderkant die ballingskap. Hulle uitsig is vorentoe, op die pad wat die Here met sy volk gaan. Die Here is die God wat met sy volk in 'n verbondsverhouding staan. Hy is die God van die lewe.

Die skrywer van die boek Konings hou ook self daaraan vas dat die Here getrou is aan sy verbond. Daarom sluit die boek nie af op 'n bloot negatiewe noot van dood en ondergang van die volk nie. Dit sluit deur te vermeld dat koning Jojagin uit die gevangenis in Babel verhoog is (2 Kon. 25:27 e.v.). Die skrywer gee hiermee blykbaar uiting aan sy vertroue dat die Here sy verbond met Dawid sal gestand doen, die verbond waarvolgens Dawid altyd 'n seun op sy troon sal hê. Met hierdie meedeling is die skrywer net so versigtig en net so vol vertroue as die profeet Amos wanneer hy sê: miskien is daar hoop (Am. 5:15) - al is die hoop en die redding soos lewe uit dood.

### 3. Onvergelyklike leed en hoop vir die dodelike gevalle volk: Klaagl.

Die boek Klaagliedere vertolk die volk se belewenis van die val van Jerusalem en hulle teleurstelling oor die verwagtings wat hulle oor die koningskap gehad het. Dit laat sien hoe hulle onder profetiese invloed hierdie sake verwerk het. Die boek staan dan ook volgens die gewone indeling ná die boek Jeremia. Die slot van Jeremia en van Konings is identies. Klaagliedere kan dus wat inhoud sowel as plasing betref, ewe goed ná Konings behandel word.

Klaagliedere is, soos die naam aandui, in die klaagliedvorm geskryf. Dit kom ooreen met die liedere wat by begrafnisse gesing is. Hierdie inkleding vertolk dus alreeds die atmosfeer van ondergang en dood. Die Klaagliedere sien die val van Jerusalem en die wegvoering in ballingskap as die Dag van die Here, die groot dag van afrekening (bv. 1:12; 2:21, 22; vgl. ook Am. 5:18). Die rolle is totaal omgekeer, sug die digter (1:2; vgl. Num. 23:9; Deut. 33:28). Die begunstigde verhouding wat die volk vroeër met die Here gehad het, is nou in die teendeel omgekeer (1:5; 2:5; 3:45; 4:11; 5:18).

Jerusalem is soos iemand vir wie daar in die tyd van rampspoed en dood geen trooslied gesing word nie (1:2, 7, 9, 16, 17, 21). Die Trooster straf juis!

Die volk is deur en deur skuldig en ontvang 'n onvergelyklike straf, want die Here is 'n heilige God (1:5, 20; 2:14; 3:39; 4:6, 13; 5:7, 21). Tog is die Here getrou aan sy verbond; die liedere hou enduit vas aan die gemeenskapsverhouding van die Here met sy volk (1:20 e.v.; 2:20 e.v.; 3:55 e.v.; 4:22; 5:19 e.v.). Die digter hoop op redding wat sal kom soos lewewekking deur ondergang en dood heen (5:17-22). Klaagliedere laat sien dat daar iemand is wie se lyde nog groter is as die van Jerusalem (3:1; vgl. 2: 13). Hierdie persoon is 'n medelyer en voorbidder vir Jerusalem en die bondsvolk (3:48). Hyself is as 't ware uit die dood tot die lewe gebring (3:18, 54). Daar is hoop selfs in die aangesig

van die dood (3:21 e.v.). Hierdie persoon is die digter self. Sy beskrywing styg egter tegelykertyd bokant homself uit na iemand anders. Per slot van sake is dit alleen Jesus wat waarlik vir sy volk kon ly en vir hulle deur die dood gaan. Klaagliedere roep as 't ware om so iemand.

Die Klaagliedere sluit af met die volle erkenning dat die Here absoluut soewerein is; daar is geen sprake dat Hy outomaties moet vergewe omdat Hy getrou is aan sy verbond en omdat Hy 'n ontfermende God is nie. Die saak word geheel en al in sy hande gelaat. Tog hou die digter namens sy volk tegelykertyd onwrikbaar vas aan die verbondsgemeenskap met die Here en eindig terughoudend, maar met vaste vertroue:

"Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer;

vernuwe ons dae soos in die voortyd.

Of het U ons heeltemal verwerp,

is u toorn oor ons alte groot?" (5:21-22).

## 4. Notas

1. Vergelyk Helberg (1984) oor die plek van ontnugtering en hoop.
2. Vergelyk Childs (1986:102,103) oor oordeel sowel as hoop in veral Klaagl. 3.

# 55. VOLKSOPSTANDING: TERUGKEER EN TEMPELBOU

**(Esra)**

## 1. Cyrus, werktuig van die Here, word wêreldheerser

Die magtige wêreldryk wat Juda in ballingskap weggevoer het, het die weg van alle vlees gegaan en 'n nuwe het in sy plek gekom, naamlik die Persiese. II Jesaja se profesieë oor Cyrus, of Kores, het in vervulling gegaan: die nuwe wêreldheerser wat die mag van Babel gebreek het, is 'n instrument in die hand van die Here (Jes. 41:1 e.v.; 41:21 e.v.; 44:24 e.v.; 45:9 e.v.; 48:1 e.v.). Hy volg 'n nuwe beleid, naamlik om die onderworpe nasies te laat terugkeer na hulle eie land en om goedgesindheid teenoor hulle te bewys. Dit word 'n middel om die bondsvolk te bevry. Slegs 'n jaar ná Cyrus se bewindsaanvaarding in Babel vaardig hy 'n edik uit wat die Jode magtig om na hulle eie land terug

te keer en die tempel te herbou. Dit is die Here wat hom dit laat besluit het (1:1 e.v.). Cyrus skenk selfs die tempelvoorwerpe wat deur Nebukadnesar in Jerusalem buitgemaak is, aan die Jode (1:7 e.v.).

Cyrus het die Here nie waarlik in die geloof geken nie (Jes. 45:4). Tog voer die Here sy heerskappy en sy plan deur middel van Cyrus deur. Cyrus erken wel die heerskappy van die Here oor hom en oor alle koninkryke: "Al die koninkryke van die aarde het die Here die God van die hemel, aan my gegee; en Hy het my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is" (1:2). Hierdie belydenis van Cyrus moet egter nie oorspan word asof hy 'n ware aanbidder van die Here geword het nie. Hy het ook soortgelyke belydenisse oor ander nasies se gode gemaak, soos oor Marduk van Babel. Dit was deel van sy politieke diplomasie. Die nadruk val in hierdie geskiedenis dan ook nie op wat hy gedoen het nie, maar op wat die Here deur hom gedoen het. Dit is ook opvallend dat II Jesaja vir Cyrus wel die gesalfde van die Here noem (Jes. 45:1), maar nêrens die kneg van die Here soos vir Israel (Juda) nie. Israel alleen is die ware kneg van die Here wat nie alleen die Here se wil uitvoer nie, maar ook in 'n persoonlike verbondsgemeenskap met Hom leef.

## 2. Die Here beoefen gemeenskap met sy volk en heers oor die wêreld

Dit gaan in die geskiedenis van die bondsvolk se terugkeer uit die ballingskap in die eerste plek om die Here se gemeenskap met sy volk. Die godsdienstige motief in hierdie gebeurtenis staan op die voorgrond vir die skrywer van die boek Esra. Hy laat die nadruk val op die fees wat vir die Here gevier word en die huis wat vir Hom gebou word (3:1 e.v.; 1:2 e.v.). Dit gaan dus veral om die Here se gemeenskap met sy volk en om sy woon onder sy volk. Dit is soos by die groot gebeurtenis van die uittog uit Egipte (Eks. 5:1; 10:24;24:31).

Net soos by die uittog uit Egipte word daar ook iets anders benadruk as die Here se gemeenskap met sy volk. Dit is naamlik uit die gebeurtenisse duidelik dat die Here nie 'n blote kultiese God is wat tot die kultus beperk is nie. Hy is inteendeel die God wat absolute heerskappy voer oor die geskiedenis; sy heerskappy gaan oor alle koninkryke en oor alle mense, ook oor die hart en gees van 'n farao en 'n Cyrus.

Anders as in die geval van die farao voer die Here sy heerskappy hier so deur dat Hy die hart nie verhard nie, maar dit gunstig stem. Die tyd het begin nader kom dat die Here sy verbond wêreldwyd wou laat erken en aanvaar.

## 3. 'n Volk staan op uit die dood

Die ballingskap was eintlik die dood van die volk. Die ballinge was mense sonder land, tempel en eie regering. Die Here het hierdie volk deur sy woord en Gees laat lewendig word en laat opstaan uit die dood (Eseg. 37). Wanneer die tyd vir terugkeer uit die ballingskap aanbreek, is daar so min volkslewe oor dat God die mense se gees moet opwek om na hulle land toe op te trek (Esra 1:5). Die volk wat uit Babel na Jerusalem toe teruggekeer het, was dus 'n volk wat uit die dood uit opgestaan het.

Die teruggekeerdes het met moed en mening begin, maar hulle vreugde is spoedig met leed vermeng. Een van die eerste dinge wat hulle gedoen het, was om 'n altaar vir die Herete bou, feesoffers aan te rig en die tempelfondamente te lê (Esra 3). Die feesvreugde was egter vermeng met gehuil. Dit was die gehuil van dié wat met heimwee teruggedink het aan die luister van die vroeëre ternpel. Dit was asof daar maar tog net 'n klein bietjie lewe uit die atmosfeer van die ondergang en dood deurgeslaan het. Maar tog het die lewe en die vreugde deurgebreek.

## 4. Teenstand

Die teruggekeerdes is voortaan Jode genoem, synde afstammelinge van Juda. Hulle het spoedig groot vyandskap ondervind van die kant van die landsbevolking, veral van die Samaritane. Die Samaritane het ontstaan uit 'n vermenging tussen die agtergeblewe Israeliete en nuwe gedeporteerde groepe (vgl. hoofst. 51). Hulle het teen hierdie tyd grond- en landboubelange in die land gehad en het die teruggekeerde Jode as indringers beskou. Die Jode was dan ook baie bang vir hulle en het juis daarom vir die Here 'n altaar gebou en Hom met erns gesoek (3:3).

Die Samaritane het die Jode se tempelbou deur middel van diplomasie en geweld verhinder. Hulle het gevra om saam aan die tempel te bou en het beweer dat hulle, net soos die Jode, die Here soek (4:2). Hulle wou egter in der waarheid eerstens hulle eie belange verseker, veral omdat die teruggekeerde Jode die steun van Cyrus gehad het. Die terugkerendes se godsdienstige en politieke leiers, Josua en Serubbabel, weier egter die aangebode hulp. Hierdie leiers het deur die Samaritane se plan gesien en het hulle as teenstanders beskou (4:1). Daarby was die Samaritane se sinkretistiese godsdiens vir hulle onaanvaarbaar. Die gevolg van hierdie weiering was dat die Samaritane die Jode in hulle tempelbou geterroriseer het. Die Samaritane het ook met welslae

raadgewers teen die Jode gehuur om die onderneming te laat verydel deur die owerhede.

## 5. Teleurstelling en moedeloosheid I

Die beginjare van die teruggekeerdes is spoedig gekenmerk deur 'n gevoel van teleurstelling en moedeloosheid. Slegs weiniges het van Cyrus se vergunning gebruik gemaak om terug te keer, en hulle bestaan was een van teëstand en gevaar. Daarby het hulle ook te kampe gehad met droogtes (Hag. 1:9-11). Die moraal onder die volk was laag, en selfsug het op alle gebiede die botoon begin vier: in die landbou, in die Sabbatsonderhouding en in die offers (Hag. 1:2-4; Neh. 13:15-18; Mal. 1:6-14). Die volk het gevoel dat om die Here te dien, geen voordeel inhou nie (Mal. 3:14).

Die geskiedenis van die terugkeer, net soos die geskiedenis van die uittog uit Egipte, wys dat die Here sy volk wonderdadig red, maar dat dit vir hulle tog nie die weg van rose is nie. Die redding is deur en deur die Here se werk, maar Hy eis tog groot inspanning en volharding van dié wat gered word. Dit is ook alleen deur die lewewekkende krag van sy woord en Gees dat sy volk hulle taak uitvoer. Eers byna twintig jaar nadat die fondamente van die tempel gelê is, het die volk met 'n nuwe poging die tempel voltooi. Dit was onder die kragtige profetiese prediking en invloed van Haggai en Sagaria. Hulle het die volk kragtig bemoedig en vermaan (Esra 5: 1 e.v.; 6:14; Hag. 1: 2 e.v.; Sag. 4:7 e.v.; 8:9 e.v.). In hierdie tyd was Darius koning van Persië en het die teruggekeerdes opnuut toestemming gekry om die bouwerk te onderneem (Esra 5, 6). Ondanks die wisseling van vorste, beleide en gebeurtenisse gaan die werk van die Here voort.

## 6. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:347-352) oor die bydrae van die Kroniekskrywer en die Levitiese tempelsangers in geskiedinterpretasie ná die ballingskap. Von Rad sien hierdie geskiedbeskrywing egter te veel as 'n vrug van geestelike uitputting.

## 56. ESRA EN NEHEMIA: MILITÊR-STAATKUNDIGE BOUWERK EN GODSDIENSTIGE HERVORMINGS

**(Esra; Nehemia)**

### 1. Esra, yweraar vir wetsonderhouding

'n Driekwart eeu ná die voltooiing van die tempel kom Esra in Jerusalem aan. Hy is op sy versoek deur die Persiese koning Artaxerxes of Artasasta, na Jerusalem gestuur om die diens van die Here te herstel. Aan die begin van sy regering was Artaxerxes die Jode nie hierin ter wille nie, waarskynlik vanweë die baie moeilikhede waarmee hy toe in sy ryk te kampe gebad het (Esra 4: 8). Die Here, die absolute heerser oor mense, het dit egter nou in Artaxerxes se hart bewerk om dit te doen (7:6, 27). So het die Here Homself vroeër ook by die farao en by Cyrus bewys.

Esra was goed toegerus vir sy taak; hy was uit die hoëpriesterlike geslag van Aäron in die lyn van Eleasar (7:5). Daarby was by 'n skrifgeleerde, vaardig in die wet van Moses (7:6). Hy het kragtig opgetree en het 'n blywende invloed op die onderhouding en bestudering van die wet uitgeoefen. Die invloed was so kragtig dat hy gewoonlik die vader van die skrifgeleerdheid genoem word. Tydens die Huttefees het hy die wet aan die volk voorgelees en dit deur die Leviete laat verklaar. Verder het hy die volk kragtig tot 'n verbondsluiting met die Here gebring en hulle daarmee tot wetsonderhouding verplig. Dit het ingesluit dat huwelike met lede van ander nasies verbied was en so ook handeldryf op die Sabbat; daarby moes die volk die tempel- en offerdiens onderhou (Neh. 8:1 e.v.; 10).

Esra en Nehemia se wetsywer was egter anders as dié van die latere skrifgeleerdes en Fariseërs uit die dae van Jesus. Die fout by laasgenoemdes was nie hulle ywer vir die wet nie, maar wettisisme of lewelose wetsbetragting. Hulle het die onderhouding van die wet nie benader as 'n uitdrukking van persoonlike gemeenskap met God nie.

### 2. Die teruggekeerdes eerstens 'n godsdiensgemeenskap

Nie die koningskap en politieke mag was van primêre belang in die bondsvolk se bestaan nie, maar die woord en wet en erediens. Dit was met Esra net soos vroeër met die leiers van die teruggekeerdes, naamlik met Josua en Serubbabel. Esra was in die eerste plek geïnteresseerd in die herstel van die kultus en die godsdienstige inrigting van die Jode, nie in 'n politieke inrigting nie.

Die Here het sy volk gered en het die owerhede gunstig teenoor hulle gestem, maar Hy het hulle nie onafhanklikheid onder 'n eie koning gegee nie. Die Here se heerskappy oor sy volk was nie wesenlik aan 'n koning gebonde nie, maar kon daarsonder bestaan. So was dit trouens ook voor die instelling van die koningskap.

Dit beteken egter nie dat die bondsvolk se volkskap onbelangrik geword het of afgelê moes word nie. Hierdie saak het inteendeel vir Esra en Nehemia swaar op die hart gelê. Selfs die verlange na 'n koning het nie verdwyn nie (Hag. 2:21-23).

### 3. Nehemia: militêr, staatsman en godsdienstige hervormer

Nehemia kom dertien jaar ná Esra in Jerusalem aan. Sy koms en sy voorspoed word, net soos in die geval van Esra, aan die hand van God toegeskryf, (Neh. 2: 8). Nehemia word selfs as goewerneur daar aangestel (Neh. 5:14; 8 : 10). Hy het hom veral toegelê op die herbou van die stadsmure. Daarin het hy die bittere vyandigheid van die Samaritaanse stadhouer Sanballat en andere ondervind. Nehemia kry te doen met militêre teenstand en pogings om hom in 'n lokval te lei, maar hy voer die bouwerk suksesvol deur (Neh. 3-7).

Nehemia het hom ook kragtig verset teen sosiale misstande, soos uitbuiting van arm mense deur hulle eie volksgenote (Neh. 5). Hy het saam met Esra die volk tot verbondsvernuwing en tot onderhouding van die wet aangespoor (Neh. 10:1 e.v.). Ná 'n twaalfjarige verblyf in Jerusalem is hy terug na die Persiese hof. Hy het Jerusalem egter weer besoek en veral teen gemengde huwelike opgetree (Neh. 13).

### 4. Ware en valse verhouding met die nasies

Die bondsvolk het die Here bely as die universele en soewereine God. 'n Volk met so 'n belydenis kon nie by hulle eie volksgrense bly vaskyk of die Here enduit vir hulle alleen opeis nie. So iets pas alleen by die geloof in stam- of groepsgode. Gedurende die bondsvolk se ballingskap en hulle aanraking met die nasies daar, het die monoteïstiese aspek van die geloof in die Here nog groter nadruk gekry as voorheen. Dit is nou veral in verband gebring met die nasies: die Here is God, Hy regeer oor al die nasies en stel selfs vir hulle verlossing in vooruitsig.

Die verbondsvolk se bestaan en roeping was dwarsdeur die geskiedenis ten nouste verbind met die verhouding tot die ander nasies, vanaf die roeping van Abraham tot by Ester. Met die regte verhouding tot die nasies het Israel

se roeping gestaan en geval. Hulle moes tot diens van die nasies wees, maar moes hulle identiteit as verbondsvolk behou. Dit het ook ingehou dat hulle in 'n sekere vyandskap moes staan met die wêreld wat God nie wil erken nie.

Tog was die verbondsvolk gedurig onmagtig om die regte houding en insig te behou. Hulle het dikwels heen en weer geslinger tussen twee uiterstes. Aan die een kant was daar 'n selfgenoegsame en selfsugtige nasionale en godsdienstige eksklusiwiteit; aan die ander kant het hulle nasionaal en godsdienstig by ander geassimileer.

Onder leiding van leiers soos Josua en Serubbabel het die volk aanvanklik afwysend gestaan teenoor ander groepe wat vreemd was aan die ware aard van die verbond. Spoedig het daar egter grootskaalse ondertrouery met ander nasies plaasgevind. Esra was verslae oor hierdie troubreuk en het 'n diepe skuldbelydenis daaroor voor die Here gedoen (9:6-15). Die saak was vir hom so ernstig dat hy die volk tot 'n drastiese optrede beweeg het: die vreemde vroue is weggestuur! Ondanks hierdie streng maatreëls het die volk tog op die ingeslane pad voortgegaan. By Nehemia se tweede koms kon sommige kinders uit sulke huwelike nie meer Joods praat nie. Hieroor het Nehemia selfs hardhandig opgetree (Neh. 13:25, 26; vgl. ook Deut. 7:3).

Esra en Nehemia het taal, volkskap en roeping as bondsvolk, nie abstrak teoreties benader nie, maar prakties. Hulle het geoordeel dat in hulle praktiese situasie hierdie dinge onafskeidelik aanmekaar verbind is: ondertrouery beteken assimilasie en ondergang van die verbondsvolk. Esra en Nehemia se benadering hou egter nie in dat hulle die Here net vir hulle eie volk toegeëien het nie. Hulle het ook plek gehad vir mense wat uit ware persoonlike geloof die Here soek (Esra 6:19-22).

Hierdie geskiedenis leer dat die koninkryk van God voorop gestel en eerste gesoek moet word. As dit gedoen word, kom die groep of volk sowel as die enkeling natuurlikerwys tot sy reg. Sodra iets anders eerste gestel word, soos volk of enkeling, word so iets verabsoluteer. Dit geskied altyd ten koste van die ander en ten koste van die koninkryk van God. God eis dat 'n mens jou aan Hom moet oorgee, jou ten volle in sy diens moet stel en stiptelik sy wet moet onderhou.

## 5. Notas

1. Eichrodt (1967:168,169; 254-256): 'n Eensydige indiwidualistiese opvatting van die geloof mag verlossing uit nasieskap as doel hê, maar nie geloof wat

erns maak met God se skeppende optrede nie. Dit gaan om verlossing van die nasie sowel as die nasies deur 'n nuwe skeppende daad van God.
Die gemeente in ballingskap is nie die eksklusiewe vorm van die volk van God in die geskiedenis nie, maar slegs die oorgangspunt na 'n nuwe nasionale bestaan, 'n voorspelling van die komende vervulling. Die nuwe tempel in Jerusalem is slegs toelaatbaar as 'n teken van die herstel van die Goddelike guns. Dit benadruk weer eens dat openbaring verkiesing is, en wel binne die historiese werklikheid van ruimte en tyd.
Die verwerping van messiaanse drome in die tyd van Esra en Nehemia (Neh. 6) bevat 'n erkenning dat die staat verwerp moet word totdat God self die nuwe Israel sal skep. Vorming van die lewe volgens die norm van die wet word nou aangegryp as die taak wat deur God opgedra is. Die wet word gesien as die vormende beginsel van die geskiedenis, wat verlede en hede verenig.

2. Vergelyk Eichrodt (1967:310) oor 'n verhoogde transendensie en ontoeganklikheid van God in die na-ballingskapse gemeenskap. In die latere Judaïsme verkry liefde vir God sy spesiale stempel van verbinding met die wet. Die klem lê so sterk op die gehoorsaamheid (aan die wet) dat ook die offerdiens sy karakter van 'n vrye genadegawe verloor. Die begrip van gemeenskap met God gaan meer en meer verlore. Vergelyk ook Vriezen (1966:391).

## 57. ESTER: GOD SE ABSOLUTE HEERSKAPPY EN SY VERBONDSTROU

**(Ester)**

### 1. Goddelike trou aan agtergeblewe ballinge

Die geskiedenis van Ester speel af in die tyd van die Persiese koning Xerxes of Ahasveros (485-464 v.C.), die opvolger van Darius. Xerxes was die vader van Artaxerxes of Artasasta, tydens wie se bewind Esra en Nehemia in Jerusalem opgetree het. Hy het sy heerskappy uitgebrei tot in Egipte en het nou selfs beplan om 'n groot veldtog teen Griekeland te onderneem. Waarskynlik het sy feesmaal wat tot die verstoting van koningin Vasti gelei het, hiermee in verband gestaan.

Dit blyk dus dat Ester en haar familie van die Jode was wat om onbekende redes nie saam met Josua en Serubbabel teruggekeer het nie. Hulle het in Persië agtergebly en het nie aan die beïnvloeding aldaar ontkom nie. So het Ester in die koninklike harem tereggekom en is in meer as een opsig teenoor die Joodse wette te staan gebring. Mordegai het haar dan ook beveel om nie haar Joodse afkoms bekend te maak nie (2:10). Hulle het dus 'n ander houding geopenbaar as die heldhaftige Daniël (Dan. 1).

Tog het dit hierdie mense nie heeltemal aan durf en geloof ontbreek nie. Mordegai se weiering om voor Hamman te buig, getuig hiervan (3:2). Dit blyk ook duidelik uit die woorde van Hamman aan die koning: "Daar is een volk wat verstrooid en afgesonder is tussen die volke en al die provinsies van u koninkryk, en hulle wette is anders as dié van enige volk; ook hou hulle die wette van die koning nie" (3:8). Net soos elders in die Ou Testament wil die skrywer hierdie mense egter nie in die eerste plek as navolgenswaardige voorbeelde of modelle voorhou nie. Hy wil inteendeel aantoon hoe die Here vir sy volk sorg, selfs ook vir dié wat in die ballingskap agtergebly het. Die Here bly onder alle omstandighede getrou.

**2. God red sy volk uit die hart van die dood.**

Op aanbeveling van Hamman vaardig Xerxes 'n wet uit waarvolgens die Jode uitgeroei moet word. Dit geld as 'n onherroeplike wet van Meders en Perse (8: 8). Maar God regeer. Hy laat die beste menslike beplanning om sy bondsvolk uit te roei, misluk. Selfs as die ondergang van sy volk volgens menslike maatstaf onafwendbaar is, skenk Hy aan hulle lewe. Hier is 'n soortgelyke situasie as wat Esegiël in verband met die volk in die Babiloniese ballingskap gesien het (Eseg. 37). Die Here red sy volk hier uit die hart van die dood.

Die Here alleen verlos sy volk, maar dit vra tegelykertyd groot inspanning en volharding van hulle kant. Dit is vroeër al geleer in die geskiedenis van die teruggekeerdes onder Josua en Serubbabel en onder Esra en Nehemia. Dit word ook weer hier duidelik: die verbondsvolk kry net toestemming om hulleself te verdedig. Hulle word alleen gered deurdat hulle dit dan ook inderdaad kragdadiglik doen.

By hierdie gebeurtenis vind daar 'n groot omkering van rolle plaas: in plaas dat die Jode uitgeroei word, gebeur dit met hulle vyande (9:1). Dieselfde gedagte kom elders in die Ou Testament voor en trek saam in die eskatologiese aanval van die nasies op Jerusalem (vgl. byvoorbeeld Sag. 14). Daarvolgens sal die geskiedenis daarop uitloop dat God se volk prakties deur die dood ingesluit is, dan sal daar 'n wonderbaarlike redding en oorwinning kom. Die Here red sy volk as 't ware deur ondergang en dood heen.

**3. Aan God behoort die daaglikse gebeurtenisse, die koninkryke en die toekoms**

Die Naam van God word in geen vorm in die boek Ester genoem nie. Daar word ook nie direk gesê dat Hy opgetree het nie. Slegs die feitlike beskrywing

van die gebeurtenisse word gegee. Maar juis deur hierdie swye oor God gee die boek 'n kragtige getuienis oor hoe wonderlik Hy regeer. Die Here bestier die geskiedenis van die bondsvolk, nasies en mense tot in die kleinste besonderhede, en in dit alles werk Hy sy plan met sy bondsvolk uit. Dit is wesenlik dieselfde as by die Persiese vors Kores: God voer sy heerskappy en doel deur ook al word Hy nie erken of geken en by name bely nie. Hy is absoluut soewerein oor alles en almal.

Die poging om die volk van die Here uit te roei, het misluk, en die mense wat hierdie volk se lewe gesoek het, is uitgeroei. Bowendien is Ester, 'n dogter uit die stam Benjamin, tot koningin verhoog, en haar neef tot tweede in rang in die Persiese ryk. Daarmee wys hierdie boek dat die Here nie tot Jerusalem beperk is nie. Sy optrede ná die bondsvolk se terugkeer uit die ballingskap is ook nie beperk tot die beloofde land nie. Hy oefen inteendeel mag uit oor die Persiese wêreldryk en oor hierdie ryk se optrede teenoor sy verbondsvolk.

Die boek eindig nie met onafhanklikheid vir die bondsvolk nie, maar wys wel dat God hulle regeer. Op 'n wonderlike manier regeer Hy hulle deur ander nasies en regeer Hy ander nasies deur hulle. Sy planne is hoog, verhewe en onpeilbaar diep. Daarom kan daar op Hom vertrou word en kan alles aan Hom oorgelaat word. Hy is die heerser oor dood en lewe.

Die historiese boeke van die Ou Testament sluit met die boek Ester af en toon daarmee dat die Here getrou bly aan sy verbond met sy volk. Verder wys dit dat alle koninkryke aan Hom behoort. So eindig hierdie boeke met die verbondsvolk as 'n swak volkie binne die opset van die wêreldvorste en vyandige wêreldmagte, maar ook met 'n duidelike geloofsvisie. Die gelowiges is 'n magtelose groepie in die wêreld, en daarby is daar gedurig 'n vyandige mag wat hulle wil vernietig. In hulleself is hulle 'n weerlose prooi. Maar God regeer. Hy neem dit op vir dié wat diep afhanklik van Hom voel en geheel en al op Hom vertrou. Hy laat hulle seëvier teen alle skyn van die werklikheid in; Hy red asof deur ondergang en dood heen. Sy ware gelowiges leef uit vaste vertroue vir die hede en onwrikbare hoop vir die toekoms, want hulle hoop en vertroue is op die lewende en lewewekkende God.

## 4. Notas

1. Vergelyk Von Rad (1962:92) oor 'n tydlose beskouing van die verhouding met Jahwe waardeur 'n stolling intree in die verlossingsgeskiedenis (*saving history*).

## IV DIE DIGTERLIKE BOEKE: OM DIE HERE TE VREES (JOB - HOOGL.)

## 58. DIE MENS SE ANTWOORD OP GOD SE OPENBARING: "DIE VREES VAN DIE HERE"

Die vorige afdelings het gehandel oor die Goddelike openbaring in God se woord en in die geskiedenis. Die digterlike boeke gee die menslike antwoord op hierdie openbaring, maar 'n antwoord wat onder die volle heerskappy van God staan, een wat in die vrees van die Here gegee word. Hierdie boeke sê dat die vrees van die Here die beginsel van die wysheid is (Job 28:28; Ps. 111:10; Spr. 1:7 ens.; Pred. 12:13). Daar is dan ook geen sprake daarvan dat 'n mens uit jouself tot kennis of lewenswysheid kan kom nie. Die wysheid word alleen gesoek omdat die wysheid op die mens wag en hom uitnooi om na haar toe te kom (Spr. 2:4; 3:13). Die inisiatief lê ten volle by God. Die "wysheid" waarom dit hier gaan, stem net in 'n mate ooreen met ons begrip "wysheid". Dit het te doen met ware praktiese lewenskennis, veral soos dit uit die natuur en die praktiese lewe afgelei kan word.

Hierdie boeke leer dat 'n mens nie deur jou verstand alleen tot die ware sin van dinge en van die lewe kan deurdring nie. Jy moet die Here vrees, dit wil sê jy moet jou lewe geheel en al aan God oorgee en verloor om dit opnuut van God te ontvang. Die hele lewe word aangegryp en tot in sy fondamente geskud en God word met ontsag genader. Die begrip "vrees van die Here" bevat dus iets spanningsvols: 'n eksistensiële oorgawe en selfverlies om waarlik te kan lewe, 'n vrees wat tog vertroue is; oorgawe sowel as entoesiasme en grenslose vertroue oor God se teenwoordigheid. 'n Mens moet dus met 'n wedergebore hart en verstand na die dinge kyk en God se soewereiniteit en beslissingsreg oor alles erken. Anders bly die dinge rondom jou in werklikheid vir jou 'n geslote boek en bly God se weg met die mens vir jou 'n frustrerende raaisel. Ware wysheid word deur God self gegee en bestaan in die erkenning van jou absolute innerlike verdorwenheid (Ps. 51:7, 8; 90:8, 11, 12). (Kyk ook besprekinhg in Inleiding).

Die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling gee "om die Here te vrees" weer met "om die Here te dien". "Dien" word bedoel in die diepe en omvattende betekenis soos in die term "godsdiens" en sluit dus ontsag vir God en oorgawe aan Hom in. Hierdie betekenis kom veral duidelik uit in die boek Deuteronomium (bv. 10:12-13; 13:5).

## 1. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:270) oor die absolute bedreiging van die menslike bestaan waarteen daar geen beskerming is nie; ook daaroor dat die religieuse gevoel van vrees nie paniek is of 'n kruiperige angstigheid nie, maar verwondering, gehoorsaamheid, oorgawe en entoesiasme insluit.
2. Vriezen (1966:169-171): Die vrees van die Here kom daarop neer dat die mens in sy lewe in die regte verhouding van ontsag voor die heilige God staan en hom daardeur laat regeer in sy hart, denke en optrede. Die ervaring van die gemeenskap met die Heilige sluit steeds 'n erkenning van die afstand in, uitgedruk as belydenis van skuld (Jes. 6), vrees (Gen. 28:17; Eks. 20:18 e.v.) of verwondering (Ps. 8; Jes. 28 e.v.).
3. Vriezen (1966:110): Die boodskappe van die psalmdigters het nie uit die hart van die mens opgeklim nie, maar is uit die Gees gebore. Dit word gesien in die vuurtdurende oordeel oor die sonde van selfs die beste mense en in die afweer van alle valse heroïsme en demoniese dinge, dit wil sê alles wat 'n plek naas God kan kry. Vergelyk ook Childs (1979:513) oor die vraag hoe die psalms wat die woorde van mense tot God was, beskou is as God se woord aan mense. Vergelyk ook Terrien (1978:358-359) oor die inisiatief van God in verband met die wysheid, en oor die feit dat enige teorie oor verlossing deur werke heeltemal irrelevant is.
4. Westermann (1978:180,181) wys daarop dat in die nadenke oor God, God nooit tot 'n blote voorwerp word nie. God bly daarin die Persoon wat teenoor die mens staan. Die nadenke oor God leef daaruit dat God aangespreek word en bly daaraan gebind.
5. Vergelyk Kaiser (1978:165,166) vir die kriteria om wysheidspsalms vas te stel, en oor die betekenis van die begrip "vrees die Here" in Deuteronomium. Hierdie vrees was nie 'n opgewerkte gevoel van angs nie maar die vrug van luister, leer en reageer op God se woord (4:10; 8:6). Die vrees van die Here gaan hand aan hand met gehoorsaming van sy gebooie, Hom lief te hê en Hom te dien (10:12-13; 13:5).

# 59. JOB: DIE WESE VAN DIE GODSDIENS IS OM GOD TE DIEN TER WILLE VAN HOMSELF

## 1. Volgens die Satan en die vriende is Godsdiens 'n saak van verdienste

Die lewe van Job verloop totaal anders as wat 'n mens by so 'n Godvresende man sou verwag. Hy word deur rampspoed op rampspoed getref. Hieroor vind daar in die boek Job strydgesprekke plaas tussen Job en sy vriende sowel

as tussen Job en God. Die agtergrond hiervan is 'n geding tussen God en die Satan. Dit gaan ten dieptste om die vraag: wat is die wese van die godsdiens, is dit 'n saak van verdienste? Die Satan beweer dat Job God nie ter wille van God self dien nie, maar ter wille van die voordeel wat hy daaruit kry. God vervang Job se voorspoed met groot en aanhoudende rampspoed om die Satan se bewering te weerlê en om die ware aard van die godsdiens aan die lig te bring.

Ook vir Job se vriende is die godsdiens in werklikheid 'n saak van verdienste. Hulle benader dit net van 'n ander kant af as die Satan en dink dat as daar nie voorspoed is nie, dan is God nie reg gedien nie. Job se lyding is dus 'n bewys dat hy 'n groot sonde begaan het, sê hulle, hy moet hom bekeer! Die vriende se houding verteenwoordig 'n tipies menslike benadering. Op die oog af lyk hulle opvatting ook verantwoord, want hulle probeer 'n morele regverdiging vir God se dade gee. Hulle fout is egter dat hulle nie die wil van die lewende God self as maatstaf vir beoordeling neem nie. Hulle vra nie wat God vir Job se lewe besluit het nie, maar hulle redeneer op grond van die blote wetmatigheid van 'n verabsoluteerde "sedewet". Daarom is hulle hard en wreed en werklikheidsvreemd in die toepassing van hulle godsdienstige beginsels. Daarin is hulle 'n waarskuwing vir ons.

## 2. God is vrymagtig maar tegelyk teenwoordig

Job hou teenoor sy vriende ten regte vas aan sy onskuld. Hy beweer dat God die lyding sonder rede oor hom bring en sê ten onregte selfs dat dit onregverdig is. Job soek 'n skeidsregter tussen hom en God (9:14-20,33). Uiteindelik antwoord God vir Job uit 'n storm en bewys sy absolute soewereiniteit en vrymag om te handel soos Hy wil (38-42). Job moet dit onvoorwaardelik erken en aanvaar (42:1-6). God antwoord Job dus, maar sê nie wat Job graag wil weet nie, naamlik waarom hy moes ly hoewel hy onskuldig is nie. Inteendeel, God wys dat Hy die absolute soewereine regeerder is, onpeilbaar in sy majesteitlikheid en heeltemal vrymagtig in sy optrede. Hy hoef Hom nie aan mense te verantwoord oor sy optrede nie, en Hy doen dit ook nie. Godsdiens, aanbidding is juis om hierdie absolute soewereiniteit van God te eerbiedig.

Tog is dit nie al wat die boek sê nie. Dit laat die mens tog nie by 'n onpersoonlike soewereiniteit van God nie, maar sê ook iets oor God se gemeenskap met die mens. Reeds die vorm van die boek sê iets. Die oplossing kom nie in menslike dialoog (4-28) nie, ook nie in menslike monoloog (29-31: Job; 32-37: Elihu) nie, maar in die dialoog tussen God en mens - 'n dialoog waarin God spreek

en die mens aanbiddend antwoord. Die mens moet nie "intermenslik" (deur dialoog) of "innerlikmenslik" (in eie bepeinsing) die oplossing soek nie, maar moet uit homself uit wegkom. Hy moet die Goddelike wêreldbestel bekyk sodat hy kan besef dat God en sy optrede groter is as wat die menslike begrip kan vat. Die oplossing lê nie bloot in 'n waarheid óór God (wat jy by mense kry) nie, ook nie bloot in 'n waarheid van God (wat 'n mens deur bemiddeling ontvang nie), selfs nie in 'n waarheid of nuwe kennis wat God self meedeel nie. God gee Job geen intellektuele antwoord of oplossing vir sy probleem nie. Die oplossing lê in die openbaring van God wat Hy in persoonlike gemeenskap met die mens Self doen en wel die openbaring wat Hy aangaande Homself doen. Hy openbaar dat Hy as absolute soewereine God aanbiddingwaardig is en mense intrek in persoonlike gemeenskap met Hom. God géé nie bloot 'n antwoord en die oplossing nie, Hy ís die antwoord en die oplossing - sy teenwoordigheid.

Job het reg van die begin af die soewereiniteit van God erken. Sy probleem het gelê in wat in daardie soewereine bestel aan hom toebedeel is. Hy vind nou rus in die erkenning dat ook dit aan die absolute soewereiniteit van God oorgelaat moet word. Maar hy kry daardie rus ook alleen wanneer hy in dit alles by God persoonlik is. "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê," sê Job, "maar nou het ek U self gesien" (42:5). So kom Job tot berou oor wat hy van God gesê het.

God betoon Hom dus ook as 'n God wat die mens opsoek, die beste vir hom bedoel en 'n onverbreekbare verbondenheid en gemeenskap met hom beoefen. Die wese van die godsdiens is dus om God te aanbid as hierdie absoluut soewereine maar tegelyk persoonlike en getroue God. Ware godsdiens is om God te dien ter wille van Homself.

### 3. God seën in vrymagtige genade en vereis voorbidding

In die lig van die voorgaande is dit duidelik waarom Jób vir sy vriende moet bid. Hy het aan God persoonlik vasgehou - al het hy die verhouding met sy wêreldbestel skeef getrek; sy vriende het die (sede-) wet van God so verselfstandig dat hulle as't ware aan 'n verontpersoonlike wet vasgehou het.

Dit is ook duidelik waarom hy vir hulle juis 'n brandoffer moet bring en voorbidding moet doen. Die oplossing vir die mens se lewe lê nie op die weg van 'n rekenkundige balans tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid nie, d.w.s. in 'n wetmatige morele balans nie. Dit lê op 'n ander vlak en kom langs 'n ander weg: deur versoening (offer) - nie iets deur die mens of uit die mens

nie, maar buite hom om, deur plaasvervanging. Die weg moet tot die Persoon van God geopen word, deur 'n persoonlike iets, deur persoonlike voorbidding.

Job word weer gesond en ontvang dubbel soveel besittings as tevore (42:10). Hieruit blyk dat God die vromes seën. Maar hulle het dit 'n outomatiese, wetmatige saak gemaak, geëmansipeerd van God se persoonlike wil en beslissing. Wat Job hier ontvang, is nie uit verdienste nie. God het hom te duidelik getoon dat hy op niks aanspraak het nie. Soos Job se lyding nie by wyse van menslike logika en wetmatigheid bereken kan word nie, so ook nie sy voorspoed nie. Dis 'n geskenk van God se vrymagtige genade.

Job se besittings is dubbel soveel as tevore, maar sy aantal kinders is dieselfde (42:13). Kinders of mense is nie maar onpersoonlike wesens soos besittings en vee, en gevolglik vervangbaar nie. Mens is 'n onvervangbare persoonlikheid, en vanweë die persoonlike verbinding met God ook onverliesbaar (vgl. ook 19:25-27; 2 Sam 12:23). Ook Job se kinders wat dood is, bestaan voort.

Die boek Job bevat dus 'n wonderlike verbinding van die absolute, vrymagtige soewereiniteit van God enersyds wat nie in sy weë bereken kan word nie en Hom aan niemand verantwoord nie, en, aan die ander kant, die persoonlike gemeenskap van God wat die mens opsoek, die beste vir hom bedoel en hom in onverbreeklike verbondenheid met Hom stel Dit gaan in die boek Job om die aanbidding van hierdie soewereine en tegelyk persoonlike God.

## 4. Notas

1. Terrien (1978-373) sê tereg dat die belydenis van Job 'n besonderse aard het. Hy is nie bevlek met skuld omdat hy 'n morele orde in die samelewing verbreek het nie, hy het ook nie enige morele kode oortree nie. Hy het sy grens as skepsel oortree omdat hy 'n oordeel gefel het oor die aard van sy Skepper.
2. Vergelyk Childs (1979:526-544, veral 543) oor die probleem van die literêre eenheid van die boek en die noodsaaklikheid om na die boek as geheel te luister.
3. Vergelyk Kroeze (1965:470; 1978) wat tereg die soewereiniteit van God in die boek Job benadruk. Kroeze laat egter nie die ander aspek, God se verskyning aan Job en sy teenwoordigheid en gemeenskap met Job, voldoende tot sy reg kom nie.
4. Volgens Westermann (1978:96) is die grootste teologiese probleem in die naballingskapse tyd nie die vraag na God se reddende optrede nie, maar na sy seënende optrede soos in Psalm 73 en Job. Dit is die gevolg van die verbreking van die koningskap en die kultus, waardeur die eksistensie in gevaar gestel is.

# 60. DIE PSALMS: BEANTWOORDING VAN DIE WOORD VAN GOD MET HART EN LEWE

## 1. Vertolking van die menslike gemoedstemminge

Dawid het 'n belangrike rol gespeel in die organisering van die erediens en het sommige psalms gedig. Die opskrif "van Dawid" wat by baie psalms voorkom, wil nie noodwendig sê dat hy dit geskryf het nie, maar wil partykeer die betrokke psalm net op een of ander manier met hom assosieer. Die psalms het vanaf die vroeë tye dwarsdeur die eeue die gelowiges se gemoedstemminge voor God in die erediens vertolk.

Die psalms handel oor 'n verskeidenheid onderwerpe en gee 'n hele verskeidenheid gemoedstemminge weer waarmee die mens God nader. Daar is boetpsalms (6, 38, 51, 102, 130, 143), klaagliedere (3, 7, 13, 31, 42, 54-57, 61, 86, ens.), konings- en messiaanse psalms (2, 45, 72, 110, ook 18, 20, 21, ens., en 47, 93, 96-100, ens.), lofliedere of himnes (33, 65, 95-100, 103-107, 145-150), natuurpsalms (29, 104), bedevaartsliedere (120-134), dankliedere (9, 18, 23, 30, 32, 67, 107, ens.), seën- en vloekpsalms (28, 68, 134, ens.) en psalms oor die wet (19, 119). Die psalms dek dus die lewe in al sy fasette en gee die diepte en volheid van die emosie in die godsdiens, weer.

Die psalms is egter nie 'n blote gevoelsuiting nie, maar is 'n antwoord op die wet of woord van God. Dit blyk duidelik uit Ps. I wat 'n soort inleiding op die hele bundel is. Hierdie psalm lê baie sterk nadruk op bepeinsing van die wet en op 'n lewe daarvolgens. Ware bepeinsing van die woord geskied met die verstand en die hart. Dit bevat warmte en deurdagtheid. Hoe persoonlik, gewoon of alledaags 'n psalm ook mag wees, ten diepste gaan dit daarin om God se allesomvattende heerskappy en om 'n lewe daarvolgens.

## 2. 'n Intieme verhouding met God

Die psalms getuig van 'n baie intiem en persoonlike verhouding tussen die digters en God. Dikwels spreek die digters God aan as "my Here" of "my God" (3:8; 5:2; 7:2, 4; 13:4; 22:2, 3; ens.). Vanweë hierdie persoonlike benadering van die godsdiens is daar ook 'n diepe skuldbesef in die psalms, al word dit nie altyd uitdruklik uitgespreek nie (51).

Die psalmdigters benadruk die heerskappy en bemoeienis van God in die lewe van elke mens. Dit is ten diepste ook die geval in die konings- en messiaanse psalms. Die mens is as koningsmens geskape, en dit gaan in die psalms ten diepste om die herstel en handhawing van hierdie koningskap. Hierdie

koningskap word uitgeoefen onder God se heerskappy en in gemeenskap met Hom.

### 3. Erkenning van God se koningsheerskappy

Die psalms besing die heerskappy van God op 'n indirekte en direkte wyse (vgl. byvoorbeeld die koningspsalms). Reeds Ps. 1 laat sien wat die hooftema van die bundel is: God se heerskappy oor die twee paaie van die mense, naamlik die pad van die regverdiges en die pad van die goddeloses (1:6). God se heerskappy geld ook oor die psalmdigters by hulle digwerk. Die psalmdigter vind sy vreugde in gedurige bepeinsing van die wet of woord en om daarvolgens te lewe (1:2; 119:55, 56).

Ook die sogenaamde vloekpsalms, waarin die digters onheil oor die vyande uitspreek, moet teen die agtergrond van God se absolute heerskappy verstaan word. Dit is vir die digters ondenkbaar dat iemand hom teen die regverdige en lewende God kan verset sonder om onheil op homself te laai. Dit gaan in hierdie psalms dus om die handhawing van God se geregtigheid en om sy persoonlike gemeenskap; buite gemeenskap met die lewende God is daar geen lewe nie, maar net verderf. Hierdie psalms is nie 'n uiting van persoonlike wraakgevoelens nie en mag ook nie vandag daarvoor gebruik word nie (vgl. byvoorbeeld 139:21; 1 Kor. 16:22).

### 4. Die groot lewensraaisel

God se heerskappy sluit in dat Hy die regverdiges bystaan en met hulle gemeenskap beoefen, maar dat Hy die goddeloses vernietig (Ps. 1:6). Die psalms laat egter sien dat dit nie 'n simplistiese saak is nie. Die hele boek worstel as 't ware met die skynbare teenstrydigheid tussen wat in Ps. 1 geleer word en die harde lewenswerklikheid. Die gelowige ondervind dikwels die ellende wat eintlik die goddelose behoort te tref, terwyl dit met die goddelose net goed gaan (vgl. byvoorbeeld 102:4; 73). Reeds Ps. 2 handel oor die geweldige verset en opstand teen die Here en die gesalfde koning wat sy volk se belange behartig. Van Ps. 3 af al volg die worsteling van die gelowiges: die koning moet vlug vir Absolom (3); groot benoudheid en versugting (4, 5); angs vir die dood, vir die verbreking van die band met God (6); Dawid moet die Here wakker roep oor die goddeloses se bose handelinge teenoor hom (7).

So loop hierdie raaisel soos 'n lyn dwarsdeur die hele bundel. Daarby klaag die digters gedurig daaroor dat die goddeloses hulle lewe bedreig en hulle van God probeer vervreem. Die goddeloses verheug hulle daarin dat die

regverdiges deur God vergeet of verlaat is. Die psalmdigters bly egter steeds staande deur vertroue op God. Hulle ervaar dat God 'n lewende en teenwoordige werklikheid is en dat Hy Hom met die bidder bemoei - al is dit op 'n wonderlike en onbegryplike manier.

Die psalmdigters kan veral nie met die dood vrede kry nie. Die dood is vir hulle nie 'n natuurlike iets nie, maar is net soos siekte en rampspoed, 'n afbreek van die lewe. Dit is ook 'n gevolg van God se toorn (90:7). As die psalmdigters God se koningsheerskappy roem, roem hulle ook daarin dat God uit die dood verlos (byvoorbeeld 23:4). Tog is die geloofsweg in 'n sekere sin 'n doodsweg, want die gelowiges word ter wille van God vervolg en doodgemaak (44:8, 9, 23, 24). Die dood is strydig met God se absolute heerskappy en sy verbondstrou; ook strydig met die doel van die mens se lewe, naamlik om God te loof (6:5, 6; 30:10, 13). Daarom gryp die digters in verwagting na 'n voortlewe ondanks die dood. Hoe dit presies in mekaar sit, weet hulle nie, maar hulle vind hulle oplossing in God self. Hy is vir hulle die lewe; die persoonlike band met Hom is onverbreeklik: "Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem" (73:23, 24; vgl. ook 16:10, 11; 49:16).

Die psalms lê groot nadruk daarop dat God die saak van die armes en hulpeloses opneem (9:19; 12:6; 35:10; 37:14; 40:18: 69:3; ens.). Hulle is nie bloot stoflike armes nie en ook nie bloot geestelike hulpeloses nie. Hulle is dié in wie se lewe daar iets van die bogenoemde teenstrydigheid en raaisel van die lewe gestalte gekry het. Hulle voel hulle diep afhanklik van God, soek hulle toevlug by Hom alleen en leef volgens sy gebooie.

Die psalmdigters het dikwels met vyande te doen (3:8; 6:11; 7:6; 8:3; 9:4; 13: 3; ens.). Dit onderstreep die feit dat die gelowiges in vyandskap met die sondige wêreld leef. Hierdie vyandskap geld ook binne in 'n mens se eie kring en selfs binne in jou eie hart.

## 5. Transendente trekke in die Psalms

Die beskrywings en verwagtings in die psalms het dikwels sterk transendente trekke. Dit geld van die dood, maar ook van die lewe en van sake in die algemeen. God is 'n transendente God, maar tog 'n God wat histories werk. Die hier en nou is nie alles nie; die lewe het ook nog 'n ander dimensie, naamlik 'n eskatologiese.

## 6. Lofprysing

Selfs ondanks die skynbare teenstrydigheid van die lewe twyfel die digters nie aan God se soewereine bestiering van die natuur, die geskiedenis en die menslike lewe nie. Daarom hou hulle ook nie op om die Here te loof nie. Die meeste psalms bevat 'n element van lofprysing. Elk van die vyf onderafdelings (1-41, 42-72, 73-89, 90-106, 107-150) sluit ook met so 'n lofprysing, en die boek eindig met 'n oproep aan alles wat asem het, om die Here te loof.

## 7. Verklaring van die verskillende soorte psalms

Verskillende soorte Psalms het dikwels sekere vaste formele kenmerke. So lyk dit onbegryplik dat die digter die Here kan dank vir verlossing en dan ewe onverwags kla dat hy geen verhoring vind nie. Die saak word duidelik as 'n mens rekening hou met die aard van die dankpsalm. 'n Dankpsalm begin gewoonlik met 'n dankwoord en beskryf daarna hoe die digter in die dieptes verkeer het voordat hy die redding ontvang het waarvoor hy nou dank. Die psalmdigters sluit aan by die bestaande literêre vorme maar pas dit ook aan vir hulle eie doel. Hulle klaagliedere bevat daarom nie net klaginge sonder meer nie, maar gaan gepaard met 'n vertrouensvolle gebed tot God al word die vertroue nie altyd eksplisiet uitgespreek nie.

By die koningspsalms word daar aangesluit by die hofstyl van die destydse Semitiese wêreld, maar daar word 'n nuwe inhoud daaraan gegee. Volgens die omwonende nasies het hulle konings sekere goddelike eienskappe gehad en hulle kon dus veel meer uitrig as 'n gewone mens. Die psalmdigters beskryf hulle koning se optrede soms in terme van die ander nasies se beskrywings, maar dit staan vir hulle vas dat hulle koning net 'n gewone mens is. Wat bokant die huidige werlikheid uitstyg, is deur hulle gesien as iets wat op die eskatologiese werklikheid betrekking het (Ps. 2, 72, 110). By die verklaring van die koningspsalms moet daar egter deeglik daarmee rekening gehou word dat hulle in die eerste plek op die gewone koning betrekking het. Hulle moet byvoorbeeld nie sommer direk op Christus betrek word nie.

## 8. Notas

1. Vergelyk Vriezen 1966:440-442 oor die menslike gemoedstemminge, en die daarmee samehangende aard van die mens volgens die Ou Testament. Vergelyk ook Eichrodt, 1967:147): "Die lewende liggaam en sy onderskeie dele is so sterk gesien as organe en mediums van die persoonlike lewe dat die persoon in sy totaliteit homself in enige deel kan uitdruk en verstaan kan word." "*Nefesj* en *ruag* verteenwoordig altyd die hele lewe van die

persoon gesien vanuit 'n bepaalde oogpunt." Om hierdie rede vertaal die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling die terme vir liggaamsdele in Ps. 16 soms eenvoudig met "ek" of "hy" ensovoorts. Vergelyk ook Helberg, 1986:22-23.

Vergelyk verder Eichrodt (1967:149) se bespreking oor die noue betrokkenheid van die liggaam (vlees) in verband met sonde, verlossing en aanbidding. Ware aanbidding lê nie alleen beslag op die siel nie maar ook op die liggaam.

Vergelyk Eichrodt (1967:134-147) oor die funksies van die onderskeie liggaamsdele: *nefesj* beteken lewe, en (meer en anders as by *ruag*) lewe in verbinding met 'n liggaam (134-142). *Basar* (1933-Afrikaanse Vertaling: vlees) beteken lewende menslike wese (146-147). *Ruag* is die hoëre vlak van die mens se innerlike lewe (131-134). Hart het 'n omvattender betekenis as by ons en is die orgaan van gevoel, denke en wil. Die hart is veral verbind met verantwoordelikheid. Israel se lewelose aanbidding word saamgevat deur te sê dat hulle hart ver van Jahwe af is (142-145). Niere gee uitdrukking aan die diepste onpeilbare belewenisse van die mens (145). Asem is waarskynlik 'n parallel van *ruag*. Kop ontbreek heeltemal onder die groep psigologiese terme (146).

Von Rad (1962:153) vat die gegewens kernagtig saam. Hy wys daarop dat die Hebreërs nie onderskei het tussen die intellektuele en die vitale funksies van die liggaam (*basar*) nie. Daarom moet ons die vertaling "siel" vir *nefesj* sover moontlik vermy.

Anders as *sarx* in die Nuwe Testament, het basar ("vlees") in die Ou Testament, nooit die bybetekenis van sondig nie (Helberg, 1959:23-28).

2. Vergelyk (Vriezen 1966:441-444; Eichrodt 1967:496-529) oor die onsterflikheid. Oor *sjeool* (graf) sê Eichrodt (1967:210-216): wat oorleef, is nie 'n deel van die lewende mens nie, maar 'n skaduagtige beeld van die hele mens.

3. Volgens Hermann Gunkel is die meeste psalms spesiaal vir die kultus gedig. Volgens Mowinckel is die meeste psalms verbind met 'n sogenaamde troonsbestygingsfees van Jahwe, en volgens Von Rad en Weiser met 'n verbondsfees. Al hierdie beskouings is egter slegs hipoteses (vgl. Burger, 1987:20-21).

4. Vergelyk Terrien (1978:304-305) vir die verskil tussen die Bybelse leer en 'n mistieke eenheid wat verkry word in 'n seksuele of gesublimeerde vorm. Wanneer die psalmdigters vergelykings gebruik om die onmiddellikheid van die gemeenskap na vore te bring, verwys hulle tegelykertyd, volgens die konteks, na die relatiwiteit daarvan.

5. Vergelyk Terrien (1978:337) oor die geloofsbelydenis wat gesing is as 'n doksologie. Hy gaan egter te ver as hy beweer dat 'n geloofsbelydenis nie geteken moet word as 'n onderrigtende of wetlike dokument nie. Westermann (1978:147-150) pleit vir die erkenning dat die klaging, net soos die lofprysing, 'n volwaardige plek in Israel se geloofsbelydenis het (Deut. 26:7), en wel as 'n beroep op God om uitkoms.

6. Vergelyk Childs (1979:517-518) oor die sterk eskatologiese aard van die Psalms. Die Psalms kyk uit na die toekoms en verlang innig na die aanbreek daarvan.

Vergelyk Childs (1979:523), in aansluiting by Calvyn, oor die betekenis van die psalms nie alleen vir die verlede nie maar ook vir die hede.

7. Vergelyk Childs (1986:199-203) oor teologiese refleksies oor Ou-Testamentiese antropologie.

## 61. MESSIAANSE PSALMS

### 1. Messiaanise verwagtings

Die naam "messias" kom van die Hebreeuse woord *masjia*" wat gesalfde beteken. Die Griekse woord daarvoor is *christos*. Dit het iemand aangedui wat 'n belangrike funksie in Israel se bestaan uitgeoefen het, soos 'n koning en 'n priester. Die begrip "messiaanse verwagtings" het 'n algemener betekenis en dui op 'n belangrike toekomstige verlosser, afgesien daarvan of hy 'n profeet of priester is. Die messiaanse verwagtings is egter wel gewoonlik baie sterk verbind met Dawid en sy koningshuis.

Daar word dikwels die fout gemaak om na messiaanse gedeeltes in die Ou Testament te soek asof hulle geïsoleerd staan van die res van die Ou Testament. Dan word daar ook dikwels aan sulke gedeeltes 'n ander betekenis toegeskryf as wat hulle vir hulle eie tyd wou sê. Hulle word dan behandel asof hulle in die eerste plek 'n beskrywing van die toekomstige Christus wou gee. In werklikheid moet die fokus gerig word op die tyd en omstandighede van die Ou-Testamentiese skrywer self. Verder moet die hele openbaringshistoriese verband en gang en perspektief van sulke gedeeltes in berekening gebring word. Die messiaanse gedeeltes verkondig nie iets anders as die res van die Ou Testament nie, net soos die Nuwe Testament nie 'n ander boodskap as die Ou Testament verkondig nie. Albei verkondig in wese: God is met ons. Hierdie eenheid in Ou Testament en Nuwe Testament, en binne die Ou Testament self, moet vasgehou word. Daar moet nie messiaanse gedeeltes uitgesoek en bestudeer word asof die res van minder belang of gehalte is nie.

Die hele Ou Testament verkondig direk en indirek dat daar meer is as net die hier en die nou. Daar is ook iets transendents waaraan ons blywend deel het. Die hele Ou Testament word deur 'n eskatologiese verwagting gedra, dit is op sommige plekke net direkter as op ander. Die hele Ou Testament verkondig dat God op 'n besondere manier na sy volk toe gaan kom. So trek die hele Ou Testament uiteindelik organies saam in die koms van God in Jesus Christus.

Hier volg 'n kort bespreking van enkele messiaanse psalms:

## 2. Psalm 2: Die Here voer sy wêreldwye heerskappy oor die rewolusionêre nasies deur deur middel van sy gesalfde

Hierdie psalm het te doen met 'n kroningsfees in Jerusalem. Die koning vertel nou van die goddelike openbaring wat hy ontvang het toe die Here hom as koning aangestel en daarmee as sy seun aangeneem het. So is die koning in 'n besondere verhouding met die Here gestel. Die aanneming is gedoen met hierdie offisiële aannemingsverklaring: "Jy is my seun, vandag het Ek jou Vader geword", of, letterlik, "jou verwek". Hierdie aankondiging is gegrond in die Here se plegtige belofte aan Dawid dat Dawid se koninklike nageslag in 'n besondere verhouding met God sal staan, naamlik dié van seun en Vader (2 Sam. 7: 14).

Volgens die heidense nasies was hulle konings werklik seuns van die godheid, en daarom goddelik. Vir Israel was die koning egter slegs 'n aangenome seun van God, net soos die volk self (Eks. 4: 22).

Die koning moet tot God opsien, sê die psalm. Dan sal God aan hom die hele wêreld met al die volke as sy eiendom gee en die koning sal verpletterende mag oor die opstandige nasies uitoefen. Die nasies verwerp die gesag van die Here en is in felle opstand teen Hom en teen die koning. Maar die Here, die skepper en regeerder van hemel en aarde, spot met hulle. In sy toorn jaag Hy hulle op loop en bevestig dat die koning sy uitverkore gesalfde is en vanuit die Here se uitverkore plek Sion oor die hele wêreld regeer. Hierdie koning spreek nou die konings aan met die volmag wat God aan hom gegee het en eis die eer vir God op.

Die psalm het op die gewone koning van Israel betrekking, maar styg tegelykertyd in sommige beskrywings bokant die gewone werklikheid uit. Daar slaan eskatologiese trekke deur. Dit sluit aan by die bogenoemde belofte van die Here aan Dawid waarin daar ook messiaanse trekke is en wat dui op die Redderkoning van die toekoms. Dit word ten volle vervul in Jesus Christus (Hand. 4:25 e.v.; 13:33; Hebr. 1:5; 5:5; Openb. 2:27; 17:15).

## 3. Psalm 22: Wie in totale verlatenheid in God bly glo, word gered

Die Here is wêreldwyd koning, sê die digter, en red 'n mens uit jou totale verlatenheid as jy op Hom bly vertrou. Die digter self was blykbaar dodelik siek en daarby ernstig vervolg. Sy allergrootste smart is dat sy God hom verlaat het en hom geen antwoord gee op sy onophoudelike geroep nie. "My God, my God, waarom het U my verlaat?" So roep hy uit. Die Here is tog die

God wat deur sy volk geprys word vir sy verbondstrou en sy redding deur die geslagte heen. Die digter word bespot oor sy vertroue in God, God wat hom van sy geboorte en suigelingsjare af met teerheid as sy eie versorg het. Die Here moet tog nie so ver weg bly nie, pleit hy. Hy word op wreedaardige wyse deur sy vyande vervolg en sy liggaam is besig om ineen te stort. Die Here laat lê hom asof hy dood is. Die vyande het hom al vasgebind, hom nakend uitgetrek en so al sy besittings gevat. Die Here alleen kan red.

En waarlik, dit gebeur! Daarom prys die digter God in die gemeente en roep ook hulle op om dit te doen. God gee uitkoms aan die hulpelose wat op Hom alleen vertrou. Daarom word God ook wêreldwyd, deur alle volke, as regeerder geprys. Al die rykes sal Hom as koning erken, ja, alle mense is sterflik en verganklik en kniel voor Hom neer.

Die digter tas in die beskrywing van sy lyding en bedreiging deur na meer as net iets indiwidueels en geïsoleerds. Wat hy deurmaak, vertolk iets van die groot lyding en verlatenheid van die mens. In Jesus kom die verlatenheid van die gelowige en die misterie daarvan ten volle na vore. Hy, die Seun van God, het self ook uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" (Matt. 27:46).

### 4. Psalm 110: Ons verhewe Priesterkoning oefen triomferend sy wêreldwye heerskappy uit

Die digter getuig in hierdie psalm van iets wat die Here aan die koning "gesê" het, dit is 'n openbaring wat die bondsvolk se koning van die Here ontvang het. Die Hebreeuse woord wat hier met "gesê" vertaal is, is 'n tipiese profetiese uitdrukking vir goddelike openbaring. Die woord kom nêrens elders in die psalms voor nie.

Daar word 'n plek aan God se regterhand aan die koning toegesê. Sy volk sal gewillig, entoesiasties en toegerus wees om saam met hom teen die vyand op te trek in die heilige oorlog. 'n Verpletterende oorwinning oor die nasies en 'n wêreldwye heerskappy word vir hom aangekondig. Hy sal altyd 'n priester wees in die priesterorde van Melgisedek. Dit beteken dat hy priester en koning sal wees tegelykertyd. Die Here het dit met 'n onherroeplike eed bevestig.

So 'n kombinasie van ampte soos 'n priesterkoning is in Israel nie toegelaat nie, want weens die menslike selfsug gee so iets aanleiding tot oorheersing in plaas van diensbaarheid. Ander nasies het priesterkonings gehad. Hulle het oor die mens se hele lewe en al sy lotgevalle beslis: staatkundig, maatskaplik en godsdienstig. Maar in die Ou Testament is die ampte gegee om die "amp

van die gelowige" te dien en te stimuleer, nie om te domineer nie. Die koning was byvoorbeeld net so onderworpe aan die wet en verbondsbepalings as die gewone burgers van die volk.

Die besonderse regering en oorwinning wat aan die koning toegesê word, gaan ver bokant dié van 'n menslike koning uit. In sy volle betekenis moet hierdie beskrywing op iemand anders betrekking hê. Dit sluit sekerlik aan by die messiaanse belofte van God aan Dawid in 2 Sam. 7.

Hierdie psalm word in die Nuwe Testament baie aangehaal en elke keer op Christus betrek (Matt. 22:41-46; 26:64; Hand. 2:34 e.v.; Rom. 8:34; 1 Kor. 15:25; Ef. 1:20; Hebr. 8: 1; 1 Petr. 3:22).

### 5. Notas

1. Vergelyk Helberg (1986; 1991a) vir die vertaling van die messiaanse gedeeltes.
2. Die Nuwe Testament haal uit die Ou Testament aan in die lig van die vervulling wat reeds deur Christus plaasgevind het. Dit sê dan soms meer as die gedeelte in die Ou Testament self en daarom is die aanhalings in die Nuwe Testament nie altyd self identies met die betrokke gedeeltes in die Ou Testament nie.
3. In Psalm 110:1 staan nie "my Here" (*adonai*) nie, maar "my heer" (*adoni*).

## 62. SPREUKE: PRAKTIESE LEWENSKENNIS

### 1. 'n Algemene aard

Dit gaan in die boek Spreuke hoofsaaklik om praktiese lewenskennis soos dit ook by buurnasies voorgekom het. Dit handel oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe. Die boek verwys nie soos die res van die Ou Testament na spesifiek Israelitiese idees, instellings of historiese gebeurtenisse nie. Tog is die invloed van die verbond merkbaar deurdat die spreuke aan die gewone lede van die verbond aangebied word en nie net aan die mense in die koninklike hof nie. Volgens die Ou Testament is die mens na die beeld van God geskape, elke mens. Daarom is almal, die koning inkluis, gelykelik in die verbond van die Here betrek. Ware lewenswysheid is binne almal se bereik en word almal aangebied.

### 2. Die vrees van die Here

Bowendien word uitdruklik gestel dat die vrees van die Here die beginsel van die wysheid is. Daar kan geen sprake wees van 'n outonome, of onafhanklike,

menslike kennis of natuurwette of iets dergeliks nie. Die algemene waarhede uit die natuur en samelewing kry eers waarlik perspektief as dit in die vrees van die Here benader word. Met hierdie uitdrukking word nie angs vir God uitgedruk nie, maar kinderlike vrees, eerbiedige aanbidding, totale eksistensiële oorgawe. Dit gaan in die lewe nie bloot om watter waarhede 'n mens uit die natuur of lewe kan opdiep nie. Dit kan die ongelowige net soos die gelowige doen, maar dit gaan om die diepste grond van die waarhede. Dit gaan om erkentlikheid aan Hom wat die bron daarvan is. Dit is in wese dieselfde saak waarom dit in die Tuin van Eden gegaan het: kennisbeoefening mag nie geëmansipeerd van God gedoen word nie, maar in lewende erkentlikheid aan Hom. Erkentlikheid is 'n basiese element van menswees as beeld van God. Dit is die erkenning van hierdie feit wat 'n verskil maak tussen gelowige en neutrale beoefening van wetenskap. Gelowige beoefening van wetenskap kom nie tot ander waarhede nie en ontken nie dat "neutrale" beoefening van wetenskap die waarhede van die natuur en van die menslike lewe kan opdiep nie. Gelowige beoefening van wetenskap wil egter die Bron van hierdie waarheid erken, die vrees van Hom die uitgangspunt van hierdie wetenskap maak en daarmee alles binne 'n ander raamwerk sien.

### 3. Wysheid is nie bloot 'n objektiewe saak nie

Volgens Spreuke is wysheid ook nie bloot 'n objektiewe saak of besitting waaroor 'n mens sonder meer beskik nie, maar iets waarin die lewende, persoonlike verhouding met God 'n wesenlike betekenis het: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop" (3:5, 6). "Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie" (10:22).

### 4. 'n Onveranderlike, universele geldige morele wet

Spreuke benadruk dat daar 'n onveranderlike, universele geldige morele wet is waarvan mens die natuurlike, logiese gevolge dra as jy dit oortree, maar dis tog nie 'n onpersoonlike wet, los van God nie en werk nie op 'n meganiese manier nie. Spreuke handhaaf 'n wonderlike balans, soos byvoorbeeld blyk uit 5:21-23: "Die oortreding van die goddelose agterhaal hom, hy draai hom vas in sy sonde. Hy sterf deur sy gebrek aan selfbeheersing, sy dwaasheid het hom op die verkeerde pad gebring". Vooraf word egter duidelik God se dinamiese optrede gestel: "'n mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy." Hier word God se soewereiniteit sowel as sy persoonlike optrede gestel.

## 5. Die boek Spreuke wil veral die jeug opvoed in die basiese grondslae van die lewe

Die boek Spreuke wil veral die jeug opvoed in die basiese grondslae van die lewe, naamlik om God se heerskappy te erken en in die regte verhouding met Hom en met die naaste te lewe. Daar word heel konkreet aangesluit by die jongman se belangstelling in die ander geslag. Daarom word die wysheid as 'n vrou of meisie voorgestel, in teenstelling met die ontugtige vrou en dwaasheid (1:20 e.v.; 2:16 e.v.; 8; 9). Wysheid en seks word egter nie met mekaar verstrengel soos by die buurnasies nie. Volgens laasgenoemdes kon 'n mens ware lewenskennis verkry deur omgang met die misterie van goddelike voortbrengingskrag en lewe. Dit is gedoen deur middel van heilige prostitusie. Die Spreukedigter daarenteen sien seks heel nugter as iets mensliks, en nie iets goddeliks nie, maar dan as die uiting van liefde wat uitsluitlik tussen twee persone geld (5:15-20). Daarom is die huwelik 'n verbondenheid wat in 'n verbond vasgelê word en as 'n verbond van God beskou word (2:17).

## 6. Notas

1. Vergelyk Loader (1987) vir tendense in die studie van die wysheid.
2. Brueggemann (1972) benadruk die vertroue in menslike vermoëns. Dit kan egter kwalik gerym word met die stelling in Spreuke: "die vrees van die Here is die beginsel van die kennis/wysheid."

# 63. PREDIKER: ALLES TEVERGEEFS - AS DAAR BLOOT OP MENSLIKE BEGRIP AFGEGAAN WORD

Die boek word aangebied as: "Woorde van die Prediker, seun van Dawid en koning in Jerusalem" (1:1), maar dit bedoel blykbaar nie dat Salomo die skrywer is nie. Salomo word nie by name genoem nie, en die skrywer is 'n wysheidsleraar (12:9). Die opskrif wil Salomo eerder aandui as vader van die wysheid (vgl. die bespreking oor Spreuke).

Die ontstaanstyd is onseker en die inhoud handel oor 'n algemeen menslike probleem.

## 1. 'n Blote onder-die-son benadering bevredig nie

Prediker stel die tema soos hierbo geformuleer uitdruklik en met groot klem. Geen ander Bybelboek stel sy tema so uitdruklik nie. Die boek begin

met 'n stelling wat soos 'n lang uitgerekte, droewige refrein 22 keer in die 12 hoofstukke herhaal word: "alles tevergeefs", of "alles kom tot niks" (1983-Afrikaanse Vertaling). Die inhoud skyn so pessimisties te wees dat sy plek in die Ou Testament lank betwis is voor die vasstelling van die Kanon. Tog is daar 'n belangrike nadere bepaling by die tema, naamlik die woorde: "onder die son", of: "in hierdie wêreld (1983-Afrikaanse Vertaling): "Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?" of "Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?" (1983-Afrikaanse Vertaling) (1:3). Dit word onmiddellik aan die temastelling in 1:2 verbind en kom daarna ook dikwels in die boek voor. Dit wil eintlik sê: sover die mens kan sien of begryp. Die mens se siening is beperk. Hy kan sake nie in alle dimensies sien nie, maar net vanuit sy eie aardse staanplek, deel van die sirkelgang van die natuur. Hy is in hierdie altyddurende kringloop vasgevang (1:4 e.v.) en kan nie daar bo uitkom nie. Uiteindelik verdwyn hy ook in hierdie kringloop: almal sonder onderskeid sterf (2:14, 16 e.v.).

## 2. God se heerskappy is onberekenbaar

Die Prediker twyfel nie aan die bestaan of heerskappy van God nie, maar het moeite met die onberekenbaarheid van God se heerskappy. Hy erken God is die absolute heerser oor alles en almal (2:26; 3:10 e.v.; 5:18; 6:2; 7:13 e.v.; 8:2; 11:9 e.v.; 12:13, 14). Dit wat hom so droewig stem, is egter dat God se optrede en sy weg met die mens vir die mens so onpeilbaar en onberekenbaar is. Dit voel soos willekeurigheid. Dieselfde lot tref byvoorbeeld die wyse en die dwaas (2:15 e.v.; 9:1 e.v.; 9:11 e.v.).

Die Prediker se boek moet gesien word as 'n verset teen 'n objektivering van wysheid en kennis tot 'n selfstandige sleutel om die antwoorde op die lewensvrae te verskaf. Dit is met ander woorde 'n verset teen 'n beskouing dat wysheid 'n mens in staat sou stel om daarmee as sodanig antwoorde te vind op die vraagstukke van die lewe en om maklik God se wil en weg met die wêreld te ken. Die dubbelsinnigheid van die lewe moet nie weggeredeneer word nie maar aanvaar word. 'n Mens moet jou nie op die wysheid as sodanig rig nie, maar op God (9:1 e.v.).

## 3. 'n Mens moet jou op God persoonlik rig

Dit is 'n herbevestiging van wat die spreukedigters oor die wysheid gesê het: "om die Here te vrees/dien is die beginsel van die wysheid" (vgl. 5:6; 7:18). Dit word ook uitdruklik aan die einde van die boek as samevatting gestel: "Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: "Dien/vrees God en gehoorsaam

sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word" (12:13). Nie geobjektiveerde, outonome wysheid gee 'n antwoord op die vrae nie; 'n mens moet jou op God persoonlik rig. In Hom persoonlik moet jy jou antwoord vind. Dit is die duidelikste implikasie van Prediker se prediking, al sê hy dit nie uitdruklik nie. Hy hou hom aan die negatiewe stellinge om die gevoel van sinloosheid waarop so 'n "outonome" wysheid uitloop, des te kragtiger tuis te bring.

## 4. 'n Mens het slegs 'n aanduiding van die geheel

Die mens het in homself slegs 'n aanduiding van die geheelheid van die dinge onder God. God het aan hom 'n besef gegee van die onbepaalde tyd (3:11). Die 1953-Afrikaanse Vertaling sien op die mens sy tydelikheid: God het die 'eeu' in sy hart gelê. Die Hebreeuse woord (*olam*) beteken egter gewoonlik 'n onbepaalde tyd of so iets soos geheelheid. Die mens het egter slegs 'n aanduiding hiervan en hy kan tog nie deur eie waarneming die volle betekenis van die dinge vasstel nie (8:17; 12:12).

Nóg wysheid, nóg genieting, nóg rykdom bring bevrediging, selfs al sou dit dié van die groot koning van Israel wees (1:12 e.v.). Inteendeel, dis 'n gejaag na wind en dit bring eerder smart (1:17, 18; 2:1-26). Natuurlik geld dit van die dinge soos dit gesien word "onder die son" of "in hierdie wêreld" (1983-Afrikaanse Vertaling), dit wil sê die dinge as sodanig, en soos uit die mens se beperkte hoek bekyk.

Die boek Spreuke sluit aan by gewone, alledaagse wysheid, selfs dié van ongelowiges, maar plaas dit in die raam van dien of die vrees van die Here, wat die beginsel van die wysheid is (Spr. 1:17). Prediker wys wat die konsekwensies van bloot sekulêre of neutrale alledaagse wysheid is. In die Psalms word daar veral geworstel met die probleem van die oënskynlike teenstrydigheid van die lewenswerklikheid en die geloof, naamlik die teenspoed van die gelowige - met daarteenoor so dikwels die voorspoed van die ongelowige. Prediker raak ook die probleem aan, maar gaan nog dieper, naamlik na die probleem van die oënskynlike sinloosheid van 'n voorspoedige lewe.

## 5. Daar is wel genieting

Daar is wel vir die mens genieting met God (2:24; 3:13; 5:17, 18; 8:15; 9:7, 9; 11:9 e.v.), maar God behou self alle inisiatief om dit te gee of te weerhou. Prediker bevat selfs een van die mooiste oproepe aan die jongmens om die jeug te geniet (11:9 e.v.: "Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie." God gee of

weerhou egter self vreugde in al hierdie situasies soos dit Hom behaag. 'n Mens se poging om dit self te verkry of daaroor te beskik, is gedoem. Daarom is dit alles tevergeefs, dit kom tot niks (2:24 e.v.; 3:13; 5:17, 18).

**6. Die probleem van lewe en dood**

Prediker raak ook ten diepste die probleem van lewe en dood. Hy kan maar nie vrede vind met die gedagte aan die dood nie (2:15 e.v.; 6:12; 9:3-6,10; 12:7, 8). Die dooies het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie. Die woord "tevergeefs", "dit kom tot niks", wat so dikwels voorkom, is in Hebreeus *hebel*. Dit beteken asemtog of enigiets so nietig en verbygaande soos 'n asemtog. Die naam Abel kom van dieselfde stam. Waarskynlik het die Prediker doelbewus die woord gekies om 'n verband met Abel te lê. Die mens is nietig, sy bestaan en lot so onberekenbaar en "tragies" soos dié van Abel. Dit is ook dié noot waarop Prediker eindig voordat hy sy oplossing aanbied; hy eindig naamlik met die dood van die mens. Daaraan verbind hy dan by wyse van afsluiting weer sy tema soos hy begin het: "alles tevergeefs, sê die Prediker, dit is alles tevergeefs," "alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks" (12:7, 8).

Die Prediker vind nie vrede met die feit dat die mensdom bloot in die opeenvolging van geslagte voortbestaan nie. Die kringloop van geslagte is vir hom juis so vermoeiend (1:4 e.v.). Die feit dat die indiwidu sterf, is vir hom die kroon op die sinloosheid van die bestaan onder die son. Tog is dit met die dood nie sonder meer klaar nie. Want by die dood keer die stof terug na die aarde toe soos dit gewees het en die gees na God wat dit gegee het (12:7) (vgl. ook Gen. 2:7). 'n Blote onder-die-son-perspektief van die lewe vind egter ook nie daarin troos nie. Die Prediker laat juis sy droewe tema volg: Alles tevergeefs, alles kom tot niks (12:8). Vir 'n geobjektiveerde geëmansipeerde wysheid en lewe maak uiteindelik niks sin nie, ook nie dat die gees na God terugkeer nie. Want 'n mens se bestaan onder die son, wat vir hom dan die uitgangspunt en sentrum is, is dan daarmee heen. Die gees se terugkeer na God sou alleen troos kon gee as gemeenskap met God die allesbeheersende saak is. Trouens, dit gaan in die Ou Testament nie bloot om die saak lewe of dood of lewe ná die dood nie, maar om God se soewereiniteit, sy heerskappy, wat Hy uitoefen in persoonlike verbondsgemeenskap met die mens. Dit is daarom dat daar so weinig eksplisiet oor voortlewe ná die dood gehandel word.

## 7. Die slotsom: geloofsgemeenskap met God

Die slotsom waartoe die Prediker ons bring sonder dat hy dit uitdruklik sê, is dus: daar moet volle erkenning wees van die heiligheid van God wat nie deur mens se kennis omvat en verklaar kan word nie. God is egter nie so transendent dat Hy buite die aardse of menslike lewe staan nie. Hy is voluit daarmee besig, maar sy optrede en sy weg met die mense kan nie in 'n menslike skema of program vasgelê word nie. Hy bly die lewende, persoonlike God; in verband met Hom het nie redenering die laaste woord nie, maar lewende geloofsgemeenskap. Dit sluit in dat sy gebooie gehoorsaam word. Alleen deur hierdie geloofsgemeenskap met God sal die mens se worsteling werklik in rus kan eindig, die worsteling om waarlik 'n idiwiduele persoonlikheid te wees en nie te verdwyn in die massa van geslagte (1:4) of selfs in die massa van bloot lewende wesens (3:21) en in die dood nie. Want dan kan die gelowige sy rus in God se teenwoordigheid vind en die res aan Hom oorlaat.

So kan die boek dan ook afsluit met die oproep: "Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad".

## 8. Notas

1. Vergelyk Loader (1987:45-56) vir die verskillende vertolkings van Prediker.
2. Anders as die verklaring deur my gegee, sê Loader die volgende oor die betekenis of "boodskap" van Prediker: "Vir Prediker, soos vir sy tydgenote, is God 'n ver verwyderde mag" (1987:53 #4.17; vgl. ook 55 #4.24).

# 64. HOOGLIED: ESKLUSIEWE LIEFDESEENHEID

Die Hooglied dra die titel Hooglied van Salomo, maar dit beteken nie dat Salomo dit geskryf het nie. Net soos Prediker word Hooglied Salomo in die mond gelê. Dáár is dit om te sê dat hy wat by uitstek die man van rykdom en wysheid was, sou erken, of inderdaad bewys het, dat hierdie dinge op sigself nie lewensbevrediging gee nie. Hier is dit om te sê dat hy wat by uitstek 'n man van baie vroue was op dieselfde wyse sou getuig dat daar net vir een persoon ware liefde bestaan, want die liefde is persoonlik en eksklusief. Dit is ook onweerstaanbaar en onverbreeklik. Destyds is 'n bruidegom ook dikwels koning genoem.

## 1. Eksklusiewe liefdeseenheid, liggaamlik en geestelik

Die Hebreeuse naam lui letterlik: lied van die liedere, dit wil sê die lied by uitnemendheid. Dit besing op uitnemende wyse die liefde tussen man en vrou en die genieting daarvan tot in die liggaamlik-geestelike eenheid van seksuele gemeenskap.

Die natuurlike onweerstaanbare hartstog van man en vrou vir mekaar word in volle krag en in duidelike, lewendige beelde geskilder. Dit begin met die bruid se verlange na 'n erotiese soen van die bruidegom (1:2) ("liefde", of "liefkosings" 1983-Vertaling, is hier 'n woord vir erotiese liefde). Daarna gaan dit oor tot die wedersydse besinging van bruidegom en bruid se skoonheid in lewendige, nie erotiese, beelde wat veral aan die natuur ontleen is. In 2:3-5 gee die bruid uiting aan haar hartstog vir haar bruidegom wat nog verder gestimuleer moet word deur appels en rosynekoeke (2:5), wat volgens destydse opvattings seksuele stimulante was. Dit moet uitloop op seksuele gemeenskap (2:6) wat nie gesteur moet word nie (2:7). Dan besing die bruidegom weer die bruid se skoonheid in ryke beelde (2:10 e.v.). Die bruid getuig van hulle persoonlike eksklusiewe liefdesverhouding ("My man wat ek liefhet is myne, en ek is syne ...", 2:16). So volg daar 'n verskeidenheid van beskrywings van die liefde en begeerte van bruidegom en bruid vir mekaar.

In die laaste hoofstuk word die liefde geteken as 'n persoonlike en eksklusiewe iets, net op een persoon gerig, verder is dit onweerstaanbaar, en onuitblusbaar en onkoopbaar; dit is deur die Here gegee: "'n vlam van die Here" (9:6, 7).

## 2. Beeld van die liefde tussen God en die gelowiges

Teenoor die verskillende benaderings is die korrekte benadering om die Hooglied te sien soos dit homself aanbied, naamlik die beskrywing van die persoonlike liefdesuiting tussen man en vrou, gesien as 'n gawe van God.

Van hieruit kan dan verder geredeneer word en 'n afleiding gemaak word oor die verhouding tussen God (Christus) en sy volk. Die punt van vergelyking is dan die absolute wedersydse liefde en oorgawe aan mekaar, maar nie die seksuele verhouding as sodanig nie. Die mens staan in die eerste plek, na sy geskapenheid, in 'n persoonlike verhouding tot God, nie in 'n volkmatige verhouding nie (Gen. 1,2); dit wil sê nie as onpersoonlike deel van 'n kollektiewe geheel nie. Die mens is beeld van God (Gen. 1:26 e.v.). Daarom is die besonder persoonlike liefde van man en vrou vir mekaar ook beeld van die liefde tussen God en die gelowiges. Die verhouding waarin hy, as beeld van God, tot God staan, het die nouste verband met sy bestaan as man en vrou

(Gen. 1:27). Tog is seksualiteit nie 'n wesensbestanddeel van sy beeldskap van God nie, maar 'n geskenk, 'n vrug van die Goddelike seën (Gen. 1:28), net soos dié van die diere (Gen. 1:22) - hulle wat nie die beeld van God is nie.

## 3. Seksuele genieting en persoonlike liefde

*Godsdiens stimuleer persoonlike genieting.* Die Ou-Testamentiese gelowige se geloof het hom geen genieting in die weg gestaan nie. Sy godsdiens het hom tot volle genieting aangespoor (vgl. ook bv. Pred. 11:9 e.v.). Hy hoef hierin dus vir niemand anders terug te gestaan het nie. Maar seksualiteit is nie as 'n op sigself staande saak gesien nie. Daar is geen sprake van 'n bevrediging van 'n onpersoonlike hartstog, soos byvoorbeeld in die heilige prostitusie van die Kanaäniete nie. Dit is onafskeidelik verbind aan en geïntegreer in die liefde wat uit en uit persoonlik van aard is en geheel-en-al eksklusief.

*Liefde op die persoon gerig.* Die bruid en bruidegom se begeerte is ook telkens op die ander persoon as persoon gerig. Dit is persoonlike liefde wat in seksuele gemeenskap kulmineer, nie bloot 'n begeerte na die seksdaad as sodanig nie. Die bruid en bruidegom geniet mekaar, nie bloot mekaar se seks nie. Die seksuele gemeenskap is 'n uiting van die diepste, innigste en onverbreeklikste persoonlike verbintenis: "Die man wat ek liefhet, is myne, en ek is syne ..." (2:16). Seksuele gemeenskap is die diepste liggaamlik-geestelike kommunikasie maar is 'n uitdrukking daarvan, nie 'n vorming daarvan nie. So jubel die man in Genesis 2:23 eers oor die eenheid wat daar reeds tussen hom en die vrou bestaan; eers daarna word gepraat van die aankleef om sodoende een vlees te wees (2:24). 'n Man en vrou se eenheid of kommunikasie kan en mag dan ook nooit met die seksuele gemeenskap begin nie. Laasgenoemde kan en mag alleen die seël plaas op hierdie eenheid wat reeds daar is.

Die saak eindig vir die bruid (en bruidegom) ook nie met die seksuele verkeer nie (8:1-4), maar met persoonlike lewensvereniging. "Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm (8:6). 'n Seëlring is soms met 'n toutjie om die nek gedra en het dus na aan die hart gehang. 'n Seëlring aan die vinger is teken van onverbreekbare trou. Die verbintenis is onskeibaar: "Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie." (8:7) (Vgl. ook 8:5- die bruidegom bedoel blykbaar dat die bruid self die produk van seksuele vereniging is, sy vir wie hy so innig liefhet. Daarom verlang hy self na seksuele verbintenis met sy geliefde. Dit gaan dus om meer as die seksdaad as sodanig. Sy begeerte is persoonlik gegrond en gemotiveer en die vrug daarvan is ook uiteindelik 'n persoon).

## 4. Onder God se heerskappy

*Geen geëmansipeerde liefde.* Die liefde wat hier besing word, is nie geëmansipeerde liefde, los van God, nie, maar is deur Hom geskenk en staan onder sy heerskappy, dit is "'n vlam van die Here" (8:6). Hy het die man en vrou so geskape dat hulle een vlees is (Gen. 2:22 e.v.) en dat hulle hierdie eenheid bewustelik van God ontvang en dit beoefen. By daardie geleentheid het die man jubelend uitgeroep: "Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem". Verder word gesê: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees".

Ook in hierdie onweerstaanbare liefde wat so sterk soos die dood is (8:6) en soos 'n onuitblusbare vuur is (8:7), is die mens dus nie maar 'n willose, onpersoonlike slaaf nie, maar is hy 'n vrye, redelik-sedelike persoonlikheid en staan hy onder die heerskappy van die Here.

*Ontmitologisering van seks.* Die omwonende nasies het seksualiteit met die gode verbind. Uit sodanige verbinding tussen god en godin, so het hulle geglo, kom jaarliks natuur- en menslike vrugbaarheid voort. Die Kanaäniete het ook heilige prostitusie deur jong mans en meisies in die tempel laat beoefen om hierdie goddelike voortbrengingskrag in werking te stel.

Hooglied, soos die res van die Ou Testament, benadruk daarteenoor dat hierdie liefde en seksualiteit suiwer persoonlik is en daarom ook tot die menslike verhouding beperk is. Dit is nie goddelik nie, hoewel dit 'n gawe van God aan die mens is (vgl. ook wat hierbo oor die beeld van God en seksualitiet gesê is). Hierdie "verontgoddeliking" of ontmitologisering van seks beteken dus ook dat natuurvrugbaarheid, en die voortgang van die lewe wat daaruit volg, ook van menslike seksualiteit losgemaak is en geheel-en-al aan God se inisiatief en heerskappy oorgelaat is. Hy is die soewereine regeerder.

## 5. Liefde, lewe en dood

*Die krag van die liefde word met die dood vergelyk!* Hooglied vergelyk die onweerstaanbaarheid van die liefde met dié van die dood, maar op 'n ander manier as by die mitologiese beskouinge van die bure. In mitologiese beskouinge is die god wat in die reënlose seisoen sterwe, in die reënseisoen deur die liefdesgodin opgewek. Hier is egter geen sprake van so iets nie. Dié liefde is geheel-en-al 'n saak tussen mense, en die Here is die soewereine regeerder daaroor (8:6).

Tog is daar 'n stukkie tragiek in die feit dat die krag van die liefde tussen man en vrou met dié van die dood vergelyk word. Die harde lewenswerklikheid bevat ook 'n groot paradoks: liefdesbegeerte bring nie slegs geluk mee nie, maar ook smarte (3:1 e.v.; 5:6 e.v.). Die dood sal uiteindelik ook aan hierdie twee mense se verbintenis 'n einde maak! Hierdie gedagte sluit aan by die begin van die menslike geskiedenis. Toe het die man en die vrou die dood as onweerstaanbare straf oor hulle gehaal weens hulle sonde teenoor God (Gen. 3:19). Daar is ook smart aan die vrou se seksualiteit verbind (3:16). So is die Hooglied nie bloot idillies nie, maar lewensgetrou.

*Vreugde oorheers- weens die wondermagtige God.* Bogenoemde tragiek stem die geliefdes tog nie moedeloos of pessimisties nie. Die gemoedstemming wat alles beheers, is die vreugde van die liefdesbelewing. Dit is net soos ná die aankondiging van die straf in Genesis 3. Die beheersende gemoedstemming van die mens by daardie geleentheid is vreugde oor die lewe waarvan Eva die moeder geword het (3:20).

Die geliefdes kan in hulle liefde opgaan omdat dit 'n geskenk, "'n vlam van die Here" is wat nie deur groot waters of riviere uitgewis kan word nie (8:6, 7). Die Here is dus 'n God van wondermag. Net soos in die res van die Ou Testament word die aandag nie op die saak van lewe of dood as sodanig gevestig nie, maar op die wondermagtige God, en die res word aan Hom oorgelaat. Die diepste oplossing en rus lê uiteindelik in ons gerigtheid op God persoonlik. Dit stel ons in staat om die lewe en dit wat ons daarin gebied word, ten volle te geniet.

## 6. Notas

1. Burden (1987:74-78) onderskei tussen die volgende soorte verklaring van Hooglied: die allegories-tipologiese, die letterlike, die kulties-mitiese, die dramatiese, die strukturele uitleg, en die letterlike uitleg.
2. Vergelyk Kroeze (1953) oor die feit dat die Hooglied 'n minnelied is.

# V DIE PROFETIESE BOEKE: SO SÊ DIE HERE (JES. - MAL.)

## 65. DIE PROFETE: DIE HERE SE OPTREDE IS SOEWEREIN EN PERSOONLIK

### I. Die Here is die absolute heerser oor alles en almal, ook oor die profeet

Die profetiese prediking bevat wat ontstaanstyd en inhoud betref 'n groot verskeidenheid, maar dit vorm tegelykertyd 'n hegte eenheid, want dit is die woord van en oor die enige God, die God wat tyd en ruimte oorspan.

Die profete verkondig dat alleen die Here die almagtige skepper is. Die natuur is geheel en al aan Hom onderworpe en staan in sy diens. Hy gebruik die natuur onder meer om sy volk of die nasies te straf. Hy straf byvoorbeeld deur droogte, donderweer, aardbewing en sprinkane. Hy bepaal ook die hele geskiedenis, soos die lotgevalle van die nasies en die hart van wêreldvorste, byvoorbeeld Cyrus, of: Kores. Die Here se absolute heerskappy word nie net deur die profete se woorde verkondig nie, maar ook deur sy totale oormag oor die profete self. Hulle word deur Hom geroep met 'n onweerstaanbare roeping en is ook absoluut afhanklik van Hom in wat hulle preek. Wat hulle bring, is nie hulle eie gedagtes nie, maar dit staan in 'n spanningsverhouding met hulle self. Die woord wat hulle bring, is dinamies en van God afkomstig. Dit is nie 'n blote produk van menslike redenering, soos by valse profete nie. Die woord van die Here "kom" na die profeet toe (Jer. 1: 2 e.v.). Omrede die profete se totale afhanklikheid van die Here word hulle dikwels knegte of dienaars van die Here genoem. Tog is die profete nie willose knegte of outomatiese bandopnemers van die Goddelike boodskap nie, maar hulle behou hulle volle persoonlikheid. Daarom het hulle, wanneer hulle die Goddelike boodskap oorgedra het, dikwels die direkte en die indirekte rede met mekaar afgewissel.

Die groot verskil tussen ware en valse profesie lê daarin dat die ware profete bewus was van die onderskeid tussen hulle eie gedagtes en die openbaring van God. Hulle was dus bewus van die Goddelike oormag oor hulle eie gedagtes. Die valse profete daarenteen het profesieë uit hulle eie hart of gedagtes verkondig, so lui die aanklag van die ware profete.

Die ware en valse profete was dan ook nie duidelik afgebakende groepe nie, net so min as wat dit vandag die geval is. Die valse profete word in die Ou Testament, behalwe 'n enkele uitsondering, nie met 'n afsonderlike naam aangedui nie, maar eenvoudig as "profete" of "profeet".

Die valse profete was ook nie altyd "bose" of "ontaarde" mense nie. Hulle was dikwels eerbare persone wat dit goed bedoel het met die godsdiens en die volk, en wat hulle met groot ywer in diens van godsdiens en volk gestel het. Net maar, hulle boodskap was nie die vrug van persoonlike gemeenskap met God en van sy heerskappy nie. Valse profetisme is dus 'n veel meer "menslike" verskynsel en is veel nader aan huis as wat ons gewoonlik dink.

**2. Die heerskappy van die Here is persoonlik en aktueel, en die Here verwerp staatkundige, maatskaplike en godsdienstige formalisme**

Die profete het besondere klem gelê op die persoonlike verhouding tussen God en mens en het met groot erns alle vorme van formalisme veroordeel. Dit geld vir alle instellings, terreine en verhoudings: die owerheidsinstellings, die konkrete daaglikse lewe, die maatskaplike, sedelike en kultiese lewe.

Die owerhede is uitvoerders van die Goddelike gesag, maar nooit plaasvervangers daarvan nie, inteendeel, hulle staan net so onder God se woord en wet as enige ander persoon. Hulle moet vir hulle regeringstaak die lig van God se woord vind in 'n lewende gemeenskapslewe met God. Ook die volk kan nie hulle verantwoordelikheid ontvlug deur agter die staat weg te kruip nie. Hulle bly medeverantwoordelik - gesamentlik en afsonderlik. In hierdie gees word die profetiese oordele dan ook aan die koning en die volk aangekondig. Dit spits toe op God se wil vir die konkrete, lewende, alledaagse werklikheid en dit konfronteer die mense daarin persoonlik met God.

Die profete het veral geworstel om die regeringsfunksie 'n diens van owerhede te laat wees, dit wil sê, van persoonlik verantwoordelike regeerders. Die menslike neiging is om hierdie diens te vervang met 'n onpersoonlike staatsmasjien. Die profete het dus getuig teen instellings wat onpersoonlik funksioneer, met onpersoonlike bepalings, laste, eise en verhoudings. Die mens as individuele persoonlikheid en sy persoonlike behoeftes raak hier op die agtergrond. So word die regeringsliggaam 'n onpersoonlike, onaanspreekbare en onaantasbare grootheid: "die staat".

Die volk meganiseer die verbond en verkiesing, so het die profete die volk se optrede aan die kaak gestel. Die verbond behels in werklikheid 'n lewende en persoonlike verbondenheid aan die Here, iets wat gepaard gaan met 'n lewende oorgawe aan Hom en met 'n lewe volgens sy wil en gebooie op alle terreine. Die volk maak egter daarvan 'n uiterlike diens, sonder ware hart of bewoënheid. Die verkiesing word al meer gesien as 'n onherroeplike gebeurtenis van die verlede, iets wat vir die volk sonder meer 'n bevoorreg-

te posisie waarborg. Hierdie houding lei tot valse gerustheid en gebrekkige verantwoordelikheidsin. In werklikheid is die verkiesing egter 'n verkiesing tot verantwoordelikheid en diensbaarheid, sê die profete.

Die profete het veral teen formalistiese kultus gepreek. Hulle het hierdie soort offerandes, feeste en gebede skerp veroordeel en ook nie geskroom om priesters en profete wat algemeen hieraan skuldig was, skerp aan te spreek nie.

**3. Die politieke en maatskaplike lewe vanuit 'n verbondsvisie benader**

Die politieke en die maatskaplike lewe het groot aandag in die profetiese prediking ontvang. Die profete was egter nie politieke figure of staatsmanne nie, behalwe in uitsonderlike gevalle, soos Daniël. Hulle bydrae was dan ook nie primêr gegrond op politieke of staatkundige kennis of insig nie, maar was godsdienstig van aard. Hulle het nie 'n nasionale of internasionale politieke uitgangspunt as sodanig gehad nie, maar 'n verbondsuitgangspunt. Daarvolgens moet die volk allereers op die Here vertrou en aan sy verbond gehoorsaam wees; hulle moet nie op verbonde met nasies vertrou nie. Vertroue op sulke verbonde is ontrou aan die verbond. Ontrou aan die verbond bring weer sedelike verval mee, asook liefdeloosheid teenoor die naaste.

Die profete het skerp geprofeteer teen die sonde in die maatskaplike lewe, veral onsedelikheid, weelderigheid, korrupsie en verdrukking van die armes. Veral Jesaja en Amos het die volk hieroor gestriem. Die wandade is uitvloeisels van gebrek aan die ware verhouding met God. Die Here is 'n God wat red, en Hy red uit louter genade. Hy ontferm Hom veral oor die armes, ellendiges en hulpeloses, en Hy neem hulle saak op. Daarteenoor wek die hoogmoediges sy toorn en straf op.

Aangesien die oorsaak van die maatskaplike wantoestande vir die profete basies godsdienstig van aard is, is die geneesmiddel vir hulle ook basies godsdienstig van aard. Dit is verandering van hart, bekering. Daarom rig hulle hulle nie tot die verontregtes of die massas en sweep hulle op tot rewolusie om die bande van onreg te breek nie. Die profete rig hulle juis tot die owerstes en almal wat skuldig is. Dit word hierdie mense op die hart gedruk dat hulle met die lewende God te doen het; Hy is die regverdige God en soewereine heerser; Hy eis verantwoording, bekering en verandering in die situasie.

## 4. Notas

1. Vergelyk oor die profete veral Zimmerli (1972:159-205 = 1978:183-238; verder Von Rad, 1965:129-315; Kaiser, 1978:182-261; Du Toit, 1969:159-190; Eybers, 1977; Burden & Prinsloo, 1987:83-336; Verhoef, 1993).
2. Childs (1986:123,125): Die Ou Testament is ongeïnteresseerd in die historiese oorspronge van profetisme maar tog intens geïnteresseerd in die oorspronge van die profeet se eie geskiedenis met God. Daarom speel die profetiese roeping of opdrag so 'n belangrike rol. Die Ou Testament lê klem op die inhoud van die woord en gaan nie in op die psigologiese of metafisiese aspekte van die "woord-gebeure" nie. Ondanks 'n belangrike filtrering van die Goddelike openbaring deur die verskillende profetiese persoonlikhede (vgl. Hosea en Amos), het die Bybelse tradisie self nooit 'n outonome betekenis aan hierdie psigologiese dimensie toegeken nie.
3. Vergelyk Eichrodt (1961:309-391) vir 'n indringende bespreking van die hele verskynsel van profete. Die klassieke profesie was 'n dinamiese krag wat in werking gestel is deur 'n nuwe gewaarwording van die werklikheid van God. Israel se religie word veroordeel in sover dit bloot die produk geword het van nasionalisme en die nasionale kultuur. Dit gaan nie om 'n morele of religieuse idee nie, maar om God self en sy hangende besoeking van sy volk (1961:387-389). Dié werklikheid dryf die profete met dwingende erns en oorweldigende krag om te praat; dit laat geen ruimte vir teoretiese stryd nie, maar slegs vir getuienis oor 'n onmiddellike sekerheid (1961:344). Terrien (1978:236) stel dit so: "Like the patriarchs, Moses, and the judges the great prophets were the bearers of an unexpected and generally disruptive call. They did not initiate: they responded." Met die voorafgaande hang nou saam dat die profete nie 'n erfopvolging gehad het nie, anders as die priesters en die konings (vgl. Zimmerli, 1972:85 = 1978:100).
4. Vergelyk Von Rad oor die volgende: die wortels van profesie (1965:6-14); die mondelinge tradisie van die profesie (1965:33-49); die profeet se roeping en ontvangs van openbaring (1965:50-69); die dwangkarakter van die profetiese taak maar tegelykertyd die vryheid van die profeet as persoonlikheid (1965:70-79). Vergelyk ook Fohrer (1972:71-73): Die sin van die profetiese roeping is om die tipiese menslike bestaanshouding prys te gee en in 'n nuwe gestel te word.
5. Vergelyk Vriezen (1966:417-419) vir die indiwiduele en tegelyk breër, sosiale verantwoordelikheid volgens die profete.
6. Vergelyk Fohrer (1972:225,226) oor die dienende karakter van die staat om die ruimte en geordende verhoudinge te skep waarin die eintlike van die menslike lewe hom kan afspeel en ontvou: ten opsigte van die mense se gemeenskap met God en God se heerskappy op aarde in die menslike lewe.
7. Vergelyk Vriezen (1966:403-406) en Helberg (1990:56-58) vir Israel as 'n natuurlike maar primêr geestelike gemeenskap. Die prinsipieel teosentriese

gerigtheid het gedien tot ontkoming aan 'n eng etnies-nasionalistiese denkskema (vgl. bv. Amos, Jesaja, Miga, Deuterojesaja en Sagaria).

8. Eichrodt (1961:51,52, 364): Juis wanneer die klassieke profete die populêre religie van Israel skerp kritiseer, tree die verbondsbegrip op die agtergrond. Dit is omdat die profete hulle verset teen elke teken van dooie uitwendigheid in die religieuse praktyk, en van meganiese roetine in die religieuse denke. Hulle haal ook nooit die Dekaloog of die Verbondsboek aan as 'n betroubare boek van dreiging of straf nie. Hulle benadruk die persoonlike noot in die verhouding tot God: eerlikheid, liefde, oorgawe. Dit gaan vir hulle om die oorgawe van die hele mens.

## 66. DIE PROFETE: DIE HERE SE HEERSKAPPY IS LEWEWEKKEND

### 1. Die Here regeer universeel en missionêr

Reeds by die roeping van Abraham het die Here beloof dat in Abraham al die geslagte of nasies van die aarde geseën sal word. In die profete, veral in Jesaja, kom die nasies al meer in die gesigsveld as deelhebbers aan die verlossing (Jes. 2:1-4; 11:10; 19:24, 25; 42:6; 49:6; ens.). Die verlossing word nie direk aan die nasies geskenk nie, maar deur bemiddeling van die Here se kneg Israel (Juda). Selfs Israel self kon nie die ware kneg van die Here wees nie; maar iemand uit Israel sou dit wees. Om dit te verstaan, moet die openbaringsgeskiedenis in gedagte gehou word.

Deur sy sonde in die tuin van Eden het die mens die rug op die lewende God gekeer en homself daarmee aan die dood prysgegee. Dit is by die stad- en toringbou van Babel herhaal. Uit hierdie doodsituasie het God vir Abraham geroep en uit hom, 'n kinderlose, op 'n lewewekkende wyse 'n volk gebore laat word. Hierdie volk was 'n instrument en model van die verlossing en het deur sy bestaan en geskiedenis gewys dat verlossing lewewekking uit die dood is. Die nasies sou eers deur die geskiedenis leer wat hulle gedoen het deur hulle rug op die lewende God te keer. Hulle het daarmee die dood gekies en bowendien God se toorn op hulle gelaai. Die nagestreefde eenheid sou nooit bereik kon word nie. Ook die eenheid van die wêreldryk waarin die bondsvolk hom nou bevind in die tyd van die profete, is geen ware eenheid nie, maar is inteendeel dwang en beteken onderdrukking vir die meeste nasies.

Die Here bewys sy mag oor die nasies en die geskiedenis deur sy weg met sy verbondsvolk. Dit geld nie alleen van die geboorte van hierdie volk uit

die kinderlose Abraham nie, maar van die hele volksgeskiedenis tot met die wegvoering in ballingskap en die verlossing daaruit. Die Here betoon sy oormag oor die wêreldvors Cyrus. Sonder dat by daarvan bewus is, gebruik die Here Hom as gesalfde om die goddelike plan uit te voer en sy volk uit die ballingskap te verlos (Jes. 45). Daardeur sal die nasies erken dat die Here oor alle volke regeer. Die Here wys ook dat Hy sy volk verlos deur hulle te straf en dan te red.

Hy laat sy volk as 't ware ondergaan, sterf; dan laat Hy hulle deur lewewekkende krag opstaan. Daarmee wys Hy ook aan die nasies dat die weg van verlossing dié van bekering is. Dit is die weg van 'n afsterf van die ou lewe en 'n opstanding van 'n nuwe. Die nasies wou dit nie doen nie en kon ook nie. Dit moes vir hulle bemiddel word deur Israel. Ook Israel wou en kon dit uit hulleself ook nie regtig doen nie en moes dit weer deur bemiddeling van die eintlike kneg ontvang. Hy het in die plek van Israel en die nasies gely, gesterf en opgestaan. Daarom kon daar van sending in die volle sin van die woord eers sprake wees nadat die Kneg, Jesus Christus, gekom het. Sonder Hom was sending nog nie moontlik nie.

Die boek Jona word beskou as die eintlike sendingboek in die Ou Testament, want Jona is die enigste persoon wat werklik 'n sendeling of gestuurde was om die woord van die Here aan ongelowiges te gaan verkondig. Die boek leer dat die bemiddelaar van die woord moet sterf en opstaan voordat die woord tot ander nasies verkondig kan word. Jona bly drie dae en drie nagte in die ingewande van 'n vis; dit kom prakties neer op sterwe. Dat Jona weer lewendig daaruit gekom het, beteken prakties dat hy uit die dood opgestaan het. Die boek eindig deur te wys wat deur Jona en sy volk afgesterf moes word, dit was selfsug. By Jona was die dood en opstanding nog onvolkome en slegs skaduagtig. Dit was ook die geval in Israel se hele geskiedenis. Dit sou werklikheid word in Hom wat meer is as Jona (Matt. 12:40).

## 2. 'n Spanningsvolle heerskappy: oordeel en verlossing

Die profete se prediking dra 'n paradoksale karakter. Dit verkondig die Here se soewereine heerskappy oor alle dinge, in besonder oor sy bondsvolk. Tegelykertyd verkondig dit egter die verregaande sonde van die volk: gedurige afvalligheid, afgodery, vormdiens, ongeregtigheid op maatskaplike gebied, ens. Daarom verkondig dit ook die ontsettende oordeel van die Here oor die volk. Aangesien die Here ewe-eens 'n barmhartige en genadige God is, verkondig die profete egter ook verlossing. Maar omdat die verlossing telkens

deur die volk as iets vanselfsprekends of te maklik opgeneem word, kondig die profete vernietigende oordeel aan.

Daar is gevolglik 'n geweldige spanning in die profetiese prediking. Enersyds verkondig die profete 'n ontsettende en onontvlugbare oordeel, andersyds 'n wonderlike verlossing. Dit is soos twee ewewydige lyne wat langs mekaar loop en nie wil ontmoet nie. Oordeel en verlossing staan partykeer in hierdie prediking abrup langs mekaar (byvoorbeeld Hos. 2:12, 13). Sommige profete benadruk dat slegs 'n oorblyfseltjie gered sal word (byvoorbeeld Jes. 1:8). Waarom hulle gered word, bly ongemotiveerd. Dit is slegs deur God se genade en verbondstrou.

Vanweë die onderskeie situasies by die ouere, latere en ballingskapsprofete oorheers bekerings-, ondergangs- en verlossingsprediking onderskeidelik by hulle. Tog vertoon die geheel 'n eenheid en verkondig dit dat die geskiedenis afstuur op die Dag van die Here. Die uitdrukking is 'n tegniese term wat ongeveer dertig keer in die Ou Testament voorkom: alleen by die profete en in Klaagliedere (Jes., Eseg., Joël, Am., Ob., Sef., Sag., Mal.). Die Dag van die Here is die tyd van die Here se eskatologiese oordeel ten behoewe van sy volk, maar tegelykertyd ook oor hulle! (Vgl. byvoorbeeld Am. 5:18 e.v.) Die profete verkondig die dag altyd as naby, in die sin dat God self naby is. Die dreuning van sy unieke koms in die geskiedenis het reeds 'n effek in alle gebeurtenisse.

Die profete se verwagting van die nabyheid van die Dag van die Here is dus nie 'n naïewe vaskyk teen hulle eie tyd nie. Dit het inteendeel 'n besondere diepteperspektief. Die profeet se eie tyd word daarmee binne die eenheid en verband van die ganse geskiedenis gesien en word 'n aktueel-eskatologiese betekenis gegee. In teenstelling hiermee word eskatologiese stof vandag te dikwels ongenuanseerd op die eietydse gebeurtenisse toegepas. Dan word daar gemaak asof die profetiese stof en perspektief deur die eietydse gebeurtenisse uitgeput is en asof die eindpunt sonder meer tydmatig voor die deur staan.

### 3. Iets radikaal nuuts, maar uit die oue

Die geskiedenis loop volgens die profete vir die bondsvolk onkeerbaar uit op ondergang. Tog handhaaf die Here die verbond op 'n wonderlike wyse en gee sy volk lewe deur ondergang en dood heen (Eseg. 37). Daarvoor gee Hy selfs 'n plaasbekleder. Dit is iemand wat déúr die volk, maar tegelykertyd vír die volk doodgemaak word, iemand wat ook weer sal lewe. Hy is die eintlike Kneg wat die plek van die mislukte kneg Israel inneem (Jes. 53).

Die profete roep die volk kragtig op tot radikale verandering op alle terreine: staatkundig, maatskaplik, godsdienstig, persoonlik. Hulle praat dikwels oor nuwe dinge wat die Here tot stand gaan bring. Die Here verkondig nuwe dinge (Jes. 42:10); Hy gee 'n nuwe hart (Eseg. 18:31), 'n nuwe naam (Jes. 62:2), 'n nuwe verbond (Jer. 31:31-34), selfs 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat met die vorige nie vergelyk kan word nie (Jes. 65:17). Hierdie nuwe dinge het egter altyd 'n wesenlike verband met die oue en met 'n verandering van hart en lewe. Die weg wat die mens moet volg, word deur die kneg van Jes. 53 aangedui.

Hierdie weg is die weg van selfverloëning in diens van die Here en tot diens van die naaste. Dit beteken om in jouself, in jou sonde en selfsug, te sterwe en om op te staan tot 'n nuwe lewe van bekering onder die absolute heerskappy van God en in gemeenskap met Hom. Dit kan alleen gebeur deur deel te hê aan die Kneg wat gedoen het wat geen mens of kneg self kan doen nie, selfs nie Israel of een van die uitnemendste van sy profete nie.

## 4. Notas

1. Kaiser (1978:183-185): Die belofte wat deur die profete verkondig is, was 'n belofte en nie 'n blote voorspelling nie. Voorspelling was nie eens 'n hoofkenmerk van die profetiese verkondiging nie. Die profete was verkondigers van geregtigheid en het die wet sowel as die belofte verkondig om die volk te beweeg tot bekering en 'n lewe van gehoorsaamheid aan die wil en plan van God. Volgens Kaiser was dié verkondiging nasionaal sowel as kosmopolities van aard aangesien alle stamme, volke en nasies deur die geloof in een enkele program verenig is. Kaiser sien nog onvervulde beloftes vir die nasionale Israel nou dat die Christelike bedeling aangebreek het. Hy maak nie genoeg erns met die vervulling in Christus nie.
2. Eichrodt (1961:385): Die profete se radikale kritiek op die status quo sluit enige optimistiese geloof in vooruitgang uit. Daar is geen hoop dat teenstand van die mens se kant, geleidelik oorwin sal word nie. Daar kan ook geen sprake daarvan wees dat God die bestaande situasie in die wêreld regverdig nie. Die profete doen geen poging tot 'n teodisee nie. Hulle werp hulle inteendeel op God wat die mag het om nie alleen dinge te laat vergaan nie maar hulle ook weer te skep. Die geskiedenis sal uiteindelik afbreek en verdwyn in 'n nuwe bedeling. (Kyk ook by eskatologie.)
3. Volgens Von Rad (1962:127,128) val die profete se beskouing basies buite die heilsgeskiedenis soos dit tot op daardie stadium deur Israel verstaan is. Volgens die profete is dit afgedaan met die oue; Jahwe gaan nou iets heeltemal nuuts bring: 'n nuwe Eksodus, 'n nuwe verbond, 'n nuwe Moses. Von Rad maak 'n te radikale verskil, 'n breuk, tussen die profete en die res van die Ou Testament. Hy bring nie die aard van God se lewewekkende werksaamheid,

wat dwarsdeur die boeke van die Ou Testament tot uiting kom, genoegsaam in berekening nie.

4. Westermann (1978:110,111) wys daarop dat Israel sy bestaan as volk verkry het deur God se reddende dade. As Israel hom van hierdie God afkeer, verloor hy sy bestaansgrondslag. Aangesien die aangekondigde ondergang God se ingryping is, is dit gegrond in die werk as geheel, in die plan van God, wat Israel as sy volk uit die bedreiging van sy bestaan wil uitred.

5. Zimmerli (1972:161 = 1978:185): Die uitdrukking "Die dag van Jahwe" word nie deur 'n nadere omskrywingselement verduidelik nie. Dit is die dag waarop die nabyheid van Jahwe die allerbeheersende is, die dag van ontmoeting met Jahwe self (Am. 5:17). Hoe absoluut die oordeelsaankondiging van die profete ook mag wees, dit is tog nie al wat daaroor te sê is nie. Die oordeel is nie 'n noodlotskatastrofe nie maar die konfrontasie met die persoonlike, lewende God. Dit is Hy wat dit aankondig. Agter alles staan die allesbeheersende Ek - "Ek, Ek sal ..." (vgl. by Hos. 11 en Am. 3,9; Zimmerli, 1972:161,165).

## 67. DIE HERE TREE OP DEUR SY WOORD EN DIE GESKIEDENIS

### 1. Die woord is effektief, al volg dit 'n lydensweg

Die profete was kragfigure met 'n besondere invloed vanweë die woord wat hulle gebring het. Hulle was oortuig dat hierdie woord nie hulle eie woord was nie, maar dié van die Here. Die volgende formule is dan ook kenmerkend van die profete se verkondiging: "So sê die Here" (byvoorbeeld Jer. 2:2,5, ens.; Eseg. 2:4; 3:27; ens.); of : "die woord van die Here het gekom tot" (Hos. 1:1: Joël 1:1; ens.); en afgesluit met: "het die Here gesê". Hulle is daarom ook oortuig dat wat hulle sê, sal plaasvind. Daarom gebruik hulle dikwels die perfektumvorm van 'n werkwoord wanneer hulle oor die toekomsgebeurtenisse praat. Dit is die sogenaamde "profetiese perfektum" en druk die sekerheid van die gebeurtenisse uit.

Die woord wat die profete bring, is nie 'n blote klank nie, maar is effektief en bring dinge tot stand. Dit keer nie leeg na God toe terug nie (Jes. 55:10,11). Dit werk egter nie as 'n opsigselfstaande magiese krag nie, maar is gedurig onder die volle beheer van God self. Die sondige mens weerstaan wel hierdie woord, maar die woord gaan met sy werking voort. Die sondige mens is in sy eie oë wys: hy noem sleg goed en goed sleg; hy maak die lig duisternis en die duisternis lig (Jes. 5:20, 21). In die mens se verregaande sondigheid draai hy dus die woord van God om en reageer presies op die teenoorgestelde

wyse daarop as wat dit behoort. Daarom word die volk deur die prediking van Jesaja verhard en onbekeerlik gemaak, sodat die Here hulle ondergang bewerk (Jes. 6:9, 10). Weens hulle onbekeerlikheid teenoor die profetiese woord gaan hulle die volksdood van ballingskap in (Eseg. 37). In plaas dat die woord lewe bring, bring dit die dood ! (Jes. 40:6-8.)

Die woord betoon Hom op wonderbaarlike wyse as 'n lydenswoord. Dit gaan in die verkondiger in en bring hom in lyding, byvoorbeeld by Jeremia (Jer. 20). Jesaja praat van 'n verkondiger van die woord wat die lydende kneg is. Hy is terselfdertyd die woord self (Jes. 49, 53). Hierdie kneg is die volk, maar hy is ook die profeet en selfs ook iemand meer as die profeet. Jesaja sien hom ly en sterf. Daarmee sterf die bondsvolk en sterf dus ook as 't ware die woord van die verbondsbeloftes. Tog sien Jesaja dat die kneg bly leef. So bly die woord leef en gee die woord lewe aan die volk wat tot die dood gevalle is.

## 2. Die bondsvolk se lyding 'n middel tot 'n groter doel

Die profete moes die volk in ballingskap met groot krag en geduld optel uit teleurstelling, moedeloosheid en vertwyfeling : "Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die Here verborge, en my reg gaan by my God verby?" (Jes. 40:27). Stadig maar seker het die profetiese prediking die volk uit die dieptes opgetel en hulle gebind aan die voor-ballingskapse prediking. So het die veragte bekeringsprediking van vroeër die woord geword waaruit hoop vir die toekoms geput is.

Vir die berouvolle en bekeerde volk gee die Here selfs 'n nuwe betekenis aan hulle ballingskap. Dit is wel straf op hulle onbekeerlike houding teenoor die Here en die langdurige profetiese oproep tot bekering voor die ballingskap (Jes. 40:2), maar die Here gee in sy genade ook 'n positiewe betekenis daaraan. Dit is 'n middel om die lig van die woord na die nasies toe uit te bring. Die aanraking met die nasies in die ballingskap maak die weg daarvoor oop. So vervul die Here sy doel met sy roeping van Abraham en die verbondsvolk (Gen. 12:3). Die woord verwek verlossing deur die volk se lyding en dood heen. Dit word moontlik gemaak deur die eintlike lydende Kneg, wat in die verbondsvolk se plek vir hulle sondes en vir dié van ander sal sterf en tog weer sal lewe (Jes. 53).

## 3. Die Here beheer die hele geskiedenis

Die profete verkondig nie bloot tydlose waarhede nie, maar staan met albei voete in die volle lewenswerklikheid. Hulle sien die volk se getrouheid of hulle afvalligheid binne 'n historiese raamwerk. Die Here straf onder meer deur

die geskiedenis. So gebruik Hy byvoorbeeld die opkoms, bloei of ondergang van wêreldmagte of van ander nasies om sy volk te straf of te verlos.

Die Here handel dus met sy volk nie slegs in 'n situasie van hier en nou nie. Hy verbind sy optrede gedurig met sy verlossingsdade in die verlede, soos die uittog uit Egipte, en rig die openbaring ook sterk op die toekoms. Hy omspan die ganse geskiedenis en lei dit na 'n doel.

Hoewel die profete sterk op die historiese gebeurtenisse en op die geskiedenis gerig is, is hulle prediking en boeke nie bedoel om geskiedenisbeskrywing as sodanig te gee nie. Hulle boeke is in die Bybel dan ook nie in konsekwent chronologiese orde gerangskik nie. Daar is ook nie 'n ander voor die hand liggende maatstaf vir die rangskikking nie. Daarom sal by die bespreking van die onderskeie profetiese boeke in hierdie boek, ook nie 'n chronologiese rangskikking gevolg word nie. Hoewel elke profeet in sy historiese verband bespreek sal word, sal die volgorde van die Bybel (bepaaldelik die Griekse kanon) gevolg word. (Weens die verskil in lengte van die bespreking van die onderskeie profete sal enkeles gerieflikheidshalwe anders bymekaar gegroepeer word om 'n beter balans in die samestelling van die boek se hoofstukke te kry.)

### 4. Eskatologiese verwagtings

Die Ou Testament het vanaf die vroegste tye 'n eskatologiese oriëntasie gehad. Dit hang saam met die geloof dat daar 'n eenheid in die geskiedenis is en dat dit na 'n doel heen beweeg. Die profete het normaalweg die fokus op die hede gerig, op sonde, bekering en die oordeel van God in die huidige gebeurtenisse. Die latere profete verskuif die fokus meer na die toekoms. Dit hang saam met die duideliker wordende feit in die Ou Testament dat daar 'n absoluut nuwe situasie nodig is; dat mens, aarde en geskiedenis moet verander.

Die eskatologiese verwagtings bloei in die tyd van die profete op. Dit bevat nou ook 'n dieper element, naamlik: die verlossing sal deur ontsettende oordeel heen bewerkstellig word. Dit sal gebeur in die Dag van die Here, en dit sal ook die verbondsvolk tref. Hierdie dag word deur die profete as 'n heel konkreet historiese gebeurtenis verwag, maar daar skyn ook bo-historiese trekke in hulle verwagtings deur. Dit gaan vir hulle primêr daarom dat die Here sy heerskappy en sy gemeenskap met die mens deurvoer. Daarom lê hulle klem op die Here se koms na sy volk toe. Hierdie verwagting staan meer sentraal as die verwagting van 'n messiaanse persoon.

Die erns en diepte van die verbondsvolk se sondigheid maak dat daar 'n radikale verandering moet plaasvind. Daarom sal daar 'n nuwe, eskatologiese tydperk aanbreek, dit is die laaste tyd of eskaton. Dit word beskrywe in voorstellings wat baie van mekaar verskil en wat konkreet-historiese sowel as bo-historiese elemente bevat. Gemeenskaplike trekke in die vertelling is dat die geskiedenis sal uitloop op 'n wêreldstryd en wêreldgerig (Jes. 24:18 e.v.; Eseg. 38,39; Dan. 2, 7; Joël, Ob., Sef. 1, 3; Sag. 13; Mal. 3:17; 4:1 e.v.). Daar sal 'n tyd van vrede kom (Jes. 2:11; Sag. 9).

Hierdie verwagtings is gegrond in die onwrikbare geloof in die Here se absolute soewereiniteit en sy onwankelbare verbondstrou.

## 5. Apokaliptiese verwagtings

Die apokaliptiek tree na vore as 'n intensivering, en tegelyk omvorming, van Israel se historiese geloof in die triomf van God se heerskappy: historiese gebeurtenisse staan nie alleen nie, maar hang saam met die magtige kosmiese worsteling wat spoedig deur God tot 'n eindpunt gebring sal word.

Die apokaliptiek is 'n onderdeel van die eskatologiese stof, maar is minder histories en meer stereotiep en geheimsinnig van aard. Dit kom veral in die boek Daniël voor en dateer uit uitsiglose periodes van Israel se geskiedenis. Die apokaliptiek leer dat die wêreld so korrup en gebroke is dat alleen die Here sake kan beredder. Dit kan alleen deur 'n radikale omkering van dinge geskied. In vervolgings moet daar met volharding op Hom alleen gewag word. Die huidige en toekomstige gebeurtenisse is reeds in sy raadsplan vasgelê. Die mens is tog nie 'n blote slagoffer of willose slaaf van magte wat hom as meganiese werktuig gebruik nie. Hy kan 'n persoonlike verhouding met God beoefen en bly 'n redelik-sedelike en verantwoordelike wese. Daarom bid Daniël byvoorbeeld vir die sonde van sy volk (Dan. 9).

Die lewe is in die eerste plek begrepe in die Here en in gemeenskap met Hom. Die Here is die lewende God wat redding en lewe vanuit die dood wek. Daar sal 'n veranderde, hernude wêreld kom, sowel as 'n persoonlike opstanding uit die dood (Jes. 26:19; Dan. 12:2). Die vernietiging van die wêreldmagte lê inhoudelik gesien vlak voor die deur. Hierdie verkondiging wil mense egter nie tot nuuskierige berekenings prikkel nie, maar wil vervolgdes aanspoor tot geloofsvolharding.

## 6. Messiaanse profesieë

Die messiaanse profesieë draai om Israel se verwagtings van 'n ver- losserfiguur in die algemeen, hetsy 'n gesalfde koning, profeet, priester of selfs 'n ander ongesalfde persoon. Hierdie verwagtings is gegrond in die sekerheid dat Israel se mislukking nie inhou dat die Here misluk het nie. Hy sal inteendeel op 'n wonderbaarlike manier redding bewerkstellig - selfs sonder dat daar sprake is van 'n persoonlike messias. Die Here beheer die geskiedenis en voer sy doel in die geskiedenis deur. Die messias kom uit die volk en is een met die volk, maar tog ook tegelykertyd bo-histories.

Die beloftes is wel sterk aan die Dawidiese koningshuis verbind, omrede die Here se verbond met Dawid (2 Sam. 7). Voorbeelde hiervan is: die Immanuelteken (Jes. 7:14); die nuutgebore wonderbare koning (Jes. 9: 1 e.v.), die looitjie uit die dooie stomp van Isai (Jes. 11: 1 e.v.); die Heerser uit die voortyd wat in Betlehem gebore word (Miga 5: 1 e.v.); die Spruit met die naam: die Here ons geregtigheid (Jer. 23: 6); die vervalle hut van Dawid wat weer opgerig word (Am. 9: 11); die steggie van die seder van Israel (Eseg. 17: 22-24); die een Herder van die een kudde onder 'n verbond van vrede (Eseg. 34: 11 e.v.); Serubbabel, seëlring van die Here (Hag. 2 : 21-24); die nederige oorwinnaarkoning (Sag. 9: 9 e.v.).

Die verlosser word ook geteken as 'n veragte en mishandelde kneg, een met sy volk in lyding en ontluistering (Jes. 42, 49, 50, 53). Verder word Hy geteken as die Seun van die mens uit die hemel (Dan. 7:13 e.v.), en in ander beelde, (by. Dan. 2; Sag. 3:8-10; 6:9-15; Mal. 3:1).

## 7. Notas

1. Die profetiese uitdrukking: "die woord van die Here het gekom tot ..." lui eintlik letterlik: "die woord van die Here het gebeur aan/tot ...". Die woord "gebeur" is dieselfde woord as "is/wees/gebeur" en wys op die dinamiese betekenis van die begrip "is/wees" in die Ou Testament, soos byvoorbeeld in die benaming "Ek is wat Ek is" (Eks. 3:14).
2. Young (1978:79) wys daarop dat die begrip openbaring vandag sy hoë betekenis verloor het as kommunikasie van informasie van God aan die mens, wat die mens uit homself nie sou kon verkry of ontdek nie. Die woord dui blykbaar vandag soms bloot 'n verryking van die mens se kennis aan wat op een of ander wyse tot die mens gekom het in die loop van natuurlike ontwikkeling.
3. Vergelyk Vriezen (1966:238 - 240) oor die dinamiese maar nie magiese betekenis van die openbaringswoord, oor die "profetiese perfektum" en oor die onvervulde profesieë.

4. Die openbaring aan die profete is nie aan bepaalde uiterlike maniere gebind nie. Die waarheid van hulle verkondiging kan daarom ook nie op uiterlike gronde vasgestel word nie, maar alleen aan die inhoud van die woord. Die bepalende faktor is of hulle prediking ooreenstem met God se wil en uit sy Gees gebore is (vgl. Vriezen, 1966:241).
5. Vergelyk Vriezen (1966:249-255,278) oor die profeet as openbaringsmiddelaar: *nabi* (spreker); bode; 'n vrye, deur Jahwe geroepe man, wat deur Hom gedwing word om sy woord te verkondig; wagter oor die volk; 'n persoon met leerlinge om hom; en verder oor die profete as verkondigers van oordeel sowel as heil; en oor die inhoud van hulle verkondiging oor God as bo-nasionaal, bo-kulties, heilig én barmhartig en regverdig. Vergelyk voorts Vriezen (1966:267-272; 292-296) oor die profete se houding teenoor die tempel en die kultus.
6. Vergelyk Vriezen (1966:477) oor die feit dat die woord "Messias" (gesalfde) in die Ou Testament nêrens in verband met die verlosserfiguur voorkom nie!
7. Vergelyk Vriezen (1966:479,480) oor die feit dat die Godsgemeenskap self die sentrale moment is in die toekomsverwagtings (Jer. 31:31 e.v.; Eseg. 36:26 e.v.; 48:35; Jes. 52 :7 e.v.; Sag. 2:4 e.v.= 2:8 e.v.; Joël 2:28 e.v. = 3:1 e.v.). En voorts Vriezen (1966:493-499) oor verskillende soorte eskatologie in die Ou Testament; verder oor die ontstaan van die eskatologie as vrug daarvan dat die mens in die diepste nood moes leer om alleen op God as enigste vaste lewensgrond te vertrou; oor die feit dat die swaartepunt van die Ou-Testamentiese heilsverwagting nie in die messias lê nie, maar in die paroesie, die nabye koms van Jahwe; verder: dat eskatologiese denke nie op die bo-wêreldse gerig is nie omdat die koninkryk van God in die Ou Testament 'n aardse verskyning bly. In die realistiese denke van Israel word die stoflike en geestelike nie geskei nie. Die eskatologiese hef daarom nie die nasionale op nie maar verwyd dit tot universaliteit. Deur die eskatologie het die geskiedenis 'n sin en doel gekry omdat dit in 'n sinvolle samehang voltrek word: in die volkome gemeenskap van die mens met God, sodat Hy as Koning sal kom, of anders benader: sodat Hy alles in almal sal wees. So is die antiek-oosterse en antiek-westerse denke deurbreek wat die wêreldgeskiedenis gesien het as 'n oneindige aaneenskakeling van sikliese periodes, soos die jaarsiklusse in die natuur. Die gelowige sien 'n toekoms oor hierdie wêreld daag, omdat hy deur die geloof hoop op die paroesie, die koms van God; hy kan nou reeds leef uit die krag van die vervulling, in die wêreld van die vryheid, van die kindskap van God, want God is koning en sal as sodanig sy heerskappy volkome maak.
8. Von Rad (1965:119-125) verbind die eskatologie en veral die Dag van Jahwe baie nou, en wel te sterk, aan die heilige oorlog onder aanvoering van Jahwe. Volgens Von Rad (1965:301-308) is apokaliptiek te weinig geïnteresseerd in Israel se geskiedenis en te gekonsentreerd op die laaste generasie van Israel (dié wat volgens hulle oortuiging op die punt gestaan het om die laaste gebeurtenisse in te gaan) om uit die profesie te ontspring. Dit het veel meer 'n intellektuele inslag en het sy wortels in die wysheidsliteratuur. Hierdie

beskouing van Von Rad is egter te eensydig (vgl. Westermann, 1978:132). Zimmerli (1972:204 = 1978:235) stel dit so: "In sy verkondiging van die krisis in die gebeure tussen die wêreld en God, en die gewisse afstuur op die doel van die geskiedenis soos deur God beplan en bestier, kom die apokaliptiek van 'n ander plek as die wysheid, wat die vaste ordeninge van die lewe in 'lewenskunde' probeer saamvat".

9. Kyk veral Zimmerli (1972:200-202 = 1978:227-230) vir 'n kernagtige bespreking van die apokaliptiek in die Ou Testament. Vergelyk ook Burden (1987:214-216) en Le Roux (1987:325) oor die apokaliptiek as sosiologiese verskynsel - in aansluiting by Hanson. Aan die wortel van die verskynsel lê hiervolgens die stryd tussen hiërokrate, onder leiding van die Sadokiete, wat oor die mag beskik het, en die sieners. Hulle was verbitterde na-ballingskapse andersdenkendes en ontnugterde Leviete wat van hulle regte beroof is. Hulle het oor geen mag beskik nie en was gekant teen die bestaande orde van die Sadokiete. Hulle het verkondig dat Jahwe self later sal ingryp, die bestaande strukture sal omverwerp en nuwe dinge tot stand sal bring. Daar bestaan egter nog baie meningsverskil oor hoe die apokaliptiek ontstaan het.

10. Slegs enkele profete (soos Jesaja, Esegiël; Sagaria, Haggai) praat uitdruklik oor die Gees van God. En dan is die Gees nou verbind met die woord van God. Vergelyk Eichrodt (1967:46-68) vir die Gees as die beginsel van lewe. Elke lewende ding is daarvan afhanklik dat God sy lewensasem oor die geskape orde laat gaan; wanneer sy lewegewende gees wat van God kom, onttrek word, tree die dood in. Die Gees is altyd duidelik hoër as die mens, 'n Goddelike krag of mag in sy sterflike liggaam, onderworpe aan die heerskappy van God alleen (1967:47,48). 'n Politeïstiese sowel as 'n panteïstiese en mistieke wêreldbeskouing is uitgesluit. Geen weg tot 'n direkte mistieke kontak met God word geopen nie. God is 'n persoonlike en magtige Heerser. Die Gees werk in die nouste verband met die woord van God en het veral te doen met die geestelike en persoonlike optrede van die Verbondsgod, met sy oproep tot verpligting en beslissing. Daarom is die profete nie afgetrek in die sfeer van towery en wonderdoenery nie (1967:53,54,65).

## 68. I JESAJA: "DIE HEILIGE VAN ISRAEL" – STRAF EN VERBONDSGEMEENSKAP

### 1. 'n Angsvolle tyd vol koalisies

Jesaja het omtrent veertig jaar lank geprofeteer. Dit was die angsvolle tyd van die Judese konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia (1:1), toe die wrede en gevreesde Assiriërs as 'n wêreldmag na vore gekom het. Die Tienstammeryk word deur 'n verskriklike lot getref: wegvoering na die land van die onderdrukkers. Ook Juda staar hierdie lot in die gesig. Die vreesbevange volke van die Midde-Ooste sluit bondgenootskappe om die Assiriërs te stuit (8:5-8). Jesaja oefen veral kritiek uit teen die bondsvolk se aandeel in hierdie koalisies, want hierin staan vertroue in die verbond van God nie op die voorgrond nie.

### 2. "Die Heilige van Israel"

Die gedagte van die Here as "die Heilige van Israel" (1:4) beheers die hele boek. Dit kom veral sterk uit in die beskrywing van die regsaak wat die Here met sy volk het en waarmee die boek begin, en verder in Jesaja se roepingsvisioen (Jes. 6). In hierdie benaming sowel as in die twee beskrywings, kom daar twee hoedanighede van God na vore. Hulle staan enersyds in 'n geweldige spanning tot mekaar en word andersyds tog in 'n wonderlike eenheid saamgevat.

Aan die een kant is God die Heilige: totaal anders as die mens en verhewe bo die mens, veral die mens as sondige en verdorwe wese. Aan die ander kant beoefen God intieme gemeenskap met die mens; God verbind Hom so nou aan sy volk dat Hy nie alleen "die Heilige" is nie, maar die Heilige "van Israel". As Heilige is Hy die Onvergelyklike en Onbegryplike, wat met niks en niemand vergelyk kan word nie (vgl. veral 40: 12 e.v.); tog kan Hy geken word uit sy verhouding met sy verbondsvolk Israel. God is die Heilige, wat die sonde nie ongestraf laat bly nie, maar sy felle toorn daaroor teen sy eie volk laat ontvlam. Terselfdertyd openbaar Hy besondere bewoënheid oor sy volk, selfs midde in die oordeel.

Jesaja begin met die Here se regsaak teen sy volk. Die volk het totaal misluk en het aan Sodom en Gomorra gelyk geword (1:9, 10). Hulle is dus geheel en al verdorwe en is daarom dieselfde vernietigende oordeel skuldig as Sodom en Gomorra. Die bondsvolk se geskiedenis het dus ten einde geloop. Alles aan die volk is vir die Here haatlik, selfs hulle gebede (1:11-15); alle kontak tussen die volk en God is afgesny! Daarom straf Hy hulle met 'n groot en seer

straf. Tog openbaar Hy tegelykertyd tere medelyde met die volk in hierdie groot ellende van hulle (1:5 e.v.). Hy sal selfs die onmoontlike vir hulle doen: hulle sondes was soos vaste, onuitwisbare kleure, maar Hy sal dit uitbleik (1: 18). Die Here bewerk verlossing uit ondergang, lewe uit dood (vgl. ook 40:6-8; Eseg. 37). Maar Hy eis bekering (1:16, 17).

Jesaja sien in sy roepingsvisioen die Here in die tempel, omring deur sy indrukwekkende en misterieuse hemelse hofhouding. In diepe nederigheid besing hulle sy heiligheid en koningsheerlikheid (6:2, 3). Jesaja self sien die Here slegs in die vorm van sy kleed (6:1). Om die heilige God ten volle te sien, is nie vir die sterflike mens beskore nie. Die heiligheid van God bring Jesaja ook diep onder die indruk van sy sondigheid en verlorenheid (6:5); maar die Here bewerk versoening vir die berouvolle sondaar (6:6, 7). Vanweë die Here se heiligheid laat Hy deur sy woord die bedorwe volk nog verder verhard en maak hulle ryp vir 'n vernietigende oordeel. Die klein gedeelte van die volk wat aan die vernietiging van oorlog ontkom het, sal opnuut in die oordeel gewerp word. Maar uiteindelik sal God tog 'n oorblyfseltjie red. Hulle sal wees soos nuwe lewe wat uit 'n omgekapte boom uitloop (6:11, 12).

Jesaja verkondig die Here dus as "die Heilige van Israel" en dit hou die volgende in: die Here is die ontoeganklike, straffende en vernietigende God, maar tegelykertyd die genadige God wat 'n onverbreeklike persoonlike gemeenskap met sy bondsvolk beoefen. Hy eis bekering en geregtigheid, geloof en hoop.

### 3. Die Here haat formalistiese godsdiens, en sy woord verhard die onbekeerlike

Die naam "die Heilige van Israel" druk uit dat daar 'n persoonlike verhouding tussen die Here en sy volk is. Dit hou in dat die Here die volk persoonlik opeis en dat Hy nie tevrede is met onpersoonlike handelinge en verrigtinge nie. Die mens daarenteen is juis tot formalisme geneig. Dit kenmerk die bondsvolk se ganse godsdiens en lewe. Daarom word dit op 'n felle manier deur Jesaja veroordeel. Die Here haat hulle eredienste en feeste, dit is vir Hom 'n oorlas (1:14).

Die profeet ontvang selfs 'n skrikwekkende opdrag: hy moet gaan preek tot die verharding, onbekeerlikheid en ondergang van die volk (6:9 e.v.). Die woord wat die profeet verkondig, sal hierdie effek hê omdat die volk so korrup is dat hulle alle waarheid in die teendeel omkeer (5:20). Hulle doen dit ook met die woord van God, tot hulle eie verderf.

### 4. Die Here straf die menslike hoogmoed, maar Hy red die ellendiges, 'n gelowige oorblyfsel

Teenoor die heilige God pas dit die mens om nederig te wees. Die mens is egter hoogmoedig. So verkondig Jesaja met groot nadruk. Die Here sal daarom die hoogmoed van die mens verneder (1:2 e.v.; 2:9, 11, 12-17; 5:15, 16). Dit is juis daarvoor dat Hy die Dag van die Here, die dag van afrekening, laat aanbreek (2:9 e.v.). Die Here tree veral in vir die nederiges, behoeftiges en ellendiges. Hy neem hulle saak op en help hulle (1:5 e.v.; 1:18, 25). So sterk lê Jesaja die klemtoon hierop dat geregtigheid en verlossing vir hom soms byna dieselfde is. Dit is ook daarom dat hy so buitengewoon sterk nadruk lê op geloof en vertroue (7:9; 8:12, 13; 28:16; 30:15). Om dieselfde rede is daar in sy prediking 'n besondere sterk verwagting dat 'n oorblyfseltjie gered sal word (1:8, 9; 1:25; 6:13; 11:1; ens.). Die Heilige God eis dat die volk hulle sal bekeer en dat hulle regverdigheid, barmhartigheid en hulpvaardigheid sal beoefen (1:16, 17).

Jesaja se nadruk op troos en verlossing gaan ook gepaard met 'n kragtige messiaanse verkondiging: die Immanuel-teken (7); die geboorte, naam en heerskappy van die Verlosserkoning (9:1-6); die looitjie uit die stomp van Isai (11:1-10); die koning wat in reg sal regeer wanneer, anders as by die huidige Israel, die siendes nie meer blind sal wees nie en die horendes nie meer doof nie (32:1 e.v.).

### 5. Die Here is transendent, maar Hy openbaar Hom in die geskiedenis en Hy bewerk universele verlossing

Soos by die ander profete staan Jesaja se prediking midde in die konkrete praktiese lewe en geskiedenis. Jesaja word geroep en sien sy visioen in die sterfjaar van Ussia (6:1), d.w.s. toe die Assiriërs hulle onheilspellende verskyning gemaak het. Konings kom en gaan, maar die Here sit op sy verhewe troon. Hy is die bestendige regeerder oor sy verbondsvolk en Hy bly onaangeraak deur die wisseling wat die verganklike aardse lewe en geskiedenis kenmerk.

Die geskiedenis herberg ook 'n transendente element, want die Heilige van Israel, wat Hom in die geskiedenis openbaar, is 'n transendente God. Die sogenaamde Jesaja-apokalips (Jes. 24-27) teken God se finale triomf in die eskatologiese wêreldgerig.

Die Here is die Heilige "van Israel", tog bewerk Hy ook 'n verlossing vir al die nasies (2:1-4); Egipte saam met Assirië sal die Here teen en op een vlak

met die bondsvolk Israel te staan kom (19:23, 24). Die profeet se visie is dus nasionaal en universeel tegelykertyd.

## 6. Die Here werk deur sy woord

Soos ander profete verkondig Jesaja nie sy eie gedagtes nie, maar die woord wat hy van die Here ontvang het (1:2 e.v.). Hierdie woord staan ook in die nouste verband met die wet of woord wat die verbondsvolk eeue gelede ontvang het (1:10). Die Heilige van Israel bly altyd getrou aan Homself en getrou aan sy woord en die verbond met sy volk.

## 7. Notas

1. Vriezen (1966:322-328): God se heiligheid is die absolute heerlikheid van sy wese wat so totaal anders is dat die mens nie daarvoor kan bestaan nie. Die heiligheid teken God se ongenaakbaarheid én sy heer-likheid, of mag, en werk vernietigend ten opsigte van die sonde en sy vyande, maar dit werk ook reddend. Sy heer-likheid (*kabod*) is die uitstralende mag van sy wese en as 't ware die uiterlike verskyningsvorm van sy heiligheid, en is oor die hele aarde versprei (Jes. 6). Jahwe het niks demonies in Hom nie, want Hy is 'n persoon, en die demoniese bevat altyd iets benede-persoonliks. As Heilige is Hy 'n God wat onverdeelde trou van die mens eis ('n "jaloerse" God, maar die vertaling "jaloers" bevat ten onregte 'n negatiewe betekenis, iets verdags: 'n jaloers persoon verdink gewoonlik 'n ander). Die heiligheid van God is in die Ou Testament nou verbind met geregtigheid (1966:333), en met barmhartigheid en genade. Sy barmhartigheid en trou is in sy heiligheid gegrond. God het nie twee gesigte, soos sommige heidense gode nie. Hy is nie 'n dubbelwese nie, maar is enkel (Deut. 6:4), al kan Hy nooit ten volle deur sy skepsel geken word nie (1966:337).
2. Eichrodt (1961:265, 276): Jahwe is 'n absoluut persoonlike God. Hy is nie maar 'n oorweldigende krag wat mense omloop nie, maar 'n Goddelike "U" wat in 'n verhouding met die mens tree en hom ernstig neem as 'n wese met 'n wil (1961:348). Die uniekheid van die Ou-Testamentiese definisie van heiligheid lê nie in sy hoë morele standaard nie, maar in die persoonlike aard van die God. Saam met die kennis van die heilige is Israel ook begiftig met die kennis van die Goddelike U, 'n konkrete persoonlike wil wat daarop uit is om die lewe van die nasie in sy diens te betrek. In Hosea is dit uiteindelik die onbegryplike skeppende mag van die liefde wat Jahwe uitwys as die totaal "andere" (1961:281).
3. Vergelyk Eichrodt (1967:281-284) oor die antinomie, vir die mens onbegryplik, dat Hy wat vlekkeloos regverdig, heilig en rein is, aan die mens lewe en genade skenk deur die voltrekking van sy oordeel, langs die weg van die dood. Hy is die God wat straf en tog genadig is. Alleen die oortuiging om deur God self geroep en staande gehou te word, maak dit vir 'n mens moontlik om die grense

van blote menslike potensiaal te transendeer, om met die geheimnisvolle God te wandel op die duiselingwekkende paaie wat Hy deur die geskiedenis loop. Dit veronderstel bekering, ootmoed, volle vertroue.

4. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 69. II JESAJA : "DIE HEILIGE VAN ISRAEL": DIE HERE IS ENIG EN HY RED DEUR KNEGSKAP

### 1. 'n Moedelose volk in ballingskap

II Jesaja, d.w.s., die tweede deel van die boek Jesaja (Jes. 40-66), het te doen met die periode van Juda se ballingskap, ongeveer 'n eeu en 'n half ná die optrede van Jesaja. Daar is egter 'n basiese eenheid in die twee gedeeltes van die boek. Hierdie eenheid kom onder meer uit in die naam "die Heilige van Israel", wat byna uitsluitlik in hierdie boek voorkom, min of meer gelykop verdeel in die twee gedeeltes. Dit kom naamlik twaalf keer voor in I Jes., veertien keer in II Jes. en slegs vyf keer in die res van die Ou Testament.

II Jesaja is gerig tot 'n platgeslane, onderworpe en moedelose volk in ballingskap (40:27-31). Hierdie gedeelte verkondig dat die Here die skepper van hemel en aarde is, die bestierder van die lotgevalle van alle nasies, ook van Babilonië. Die Here is die God wat getrou bly aan sy verbond en wat die wêreldgeskiedenis in die guns van sy volk sal laat verloop.

### 2. Die Here is die enigste subjek van alles; die skepper, regeerder en verlosser

Net soos I Jesaja verkondig II Jesaja die Here as "die Heilige van Israel". Hierdie tweede gedeelte van Jesaja teken die sondigheid van die mens nog dieper: die mens is dood in die sonde, hy is 'n magtelose, hy kan nie positief op die verlossingswoord reageer nie.

II Jesaja laat egter ook die wonderdadige genade van God des te heerliker uitkom, naamlik dat die Here uit hierdie reddelose situasie tog verlossing bewerk. Die Here is die enigste en magtige subjek van alles en Hy gebruik die volk as sy kneg. Die Here werk veral deur lydende knegskap.

II Jesaja bevat baie "Ek is"- uitsprake. Dit geskied in formulerings soos : "Ek, die Here . . ." (41:4; 42:6; 45:7, 8, 21); "Ek is die Here" (42:8; 43:15; 44:24; 45:5, 6, 18, 19); ens. Die selfbekendstellings van God waarin Hy getuig dat

Hy die groot en enigste subjek van alles is: die skepper van alle dinge, die bestuurder van die geskiedenis en die bepaler van die lotgevalle van sy volk om hulle te verlos. Die Here is onvergelyklik. Teen Hom gereken is almal absolute nietigheid: die nasies, die gode, die bewoners van die aarde, die wêreldvorste (40: 12-25).

Die skrywer lê besondere nadruk daarop dat die Here die skepper is en dat Hy daarom ook nou alles regeer en in staat is om sy volk te verlos. Die Here is die soewereine regeerder oor die natuur, die nasies en die sterre (40:21-26), en ook oor die geskiedenis. Alleen sy onvergelyklike skeppersmag is in staat om die volk uit sy onvergelyklike gevallenheid te verlos. Die Here doen dit deur iets nuuts te skep (40:4; 42:9, 10; 43:19; 48:6; 62:2; 65:17, 18). Die geskiedenis bestier Hy ter wille van sy doel, naamlik dat sy soewereiniteit erken word en dat daar gemeenskap met Hom beoefen word. Daarvoor gebruik Hy byvoorbeeld vir Cyrus: of Kores, groot Persiese veroweraar. Kores is die "gesalfde" van die Here om sy wil te doen, sy plan uit te voer en sy volk te verlos (45:1-6). Israel alleen is egter die Here se "kneg" of dienaar.

Die Here se hoedanigheid as skepper word veral met verlossing gekoppel. Die openingswoord van II Jes. is dan ook 'n besonder intieme, tere en vertroostende woord van verlossing : "Troos, troos my volk, sê julle God" (40:1 e.v.). Daarna word God se onvergelyklikheid en sy skeppersmag besing (40:12 e.v.). Dit was 'n besondere bemoediging vir die ballinge, want hulle was onderhoriges in 'n vreemde land. Dáár is die gode geroem vir die oorwinning oor die verbondsvolk. Maar al is die Jode 'n klein en swak volkie binne die magtige wêreldryk van Babel, hulle kan hulle God bely as die God van die hele wêreld.

### 3. Die woord werk vernietigend en lewewekkend

In II Jes. kom die kragvolle en verlossende betekenis van die woord meer as by enige ander profeet na vore. So begin die boek al met 'n pragtige woord van God wat spreek, en dit vervolg met 'n refrein van oproepe om die woord te verkondig (40:1-11). Die boek benadruk dat die verkondiging van die woord 'n belangrike element is van die roeping van die kneg van die Here (vgl. die knegliedere, 49; 50; 53). Verder bevat die boek 'n oproep om na die woord te luister (55:2) en getuig dit van die kragvolle werking van die woord: die woord bewerkstellig verlossing selfs al maak die menslike onbekeerlikheid verlossing onmoontlik (55:6 e.v.).

II Jesaja word dan ook soms die "evangelis" van die Ou Testament genoem. Hierdie benaming sluit onder meer aan by die troosryke begrip "verkondiger van die goeie boodskap" in hierdie boek (40:9).

Die profeet stel die hoorder egter ook reeds aan die begin van die boek voor 'n paradoksale situasie in verband met die woord. Die verlossende heerlikheid van die woord van God vind nie aansluiting by die verganklike mens en die verbondsvolk nie, maar werk vernietigend op hom in! Voor God se Gees en woord verdor die mens, soos die gras voor die wind (40:6-8). Die profetiese prediking het Israel byvoorbeeld weens hulle onbekeerlikheid in die volksdood van ballingskap laat beland (Eseg. 37). Reeds by die afkondiging van die tien gebooie in Moses se tyd kon die volk die woord nie vat nie (Eks. 20:19). Verlossing is dus eintlik onmoontlik. Tog word die volk in dieselfde asem opgeroep om 'n "goeie boodskap" te verkondig, dit is om die verlossende verskyning van God self aan te kondig. God kom in mag en heerskappy en Hy kom as 'n herder wat gemeenskap met sy volk kom beoefen. Hy kom oor alle hindernisse heen (40:9-11; vgl. ook v. 3-5). Die volk moet self 'n kneg wees wat die woord uitdra. Omdat mense en nasies die woord nie wil en nie kan vat nie, vra hierdie taak volharding en selfs lyding. Dit vra geloof in God, God wat die onmoontlike doen, wat die diepste kloof of teenstelling oorbrug, wat lewe uit dood wek.

## 4. Die Here red deur knegskap

Die Here is die soewereine subjek, die mens daarenteen is diensbaar: 'n kneg. So identifiseer die profeet die bondsvolk (41:8, 9; 42:1, 19; 43:10; 44:1; ens.). Net soos God se soewereiniteit sluit knegskap tegelykertyd 'n besonder intieme persoonlike gemeenskapsverhouding in. Die Here gebruik wêreldvorste soos Kores om sy volk te verlos. Verlossing vra egter nog meer: in die volk se plek as kneg moet daar iemand optree wat op 'n buitengewone manier dit doen waarin die volk misluk. Dit word verkondig in die sogenaamde knegliedere (42:1-6; 49:1-7; 50:4-11; 52:13-53:12). Hulle vorm 'n onderdeel van die kneggedeeltes (41-55) waarin daar van Israel se knegstaak gepraat word. In die knegliedere is die kneg soms Israel, maar soms nie.

Die kneg is begiftig met die Gees en sal verlossing bewerk vir die ellendiges. Hy is gegee as 'n verbond vir die volk Israel (42:6); die verbond wat deur die volk verbreek is, sal in Hom weer van krag word. Hy sal 'n lig vir die nasies wees, dit wil sê, hy sal vir hulle die harmonie met God herstel (42:6, 7). Die kneg doen wat menslik onmoontlik is, Hy sterf en herleef weer uit die dood (53:10). So vervul hy wat in die volk se geskiedenis afgeskadu is: God is

soewerein en Hy straf die mens se sonde vernietigend; maar Hy verwek ook weer lewe uit die dood, want Hy beoefen ook onverbreeklike gemeenskap. Sy heerskappy en gemeenskap kan deur niks gestuit word nie, ook nie deur die mens se dodelike sondigheid nie. God voorsien self iemand om as plaasbekleder vir die mens se sondes te sterf en vir hulle op te staan (53:3-12). Hierdie verkondiging is duidelik op Jesus Christus van toepassing (Matt. 8:17; 27:57, 60; Mark. 15:28; Rom. 4:25).

## 5. Hoop en troos

Die boek begin deur op 'n ongeëwenaarde manier hoop en troos te verkondig (40:1 e.v.). Hierdie hoop en troos kenmerk die hele boek. Daar is 'n dringende uitnodiging om in die volheid van die Here te kom deel (55). Al het die volk die verbond verbreek, loop dit tog nie op egskeiding met die Here uit nie (50:1). Die Here sal hulle nog minder vergeet as wat 'n vrou haar suigling sal vergeet (49: 15).

## 6. Universalisme en sending

II Jesaja is besonder sterk universeel in sy benadering. Hy verkondig die Here as die enigste en universele skepper, onderhouer van alle dinge en regeerder van alle nasies (kyk bo).

Ook die verlossing is wêreldwyd. Die wekroep daartoe kom tot alle nasies (45:22). Dit behoort ook tot die taak van die kneg (42:5, 6; 49:6).

## 7. Notas

1. Vriezen (1966:340 noot 2): Jesaja 51:2 bevat een van die weinige verwysings na die aartsvaders in die profete. Hierdie ondergeskikte rol is die vrug daarvan dat die profete nie nadruk lê op die adel van afstamming nie, maar op God se genade alleen.
2. Vergelyk Eichrodt (1967:331,332) oor die betekenis van lyding as 'n roeping, 'n aktiewe diens vir God se volk, en nie bloot negatief, as 'n bedreiging of beperking van die lewe nie.
3. Zimmerli (1972:189 = 1978:215) wys daarop dat daar in Deuterojesaja geen visionêre element voorkom nie. Hier het alles hoor geword. Vergelyk ook verder Zimmerli (1972:193 = 1978:219) oor die genadevolle "Ek, Ek..." (Ek, Ek is Jahwe, en buiten My is daar geen redder nie", Jes. 43:11); en oor die lydende dienaar (1972:194-199 = 1978:221-225).
4. Vergelyk paragraaf 1, hoofstuk 65.

# 70. JEREMIA: DIE HERE VAT DIE MENS IN SY DIEPSTE WESE

## 1. Deur die woord tref en verander God die verdorwe mens in sy diepste wese

Jeremia tree op vanaf die halfeeu voor die groot katastrofe van die Babiloniese ballingskap tot met die aanbreek daarvan. Die kortstondige hervorming van koning Josia het by die volk net veldiep gaan sit en hulle selfvoldaan gemaak. In werklikheid was hulle godsdiens oppervlakkig en formalisties. Jeremia rig hom skerp hierteen. Die kern van Jeremia se prediking en optrede trek saam in 1:5 en 1:8-10 oor sy roeping. Dit staan in skrille kontras tot die volk en owerheid se oppervlakkige hervormingsgesindheid. "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken, en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet van die nasies gemaak. Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here. Toe het die Here sy hand uitgestrek en my mond aangeroer; en die Here het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, en om te bou en te plant."

Jeremia se prediking en optrede sê: deur sy woord raak die Here die mens tot in sy diepste bestaan en bring by die mens, omdat hy heeltemal verdorwe is, nuwe lewe te weeg. Dit gebeur deur lyding en ondergang en deur 'n wonderdadige wesensverandering van die mens in die nuwe verbond.

## 2. Die Here inisieer en bewerk alles vir die totaal verdorwe volk

Die Here is die soewereine inisieerder en bewerker van alles, en die mens is geheel en al diensbaar aan hom. Hy het die profeet reeds voor sy geboorte geken en voorberei, en dwing hom om die profetiese taak uit te voer (1:5, 6; 20:7 e.v.). Die Here is so soewerein en vry teenoor die volk soos 'n pottebakker teenoor klei (18). Die Here laat sy mag en profesie geld teenoor alle nasies (1:5; 32: 27; 46-51). Selfs die valse profete dien sy doel (4:10). Hy verleen aan alle mense hulle bestaan en Hy kies vir Hom profete en mense uit soos dit Hom geval (1:5; 31:31-34). Hulle verkiesing gaan gepaard met heiliging, afsondering, maar juis met die oog op kontak: hulle het 'n wêreldwye profetiese taak (1:5).

Die opdrag van Jeremia tydens sy roeping "om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes" (1:10), is tipies van sy prediking en optrede. Dit raak die volk in hulle diepste bestaan. Daar het 'n onheelbare breuk tussen die Here en sy volk gekom en dit sal op vernietigende onheil uitloop. Dit is

omdat die volk onbekeerlik is ondanks volgehoue oproepe tot bekering (3:7 e.v. ; 4: 1 e.v.; 6:16 e.v.; 7:13 e.v.; 7:23 e.v.; ens.). Die sonde het tweede natuur by die volk geword (2:20 e.v.; 5:8 e.v. ; 5:1 e.v.; 13:23); hulle tree geweldadig op, veral teen behoeftiges en onbeskermdes (2:34; 5:28; 7:5 e.v.; 22:3). Die louteringsproses het misluk (6:27-30); die volk se sonde is onuitwisbaar en onversoenbaar op die harte gegraveer (17:1 e.v.).

### 3. Ware godsdiens behels persoonlike gemeenskap en sluit formalisme uit

Die Here het Jeremia voor sy geboorte al "geken" (1:5), dit is persoonlike sorg aan hom bestee (Ps. 1: 6), en die Here "is met hom" (1:8, 19; vgl. Eks. 3:14). Die Here wil dus 'n persoonlike verhouding met hom en die volk hê. Die volk het egter slegs 'n oppervlakkige hervorming aangerig (3:10). Hulle lewens moet hartgrondig verander, dit moet soos 'n nuwe braakland gebraak word en hulle moet aan die hart besny word (4:3, 4). Hulle tempel- en offerdiens is formalisties, leeg en vals; dit wek valse vertroue, en dit gaan gepaard met oneerlikheid en afgodediens (7:4 e.v.). Daarmee maak die volk hulle kultus veragtelik voor God en sluit die weg van voorbidding af (7:16; 14).

By die uittog, so herinner die Here sy volk, het dit in kern gegaan om 'n persoonlike verhouding tussen Hom en hulle. Die weg daarvoor is die woordverkondiging en 'n gehoorsame lewe. Die offerdiens is heeltemal ondergeskik hieraan (7:22, 23).

### 4. Ware profesie, anders as valse profesie, vereis persoonlike gemeenskap met God en dit bring lyding mee

Jeremia werp belangrike lig op die wese van ware profesie in teenstelling tot valse profesie. By ware profesie gaan dit nie maar om die uitspreek van 'n gedagte of mening nie, maar die profeet is in sy diepste wese en sy hele menswees daarby betrokke. Daarom benadruk die Here dat Hy Jeremia voor sy geboorte al geken en hom ook in die moederskoot gevorm het (1:5). Jeremia se roeping en voorbereiding gebeur buite sy eie inisiatief om. Dit gaan selfs teen sy wil in; hy protesteer (1:6). Die profeet staan onder Goddelike dwang om die woord te verkondig (20:7, 9). Hierdie dwangkarakter van die profesie is te wyte aan die spanning en kloof tussen die woord en die mens (Jes. 40:6-8).

'n Profeet kom dus nie uit eie inisiatief of met sy eie gedagtes nie, maar is 'n gestuurde. Hy kom met die Goddelike woord, onder Goddelike dwang en in 'n intiem persoonlike omgang met God (1:5-8). Valse profete daarenteen

praat woorde uit hulle eie hart (23:16; 27:15 e.v.; 29:8 e.v.), hulle het 'n oppervlakkige sondebesef, preek nie die oordeel van God nie en roep mense nie op tot bekering nie (23:16,22).

Hierdie verskil kom duidelik uit in Jeremia se stryd met die valse profeet Hananja. Jeremia is so afhanklik van die goddelike openbaring dat dit hom in skynbare verleentheid laat beland, want hy gaan weg as Hananja met sy teenstand volhard en hom op goddelike openbaring beroep. Maar dit bewys juis Jeremia se profeetskap. Jeremia maak nie van die saak 'n teologiese of politieke diskussie nie. Hy spreek hom alleen uit as die Here hom iets gegee het om te spreek (28:11). Nadat Jeremia van Hananja af weggegaan het, gebeur dit ook inderdaad (28:12, 13).

### 5. Die Here maak 'n heeltemal nuwe begin: 'n nuwe verbond

Die woord en die volk staan in so 'n spanning en stryd met mekaar dat slegs 'n nuwe begin 'n oplossing kan bied. Omrede die algehele verdorwenheid van die mens en die samelewing vereis dit 'n omkering van dinge. Die verbreking van die volk is ongeneeslik (5:14). Jeremia moet uitruk en omgooi en vernietig en verwoes. Tog is die uiteindelike doel positief, naamlik om te bou en te plant (1:10). Die Here sal lewe uit die wortel laat uitloop deur 'n buitengewone regeerder te verwek, naamlik "Die Here ons geregtigheid" (23:6), die messias.

Jeremia se opdrag is in wese nie-rewolusionêr en behels eerstens 'n persoonlike wesensverandering. Alleen 'n nuwe verbond kan verlossing bewerkstellig. Die Here sal self bekering bewerk en die woord of wet sal binne-in die mense se harte geskrywe staan. Dit bewerk dus 'n verandering van die mens in sy diepste bestaan. Alleen God kan so iets doen, want Hy is die fontein van die lewende water (2:13). Hy vergewe en Hy gee lewe (31:31-34).

Die verkondiging van die nuwe verbond vorm een van die hoogtepunte van die Ou-Testamentiese Godsopenbaring. Dit is tot ware vervulling gebring in Jesus Christus (Hebr. 8:8-12; vgl. ook Matt. 26:26-28). Hoewel Jeremia nuwe dinge verkondig, gaan dit vir hom nie om verandering as sodanig nie, maar om persoonlike diensbaarheid aan God. Daarom roep hy tegelykertyd kragtig terug na die ou paaie (6:16; 35).

### 6. Realisme en hoop

Jeremia se prediking is realisties en staan vierkantig in die harde lewe. Tog bied hy uitsig op 'n hoop vir die toekoms (29:10, 11). Sy realisme is nie pragmatisme nie. Hy preek teen verbonde met die nasies, veral Egipte. Jeremia is nòg pro-

Babilonies nòg pro-Egipties, maar wek sy volk op tot vertroue op God alleen onder alle omstandighede.

Die boek sluit enersyds af met die verskrikking van die ballingskap en andersyds met die begenadiging in Babel van die Judese verbondsbreker-koning Jojagin. Daar is 'n kentering van die gety, en dit laat die vraag na vore kom: sal die verbondsbreker-volk dalk ook begenadig word? Dit bly egter beskeie verwagtings, gedra deur die diepe onderworpenheid aan God, soos die laaste verse van Klaagliedere.

## 7. Notas

1. Kaiser (1978:228): Jeremia gebruik die uitdrukking "So sê die Here" of soortgelyke uitdrukkings 157 keer, uit 'n totaal van 349 keer wat dit in die Ou Testament voorkom. Jeremia is die profeet van die "woord van die Here" (1:2).
2. Kaiser (1978:233,234) wys op die volgende aspekte van kontinuïteit tussen die nuwe verbond van Jeremia 31:31-34 en die verbond met die voorvaders: 1. dieselfde God wat 'n verbond sluit: "my verbond"; 2. dieselfde wet: "my tora" (nie 'n ander een as dié van Sinai nie); 3. dieselfde Goddelike gemeenskap wat beloof is in die ou drie-ledige formule: "Ek sal julle God wees"; 4. dieselfde "saad" en "volk": "julle sal my volk wees"; en 5. dieselfde vergifnis: "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe". Die woord "nuwe" beteken volgens Kaiser dus "hernude" verbond; en dié verbond was die ou Abrahamitiese-Dawidiese belofte wat hernu en uitgebrei is. Die "nuwe" het begin met die "ou" belofte met Abraham, Moses en Dawid, en die hernuwing het al hierdie beloftes, en nog meer, bestendig.
3. Vergelyk Eichrodt (1967:294,295) oor die verskuiwing van die verhouding tot God, vanaf 'n benadering van verpligting na dié van direkte geneentheid, van liefde.
4. Vergelyk Childs (1986:136-139) oor die feit dat dit in die geval Jeremia teenoor Gananja nie gaan om 'n eksistensialistiese kwessie nie. Die verskil tussen dié twee is nie dat Gananja se tydsberekening vir die lewering van sy boodskap uit is nie. Dit is nie bloot 'n hermeneutiese kwessie nie (anders as wat J.A. Sanders meen), nie 'n psigologiese kwessie: Hoe weet Jeremia of hy reg is? nie. Dit is 'n teosentriese kwessie: Wat is God se doel? Jeremia laat aan God die vryheid om sy wil te verander. Die toets van die waarheid lê in God wat sy wil bekend maak deur openbaring. Die ware profeet verkondig die woord van God; die valse profeet verkondig leuens, hy was nie in verbinding met God se openbaring nie (Jer. 23:25 e.v.).
5. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

# 71. ESEGIËL: DIE HERE VAT SY VOLK DWARSDEUR DIE DOOD

## 1. Esegiël preek vir 'n verharde en later ontredderde volk

Die profeet Esegiël is met die eerste wegvoering in 598/7 v.C. saam met koning Jojagin en 'n aantal aansienlikes as ballinge na Babel toe geneem en was dus 'n jonger tydgenoot van die profeet Jeremia. Hy moes in dieselfde moeilike tyd aan die volk leiding gee. Sy aanvanklike prediking is nog feller as dié van Jeremia en laat geen uitsig op verlossing nie. Dit is omdat die volk in Palestina in hierdie eerste wegvoering nog verder in hulle sondigheid verhard. Hulle verkeer in die waan dat hulle die uitverkore oorblyfsel is in teenstelling tot die weggevoerdes. Tot met die val van Jerusalem (587/6 v.C.) preek Esegiël daarom net oordeel. Daarna is hy 'n heilsprediker om die materieel en geestelik ontredderde volk uit die as te probeer optel (36:21 e.v.). Hulle het die verskriklikste dinge deurgemaak en was nou ballinge, besig om as volk te sterf.

Die boek Esegiël verkondig: Die Here is 'n transendente en onbegryplike regeerder van die wêreld. Hy verheerlik Homself deurdat Hy sy volk wat tot die dood halsstarrig is, met die dood straf, maar hom ook deur sy woord en Gees uit die dood laat opstaan.

Hierdie verkondiging kom duidelik uit in Esegiël se roepingsvisioen oor die geheimsinnige diere (1-3; vgl. bv. 2:5; 3:17,18) en in sy visioen oor die herlewing van die doodsbene (37).

## 2. Die Here is transendent en Hy voer op onbegryplike wyse onmiddellike en absolute heerskappy uit (3,10)

Die profesieë teen die nasies (25-32) getuig dat die Here wêreldwye heerskappy voer. Hy bepaal die gebeurtenisse van die geskiedenis.

Die Here verskyn aan Esegiël by die Kebarrivier in die land van die Chaldeërs (1:1 e.v.). Hy is in sy heerlikheidsverskyning nie tot die tempel van Jerusalem of tot die beloofde land beperk, soos die volk gemeen het nie. Trouens Hy wil nie in die eerste plek in 'n tempel woon nie, maar onder sy volk persoonlik, in mense (vgl. bv. 2 Sam 7).

Esegiël sien 'n geheimnisvolle verskyning van die Here waarin vier geheimnisvolle wesens sy troon dra (1:5 e.v., 26) en wat sy heerskappy oor die wesens asook sy almag en alomteenwoordigheid uitbeeld. Die wesens teken die onbegryplikheid van die Here en sy optrede in die uiters verwarrende

en skrikwekkende geskiedenis van die verbondsvolk se ondergang, maar laat tegelykertyd sien dat daar beplanning en koers in die gebeurtenisse is. Daarom kan die waens se wiele na enige van die vier windrigtings tegelyk draai - 'n wiel reghoekig binne 'n ander wiel om dieselfde as (1:16).

Die verskyning van die Here is so oorweldigend en so anders as wat die mens kan vat dat die profeet in sy beskrywing daarvan sulke uitdrukkings moet gebruik soos: "gestalte" en "wat soos ... gelyk het" (1:24, 26, 27, 28). Die Here spreek Esegiël aan as "mensekind" (2:1, 3, 6, 8; 3:1, 3, 4, 10, 16; ens.) en druk daarmee die groot afstand tussen God en die mens uit, dit wil sê die Goddelike transendensie. Hierdie bewussyn beheers die hele optrede van Esegiël. Die uitdrukking kom ongeveer negentig keer in die boek voor.

### 3. Die Here straf en red sy volk ter wille van sy Naam

Ongeveer sestig keer word in die boek gesê dat die volk of die nasies, deur God se optrede sal besef "dat Ek die Here is" (6:7, 10, 13, 14; 25:5, 7, 11, 17; ens.). Die transendensie en die soewereiniteit van die Here word so sterk benadruk dat sowel die oordeel as die verlossing geheel-en-al uit daardie oogpunt benader word. Die Here sê self uitdruklik dat dit nie om Israel se ontwil is wat Hy hulle verlos nie, maar ter wille van sy heilige Naam. Sy Naam is deur Israel ontheilig deurdat die Here hulle omrede hulle sonde verstrooi het, en die nasies toe gesê het: "Hierdie mense is die volk van die Here, en hulle moes uit sy land uit trek" (36:20 ; vgl. ook vs. 21-24).

Die Here handhaaf dus die eer van sy Naam teenoor die ontroue Israel deur hulle te straf, sowel as teenoor die nasies deur te wys dat Israel inderdaad sy volk is aan wie Hy Hom verbind het. Die verlossing behels dan ook 'n reiniging en 'n grondige innerlike verandering (36:25-28).

Die volk sal veral besef dat Hy die Here is deurdat Hy hulle weer lewe sal gee uit die dood van die ballingskap (37:6, 13, 14). So sal sy Naam Here, net soos in die tyd van die uittog, aandui dat Hy die God is wat lewe skenk (vgl. die bespreking by Eks. 3:14; 20:2).

### 4. Die volk word vernietigend gestraf maar weer herstel vanuit die dood - opstanding en nuwe verbond

Die profeet verkondig die toekomstige beleg van Jerusalem en die gepaardgaande hongersnood, ballingskap en ander verskriklike dinge. Hy maak veral van simboliese voorstellings gebruik (4:1 e.v.; 5:1 e.v.; 12:3 e.v.;

21:20 e.v.). Die verbondsvolk is tot die dood toe verdorwe en halsstarrig en word deur die Here vernietigend daarvoor gestraf. Hulle dien afgode (8:14; 11; 12:21; 13:1 e.v.) en sal daarom sonder verskoning vernietig word (6, 7, 14). Geen voorbidding sal vir hulle help nie, selfs nie al sou Noag, Daniël of Job vir hulle in die bres tree nie (14:14). Die smart sal so groot wees dat dit nie moontlik sal wees om te rou nie (24:22 e.v.). Om dit te simboliseer en by die volk in te skerp, mag Esegiël nie oor sy vrou se dood rou nie (24:16 e.v.).

Die bewoners van Jerusalem is onbekeerlik en het trouens die valse en hoogmoedige opvatting dat hulle die oorblyfsel van die Here is, in onderskeiding van dié wat in ballingskap weggevoer is (11, 15 e.v.). Tog sal die Here wonderbaarlik sorg dat daar 'n klein oorblyfseltjie sal wees (5:3, 4; 6:8; 9:6). Die volk het onherroeplik op die dood afgestuur en het inderdaad as volk gesterf, maar die Here bewerk 'n wonder en laat hulle deur sy woord en Gees uit die dood lewendig word (37). Dit sien Esegiël in 'n visioen oor 'n menigte dor bene wat in die laagte lê. Op bevel van die Here profeteer hy vir die bene. Die gevolg is dat hulle na mekaar toe kom en dat hulle senings en vleis en 'n vel oor kry. Dan profeteer Esegiël vir die gees om in die dooies te kom. Daarop word hulle lewendig. Hier word uitdruklik geleer wat dwarsdeur die bondsvolk se geskiedenis voorkom: die Here se verlossingswerk aan sy volk is niks minder nie as om lewe uit die dood te wek.

Ook geestelik sal die Here iets heeltemal nuuts in die volk tot stand bring, Hy sal met hulle 'n nuwe verbond oprig. Hy sal hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee in die plek van die hart van klip wat nie wil luister nie. Daarom sal hulle volgens sy gebooie lewe (11:19, 20; 36:26, 27). Hy sorg ook dat die wederkerige gemeenskapsverhouding tussen Hom en sy volk gehandhaaf word: "en julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees" (36:28). (Vgl. ook Jer 31:31-34).

In die plek van die korrupte leiers sal die Here Self op buitengewone wyse vir 'n nuwe messiaanse leier sorg (34:23 e.v.; 17:19 e.v.).

Die herstelde volk sal rondom 'n nuwe tempel woon. 'n Algehele kultiese vernuwing sal plaasvind en die Here sal met ware persoonlike oorgawe gedien word (40-48). Die kern van die tempel, en dit waarmee die boek afsluit, is: Die Here is daar! Hierdie sentrale plek van die tempel by Esegiël wys dat daar geen fundamentele verskil tussen die priesterlike en die profetiese diens en Israel was nie; albei verteenwoordig dieselfde religie vanuit verskillende kante.

## 5. God se woord en Gees is lewewekkend én vra persoonlike verantwoordelikheid

Anders as Jeremia wat blykbaar 'n verwysing na die Gees vermy, praat Esegiël oor die werking van die Gees om die mens se hart te verander (36:26, 27; 39:29). Die mens word in die nuwe verbond deur die Gees geregeer. Ook die woord van die Here is effektief - of die volk wil luister of nie (2:5 e.v.).

Die woord en die Gees kan op God se bevel selfs die onmoontlike tot stand bring; dit kan die volk uit die dood opwek (27:7 e.v.). In skerp teenstelling hiermee is die prediking van die valse profete magteloos. In plaas van redding het hulle die vernietigende oordeel van die Here tot gevolg (12:22, 28; 13:8 e.v.).

Net soos Jeremia beklemtoon Esegiël die indiwiduele, persoonlike verantwoordelikheid besonder sterk. Die Here werk nòg bloot kollektief met sy volk, nòg bloot indiwidualisties met die lede. Hulle vorm deel van 'n groter geheel en dra dieselfde kenmerke, soos hardnekkigheid (20:8 e.v.; 20:30 e.v.), maar hulle is tog verantwoordelike, indiwiduele persoonlikhede (18:2). Hulle is nie elkeen 'n blote slaaf van die groep nie en word ook nie sonder onderskeiding saam met die groep gestraf nie. Die weg vir verlossing staan inteendeel vir elkeen persoonlik oop (18:19 e.v.).

Die volk het ook geen grond om te sê dat hulle nie gewaarsku was nie en dus geen moontlikheid gehad het om te verander nie. Reeds by sy roeping ontvang die profeet die ernstige opdrag om die goddelose te waarsku, want as die goddelose onbekeerd bly en daardeur sterf sonder dat hy gewaarsku is, sal die Here sy bloed van die profeet eis (3:16 e.v.; vgl. ook 33:1 e.v.). Ook in hierdie opdrag van Esegiël lê 'n indiwidueel-persoonlike aanspreeklikheid sowel as kollektiewe, gesamentlike verantwoordelikheid opgesluit.

## 6. God lê geheel-en-al beslag op die profeet

Soos by Jeremia is daar in die profeet Esegiël self iets beliggaam van die konfrontasie tussen die volk en God se woord, die woord wat die volk verander teen hulle wil in, maar dan ook eers as hulle as't ware in hulle self vernietig is. Aan die heel begin van sy roeping praat Esegiël van die dwingende mag van die Here oor hom (1:3; vgl. ook 3:22; 33:22; 37:1). Ook van die kant van die mense sal daar dwang op hom uitgeoefen word (3:25). Esegiël moet die boekrol opeet waarop die woord van die Here geskryf is en wat in die visioen aan hom gegee word; hy moet dit geheel-en-al in hom opneem en sy eie maak.

Sy opdrag is besonder spanningsvol. Enersyds bevat die boodskap klaagliedere en gesug en weë, andersyds is dit in sy mond so soet soos heuning, aangesien dit die woord van God is (vgl. ook Jer. 15:16). Die baie simboliese handelinge wat hy moet uitvoer, getuig ook daarvan dat hy geestelik sowel as liggaamlik geheel-en-al in die Here se diens gestel is en dat die woord in hom gestalte wil kry (vgl. die ter sake bespreking by Jeremia, 3:26; 4:4 e.v.; 24:16, 17).

## 7. Apokaliptiese verwagtings

Esegiël 38 en 39 is apokalipties en behoort dus tot die soort profetiese stof wat in geheimnisvolle taal aangaande die groot eindgebeurtenisse praat (kyk hoofstuk 67 en Daniël).

Esegiël 38,39 handel oor die aanslag van Gog teen Israel. Gog verteenwoordig hier die wêreldmagte van oor die hele wêreld en moet nie op een spesifieke historiese vors of nasie betrek word nie, al sou 'n sinspeling op een of ander historiese naam nie heeltemal ontbreek nie. Soos by sommige ander profete (vgl. bv. Sag. 14) word hier verkondig dat die nasies voor die finale einde skrikwekkend sal aanstorm teen Jerusalem. Die volk sal in so 'n doodsbenoudheid verkeer dat hulle verlossing eintlik redding vanuit die dood sal wees. Die klimaks van die geskiedenis sal in dieselfde lyn lê as wat in die onmiddellike voorafgaande hoofstuk geleer is, lewewekking uit die dood (37).

Esegiël ontvlug nie die huidige realiteit, soos die apokaliptiek in later tye nie, maar staar hom ook nie daarteen blind nie. Hy bespeur verskillende verdiepinge van die werklikheid waarin transendensie ook 'n plek het. By hom is daar sowel transendensie as konkreet historiese werklikheid, soos ook blyk uit sy verwagting en beskrywing van die nuwe tempel in Jerusalem (40-48).

## 8. Notas

1. Zimmerli (1972:187 = 1978:213): Esegiël sit onder die ballinge. Teenoor hulle passiwiteit (resignation) stel hy die aankondiging van die nuwe werke van Jahwe in die nuwe terugkeer, die nuwe tempel en die her-skepping van die harte.
2. Vergelyk Eichrodt (1967:245-253) vir die betekenis van die enkeling in die verhouding tussen God en mens, die verhouding tussen die enkeling en die gemeenskap, en die klem op berou en vergifnis, veral by Jeremia en Esegiël.
3. Op die vraag of Esegiël 40-48 slegs 'n ideale, simboliese beskrywing is of 'n profetiese werklikheid, antwoord Kaiser (1978:244) dat hierdie kategorieë miskien te simplisties is. Daar sal weer 'n regte tempel in die land wees en God sal gedien word volgens die wyse van aanbidding wat in Esegiël se tyd bekend

was. Wanneer Esegiël die rivier van lewe en die vrugte beskryf, beweeg hy egter meer na apokaliptiese terminologie, soos wat later by die Openbaring van Johannes gevind word. Maar die werklikheid van die herstelde hemel en die herstelde aarde, waarin die nuwe Jerusalem van Israel beheers word deur "die Here is daar" (Eseg. 48:35), staan vas. Hier is 'n uitbreiding op Jesaja 65 en 66 oor die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die aksent val nou egter op die Here wat in die midde van sy aanbiddende volk tabernakel, terwyl die natuur genees en herstel is tot sy oorspronklike ontwerp en produktiwiteit.

4. Vergelyk Verhoef (1967:36-51; 70-80) oor die tekste wat gewoonlik die basis vir 'n verwagting van 'n millennium vorm en vir die plek van Israel in die nuwe bedeling.
5. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 72. DANIËL: DIE HERE IS DIE BETROUBARE WÊRELDHEERSER, SELFS IN DIE HOPELOOSSTE SITUASIES

### 1. Aansporing tot volharding

Die boek Daniël is enersyds gefokus op die onwrikbare geloofsgetrouheid van Daniël en sy drie medeballinge onder die onderdrukkende en verleidende heerskappy van Nebukadnesar. Andersyds is dit gefokus op die verskriklike geloofsvervolginge onder die Seleusidiese vors Antiochus Epifanus IV, 'n paar honderd jaar later. Die boek kyk blykbaar terug op die verlede en wil daaruit die gelowiges in Antiochus se tyd tot volharding aanspoor. Terselfder tyd word die blik gerig op die eindtyd; dit sal deur verskriklike vervolging voorafgegaan en deur 'n nuwe bedeling vervang word. Daniël verskil van die ander profete daarin dat hy 'n staatsman en wyse is en dat hy apokaliptiese profesie gee.

Die boek sê: Die Here is die absolute en wyse Heerser oor die magtige en korrupte wêreldmagte wat die gelowiges so vervolg; Hy is vir die vervolgde gelowiges selfs in die hopeloosste situasies absoluut betroubaar.

### 2. Stryd, vertroue en wysheid

Daniël laat sien dat die gelowiges deur die wêreldmagte vervolg word en dat dit veral in die eindtyd erger word. Daardie eindtyd het volgens die boek ook reeds begin. Die Here gee wysheid aan sy getroue getuies om hulle in die samelewing van geloofsvervolging te handhaaf. Hy beskik oor die verborge dinge (2:27, 28); dit is Hy wat wysheid gee aan alle wyse manne, maar in besonder aan Daniël en sy vriende (2: 21; I :17, 20; 2: 23; 5:11). Hulle hou

stand teen Nebukadnesar se verbabiloniseringsprogram en hou vas aan die wetsvoorskrifte van die tora (1:3 e.v.; vgl. Lev. 11; Deut. 14:3-21). Daardeur onderskei hulle hulle in wysheid van die ander. Die wysheid is nie 'n besitting wat eenmaal van God ontvang is en nou min of meer onafhanklik van Hom beoefen word nie. Dit gaan gepaard met 'n lewende vertroue op God en persoonlike gemeenskap met Hom. Dit blyk duidelik uit Daniël se innige gebedslewe (2:30; 6:11, 12). Die boek beloof nie verlossing sonder stryd nie, maar wel oorwinning deur stryd en algehele oorgawe aan God heen. Die drie vriende moet bereid wees om die hoogste prys vir hulle geloof te betaal, naamlik om te sterf. Hulle moet ook die volle pad loop, tot binne in die vuuroond (3:18 e.v.). Dieselfde geld van Daniël, wat daardeur in 'n leeukuil gegooi word (6:11 e.v.). Hy word sonder letsel daaruit getrek "omdat hy op sy God vertrou het" (6: 24).

Die verlossing eis dus algehele vertroue op God selfs in die mees hopelose situasie. Nie almal sal so van die dood bevry word soos Daniël en die drie vriende nie. Die Grieks-Macedoniese ryk sal in vier verdeel en daaruit sal een verskriklike koning tevoorskyn kom, die Seleucidiese vors Antiochus. Baie gelowiges sal dan tot afvalligheid verlei word, maar ander sal volhard en doodgemaak word (11:32, 33). God laat die vervolging voluit verloop (" 'n tyd en tye"), maar laat dit in sy liefde vir die gelowiges, skielik tot 'n einde kom (" 'n halwe tyd") (12: 7). Selfs die dood sal hulle nie kan hou nie, hulle sal daaruit opstaan (12: 2).

### 3. Die Here oefen absolute heerskappy uit oor nasies en persone

Elke hoofstuk van die boek benadruk die absolute heerskappy van God. Hoofstuk 1 laat sien dat God selfs oor die gees van die mens heerskappy voer, soos byvoorbeeld aan hom wysheid te gee of hom gunstig te stem (1:17, 19). Daniël 2 handel oor 'n droom van Nebukadnesar oor 'n groot beeld. Die droom openbaar die Here se wysheid en sy mag oor die vors se gees sowel as oor die opeenvolgende ryke in hulle tanende mag. Hulle word deur die ryk van God vernietig. God is die God van die gode, die Here van die konings en die openbaarder van geheimenisse (2:47).

Nebukadnesar se droom oor sy verstoting (4) laat sien dat so 'n wêreldvors wat gelowiges vervolg, self geen rus het nie. Hy kan nie eers sy eie gees beheer nie, maar hy word deur sy selfvoldaanheid verteer. Selfs so 'n vors sal moet erken dat God die opperheerskappy voer en dat Hy die absolute vryheid het om mag te verleen. Hy gee veral voorkeur aan die nederige (4:17, 25, 26).

Dit is God wat die wêreldheerskappy van een nasie na 'n ander laat oorgaan, so leer die geskiedenis van koning Belsasar. Binne die haglikste omstandighede en te midde van oorheersing deur vyande, plaas God die vervolgde gelowiges soms in 'n heersersposisie. So het Hy met Daniël gemaak (5).

Die Here bepaal die toekoms van die Joodse volk in hulle worsteling, eers onder die Persiese heerskappy en daarna onder die Griekse heerskappy (10). Ook die uitkoms van die onderlinge stryd tussen die Ptolemeërs en Seleucide ("konings van die Suide" en "konings van die Noorde" onderskeidelik), word deur Hom bepaal (11).

Hyself sal die wrede Seleucidiese koning Antiochus Epifanes se mag verbreek (8). Die tyd hiervoor is bepaal, maar is by God alleen bekend (8:25, 26). Die gelowiges moet daardeur tot volharding aangespoor word. Hulle moet weet en vertrou dat die Here met sy volk as 't ware deur die dood heen na 'n hernude lewe gaan.

### 4. Die Here is lankmoedig en liefdevol

Al is die vloek oor die volk uitgestort omrede hulle sondes, is daar by die Here barmhartigheid en vergewing (9:9-13), maar Hy eis berou, bekering en gebede. Dit doen Daniël vir die volk (9:15 e.v.). Vanweë die verdorwenheid van die wêreld, en selfs van sy eie volk, sal die Here 'n heeltemal nuwe bedeling laat aanbreek (9:24 e.v.). Die Here hou sy verbond vir dié wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou (9:4). Hy is ook teenoor ander mense lankmoedig en roep hulle op tot bekering, soos vir Nebukadnesar (2, 3, 4; veral 4:27). Daar slaan selfs 'n mate van meegevoel deur vir die verharde sondaars: die mens is 'n bejammerenswaardige slaaf van sy eienaar. Dit is die geval met Nebukadnesar in sy kranksinnigheid en met Darius wat pateties vasgedraai word in die wette van die Mede en Perse (6). God se barmhartigheid gaan veral uit tot ellendiges. Daarom eis Hy dat die regeerders aan hulle genade bewys (4:27).

### 5. Die wrede wêreldryke vertoon 'n dalende lyn

Die beeld wat Nebukadnesar sien, word beskryf in 'n dalende lyn (2). Dit geld van die liggaamsdele: van kop tot by voete; dit geld ook van die waarde van die bestanddele: goud, silwer, koper, yster-klei. Daarmee word die tanende mag en die voortgaande gedeeldheid aangedui. Die liggaamsdele verteenwoordig die volgende ryke:

| | |
|---|---|
| Goue kop | Babiloniese ryk van Nebukadnesar |
| Bors en arms van silwer | Mediese ryk |
| Lende van koper | Persiese ryk van Cyrus en sy opvolgers |
| Voete van yster en klei | Grieks-Macedoniese ryk en die opvolgers van Alexander die Grote tot by Antiochus Epifanes van Sirië |
| | OF |
| Kop | Babiloniese |
| Bors en arms | Medies-Persiese |
| Lende | Grieks-Macedoniese |
| Voete | Romeinse |

Die klip verteenwoordig die koninkryk van die Here.

## 6. Die Menseseun neem saam met die gelowiges die heerskappy oor

Daniël ontvang 'n gesig met soortgelyke betekenis as Nebukadnesar, maar van 'n heeltemal ander kant bekyk. Die profeet sien die wêreldryke in hulle ware aard as roofdiere, en nie as metale soos Nebukadnesar nie (7). In teenstelling tot die verdorwe en dierlike ryke sal die ryk van God regeer word deur die Seun van die mens, dit wil sê, die ware mens (7:13 e.v.). Sy ryk sal menslik wees.

Die "heiliges van die Allerhoogste", die lede van die verbondsvolk, sal saam met Hom regeer. Hulle oorwin nie self die wêreldmagte nie, maar word inteendeel self oorwin. Hulle "ontvang" van God die heerskappy (7:21, 22). Die gelowiges word dus as 't ware uit die dood geruk en tot heerskappy gebring. Dit het uiteindelik gebeur in Jesus Christus, wat Homself dikwels die Seun van die mens genoem het (bv. Matt. 24:30 e.v.; Joh. 5:25-27; Openb. 1:13).

## 7. Notas

1. Eichrodt (1967:509-517): Die grond vir die geloof in die opstanding is die fundamentele eienskap van die Ou-Testamentiese hoop, naamlik dat die geskiedenis sal uitloop op die aanbreek van God se heerskappy en die oprigting van sy koninkryk oor Israel. Hierdie verwagting is nie vervang deur 'n on-wêreldse verlossing vir die regverdige enkeling, los van enige verhouding met aardse dinge nie. Verder, Israel se geloof in die opstanding is nie van

Persiese beskouings afhanklik nie. In die Ou Testament is die vertrekpunt nie 'n sistematiese voltooiing van 'n vergeldingsleer nie, maar die lewe as God se vrye besluit waardeur Hy die mens bestem vir gemeenskap met Hom. Dit gaan gepaard met die versekering van 'n finale, onbeperkte implementering van sy lewewekkende wil, wat selfs nie deur die dood permanent beperk kan word nie.

2. Zimmerli (1972:200 = 1978:228): Die uitsprake in die boek Daniël is daarin nog eg Ou-Testamenties dat dit sentraal om die historiese gebeurtenisse in die volkerewêreld gaan en dat die geheimenisse van die natuur en lugruim, anders as in die na-kanonieke apokaliptiek, nog sonder betekenis is.
3. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 73. HOSEA: GOD SE ONUITROEIBARE LIEFDE VIR SY AFVALLIGE VOLK

### 1. 'n Tyd van selftevredenheid, sedeloosheid, onreg én verwarring

Hosea was 'n tydgenoot van Jesaja (vgl. Jes 1:1). Anders as Jesaja het hy hom veral tot die Noordryk gerig. Die grootste deel van sy optrede lê egter blykbaar in die vinnig verslegtende politieke en religieuse situasie ná die vermoording van Sagaria, die seun van Jerobeam II. Hiermee is die dinastie van Jehu beëindig. Dit was die chaotiese laaste dae van die Noordryk, toe die selftevredenheid van Jerobeam II se tyd skielik plek gemaak het vir 'n paniekerige soeke na 'n regte leier en beleid om 'n oplossing te gee. Daarom is die een na die ander koning spoedig deur 'n aanspraakmaker op die troon vermoor. In hierdie tyd is die volk beangs deur die opkoms van die gevreesde Assiriese ryk met sy beleid van ballingskap vir onderworpe nasies. Die Assiriërs het ook na Sirië en Palestina begin opruk.

Net soos Amos preek Hosea skerp teen die sug na weelde en teen die onreg en die onsedelikheid van die volk. Vanweë die veranderde omstandighede spits hy egter meer toe op die kulturele en religieuse situasie. Hy preek en vergestalt die onuitroeibare liefde van God vir sy afvallige en korrupte volk.

### 2. 'n Sprekende boodskap van liefde vir 'n gedoemde volk sonder "kennis"

Hosea ontvang by sy roeping die opdrag om vir hom 'n hoervrou en hoerkinders te neem. Sy was óf 'n gewone prostituut óf 'n tempelprostituut, in navolging

van die Kanaänitiese vrugbaarheidskultus (4:14). In hierdie verhouding word God se liefde gesimboliseer vir 'n volk en land wat verregaande owerspel bedrywe het deur van die Here afvallig te word (1:2).

Die name van Hosea se kinders simboliseer die volk se verdorwenheid en verworpenheid.

Jisreël (1:4) sinspeel op die bloedskuld van Jehu se dinastie, Lo-Rugama beteken: geen ontferming (1:6), Lo-Ammi beteken: nie my volk nie (1:9). Nogtans word die name en die situasie deur die onpeilbare liefde van die Here verander: hulle word kinders van die lewende God genoem, en Ammi, dit wil sê my volk, en Rugama, dit wil sê ontferming (1:10-12).

Dit is die Here, nie die Baäls nie, wat sorg vir wasdom, vrugbaarheid en lewe (2:17-22). Maar die volk is sonder "kennis", hulle besef nie dat dit in die eerste plek in die godsdiens om die Here se persoonlike liefde vir hulle gaan en daarom ook om hulle persoonlike wederliefde vir Hom nie. Om die Here te "ken", beteken om met Hom persoonlike gemeenskap te beoefen, nie deur 'n soort fisiese ervaring soos in die Baälistiese vrugbaarheidsritusse nie, maar gemeenskap deur die woord en deur gehoorsaamheid aan sy gebooie (4:1-6). Dit gaan om eerlikheid, reg, liefde, sedelikheid en trou.

Die volk is so diep verdorwe dat daar enersyds 'n vernietigende straf en andersyds 'n nuwe opvoeding nodig is om die saak te kan beredder. Daarom moet die profeet met 'n prostituut trou en haar tot 'n totaal nuwe lewe opvoed deur by haar die ware lewensbeginsel tuis te bring. Dit is liefde. En liefde is vry en ongemotiveerd, dit is nie beloning vir verdienste of prestasie nie: dit word inteendeel selfs aan 'n onwaardige betoon. Maar hierdie liefde is dan heeltemal persoonlik gerig en vra persoonlike wederliefde en trou.

## 3. Onverbreeklike Goddelike verbondsliefde

Israel het figuurlik en letterlik owerspel bedryf. Sy het ander nasies se godsdiens agternageloop asof hulle haar minnaars was en het die onsedelike vrugbaarheidskultus van die Baäldiens in die erediens van die Here ingedra (1:2; 2:1 e.v.; 4:10 e.v.; 5:4 e.v.; 6:10; 7:4 e.v.; 9:1 e.v.; ens.) Ook het die volk ongeoorloofde bondgenootskappe gesoek in plaas van hulle vertroue op die Here te stel (8:9; 10:4; 12:2). Israel is onbekeerlik (7:10) en tradisioneel sondig (8:4; 9:10 e.v.; 12:4; 13:6 e.v.). Maar God se verbondsliefde is wonderliker en ryker en doen wat liefde alleen kan doen.

Hosea gebruik die beeld van die huwelik, maar laat, anders as die heidendom vir wie die gode natuurgode is, die klem ook op die historiese werksaamheid en historiese verhouding van die Here met sy volk val (11:1; 12:10; 13:4,5). Die beeld van die huwelik put ook nie die gedagte van die verbond uit nie. Hosea gebruik ook die beeld van vader en seun: "Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep" (11:1; Eks. 4:22,23). Die sekerheid van die Here se onuitroeibare liefde vir sy volk bring ook 'n verwagting van 'n toekomstige historiese verlossing in 'n messiaanse tyd (3:5; vgl. ook 1:11).

## 4. Totale omkering en nuwe verbondsbegin

Omdat Israel se sonde die vertrapping is van die Here se liefde en daarom 'n minagting van Hom persoonlik, daarom is sy oordeel oor Israel vernietigend, dit behels die dood (5:12, 14; 6:1, 2, 5; 13:1, 4-8). Tog is die Here se heiligheid ten diepste liefde. Die Here het 'n innerlike worsteling oor sy ter dood veroordeelde volk, en in hierdie worsteling het sy liefde en medelye die oorhand; sy hart is omgekeer in Hom en tegelykertyd is sy medelye opgewek (11:8, 9). Hy is die Heilige God en nie 'n wraakgierige mens nie.

Die volk is so verdorwe en die verhouding met die Here so verbreek dat daar 'n totale nuwe begin gemaak sal moet word. Daarom sal dit ook by die vroegste tye van die volksbestaan moet aansluit, by die wortel. Die situasie van die uittog uit Egipte en die woestynreis sal weer moet terugkeer (2:13 e.v.).

Die Here se onpeilbare en onuitroeibare liefde sal ewe skielik 'n onverwagte wending in die strafsituasie bring en wonderlike verlossing in vooruitsig stel. In een asem word gesê: Die Here se liefde is deur Israel verwerp, daarom haar straf en (ongelooflik) om haar weer soos 'n minnaar te lok en lei en wen met sy liefde (2:12 e.v.). Israel sal weer antwoord gee soos in haar jeug, toe sy uit Egipteland opgetrek het (2:14), en sy sal die Here "my Man" noem en nie meer "my Baäl" nie (2:15). Sy sal vry wees van die Baälistiese invloed in haar beskouing van die Here.

Hy sal met Israel 'n nuwe verbond sluit, een wat die hele natuur raak en ook die loop van die geskiedenis. Die landbou sal sy vrug oplewer (2:21), die oorlog sal ophou en daar sal veiligheid en rus aanbreek (2:17). Die Here is die God wat die natuur (vgl. ook 2:7 e.v.), en die geskiedenis bepaal (11:11), en Hy is die God van die menslike lewe (1-3). Daarom kan Hy universele rus bewerk.

Die rolle word omgekeer, die verwerping word tot niet gemaak en met 'n wedersydse verbondsverhouding tussen die Here en sy volk vervang (2:22). Daar vind 'n nuwe geboorte en 'n opstanding plaas (6:2; 13:14) en dit roep om berou en bekering (bv. 2:1; 6:1; 14:2 e.v.).

## 5. Vergestalting van die woord

Net soos by Jesaja blyk dit hier dat die een wat die woord bring, homself in 'n posisie van lyding bevind vanweë die spanning en botsing tussen woord en volk (vgl. Jes. 53). Verder blyk hier dat die profeet se lydensondervinding simbolies is van dié van die Here in sy verhouding tot sy volk. Dit word ook duidelik dat prediking as sodanig die volk nie sal red nie, maar alleen die woord wat in 'n konkrete liefdesdaad gestalte aanneem, wat oor liefdeloosheid, afvalligheid en minagting heen moet stap. Die woord wat in 'n liefdesdaad gestalte moet aanneem en wat lyding impliseer, bevat in kiem reeds die verkondiging van die menswording van die Woord en van die weg van sy verlossingswerk deur liefde en lyde (Joh. 1:1 e.v.).

## 6. Notas

1. Die opdrag aan Hosea om 'n hoervrou te trou, gee vir baie verklaarders 'n etiese probleem. Daarom verstaan hulle dié opdrag so dat Hosea in werklikheid terugkyk op sy huwelik met dié vrou wat later, ná die huwelik, geblyk het 'n hoervrou te wees (vgl. Kaiser 1978:198). So 'n benadering neem egter nie die "probleem" weg dat God juis met Hosea en hierdie vrou 'n pad loop nie. Die voor-die-hand-liggende verklaring laat juis die onpeilbare liefde van God vir sy korrupte volk duidelik na vore kom.
2. Vergelyk Eichrodt (1967:291-294) oor die regte verhouding tot God as uiting van die direkte gewaarwording van innerlike wedersydse behorenheid aan mekaar; veral uitgedruk in die begrip "kennis van God". Daarmee word nie bloot teoretiese kennis van God se aard en wil uitgedruk nie, maar die praktiese toepassing van 'n verhouding van liefde en vertroue, soos gesien in 'n egte verhouding tussen 'n man en sy vrou. Hierdie liefde is nie 'n wispelturige instinktiewe gevoel nie, maar die antwoordgewende liefde en vertrouensvolle oorgawe wat opgewek is deur die onverdiende liefde van God.
3. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

# 74. JOËL, OBADJA: SKRIKWEKENDE WÊRELDWYE OORDELE

## 1. JoëL: 'n Oproep tot bekering in die aangesig van die skrikwekkende oordeel en uitgieting van die Gees

Dit is onseker wanneer die profeet Joël opgetree het. Sy prediking bevat 'n oproep tot berou en hartgrondige bekering in plaas van die oppervlakkige vormdiens (3:12,13). Die oproep kom vanweë 'n skrikwekkende sprinkaanplaag wat boonop 'n profesie is van die angswekkende vyandelike leërs en selfs van die groot en vreeslike Dag van die Here (2:2, 11, 31). God is egter buitengewoon genadig en getrou (2:13 e.v.; 3:2, 3, 16, 17). Daarom is daar tegelykertyd 'n belofte van oorvloed in die natuur (1:3 e.v.; 2:19 e.v.; 3:18 e.v.) en 'n algemene uitstorting van die profetiese Gees op mense sonder onderskeid in geslag, stand of ouderdom (2:28 e.v.). Maar dit geld alleen vir die oorblyfsel (2:32) (vgl. Jes 1:9; 6:13), en word heel persoonlik geskenk (vgl. ook Jer. 31:31-34).

Dit gebeur nadat die Here 'n strafgerig oor die nasies gehou het oor die verstrooiing van Israel. Hy is die God wat op Sion woon (3:17, 21), dit wil sê die plek waar Hy by uitstek sy heerskappy laat blyk, veral ten behoewe van sy verbondsvolk. Die Here se openbaring in woord, natuur en geskiedenis is dus op 'n wonderlike wyse geïntegreer.

Die Dag van die Here word gesien as "naby". Dit sien eers sekondêr op die tyd wanneer, en in die eerste plek op die konfrontasie met God persoonlik (vgl. hoofstuk 26). Die realiteit van hierdie Goddelike optrede slaan reeds deur. (Die uitdrukking "En daarna" in 2:28 is 'n vae term i.v.m. die toekoms en hou nie in dat dit wat volg, onmiddellik na die voorafgaande sprinkaanplaag sal plaasvind nie.) Die sterk beklemtoning van die persoonlike verhouding met die Here en van die oproep tot bekering aan Israel, verklaar waarom Joël se fokus tot die bondsvolk beperk is. Sy prediking moet nie as eksklusiwisties gesien word nie.

Joël se prediking het sterk apokaliptiese trekke (vgl. hoofstuk 67). Dit handel onder meer oor die groot eindstryd waartydens die nasies op die bondsvolk aanstorm, maar die Here sy volk ter elfder ure sal uitred (3:12). Joël sien vir die eindtyd die teenoorgestelde situasie onder die nasies as Jesaja 2:4 en Miga 4:1,2: hulle sal van hulle pikke swaarde smee en van hulle snoeimesse spiese (3:10) - daar sal oorlog wees, nie vrede nie. Dit wys dus op 'n ander kant van die waarheid oor die eindtyd.

Joël 2:28 e.v. word deur die apostel Petrus aangehaal as 'n voorsegging van die uitstorting van die Heilige Gees met pinkster (Hand. 2:16-21). In Jesus Christus is hierdie profesie dus vervul, hoewel die finale vervulling nog in die toekoms lê (Luk 21:11).

### 2. OBADJA: Die Here tref oormoedigheid teen sy volk met wêreldwye oordeel en vestig sy koninkryk.

Edom word verwyt dat hy leedvermaak bedryf het op die dag van die verbondsvolk se groot rampspoed (v. 10 e.v.), en dit 'n broervolk (11-13). Dit was waarskynlik tydens die val van Jerusalem en wegvoering in ballingskap (586 v.C.). Die geskiedenis vorm 'n eenheid: dieselfde basiese trek en dieselfde vyandskap van Esau se tyd kom voor tot in dié van die profeet en tot in die eskatologiese toekoms (6, 15).

Die Here is die absolute Heerser. Daarom vorm die geskiedenis 'n eenheid en kan Obadja, net soos Joël, uitgaan van die konkrete historiese gebeurtenisse en dit dan in 'n eskatologiese raamwerk plaas. Obadja verkondig: Weens medepligtigheid en leedvermaak teen die Godsvolk gaan Edom en so-ook al die nasies, getref word deur die Dag van die Here. Dan sal die Godsvolk verheerlik word en die koninkryk aan die Here behoort.

### 3. Notas

1. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 75. AMOS : VORMDIENS EN SELFSUG WORD DEUR DIE HERE GESTRAF

### 1. Vormdiens en sedelike korruptheid

Amos is die oudste profeet wie se prediking skriftelik opgeteken is. Hy tree op in die tyd van Jerobeam II van die Tienstammeryk, 'n tyd wat gekenmerk is deur voorspoed, nasionale selfstandigheid en selfversekerdheid (6:13). Die mense het weelderig gelewe en baie feeste gehou (3:15; 6:4-6). Godsdienstig het dit oënskynlik goed gegaan: baie offers is gebring en feeste is druk besoek. Maar die diepte en erns het ontbreek (4:4, 5; 5:21, 22). Die volk het hulle ook skuldig gemaak aan verregaande godsdienstige vermenging met Baälisme (2:8; 5:25, 26). Hulle was sedelik korrup, inhalig en op winsbejag uit (5:11,

12). Bedrog en vervalsing in die handel en selfs in die gereg, was aan die orde van die dag. Veral die armes en weerloses is uitgebuit en vertap (8:5 e.v.). Buite-egtelike seksuele omgang was iets alledaags (2:7). 'n Moderne samelewing kan hom gerus aan hierdie skildering toets.

Amos kom met die dringende oproep: vormdiens aan God en selfsugtige optrede teenoor die naaste lei tot onbekeerlikheid; daarom lei dit ook onafwendbaar tot die ontnugterende dag van afrekening.

## 2. 'n Verrassende boodskapper met 'n ontnugterende boodskap

Die Here is soewerein. Hy is die skepper en onderhouer van alle dinge (4:7, 8, 13; 5: 8 e.v.; 8:8; 9:5, 6). Hy bepaal ook alle gebeurtenisse en die geskiedenis. As wêreldregter gebruik Hy dit om misdade teen mense te straf - waar en teen wie die misdade ook al gedoen word: Damaskus, Filistea, Tirus, Edom, Ammon, Moab (1:3-2:16; 3:6; 4:6-11; 9:7). Die Here is ook soewerein oor sy woord.

Amos kom met 'n verrassende en ontnugterende prediking teenoor sy volk. Ook die vorm van sy prediking is so. Dit begin met 'n oordeel oor die nasies (1:3 e.v.) en skuif dan onverwags ook die bondsvolk daaronder in (2:6). Hierdie eerste aankondiging eindig dan met die ontnugterende aankondiging van die Dag van die Here (2:16, vgl. ook 8:9). Die bondsvolk het die dag wel verwag, maar as 'n oordeelsdag vir die nasies en as 'n feesdag vir hulleself. Amos kom met die onverwagte prediking dat die dag die bondsvolk gaan ontnugter en hulle gaan tref (5: 8-20). So 'n prediking val nooit en nêrens in die nasionale smaak nie. Amos haal vir hom dan ook groot vyandskap op die hals (7:10 e.v.).

Net soos ander profete benadruk Amos dat hy nie sy eie boodskap bring nie, maar die woord van die Here: "So sê die Here" (1:3, 6, 9, 11,13; 2:l, 4, 6; 3: 1; 5:3, 4, 16; 6:8; 7:17; 8: 9,11; 9: 13,15). Hierdie woord eis die profeet onvoorwaardelik op in die diens van God wat soewerein is. Die profeet is nie in die minste in staat om hom daarteen te verset nie; dit is so oorweldigend soos die brul van 'n leeu (3:8). Die soewereiniteit van die woord kom ook daarin uit dat Amos 'n verrassende keuse vir profeetskap was, want hy het nie tot die gevestigde orde van profete of profeteseuns behoort nie. Amos is deur die Here persoonlik op 'n besondere manier agter die kleinvee weggeroep vir die profetiese werk (7:14, 15).

Die gewone profetiese diens het tot 'n passiewe en statiese orde verstar. Die gewone profeet was blykbaar vasgespin in die stereotipe orde, denke,

segswyse en godsdienstige struktuur en samelewingstruktuur. Dit was vir die gewone profeet onmoontlik om daaruit te kom en om volk en "kerk" tot bekering op te roep (bv. 2:11, 12). Die Here gaan nou die formalisties geworde orde verby en roep 'n boer om profeet te wees. Daarmee word die profetiese diens self nie afgeskryf nie. Amos tree soos 'n gewone profeet op en verwys ook gunstig na die profete as knegte van die Here (2:11, 12; 3:7). Amos is ook nie in ander opsigte rewolusionêr nie. Hy sweep byvoorbeeld nie die onderdruktes op om in opstand te kom nie, maar rig hom veral tot die skuldige leiers en roep hulle onverskrokke op tot bekering. Met die roeping van Amos wys die Here egter wel dat Hy die gewone institusionele orde verbygaan as dit sy woord tot 'n deel van 'n gevestigde orde laat verstar, in plaas van dit lewend in sy diens te laat staan.

### 3. Die Here eis bekering en persoonlike godsdiens

Amos se somber en skrikwekkende aankondiging van die oordeel is ten diepste bedoel as 'n laaste oproep tot bekering en 'n ware verhouding met God en die naaste. Die formalisme van Israel was ingestel op onpersoonlike pligte, offers, feeste en seremonies. Daarteenoor roep Amos die volk op om hulle klaar te maak om hulle God persoonlik te ontmoet! (4:2). Amos het self 'n persoonlike ontmoeting met die Here gehad. Dit was die geval by sy roeping sowel as by die ontvangs van sy visioene (7:8; 8:2). Dit kenmerk sy prediking in teenstelling tot die ander profete wat toe daar opgetree het. Hulle was vasgevang in die verlammende atmosfeer van 'n formalistiese gevestigde orde en prediking (7:15).

Amos plaas God in die middelpunt van alles. Nie die plek van die heilige God moet besoek word nie, sê hy, maar die Here self, want alleen in Hom is die lewe (5:4, 6). Godsdiens is daarom geen onpersoonlike saak nie, maar is deur en deur persoonlik. Die oorsaak van die korruptheid van die samelewing is dan ook basies dat hierdie persoonlike verhouding met God nie reg is nie. Die ware verhouding met God sluit ook 'n ware persoonlike verhouding met die naaste in. Dit vra reg en geregtigheid en nie offerandes as sodanig nie (5:1, 12, 14, 24). Om hierdie rede rig Amos hom ook nie teen die samelewingsordes of -strukture as sodanig nie, maar roep die volk in die allereerste plek op tot die regte verhouding tot God en die naaste. Hierdie persoonlike instelling van Amos was so wesenlik anders as dié van die gevestigde orde dat 'n botsing met die koninklike amptenare by die koninklike heiligdom in Bet-El onafwendbaar was (7:10 e.v.).

## 4. Die Dag van die Here kom – slegs 'n vae hoop vir 'n oorblyfsel

Amos het waarskynlik in aansluiting by een van die feeste die Dag van die Here verkondig (5:21 e.v.). Op die Dag van die Here sal Israel vasgedraai wees in hulle vormdiens en ongeregtigheid. Vanweë die oordeel van God sal hulle honger na sy woorde wat vroeër deur hulle verag is en verbied is, maar te laat! (2:12; 7:12 e.v.; 8:11 e.v.). Die Dag van die Here sal paradoksaal wees: duisternis in plaas van lig (5:18, 20); want die volk het paradoksaal gelewe. Hulle het wat sleg is, gesoek en liefgehad, in plaas van wat goed is (5:14, 15); hulle het die reg in gif verander en geregtigheid in wilde-als (6:12). By die uittog uit Egipte het die Here in sy oordeel die volk verbygegaan; daarvan is die pasga 'n blywende herinnering (Eks. 12:13, 23). Nou sal Hy sy volk egter nie weer "verbygaan" as Hy in hulle midde deurtrek nie (5:17; 7:8; 8:2). Nou het die einde van sy volk gekom; hulle sal val en nie weer opstaan nie! (8:2, 14).

Tog is die Here nie bloot 'n regverdige en harde God nie, maar Hy is vol ontferming. Israel word deur Hom gesien as 'n jongvrou wat geval het en nie weer kan opkom nie (5:2; vgl. ook Klaagl. 1:1). Die Here kry berou oor die onheil wat Hy oor haar beskik het (7:3, 6). Hy sal Hom "miskien" ook oor die oorblyfsel ontferm (5:15).

Die volk moet die gedagte van 'n oorblyfsel egter nie formalisties of meganies opvat nie, sommer as iets vanselfsprekends nie. Dit moet gesien word as 'n vrug van God se genade en as iets wat hand aan hand gaan met bekering. Daar kan nie sommer beslag op gelê word nie, maar dit moet van God afgesmeek word, en daar moet op sy tyd gewag word (vgl. ook Klaagl. 5:21, 22).

Vanweë die verregaande boosheid en onbekeerlikheid het die volk tot die dood verval (4:6, 8, 9, 10, 11; 5:7-15; 6:12). Hy het geen innerlike krag of iemand wat hom kan oprig nie (5:2; Klaagl. 1:1). Ook die oorblyfseltjie gaan tot niet (6:8, 9; 9:1). Wat oorbly, is soos die pote en stukkies ore van 'n skaap wat deur 'n leeu verskeur is (3:12). Die sondige koninkryk word van die aarde af verdelg (9:8)!

En tog kom daar, ongemotiveerd en heel paradoksaal, 'n belofte van verlossing: "maar Ek sal die huis van Jakob nie heeltemal verdelg nie" (9:8). Die oordeel sal 'n siftingsproses wees waarin die valse gerustes sterf, maar waarin die Here die vervalle hut van Dawid weer oprig (9:9-11). Die verlossing is verwekking van die lewe uit ondergang en dood.

## 5. Notas

1. Vergelyk Vriezen (1966:343) oor God se vrymag om 'n boetegebed af te wys of te vergewe en die feit dat Hy nie 'n willekeurige despoot is nie.
2. Vergelyk Childs (1986:130-131) oor die eenheid van die boek Amos (asook ander profetiese boeke) bevattende vernietigende maar ook (abrupte) verlossingsprediking (hoofstuk 9) by Amos en ander profete.
3. Vergelyk Bright (1953:63-65) oor die feit dat Amos 'n meganiese verbondsbeskouing verwerp maar nie die verbond as sodanig nie, en dat hy nie 'n rewolusionêr is wat die onderdrukte massas oproep tot aksie nie.
4. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

# 76. JONA: DIE HERE IS VRYMAGTIG IN SY GRENSLOSE OORDEEL ÉN SY GRENSLOSE GENADE

## 1. 'n Soewereine opdrag tot bekeringsprediking aan 'n wrede vyand

Jona se naam en die aard van sy optrede en ondervinding identifiseer hom as die profeet uit die tyd van Jerobeam II van Israel van wie 2 Konings 14:25 vermeld en wat 'n opvolger was van Elia en Elisa. Jona moet teen die Assiriese hoofstad Nineve, die wrede erfvyand en onderdrukker van die verbondsvolk, gaan preek en aan die mense God se oordeel aankondig vanweë hulle boosheid. Dit is egter as bekeringsprediking bedoel en stel daarom genade in vooruitsig. Daarom is Jona nie daartoe bereid nie.

In die boek Jona staan die soewereiniteit van die Here sterk op die voorgrond. Dit geld veral sy vryheid om die onbekeerdes te oordeel, maar ook om genade te betoon aan wie Hy wil, ook aan heidense nasies (4:11). Hy is ook daarin soewerein dat sy oordeel én sy genade grensloos is en tot selfs in die dood strek. Dit staan in sterk teenstelling tot die selfsug van sy profeet, verteenwoordiger van sy formalistiese volk, wat tot die dood toe onbekeerlik is en selfs na sy verlossing daaruit nog dieselfde gesindheid vertoon.

## 2. Die Here is absoluut soewerein en sy heerskappy onontvlugbaar

Elke hoofstuk van die boek verkondig dat die Here absoluut soewerein is. Dit geld vir alle terreine sonder uitsondering, alle mense en nasies. Niks en niemand is daarvan uitgesluit of kan hom daaraan onttrek nie (vgl. bv. 1:16). Al doen Jona ook wat, hy kan die heerskappy van die Here nie ontvlug nie, selfs nie deur die dood nie.

Op die boot waarmee hy van sy opdrag af wegvlug, word sy planne verydel deur 'n storm wat die Here beskik. As Jona in die see gegooi word, laat die Here 'n vis hom insluk en hou Hy hom wonderbaarlik aan die lewe (vgl. ook Ps. 139:7-10).

### 3. 'n Leë belydenis oor God se genade en liefde

Jona verkondig met 'n hele aaneenskakeling van uitdrukkings dat dit die kenmerk van die Here is om genadig te wees: "Hy is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil" (4:2). Tog bly Jona in sy selfsug blind vir die heerlike, universele implikasies van sy belydenis. Hy is ook blind vir die soewereine, grenslose genade wat die Here teenoor hom en sy volk betoon selfs nadat die Here hom uit die dood uit gegryp het waarin hy homself weens sy sonde gestort het, en die genade selfs ondanks sy huidige halstarrigheid.

### 4. Teenoor die doodsgreep van selfsug en versaaklikte godsdiens

Jona is so verhard in die selfsug en halsstarrigheid dat hy die dood ingaan; hy word in die stormsee gegooi en deur 'n vis ingesluk (1:15-17). Hy is vir alle praktiese doeleindes dood, want hy bly drie dae en drie nagte in die vis se ingewande (1:17).

Die Here is so soewerein in sy genade dat Hy Jona nie alleen weer lewe gee nie, maar dat Jona in die taal van die psalmdigters kan bid (2:3-9) en dat hy as 'n regverdige gered word (2:3 vgl. Ps. 42:8). Jona se gebed bevat sinne en uitdrukkings uit 'n hele aantal Psalms (42:8; 31:23; 5:8; 40:13; 69:2; 107:5; 18:7; 144:2). Dit is veral die taal van die regverdiges wat praat oor hoe die Here hulle gered het uit die angste en doodsgevare waarin hulle beland het, veral weens die vyandskap van die onregverdiges (vgl. by die Psalms). Tog bly Jona ook in die wonderbare redding nog in sy selfsug volhard. Die Here se barmhartigheid teenoor die vyande laat hom die dood verkies bo die lewe! (4:1-3). Die selfsug het dus 'n doodsgreep op hom. Die vrome gebedstaal uit die woord, die Psalms, word dooie formalisme.

Die Here is ten volle persoonlik in sy verhouding met die gelowige. Hy soek Jona op en praat met hom (4:4). Maar Jona meen dat hy die Here kan dien en tog sy persoonlike teenwoordigheid kan vermy (1:3). Dit gaan vir hom dus nie in die allereerste plek om gemeenskap met die Here persoonlik nie. Die boek se klimaks lê in hierdie gesprek tussen die Here en die selfsugtige Jona, waarin hy tot die dood toe kwaad is oor die wonderplant wat die Here tot sy

gerief laat opskiet het maar toe weer laat verdor het. Die Here se woorde getuig van sy absolute soewereiniteit sowel as sy persoonlike bemoeienis, bewoënheid en ontferming (1:9). Hy openbaar ontferming en bewoënheid selfs teenoor die vee (4:10, 11).

Sterwe en lewe is 'n beheersende gedagte in hierdie boek en word sterk gekonsentreer in die klimaks daarvan (4:3, 8, 9). Dit is enersyds die gedagte dat sy volk tot die dood toe selfsugtig is en daarom 'n radikale wesensverandering nodig het, en andersyds dat die Here ondanks die doodsituasie grensloos genadig is. Dit is 'n genade wat meer impliseer as om die sondaar uit die dood te verlos. Hulle moet grondig sterf sodat 'n ander, nuwe mens en volk te voorskyn kan kom. Aan die eenkant impliseer die boek dat God alleen so 'n verandering te weeg kan bring, aan die anderkant roep dit implisiet maar met groot erns op tot bekering.

## 5. Die woord van God is kragtig en vry

Net soos ander profete verkondig Jona die Goddelike woord (1:1) geheel-en-al en staan in diens daarvan. Hierdie woord is effektief en bring in Nineve te weeg wat die Here daarmee beoog (3:5 e.v.). Soos by ander profete (bv. Jer. 20:7; Eseg. 3; Am. 3:8) is daar 'n sterk spanning tussen die profeet en die woord wat hy moet verkondig. Hier is dit selfs in 'n klimaks saamgetrek, die onwilligheid van die profeet het in ongehoorsaamheid oorgegaan. Hierin sien ons die volle konsekwensies van die spanning tussen die woord en die sondige mens wat deur die profeet verteenwoordig word. Die mens kan en wil die verlossende en lewewekkende woord van God nie vat nie (Eks. 20:19; Jes. 6:9, 10; 40:6-8). Daarby vermink die mense die woord (Jes. 5:18-20) en pas dit selfsugtig en eensydig toe (Jona 4:2).

Die woord van die Here is egter kragtig en vry en laat hom selfs nie deur die onwilligheid van 'n ongehoorsame profeet en volk aan bande lê nie. Die woord bestaan nie by die grasie van die mens nie, maar is inteendeel effektief ondanks die mens, selfs ondanks die Godsvolk.

## 6. Sending is die vrug van Goddelike soewereiniteit

Jona is die enigste profeet wat die opdrag ontvang om vir die heidene in hulle eie land te gaan preek. Daarom word die boek Jona die sendingboek van die Ou Testament genoem. Die motief vir hierdie missionêre taak is die absolute soewereiniteit van die Here, sy absolute seggenskap oor die ontvangers van die woord sowel as oor die verkondiger(s) daarvan. Sending is nie maar

die vrug van menslike goeddunke of bewoënheid nie, maar inteendeel die vrug van Goddelike opdrag en bewoënheid. Die Here voer hierdie opdrag onweerstaanbaar deur selfs ondanks die natuurlike onwilligheid van die gestuurde, soos Jona en sy volk. En dit is 'n oproep tot bekering.

### 7. Een groter as Jona het gekom

Jesus pas die geskiedenis van Jona direk op Homself toe, op sy dood en opstanding en die eis om bekering (Matt. 12:40, 41). Verlossing behels meer as net 'n nuwe begin van voor af aan; dit behels radikale dood en radikale nuwe begin, maar tog 'n voortsetting van die bestaande. Dit het alleen moontlik geword toe iemand heeltemal gesterf het en toe weer lewendig geword het. Hy het dit gedoen in die plek van die verbondsvolk en gelowiges, sodat dit vir hulle toegereken word asof hulle dit self gedoen het. Maar dit geld ook alleen vir wie glo en deur die geloofseenheid met Christus die teken van dood en opstanding vertoon. Dit beteken 'n bekeerde lewe, 'n lewe waarin so iemand homself geheel en al afsterf sodat Christus in hom leef. Dit is 'n lewe wat nie deur selfsug en vormdiens beheers word nie, maar deur liefde tot God en die naaste.

### 8. Notas

1. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 77. MIGA: TEENOOR FORMALISME EN ONDERGANG 'N MESSIAANSE VREDERYK

### 1. In die roes van selftevredenheid

Miga tree op in die tyd van die Judese konings Jotam, Agas en Hiskia (1:1) en is dus 'n jonger tydgenoot van Jesaja. Sy prediking is gerig aan Juda en Jerusalem (1:1), verteenwoordigers van albei ryke van die verbondsvolk. Dit was 'n bloeityd vir die nasionale bestaan, maar moeiliker tye was in sig vanweë die magsontplooiing van die Assiriese koning Tiglat Pileser. In die tyd van Agas is Juda ook ernstig bedreig deur 'n anti-Assiriese koalisie van die Arameërs en die Tienstammeryk.

Die prediking van Miga val nie alleen in dieselfde tyd as dié van Jesaja nie, maar vertoon ook groot ooreenkoms daarmee. Net soos Jesaja benadruk hy

byvoorbeeld die grootheid en onvergelyklikheid van God. Trouens sy naam is: "Wie is soos God?" (Verder, Miga 4:1-3 is identies aan Jes. 2:2-4; kyk die bespreking daar). Hy verkondig: Ondergang en ballingskap kom vir Samaria en Jerusalem (3:12; 4:10) vanweë formalistiese godsdiens, valse gerustheid en gebrek aan reg, liefde en ootmoed, maar daar sal tog ook redding wees uit die ondergang, en 'n messiaanse vrederyk sal aanbreek.

## 2. Vormdiens en maatskaplike misstande in plaas van reg, liefde en ootmoed

Maatskaplike misstande het hoogty gevier: onreg, veral teenoor weduwees en magteloses (2:2, 8, 9; 6:11, 12; 7:3); die volk haat wat goed is en het lief wat sleg is (3:2, 9; vgl. Jes. 5:18-20); hulle is skuldig aan grootskaalse bloedvergieting (3:10; 7:2) en is selfs teenoor gesinslede onbetroubaar (7:5, 6). Ondertussen word 'n formalistiese godsdiens bedryf met baie offers (6:6, 7). Maar die Here vra in die eerste plek 'n persoonlike godsdiens teenoor Hom en die naaste: om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met God (6:8). Die onpersoonlike godsdiens maak die volk ook 'n prooi van valse gerustheid deurdat hulle ewe gemaklik die reddende teenwoordigheid van die Here in hulle midde veronderstel (3:11). Ook die profete is in die formalisme vasgevang en profeteer net vir eie voordeel (2:6, 11; 3:5, 11). Miga self staan egter in 'n direkte persoonlike verhouding tot die Here, tree op in die krag van die Gees van die Here en verkondig aan die volk hulle sondes (3:8).

## 3. Redding uit ondergang - 'n messiaanse vrede

Soos in Jesaja word die gedagte van 'n oorblyfsel wat gered sal word, sterk benadruk (2:12, 13; 5:2; 7:18, 19). Hulle sal uit die ballingskap verlos word en die Here sal Self vooraan verskyn (2:12, 13 vgl. Jes. 40:9 e.v.). Sion is die sentrum waarvandaan die Here die nasies regeer (1:2) en waarheen alle nasies sal toestroom om daar te aanbid en die woord te hoor (4:1-3 vgl. Jes. 2:2-4). Miga stel redding in vooruitsig onder 'n messiaanse Heerser wat uit die onaansienlike Bethlehem kom en wie se bestaan van lank voor sy geboorte af dateer (5:1). Die oorblyfsel sal uit die ballingskap terugkeer (5:2), en daar sal 'n tyd van messiaanse voorspoed en vrede wees (5:6 e.v.; 7:9 e.v.); die volk sal van afgodery gereinig word (5:12 e.v.). Die messiaanse profesie moet dus soos gewoonlik eers histories gesien word en dan, soos wat dit die heerser van daardie tyd transendeer, op Christus toegepas word (Matt 2:6).

Die Here is onvergelykbaar in sy genade aan sy oorblyfsel (7:18, 19) en handel met hulle volgens sy trou en goedheid aan die aartsvaders (7:20). So handhaaf Hy sy soewereiniteit en heiligheid en hou Hy sy verbond in stand dwarsdeur ondergang heen.

### 8. Notas

1. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 78. NAHUM, HABAKUK, SEFANJA: GOD VOER WÊRELDWYD HEERSKAPPY

### 1. NAHUM: Die wêreldryk gaan vernietig word en die Godsryk gaan seëvier

Nahum tree op tussen die tyd van die val van die Egiptiese stad Thebes voor die Assiriërs (663 v.C.) en die val van die Assiriese hoofstad Nineve (612 v.C.), want hy verwys na eersgenoemde gebeurtenis en kondig laasgenoemde aan. Hy is 'n tydgenoot van die profeet Sefanja.

In ryk beelde verkondig Nahum hoe die Here in sy soewereine straffende geregtigheid gaan optree en die Assiriese hoofstad Nineve gaan vernietig, Nineve die bloedstad, vertrapper van die nasies en verteenwoordiger van die menslike wêreldryk (3:1, 19). Hy is lankmoedig maar sy krag is groot. Hy is 'n God wat Hom wreek op die skuldiges.

Hy heers oor die natuur, die nasies en die geskiedenis, en Hy gebruik dit in die voltrekking van sy oordeel (1:3 e.v.; 2:3 e.v.; 3:2 e.v.). Dit gaan hier nie om persoonlike wraakgevoelens teen die vyande van die verbondsvolk nie, maar om die Here se straffende geregtigheid teen die onreg wat op die wêreld gepleeg word in heerskappy wat Hom nie erken nie.

Teenoor die boodskap van vernietiging staan die goeie boodskap van vrede vir die volk van die Here (1:15 vgl. Jes. 52:7).

### 2. HABAKUK: Daadkragtige geloofsvertroue in God se regverdige heerskappy

Habakuk tree blykbaar op in die tyd van Jojakim, 'n tyd van onstabiliteit en onreg. In hierdie tyd het die Assiriese wêreldryk in mekaar begin stort voor

die aanslae van die Chaldeërs van Babilonië (rondom 612 v.C.). Die boek weerspieël die geestelike worsteling van die gelowiges wat die geweldige omwentelinge in hierdie tyd beleef het. Habakuk is 'n tydgenoot van Jeremia, Nahum en Sefanja.

Habakuk gee 'n antwoord op die probleem van onreg waarmee die gelowiges in daardie bewoë tyd geworstel het, die onreg binne die volkslewe van die verbondsvolk self, sowel as binne die groot volkerewêreld. Sy prediking sê: die reg word vertrap onder heerskappy van die heilige God, daarom sal die regverdige deur geloofsvertroue lewe.

Dit staan vir Habakuk vas dat God die soewereine en heilige Regeerder oor die volk en die wêreldgeskiedenis is. Maar juis daarom worstel hy met die probleem waarmee baie ander worstel: hoe om God se onverstaanbare weg met die mens te regverdig (die sogenaamde teodisee). Daar is wel 'n wisseling van lot in die wêreld, onregverdiges gaan onder, maar telkens kry 'n ander goddelose maar weer die leisels in die hande. Hoe kan die Here die regsverkragting toelaat, Hy wat as Heilige die kwaad nie kan aanskou nie? (1:12, 13). Op die vraag oor die onreg binne die volkslewe (1:1-4) is die antwoord dat die Here dit deur die Chaldeërs aan die onderdrukkers sal straf (1:5-11). Dan ontstaan die vraag egter hoe die Chaldeërs tugroede kan wees; hulle is tog selfs onregverdiger as die een wat gestraf word. Wat van hulle onreg? (1:12 e.v.). Die antwoord is dat ook daardie onreg gestraf sal word (2:5 e.v.); maar ten diepste lê die antwoord daarin dat die soewereiniteit van die Here erken moet word. Dit impliseer dat Hy nie 'n verduideliking hoef te gee nie en dat alles onvoorwaardelik in sy hand gelaat moet word.

Die antwoord vir die probleem is: Daar moet op God vertrou word en dit moet gestalte kry in 'n lewe van doen wat reg is (2:4). Hierdie antwoord word gestel as teenstelling tot die gesindheid en optrede van die selfvoldane en gewelddadige mens (2:4, 7) wat op eie krag en geweld staat maak (1:11). Die antwoord lê dus in vertrouensvolle oorgawe aan die soewereine God, en 'n lewe van reg doen. Vertroue op God hou in dat 'n mens getrou en betroubaar bly deurdat jy aan Hom vashou, op Hom bly wag en die oplossing nie langs ander weë soek, soos deur krag en geweld nie, maar doen wat reg is. Albei begrippe, vertroue en betroubaarheid, sit in die Hebreeuse woord (*emuna*) opgesluit. (Dit word bv. in Eks. 17:12 van Moses se hande gebruik, en die woord "amen": vas, seker, is van dieselfde stam.)

Paulus haal hierdie vers in 'n enigsins ander verband aan om te bewys dat die regverdigheid nie deur werke is nie, maar deur geloof alleen (Rom. 1:17; Gal.

3:11). Die gemeenskaplike element in Paulus en Habakuk se beredenering is dat die saak ten volle in God se hand lê en dat dit met vertroue aan Hom oorgelaat moet word. Daar is geen ander grond of bewys nie as God persoonlik. Daarom moet 'n mens jou lewe op Hom werp.

Habakuk leer dus dat slegs geloofsvertroue die skynbare teenstelling van die paradoksale lewe en wêreld oorbrug. God voer sy regverdige heerskappy en persoonlike gemeenskap met die gelowiges deur nieteenstaande die feit dat mens en wêreld ongeneeslik verdorwe is. Hy bewerkstellig dit deur die skynbare ondergang van die regverdiges heen.

### 3. SEFANJA: Wêreldwye oordeel maar ook wêreldwye redding vir 'n oorblyfsel

Safanja het voor die val van Nineve (612 v.C.) opgetree, want hy voorspel hierdie gebeurtenis. Hy was 'n tydgenoot van Jeremia en het opgetree in die tyd van koning Josia van Juda (1:1). Te oordeel aan die lae godsdienstige peil onder die volk (1:4 e.v.) moes dit voor Josia se reformasie in 621 v.C. gewees het.

Sefanja skilder die oordeel van die Here in felle kleure (1:2, 3; vgl. ook 1:18; ens.). Dit staan in die teken van die finale en vernietigende Dag van die Here wat haastig aan die kom is (1:14, 15; vgl. ook 2:2). Die verbondsvolk se wegvoering in ballingskap is die aanvang daarvan, maar ook al die nasies is ingesluit (2:4 e.v.; 3:8). Daar is geen ontvlugting vir hierdie oordeel nie, want die Here sal Jerusalem met lanterns deursoek (1:12)!

Die volk is aan verregaande sondes op maatskaplike en religieuse gebied skuldig en is prakties ateïsties (1:4-6, 9 e.v.; 12; 3:2, 4). Daar is 'n moontlikheid van redding - vir 'n bekeerde, regverdigde en ootmoedige oorblyfsel. Net soos Amos (5:15) sê Sefanja dat daar "miskien" redding sal wees, en hy koppel dit uitdruklik aan geregtigheid en ootmoed (2:3). Die gedagte van ootmoed ontvang 'n groot nadruk by Sefanja. In sy eis om bekering plaas hy ootmoed op een lyn met geregtigheid (2:3). Terwyl Jesaja hoogmoed so sterk veroordeel en as oorsaak van die Dag van die Here sien (Jes. 2:12), sien Sefanja die verloste volk as gereinig daarvan (3:11). Die Here sal 'n ootmoedige volk red wat gering is en ellendig en wat by die Here skuiling soek (3:12, 13). Hulle sal ook van onreg en leuentaal gereinig wees. Dit geld slegs van 'n oorblyfsel, dit is dié wat die gerig oorleef het, maar ook die louterende gerig in hulleself (vgl. bv. Jes. 6:19), hulle wat as nuwe mense te voorskyn kom.

Die redding geld universeel, want die Here sal Self aan die volke rein lippe gee om sy Naam aan te roep en Hom eendragtig te dien (3:9).

## 4. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:285) oor *emuna* as geloof by Habakuk.
2. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

# 79. HAGGAI, SAGARIA EN MALEAGI: 'N OPROEP TOT 'N LEWENDE GELOOF EN VERWAGTING

## 1. Haggai: geestelike en stoflike doodsheid, en 'n vernuwende verbondsoptrede van God

Haggai tree op in die moeilike tyd kort na die terugkeer uit die ballingskap, toe die volk materieel en geestelik op 'n laagwatermerk was. Die profeet verwyt die volk hulle traagheid in die herbou van die tempel en hy moedig hulle aan om die werk te voltooi. Traagheid in die erediens, so verkondig hy, is 'n teken van doodsheid. Uit hierdie doodsheid moet 'n oorblyfsel opstaan, want die nuwe en ingrypende verbondsoptrede van die Here is op hande.

Daar is 'n verband tussen die volk se traagheid in die tempelbou en die swak ekonomiese situasie in die land, sê Maleagi, want die Here weerhou sy seën daaraan (1:6 e.v.; 2:19). Haggai benadruk dus die belangrikheid van die kultus en lê daarmee 'n ander aksent as die voor-eksiliese profete soos Amos, Miga en Jesaja. Hulle het reg en geregtigheid benadruk in teenstelling tot die kultus of erediens. Hierdie verskil in die profete se prediking vloei voort uit die aktuele aard van die profesie en die eise wat die konkrete situasies daaraan stel. Haggai se prediking kom daarop neer dat God in alles eerste gestel moet word. Dit lê in lyn met die eis van Jesus: soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word (Matt. 6: 33).

Haggai benadruk God se heerskappy oor die natuur, die volk en die wêreldgeskiedenis. God bepaal die reën en dou en oes (1:6, 10, 11; 2:16). Hy laat die hemel en die aarde, bewe en beskik oor die lotgevalle van sy volk en die nasies (2:7, 21; 1:6; 2:23; 2:79, 22). Die naam "Here van die leërskare", of: "die Here die Almagtige", word dan ook vyftien keer in die twee hoofstukke gebruik. Dit benadruk sy almag. Die Here staan egter ook vanaf die uittog

uit Egipte in 'n persoonlike verbondsverhouding met sy volk, en Hy "is met" hulle (1:13; 2:4, 5; vgl. Eks. 3: 14).

Die nadruk op die soewereiniteit van God en op sy persoonlike gemeenskap met sy volk, laat Haggai se prediking ook sterk deur hoop beheers word, ondanks die hopelose situasie. Haggai roep die volk op tot verandering en stel 'n nuwe, wêreldwye en epogmakende verbondsoptrede van die Here in vooruitsig. Daarvan is die heerskappy van Serubbabel, die "seëlring" en kneg van die Here, reeds 'n afskaduwing (2:7 e.v.; 2:21 e.v.).

Die volk is weens hulle sonde eintlik dood en is soos 'n onrein lyk, hulle verontreinig alles waarmee hulle te doen het. Daar kan ook geen reinigende en verlossende invloed op hulle uitgaan nie en hulle bekeer hulle nie as die Here hulle met misoeste straf nie (2:11-19). Die hoop geld dus slegs vir die oorblyfsel, hulle wat geloof en geregtigheid beoefen (1:12, 14; 2:2; vgl. Jes. 10:20 e.v.; Sag. 8:6-8).

### 2. Sagaria: die tempelbou en veral godsvrug en naasteliefde is noodsaaklik, want God se oordeel en sy wêreldwye ryk is naby

Sagaria tree in dieselfde tyd as Haggai op. Hy verkondig die noodsaaklikheid van die tempelbou en veral van bekering, geregtigheid en naasteliefde. Daarby verkondig hy die onveranderlike, verrassende en lewewekkende genade van God. Dit sal veral uitkom in die wêreldwye messiaanse ryk wat aanbreek met die dag van afrekening, en dié kom spoedig.

Sagaria begin met 'n ernstige waarskuwing aan die volk dat hulle hulle moet bekeer. Hulle onbekeerlike voorgeslag is uiteindelik ingehaal deur die profetiese bekerings- en oordeelsprediking (1:3-6). In agt naggesigte word aan Sagaria geopenbaar dat die Here die nasies gaan oordeel, sy volk se sondeskuld gaan kwytskeld en hulle van hulle boosheid gaan reinig. Hulle sal saam met Hom in Jerusalem kan woon onder die geseënde heerskappy van die messias (die perderuiters; die vier horings en smede; Jerusalem met 'n meetsnoer gemeet; Josua, die hoëpriester, deur die Satan beskuldig maar deur God geregverdig; die goue kandelaar en die twee olyfbome; die vlieënde boekrol; die vrou in die efa; die vier strydwaens).

Daar moet nie oor Jerusalem se val gevas word nie (7-8), maar daar moet regverdigheid, liefde en barmhartigheid beoefen word, ook feesvreugde (7:9, 10; 8:16, 17, 19). Die vrederyk van die regverdige messias is aan die kom. Hy is die nederige regeerder, hy ry op 'n esel in plaas van op 'n perd wat 'n

beeld van oorlog is (9:9 e.v.). Hy is 'n kneg en 'n spruit, 'n lootjie uit 'n dooie stomp (8:8). Tog regeer hy wêreldwyd en sal hy sy verstrooide volk weer na die beloofde land toe terugbring. Hy sal ware koningskap en herderskap beoefen in teenstelling tot die menslike heersers die eies sowel as die vreemdes (9-11).

Op die Dag van die Here sal Jerusalem ter elfder ure van algehele ondergang gered word. Die nasies sal al klaar op hom aangestorm het en die kake om hom gesluit hê (12-14).

Die Here is die absoluut soewereine regeerder. Hy voer onweerstaanbare heerskappy oor alle nasies en oor die hele skepping: die hemel, die aarde en die menslike gees (8:23; 12:1; 14:16-21). Die Here is die magtige, die Here van die leërskare (1:3, 4, 6, 12, 14, 16, 17, en dikwels). Ook beoefen Hy verbondsgemeenskap met sy volk; Hy sê : "Dit is my volk", en hulle sê : "Die Here, my God" (13:9); Hy sal vir hulle 'n God wees en hulle vir Hom 'n volk wees (8:8; vgl. ook 14:5; 8:23). Die volk, verteenwoordig deur die hoëpriester, word soos 'n brandhout uit die vuur geruk (3:2); die Here wek hulle op deur sy Gees (12:10). Hy red sy volk deur sy lewewekkende krag.

### 3. Maleagi: die bekeringsboodskapper voor die Dag van die Here

Hierdie profeet tree ná Josua en Serubbabel op en voor Esra en Nehemia. Maleagi het dit veral teen die troueloosheid van die volk en hulle ontroue boodskappers, die priesters. Die angswekkende Dag van die Here sal as straf losbreek op die verdorwe, siniese en ontbindende verbondsvolk. Maar eers sal 'n ware boodskapper die ware lede van die volk tot bekering lei deur die wet en die profete.

Die volk is onerkentlik en troueloos teenoor die Here (1:2, 6, 8, 12-14). Hulle is veral troueloos in die erediens en hulle pleeg onreg in die maatskaplike lewe. Hulle bedryf towery, egbreuk en meineed; hulle verdruk die dagloners, weduwees, wese en vreemdelinge (3:5). Hulle bring minderwaardige en ongeoorloofde offers en onthou die tiendes aan die Here (1:13, 14; 3:8 e.v.). Hulle is tradisioneel sondig: sedert die dae van hulle voorvaders al. Van geboorte af al is hulle sondig, want hulle is kinders van Jakob, die bedrieër (3: 6, 7). Hulle is twyfelmoedig en sinies oor die regverdigheid van die Here se bestier oor die goddeloses en regverdiges (2:17; 3:14, 15). Die volk se troueloosheid kom veral uit in die huweliks- en gesinslewe. Daardeur is die volk besig om te ontbind, want hulle troueloosheid tas 'n skeppingsordening van God en die wese van die verbond aan (2:10-15).

Daarom laat die Here sy dag van afrekening verrassend en ontnugterend aanbreek: skielik en haastig (3:1, 5), 'n dag wat Hy skep (4:3). Op dié dag kom "die Here na wie hulle soek" (3:1), dit wil sê, Hy wat die reg kom handhaaf en die onreg kom straf (2:17; 3: 1). Hy wat kom, is die Here, en tog iemand wat van Hom onderskei is, naamlik die Engel van die verbond (3:1). Hoe dit presies verstaan moet word, is uit die boek nie duidelik nie, maar dit sou in Jesus Christus duidelik word.

Maleagi roep die volk kragtig op tot bekering. Dit is ook wat die boodskapper voor die Dag van die Here sal kom doen (1:9; 3:7; vgl. Sag. 1:3; Klaagl. 5:21). Die dag self sal 'n louterende en reinigende karakter dra (3:2, 3; 4:1). Dan sal die wet van Moses geld en daar sal 'n lewende profetiese verkondiging wees, soos dié van Elia (4:4-6). Die boodskapper sal die ware verbondsatmosfeer herstel; daarin is ouers en kinders se harte in die woord van die Here veranker en daarom met mekaar versoen. So sal die volk se breuk herstel wees en sal die land gered word van die vernietigende oordeel. God red sy volk uit hulle geestelike en materiële ondergang en dood; Hy red deur sy lewewekkende krag. Die boodskapper voor die dag van afrekening is Johannes die Doper, die voorloper van Jesus Christus (Matt. 11: 10).

### 4. Notas

1. Vergelyk Eichrodt (1967:285) oor *emuna* as geloof by Habakuk.
2. Vergelyk 1. by hoofstuk 65.

## 80. DIE VERVULLING VAN DIE OU TESTAMENT

### 1. 'n Ou Testament sowel as 'n Nuwe Testament - deur Jesus Christus

Die name Ou Testament en Nuwe Testament wat vir die twee afdelings van die Bybel gebruik word, wys dat daar 'n verandering of wending ingetree het in die openbaringsgeskiedenis. Hierdie verandering is in die Ou Testament in vooruitsig gestel deur die verkondiging dat daar 'n nuwe verbond sal kom (Jer. 31:31-34). Die Nuwe Testament beskou die nuwe verbond of nuwe testament as 'n aanwesige werklikheid deur Jesus Christus (Hebr.). Jesus Christus het self ook gesê dat Hy gekom het om die "die wet en die profete", dit wil sê die Ou Testament, te vervul (Mat. 5:17). God se op-pad-wees met sy volk in die deurvoering van sy koninkryksheerskappy word vervul in Christus se koms. Dit is wel nog net 'n voorlopige vervulling. Weens hierdie vervulling

praat Johannes die Doper en Jesus van die koninkryk wat naby is (Mat. 3:2; 4:17). In Jesus vind die Ou Testament sy saamtrekpunt en sy ware sin. Daarom moet die Ou Testament van Hom uit verklaar word. In Jesus word al vyf die elemente van die koninkryk waaroor in die Ou Testament gehandel word, saamgetrek en geïntegreer: die absolute Goddelike heerskappy, die persoonlike verbondsgemeenskap met die mens, die lewewekkende optrede van God, God se werking deur sy Woord en God se werking in en deur die geskiedenis.

**2. Die elemente van die koninkryk saamgetrek in Christus**

Die integrering van bogenoemde elemente het soos volg plaasgevind:

1. God se mag was saamgetrek in Jesus wat kon sê: "Aan My is alle mag in hemel en op aarde gegee" (Mat. 28:18). Hy kon selfs die magte van die dood en hel oorwin.

2. In Hom en deur Hom is God en mens met mekaar versoen en is persoonlike verbondsgemeenskap moontlik gemaak. Daarom is Christus die Immanuel, God by ons (Jes. 7:14; Mat. 1:23). Hy maak ook versoening en ware gemeenskap tussen mense moontlik en laat daardeur die kerneis van die Ou Testament sterk na vore kom, naamlik om God lief te hê met hart en siel, en die naaste soos 'n mens self (Deut. 6:4; Lev. 19:18; Mat. 22:37-40).

3. In Hom het God se lewewekkende mag op kragtige wyse na vore gekom deurdat God Hom laat sterf maar ook laat opstaan het (Mat. 28). Deur sy sterf en opstaan is versoening en 'n nuwe lewe in mense moontlik gemaak. Dieselfde Gees wat vir Jesus uit die dood lewendig gemaak het, maak ook die kinders van God lewendig. Dit sal eendag liggaamlik gebeur, maar gebeur nou geestelik deur 'n lewewekking uit die dood van sonde.

4. God se werking deur sy Woord word in Christus saamgetrek deurdat Hy die Woord is wat mens geword het (Joh. 1). So het Hy die spanning tussen die mens en die Woord opgelos en bewerk die Woord nie die mens se vernietiging weens sy sonde nie (vgl. Jes. 40:6-8; Luk. 2:10-14).

5. God se werking in en deur die geskiedenis trek saam in Christus deurdat God sy Seun mens laat word, na die aarde toe laat kom en in alles een laat word met hulle, behalwe in die sonde. God bewerk nie redding op 'n tydlose manier nie, maar op 'n historiese manier. Die Bybelse godsdiens het te doen met die lewe in sy volle historiese werklikheid.

Christus vervang nie die Ou Testament nie, maar vervul dit. Albei die Testamente het 'n plek in die Kanon of gesagvolle Skrif en moet aanvullend tot mekaar gelees word. Christus kom nie met 'n nuwe idee, 'n nuwe leer of 'n nuwe godsdiens nie. Hy kom met dieselfde verkondiging as die Ou Testament, maar nou soos dit in Hom vervul is. Die verkondiging gaan nog steeds om die Goddelike gawe, die Goddelike eis en die Goddelike beloftes. Dit gaan om verlossing deur genade alleen, om die eis om volgens God se wil te lewe en om die beloftes oor die finale verlossing, wanneer God na sy volk toe kom. Weens die dood en opstanding van Christus val die klem nou sterker op die gelowige se opstaan tot 'n nuwe lewe deur die Gees van Christus. Dit is 'n dankbaarheidslewe. Christus laat die lig van die Ou Testament nou veral saamtrek in die eis om God lief te hê met hart en siel en die naaste soos 'n mens self. Nou is dit ook veral duidelik dat die koninkryk van God nie bloot met 'n groot en magtige saak te doen het nie, of bloot met 'n belangrike onpersoonlike gebeurtenis nie, maar dat die koninkryk veral saamtrek in God se verhouding met mense en hulle verhouding met mekaar. Die koninkryk het 'n persoonlike sentrum en kry veral gestalte in die Persoon Christus en die verhouding met Hom, Hy wat die Middelaar is tussen God en mens.

### 3. Openbaringshistoriese verklaring en prediking van die Ou Testament

Die Ou Testament moet dus openbaringshistories gelees word. Elke teks moet gelees word in die lig van die hele Ou Testament en daarby ook in die lig van die vervulling in Christus. Die verklaarder moet die Ou-Testamentiese teks wel nie iets anders laat sê as wat dit vir daardie tyd wou sê nie. Daar moet nie Nuwe-Testamentiese gedagtes in die Ou Testament ingelees of ingedra word nie. Tog moet daar nie by die Ou Testament stilgestaan word nie. Die openbaringshistoriese gang moet gevolg word tot in die Nuwe Testament. Dit is veral in die prediking wat dit gedoen moet word, omdat die prediking te doen het met die verklaring van die teks sowel as die toepassing daarvan vir vandag. Die lyn moet deurgetrek word vanaf die Ou-Testamentiese verkondiging of boodskap na die vervulling daarvan in Christus, veral die vervulling in die sentrale openbaringshistoriese gebeurtenisse. Daar moet dus gevra en gewys word hoe 'n bepaalde boodskap of tema in 'n Ou-Testamentiese teks sy volle betekenis kry deur Christus se dood, deur sy opstanding wat uitmond in die Heilige Gees se verwekking van nuwe lewe, en deur sy wederkoms. Die sentrale openbaringshistoriese gebeurtenisse draai dus om Christus se versoeningswerk (sy kruisdood) en om die lewewekkende werking van die Heilige Gees in die harte van mense deur wedergeboorte,

bekering en 'n nuwe lewe. Die Gees is die vrug van Christus se opstanding (Joh. 16:13,14). Verder draai die sentrale openbaringshistoriese gebeurtenisse om die wederkoms van Christus (Mat. 24:30), wanneer Hy die heerskappy ten volle aan God sal oorgee, die beloftes ten volle in vervulling sal laat gaan en die gelowiges by Hom sal neem. Christus se dood draai veral om wat Hy vir ons gedoen het. Die werk van die Heilige Gees draai veral om wat Christus in ons doen. Die wederkoms van Christus draai veral om wat Christus vir ons verder in vooruitsig stel, wanneer Christus die heerskappy ten volle aan die Vader sal oorgee en Hy alles in almal sal wees.

## 4. Notas

1. Vergelyk Helberg, 1983:93-102 oor die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.
2. Vergelyk Helberg, 1983:113-116 oor prediking van die Ou Testament in Nuwe-Testamentiese lig.

# BIBLIOGRAFIE

(Vir 'n meer uitgebreide bibliografie en 'n kort bespreking van sommige boeke vergelyk J.L. Helberg. 1993. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Inleiding. Th.B-gids. Potchefstroom: PU vir CHO. Diktaat 243/93. p. 39-45.)


BARR, J 1983. Holy Scripture. Canon, Authority, Criticism. Oxford: Clarendon.

BRIGHT, J. 1953. The Kingdom of God. Nashville: Abingdon.

BRUEGGEMANN, W. 1972. In Man We Trust: The Neglected Side of Biblical Faith. Atlanta: John Knox.

BRUEGGEMANN, W. 1992. Old Testament Theology: Essays on Structure, Theme, and Text. Minneapolis: Fortress.

BURDEN, J.J. & PRINSLOO, W.S. reds. 1987. Tweegesprek met God. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. Die literatuur van die Ou Testament. III.)

BURDEN, J.J. 1987. Die boek Daniël. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p. 195-220.)

BURDEN, J.J. 1987. Hooglied. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p. 57-82.)

BURGER, J.A. 1987. Die Psalms. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p. 9-40.)

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London: SCM.

CHILDS, B.S. 1986. Old Testament Theology in a Canonical Context. Philadelphia: Fortress.

CLEMENTS, R.E. 1978. Old Testament Theology: a Fresh Approach. London: Marshall, Morgan & Scott.

DENTAN, R.C. 1972. The Kingdom of God in the Old Testament. (In Laymon, C.M. ed. The Interpreter's One Volume Commentary on the Bible. London: Collins. p. 1159-1166.)

DU TOIT, S. 1969. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Potchefstroom: Pro Rege.

EICHRODT, W. 1961. Theology of the Old Testament. I. London: SCM.

EICHRODT, W. 1967. Theology of the Old Testament. II. London: SCM.

EYBERS, I. 1977. Old Testament Prophesies: Twelve Theocratic Testimonies. Cape Town: United Protestant Publishers.

FOHRER, G. 1972. Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments. Berlin: De Gruyter.

GOTTWALD, N.K. 1975. Biblical Theology or Biblical Sociology? On Affirming and Defining the "Uniqueness" of Israel. Radical Religion, 2(2&3):42-57.

HELBERG, J.L. 1959. A Communication on the Semasiological Meaning of Basar. (In Van Zyl, A.H. ed. Die Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suid Afrika. Papers read at the Second Meeting.)

HELBERG, J.L. 1976. A Startingpoint and Method for Old Testament Study. RES Theological Bulletin, 4(2):1-14.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

HELBERG, J.L. 1984. Klaagliedere. Ontnugtering en hoop. Potchefstroom.

HELBERG, J.L. 1986. Lig op die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Pretoria: NGKB.

HELBERG, J.L. 1988. Die selfbekendstelling van God in Eksodus 3 en die betekenis daarvan vir vandag. Koers, 53(1):39-58.

HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land (Veral in die tyd rondom die wegvoering in Babiloniese ballingskap: die Groot Profete en Klaagliedere). Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.

HELBERG, J L 1993. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Inleiding. Th.B-gids. Potchefstroom: PU vir CHO, Diktaat 243/93.

HOLWERDA, B. 1971. Historia Revelationis Veteris Testamenti. Kampen: Copieërinrichting v.d. Berg.

KAISER, W.C. 1978. Toward an Old Testament Theology. Grand Rapids: Zondervan.

KöHLER, L. 1936. Theologie des Alten Testaments. Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).

KRAUS, H.J. 1972. Psalmen. I. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (BK. XV/I.)

KROEZE. J.H. 1953. Die Hooglied. Potchefstroom: Pro Rege.

KROEZE, J.H. 1965. Handboek Bybelse geskiedenis. Die Ou Testament. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

KROEZE, J.H. 1978. Die boek Jona. Pretoria: NGKB.

LE ROUX, J.H. 1987. Die boek Sagaria. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p.297-328.)

LOADER, J. 1987. Prediker. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p. 49-56.)

LOADER, J. 1987. Spreuke. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. reds. p. 41-48.)

MICKLEM, N. 1953. The Book of Leviticus. (In The Interpreter's Bible. II. New York: Abingdon. p. 3-134.)

MILGROM, J. 1972. The Book of Leviticus. (In Layman, C.M. ed. The Interpreter's One Volume Commentary on the Bible. London: Collins. p. 68-84.)

NICHOLSON, E.W. 1986. God and His People; Covenant and Theology in the Old Testament. Oxford: Clarendon Press.

SANTMIRE, H.P. 1985. The Travail of Nature: the Ambigious Ecological Promise of Christian Theology. Philadelphia: Fortress.

SCHUURMAN, E. 1980. Creation and Science. Fundamental Questions Concerning Evolutionism and Creationism. RES Theological Forum, 8(2). August.

STEK, J.H. 1978. Salvation, Justice and Liberation in the Old Testament. Calvin Theological Journal, 13(2):133-165).

TERRIEN, S. 1978. The Elusive presence: Toward a New Biblical Theology. New York: Harper & Row.

VAN SELMS, A. 1967. Genesis. I. Nijkerk: Callenbach. (Prediking van het Oude Testament.)

VAN SELMS, A. 1967a. Genesis. II. Nijkerk: Callenbach. (Prediking van het Oude Testament.)

VERHOEF, P.A. 1967. Israel in die krisis. Pretoria: NGKB.

VERHOEF, P.A. 1993. Profete en profesie. Kaapstad: Lux Verbi.

VON RAD, G. 1962. Old Testament Theology. I. Edinburgh: Oliver and Boyd.

VON RAD, G. 1965. Old Testament Theology. II. Edinburgh: Oliver and Boyd.

VRIEZEN, TH.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen: Veenman.

WESTERMANN, C 1978. Theologie des Alten Testaments in Grundzügen. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

YOUNG, E.J. 1978. My Servants the Prophets. Grand Rapids: Eerdmans.

ZIMMERLI, W. 1972. Grundriss der alttestamentlichen Theologie. Stuttgart: Kohlhammer (= Old Testament Theology in Outline. Edinburgh: Clark. 1978).

Die Skrywer



Prof. J.L. Helberg (M.A; Th.D.) is emeritus-professor in Ou-Testament in die Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Hy was onder meer lid van die eindredaksie van die vertaling van die Bybel in Afrikaans (1983). 'n Hele aantal boeke, tientalle wetenskaplike artikels en brosjures en 'n paar honderd populêre artikels het uit sy hand verskyn.

Die skrywer wys hoe die koninkryk van God soos 'n goue draad deur die hele Ou Testament loop. Ondanks die sonde heers God lewewekkend oor alle dinge en beoefen persoonlike verbondsgemeenskap met die mens. Hy maak Hom bekend in sy Woord, die geskiedenis en die natuur.

Lees verder in hierdie boek oor hoe God vir Hom 'n volk tot stand bring en hulle oproep om in sy versoenende genade te deel, in sy lewewekkende mag te glo en diep afhanklik van Hom te leef. Dit impliseer dankbaarheid en roepingsbewustheid teenoor God, die naaste en die skepping. In hierdie gebroke wêreld kan 'n mens op Hom vertrou. Ondanks menslike mislukking en toestande van ondergang, maak Hy in sy verhouding met die gelowiges weer 'n nuwe begin soos in lewe wat uit dood gewek word.

Die vorige uitgawe (1988) van die boek is hersien, in besonder die bespreking van die digterlike boeke, en daar is veral by die profetiese geskrifte 'n aansienlike hoeveelheid ander stof bygevoeg.

Aan die einde van elke hoofstuk is daar verwysings na meer menings en verdiepende besprekings oor tersake onderwerpe.

Die boek bied stof vir studente, predikers en ander persone wat hulle deur dieper insig in God se openbaring wil verryk.